# 'N KRIMINOLOGIESE ANALISE VAN DIE MANLIKE KINDERMOLESTEERDER

deur

ANNA MARTHA ELIZABETH STEYN

voorgelê luidens die vereistes

vir die graad

**DOCTOR PHILOSOPHIAE**

in die vak

**KRIMINOLOGIE**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

PROMOTOR:PROFESSOR SJ JOUBERT
MEDE-PROMOTOR: PROFESSOR JH PRINSLOO

November 1999

# DIE LOF EN DIE EER KOM DIE HERE TOE

OPGEDRA AAN MY MAN LOUIS
EN MY TWEE SEUNS KOBUS
EN PIETER

## ERKENNING

Hierdie navorsingsondersoek oor: *'n Kriminologiese analise van die manlike kindermolesteerder*, was een van my groot lewensideale. Ek wou nog altyd hoor wat die verhaal van die oortreder was en uitvind wie die persoon agter die verhaal is. Moontlik kan die vervulling van hierdie lewensideaal hoop en insig bring in die toekomstige hantering van die probleem van kindermolestering.

Dit was 'n moeilike en uitputtende ondersoek, maar met die genade van die Here en die hulp van vele kollegas en instansies kon ek die ondersoek voltooi. Ek wil graag my dank betuig aan die volgende:

- My promotor professor S.J. Joubert en mede-promotor professor J.H. Prinsloo, vir hulle uiters bekwame vakkundige leiding en ondersteuning.
- Elke kindermolesteerder en verkragter wat bereid was om aan die ondersoek deel te neem.
- Doktor M. van Staden van die Departement van Gesondheid en Welsyn vir toegang tot subjekte.
- Departement van Korrektiewe Dienste vir toegang tot kindermolesteerders en verkragters in die gevangenisse.
- Gemeenskapskorreksies vir toegang tot molesteerders.
- Kinderbeskermingseenhede/Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuele Misdrywe eenhede vir toegang tot subjekte.
- Maatskaplike werkers in privaatpraktyk vir toegang tot kindermolesteerders.
- Kobus Steyn vir hulp met die hantering van die rekenaar.
- Me E. Oosthuizen vir die taalversorging.
- Me I. Cooper vir die vertalings.
- Meneer G. van Loggerenberg van die Universiteit van Suid-Afrika vir die bindwerk.
- My man Louis en my twee seuns Kobus en Pieter vir al julle aanmoediging en die tyd wat julle my gegun het om hierdie ondersoek te voltooi. Julle was vir my 'n inspirasie.
- Al my getroue vriende en kollegas wat gereeld vir my gebid het.

**VERKLARING**

Ek verklaar hiermee dat: *'n Kriminologiese analise van die manlike kindermolesteerder,* my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

GETEKEN: a.m.e. Steyn
A.M.E.STEYN

DATUM: 29 November 1999 TE : WITBANK

364.373 STEY

0001760898

# SUMMARY

Over the past fifteen years child molestation has become a growing problem in South Africa. Much attention has been given to the victim while the child molester as a cardinal part of the problem has been completely neglected, which made this study of the child molester crucial.

The purpose of this study is to obtain a comprehensive picture of the child molester as offender in order to tackle the problem of child molestation.

The research was conducted in consecutive phases from a pluralistic approach. The first phase was qualitative and the researcher conducted semistructured interviews with ten child molesters, based on an interview guide. Attention was given to the events and processes in the lives of the child molesters. From this a rich and detailed description of the child molesters was obtained.

The second phase was quantitative and the researcher used an interview schedule which was presented to a more comprehensive group of child molesters and rapists to determine their reaction to the data statistically. Rapists were chosen because they and the child molesters had a sexual offence as common denominator. By using rapists the researcher wanted to determine the usefulness of the schedule and gain further support for the investigation. The data were processed by computer and depicted schematically.

The research revealed that child molesters come from dysfunctional families, in which they acquired personality traits and behavioural patterns which can lead to child molestation. The latter is supported by findings on rapists.

A profile of the child molester was compiled and Bandura's social learning theory used to explain his behaviour. To deal with the problem of child molestation, a treatment schedule was developed for the child molester.

This study has contributed to scientific knowledge by

- showing the usefulness of pluralism in the investigation
- identifying similarities and differences between child molesters and rapists

- revealing the prominent role of pornography in child molestation
- compiling a profile of the child molester
- explaining the behaviour of the molester theoretically
- developing a treatment structure for the offender

Recommendations are made for the future treatment of the child molester and further research.

# OPSOMMING

Kindermolestering het die afgelope vyftien jaar 'n toenemende probleem in Suid-Afrika geword. Baie aandag is aan die slagoffer gegee, terwyl die kindermolesteerder as kardinale deel van die probleem heeltemal verwaarloos is. Laasgenoemde maak hierdie navorsingsondersoek ten opsigte van die kindermolesteerder dringend noodsaaklik.

Die doel van hierdie navorsingsondersoek is om 'n omvattende beeld van die kindermolesteerder as oortreder te verkry ten einde die probleem van kindermolestering aan te spreek.

Hierdie ondersoek is pluralisties benader en het in opeenvolgende fases plaasgevind. Fase een is kwalitatief benader en navorser het semi-gestruktureerde onderhoude gevoer met tien kindermolesteerders aan die hand van 'n onderhoudsgids. Aandag is gegee aan die gebeure en prosesse in die lewe van die kindermolesteerder, waaruit 'n ryk en indiepte beskrywing van die kindermolesteerder gevolg het.

Die tweede fase is kwantitatief benader en navorser het gebruik gemaak van 'n onderhoudskedule wat aan 'n meer omvangryke groep kindermolesteerders en verkragters voorgelê is om hulle reaksie op die data syfermatig te bepaal. Verkragters is gekies omdat hulle en die molesteerders 'n seksuele misdryf as gemene deler het. Navorser wou met laasgenoemde die bruikbaarheid van die skedule bepaal en verdere ondersteuning vir die ondersoek verkry. Hierdie data is rekenaarmatig verwerk en skematies uitgebeeld.

Die navorsingsondersoek het aan die lig gebring dat kindermolesteerders uit disfunksionele gesinne kom, waarin hulle persoonlikheidseienskappe en gedragspatrone aangeleer het, wat kan lei tot kindermolestering. Laasgenoemde word deur bevindings ten opsigte van verkragters gesteun.

'n Profiel is van die kindermolesteerder saamgestel en sy gedrag is verklaar aan die hand van Bandura se sosiale leerteorie. 'n Behandelingstruktuur is vir die kindermolesteerder saamgestel ten einde die probleem van kindermolestering aan te spreek.

Hierdie navorsingsondersoek het 'n bydrae tot die wetenskaplike kennis gemaak deurdat

- die bruikbaarheid van pluralisme in die ondersoek uitgewys is;
- ooreenkomste en verskille tussen kindermolesteerders en verkragters geïdentifiseer is;
- die prominente rol van pornografie in kindermolestering aan die lig gekom het;
- 'n profiel van die kindermolesteerder saamgestel is;
- die gedrag van die molesteerder teoreties verklaar is;
- 'n behandelingstruktuur vir die oortreder saamgestel is.

Aanbevelings vir die toekomstige hantering van die kindermolesteerder en verdere navorsing in dié verband is gemaak.

# INHOUDSOPGAWE

AFDELING A ORIëNTERING EN METODOLOGIESE VERLOOP VAN DIE STUDIE ..... 1

HOOFSTUK 1 ORIëNTERING TEN OPSIGTE VAN DIE NAVORSINGSONDERSOEK ..... 2

1.1 PROBLEEMSTELLING ..... 2
1.2 WAT WIL NAVORSER VASSTEL? ..... 3
1.2.1 Ontledingseenheid ..... 4
1.2.2 Navorsingsdoelstellings ..... 4
1.2.3 Aannames wat die ondersoek sal rig ..... 5
1.3 HOE GAAN NAVORSER DIT VASSTEL? ..... 6
1.3.1 Omskrywing van kernbegrippe ..... 7
1.3.1.1 Behandelingstruktuur ..... 7
1.3.1.2 Disfunksionele gesin ..... 7
1.3.1.3 Genogram ..... 8
1.3.1.4 Hulp ..... 9
1.3.1.5 Intieme verhouding ..... 10
1.3.1.6 Kindermolestering ..... 10
1.3.1.7 Onderhoudsgids ..... 10
1.3.1.8 Onderhoudskedule ..... 11
1.3.1.9 Pornografie ..... 11
1.3.1.10 Selfbeeld ..... 13
1.3.1.11 Verwysingsraamwerk ..... 13
1.3.2 Begrensing ..... 14
1.3.3 Wetenskaplike werkswyse ..... 15
1.3.3.1 Benadering ..... 15
1.3.3.2 Strategieë ..... 18
1.3.3.3 Metodes ..... 18
1.3.3.4 Tegnologie ..... 20
1.3.3.5 Geldigheid ..... 21

1.3.3.6 Betroubaarheid ........ 21

1.3.3.7 Ontleding van die ingesamelde data ........ 21

1.4 INDELING VAN DIE VERSLAG ........ 25

**HOOFSTUK 2 METODOLOGIESE VERLOOP VAN DIE NAVORSINGSONDERSOEK** ........ 27

2.1 INLEIDING ........ 27

2.2 FASE EEN ........ 27

2.2.1 Literatuuroorsig ........ 28

2.2.2 Uitvoerbaarheid van die ondersoek ........ 29

2.2.3 Hantering van vertroulikheid ........ 31

2.2.4 Insameling van die data ........ 33

2.2.4.1 Die keuse van data-insamelingstegnologie ........ 33

2.2.4.2 Die opstel van 'n onderhoudsgids ........ 34

2.2.4.3 Riglyne by semi-gestruktureerde onderhoudvoering ........ 35

2.2.4.4 Dokumentêre bronne as bykomende data-insamelingsmetode ........ 37

2.2.4.5 Stelselmatige waarneming as data-insamelingsmetode ........ 38

2.2.5 Boekstawing van die ingesamelde data ........ 39

2.3. FASE TWEE ........ 40

2.3.1 Opsomming van gemeenskaplikhede en ooreenkomste van kindermolesteerders uit semi-gestruktureerde onderhoudvoering ........ 41

2.3.2 Literatuurondersteuning en/of -aanvulling van gemeenskaplikhede en ooreenkomste van kindermolesteerders ........ 41

2.3.3 Die ontwikkeling van data-insamelingstegnologie ........ 42

2.3.3.1 Riglyne by die opstel van 'n onderhoudskedule ........ 42

2.3.3.2 Bespreking van die inhoud van die onderhoudskedule ........ 44

2.3.4 Die data-insamelingsproses ........ 45

2.3.4.1 Tyd en plek van data-insameling ........ 45

2.3.4.2 Toegang tot die oortreders ........ 45

2.3.4.3 Leemtes in die onderhoudskedule ........ 47

2.3.4.4 Vertroulikheid ........ 47

2.4 FASE DRIE ........ 48

2.5 DIE HANTERING VAN GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID ........ 48

2.5.1 Geldigheid ........ 49

2.5.2 Betroubaarheid ........ 49

2.6 SAMEVATTING ........ 50

**AFDELING B EMPIRIESE ONDERSOEK VAN DIE STUDIE** ........ 54

**HOOFSTUK 3 'N LITERATUUROORSIG OOR DIE MANLIKE KINDERMOLESTEERDER** ........ 55

3.1 INLEIDING ........ 55

3.2 BYKOMENDE PROBLEME AS GEVOLG VAN KINDERMOLESTERING ........ 55

3.3 DIE GEVOLGE VAN KINDERMOLESTERING ........ 56

3.3.1 Probleme met seksuele aanpassing ........ 57

3.3.2 Probleme met interpersoonlike verhoudings ........ 58

3.3.3 Opvoedkundige probleme ........ 59

3.3.4 Sielkundige probleme ........ 59

3.3.5 Fisieke gevolge ........ 60

3.4 WIE IS DIE KINDERMOLESTEERDER? ........ 60

3.4.1 Gesinsomstandighede van die kindermolesteerder ........ 60

3.4.1.1 Die kindermolesteerder se gesin van herkoms ........ 61

3.4.1.2 Die kindermolesteerder se eie huweliks- en gesinslewe ........ 62

3.4.2 Die eienskappe van die kindermolesteerder ........ 64

3.4.3 Die kindermolesteerder se werkswyse tydens molestering ........ 66

3.4.4 Die kindermolesteerder se belewenisse en verwere ten opsigte van die molestering ........ 69

3.4.4.1 Belewenisse ........ 69

3.4.4.2 Verwere ........ 70

3.4.5 Die kindermolesteerder se reaksie op die bekendmaking van die molestering ........ 71

3.5 SAMEVATTING ........ 72

**HOOFSTUK 4 BESPREKING VAN FASE EEN VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK OOR DIE MANLIKE KINDERMOLESTEERDER** ................ 74

4.1 INLEIDING ........................................ 74
4.2 FASE EEN ........................................ 75
4.2.1 Die doel, ontwikkeling van tegnologie en werkswyse ................ 75
4.2.1.1 Doel ........................................ 75
4.2.1.2 Ontwikkeling van tegnologie ................................ 75
4.2.1.3 Werkswyse ........................................ 76
4.2.2. Bekendstelling van die subjekte ................................ 77
4.2.2.1 Subjek A ........................................ 77
4.2.2.2 Subjek B ........................................ 80
4.2.2.3 Subjek C ........................................ 82
4.2.2.4 Subjek D ........................................ 85
4.2.2.5 Subjek E ........................................ 86
4.2.2.6 Subjek F ........................................ 88
4.2.2.7 Subjek G ........................................ 90
4.2.2.8 Subjek H ........................................ 93
4.2.2.9 Subjek I ........................................ 95
4.2.2.10 Subjek J ........................................ 97
4.2.3 Temas aangespreek ........................................ 99
4.2.3.1 Biografiese inligting van die kindermolesteerder .................. 99
4.2.3.2 Kinderjare van die kindermolesteerder ........................ 103
4.2.3.3 Huweliks- en gesinsverhoudings van die kindermolesteerder ......... 111
4.2.3.4 Die kindermolesteerder as persoon ........................ 116
4.2.3.5 Die aard van die kindermolestering ........................ 120
4.2.3.6 Die kindermolesteerder se botsing met die gereg .................. 128
4.2.4 Gemeenskaplikhede en ooreenkomste van die kindermolesteerders .... 132
4.3 SAMEVATTING ........................................ 134

**HOOFSTUK 5 BESPREKING VAN FASE TWEE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK OOR DIE MANLIKE KINDERMOLESTEERDER** . . . . . . . . . . . . . . . 135

5.1 INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 135
5.2 FASE TWEE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 136
5.2.1 Doel, ontwikkeling van tegnologie en werkswyse . . . . . . . . . . . . . . . . . 136
5.2.1.1 Doel . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 136
5.2.1.2 Ontwikkeling van tegnologie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 136
5.2.1.3 Werkswyse . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 137
5.2.2 Teikengroep . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 138
5.2.3 Temas aangespreek . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 139
5.2.3.1 Gesin van herkoms . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 139
5.2.3.2 Persoonlike ontwikkeling . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 141
5.2.3.3 Huweliks- en gesinslewe . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 142
5.2.3.4 Botsing met die gereg . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 143
5.2.4 Bevindinge van die ingesamelde data . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 146
5.2.4.1 Probleme in die molesteerder se gesin van herkoms . . . . . . . . . . . . . . 146
5.2.4.2 Probleme met die opbou van interpersoonlike verhoudings . . . . . . . . . . 149
5.2.4.3 Die kindermolesteerder dra probleme oor van een generasie na 'n volgende . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 152
5.2.4.4 Die voorkoms van onstabiliteit by die kindermolesteerder . . . . . . . . . . . 153
5.2.4.5 Probleemareas in die kindermolesteerder se vryetydsbesteding . . . . . . . . 155
5.2.4.6 Die kindermolesteerder se preokkupasie met seks . . . . . . . . . . . . . . . 158
5.2.4.7 Die kindermolesteerder se onseker belewenis van homself . . . . . . . . . . 160
5.2.4.8 Die molesteerder spits hom toe op kindermolestering . . . . . . . . . . . . . 161
5.2.4.9 Die kindermolesteerder het behoefte aan hulp . . . . . . . . . . . . . . . . . 163
5.3 SAMEVATTENDE EVALUASIE VAN DIE DATA-INSAMELINGPROSES EN DIE TEIKENGROEPE . . . . . . . . . . . . . . . . 166

**AFDELING C INTERPRETASIE, BEVINDINGS EN AANBEVELINGS** .... 170

**HOOFSTUK 6 INTERPRETASIE EN VERKLARING VAN DIE MANLIKE KINDERMOLESTEERDER SE GEDRAG** ... 171

6.1. INLEIDING .... 171

6.2 INTERPRETASIE VAN DIE INGESAMELDE DATA TEN OPSIGTE VAN DIE MANLIKE KINDERMOLESTEERDER .... 172

6.2.1. Die ouerhuis van die kindermolesteerder .... 172

6.2.1.1 Hy is afkomstig uit 'n groot gesin .... 173

6.2.1.2 In sy ouerhuis kom verskeie maatskaplike probleme voor .... 174

6.2.1.3 Kindermolestering het in ouerhuis voorgekom en is onderaangemeld ... 175

6.2.1.4 Hy het nie die vermoë ontwikkel om verhoudings te bou nie .... 176

6.2.1.5 Hy word 'n alleenloper en begin masturbeer .... 178

6.2.2 Die skool- en beroepslewe van die kindermolesteerder. .... 179

6.2.2.1 Die kindermolesteerder voltooi nie sy skoolloopbaan nie .... 179

6.2.2.2 Kwaliteit verhoudings met sy portuurgroep en onderwysers realiseer nie .... 180

6.2.2.3 Buitemuurse aktiwiteite is onbevredigend .... 181

6.2.2.4 Die kindermolesteerder het geen naskoolse opleiding nie .... 182

6.2.2.5 Die kindermolesteerders beklee halfgeskoolde beroepe .... 182

6.2.2.6 Die kindermolesteerders wissel van werk .... 183

6.2.3 Die kindermolesteerder as volwassene .... 184

6.2.3.1 Verkies heteroseksuele verhoudings .... 184

6.2.3.2 Ondervind verhoudingsprobleme .... 185

6.2.3.3 Ondervind maatskaplike probleme in sy huweliks- en gesinslewe .... 187

6.2.3.4 Het 'n swak selfbeeld .... 187

6.2.3.5 Spandeer vryetyd aan pornografie .... 189

6.2.4 Die kindermolesteerder as oortreder .... 191

6.2.4.1 Die kindermolesteerder het nie 'n kriminele rekord nie .... 191

6.2.4.2 Die molesteerder weet nie wat kindermolestering behels nie .... 192

6.2.4.3 Die oortreders en slagoffers .... 193

6.2.4.4 Die molesteerder se gevoel oor die aanmelding .................... 194

6.2.4.5 Die oortreder het hulp nodig om insig in sy probleem te ontwikkel ..... 195

6.3 'N PROFIEL VAN DIE MANLIKE KINDERMOLESTEERDER ..... 196

6.4 'N TEORETIESE VERKLARING VAN DIE MANLIKE KINDERMOLESTEERDER SE GEDRAG ............. 200

6.4.1. 'n Uiteensetting van die sosiale leerteorie van Bandura .............. 202

6.4.2. 'n Verklaring van die kindermolesteerder se gedrag volgens die sosiale leerteorie van Bandura ................................ 203

6.4.2.1. Ontwikkeling ................................ 203

6.4.2.2. Aanstigters ................................ 206

6.4.2.3. Versterkers ................................ 208

6.4.3 Evaluasie van Bandura se sosiale leerteorie ........................ 211

6.5 'N BEHANDELINGSTRUKTUUR VIR DIE KINDERMOLESTEERDER ................................ 215

6.5.1 Inleiding ................................ 215

6.5.2 Australiese behandelingsmodel ................................ 215

6.5.3 Nederlandse behandelingsmodel ................................ 216

6.5.3.1 Fase een - Krisisintervensie en voorbereiding op terapie ............ 217

6.5.3.2 Fase twee - Deurwerk van die molesteringsituasie .................. 217

6.5.3.3 Fase drie - Aanvaar verantwoordelikheid vir die misdaad ........... 217

6.5.3.4 Fase vier - Rehabilitasie van die oortreder ........................ 217

6.5.3.5 Fase vyf - Implementering van die behandelingsmodel .............. 218

6.5.4 Suid-Afrikaase behandelingstruktuur ........................ 218

6.5.4.1 Fase een - Insigontwikkeling by die kindermolesteerder ............ 219

6.5.4.2 Fase twee - Ontwikkeling van vaardighede by die kindermolesteerder .. 221

6.5.4.3 Fase drie - Moniterings- en ondersteuningsfase in die behandelingstruktuur ................................ 222

6.5.5 Evaluasie van die behandelingstruktuur ........................ 223

6.6 SAMEVATTING ................................ 223

**HOOFSTUK 7 SAMEVATTING, EVALUASIE EN AANBEVELINGS** .. 224

7.1 SAMEVATTING VAN DIE NAVORSINGSONDERSOEK .......... 224
7.1.1 Doel van die ondersoek .......... 224
7.1.2 Aannames wat die ondersoek gerig het .......... 224
7.1.3 Die data-insamelingsproses .......... 225
7.1.3.1 Fase een .......... 225
7.1.3.2 Fase twee .......... 225
7.1.3.3 Fase drie .......... 226
7.2 BEVINDINGE VAN DIE NAVORSINGSONDERSOEK .......... 229
7.2.1 Hy ondervind probleme in sy gesin van herkoms .......... 228
7.2.2 Die molesteerder ondervind probleme met die opbou van interpersoonlike verhoudings .......... 229
7.2.3 Kindermolesteerders dra probleme oor van een generasie na 'n volgende .......... 230
7.2.4 Die molesteerder word gekenmerk deur onstabiliteit .......... 230
7.2.5 Probleemareas ontwikkel in die molesteerder se vryetydsbesteding .......... 231
7.2.6 Die molesteerder is gepreokkupeerd met seks .......... 231
7.2.7 Die kindermolesteerder is onseker van homself .......... 232
7.2.8 Die molesteerder spits hom toe op kindermolestering .......... 233
7.2.9 Die kindermolesteerder het behoefte aan hulp .......... 233
7.3 EVALUASIE VAN DIE NAVORSINGSONDERSOEK .......... 234
7.4 AANBEVELINGS .......... 237
7.4.1 Voorligting aan die gemeenskap .......... 238
7.4.2 Wetgewing in verband met pornografie .......... 238
7.4.3 Behandeling van die kindermolesteerder .......... 239
7.5 TEN SLOTTE .......... 240

8. BIBLIOGRAFIE .......... 242

## LYS VAN BYLAE

BYLAAG A . . . . . . . . . . 250
BYLAAG B . . . . . . . . . . 251
BYLAAG C . . . . . . . . . . 252
BYLAAG D . . . . . . . . . . 256
BYLAAG E . . . . . . . . . . 301
BYLAAG F . . . . . . . . . . 305

# LYS VAN FIGURE


**Figuur 1.1** Simbole vir die teken van 'n genogram. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 9

**Figuur 2.1** Skematiese voorstelling en samevatting van die navorsingsondersoek ten opsigte van die manlike kindermolesteerder . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 53

**Figuur 5.1** Probleme in die molesteerder se gesin van herkoms . . . . . . . . . . . . . . . . . 147

**Figuur 5.2** Probleme met die opbou van interpersoonlike verhoudings . . . . . . . . . . . 149

**Figuur 5.3** Kindermolesteerder dra probleme oor van een generasie na 'n volgende . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 152

**Figuur 5.4** Die voorkoms van onstabiliteit by die kindermolesteerder . . . . . . . . . . . . 154

**Figuur 5.5** Probleemareas in die kindermolesteerder se vryetydsbesteding . . . . . . . . 156

**Figuur 5.6** Die kindermolesteerder se preokkupasie met seks . . . . . . . . . . . . . . . . . . 158

**Figuur 5.7** Die kindermolesteerder se onseker belewenis van homself . . . . . . . . . . . 160

**Figuur 5.8** Die molesteerder spits hom toe op kindermolestering . . . . . . . . . . . . . . . 162

**Figuur 5.9** Die kindermolesteerder het behoefte aan hulp . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 164

**Figuur 6.1** Ouerhuis van die kindermolesteerder . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 173

**Figuur 6.2** Skool- en beroepslewe van die kindermolesteerder . . . . . . . . . . . . . . . . . 179

**Figuur 6.3** Die kindermolesteerder as volwassene . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 184

**Figuur 6.4** Die kindermolesteerder as oortreder . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 191

**Figuur 6.5** Skematiese voorstelling van die profiel van die manlike kindermolesteerder . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 199

**Figuur 7.1** Skematiese uitbeelding en samevatting van die navorsingsondersoek ten opsigte van die manlike kindermolesteerder . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 227

**Figuur E.1** Bewysstukke van subjek I wat in 'n geel kluis gevind is . . . . . . . . . . . . . 301

**Figuur E.2** Bewysstukke van subjek I wat in kamerkas gevind is . . . . . . . . . . . . . . . . 302

**Figuur E.3** Bewysstukke van subjek I wat in hoekkas gevind is. . . . . . . . . . . . . . . . . 303

**Figuur E.4** Bewysstukke van subjek I wat onder sy bed gevind is. . . . . . . . . . . . . . . 304

**Figuur F.1** Genogram van subjek G van fase een. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 305

# LYS VAN TABELLE

**Tabel 1.1** Stelselmatige waarneming in kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing. . . . . . . . . . 20

**Tabel 4.1** Biografiese inligting van die kindermolesteerders . . . . . . . . . . 102

**Tabel 4.2** Kinderjare van die molesteerder . . . . . . . . . . 109

**Tabel 4.3** Huweliks- en gesinsverhoudings van die kindermolesteerder . . . . . . . . . 115

**Tabel 4.4** Persoonlikheid van die kindermolesteerder . . . . . . . . . . 119

**Tabel 4.5** Aard van die kindermolestering . . . . . . . . . . 126

**Tabel 4.6** Kindermolesteerder se botsing met die gereg . . . . . . . . . . 131

**Tabel 6.1** 'n Toepassing van Bandura se sosiale leerteorie op kindermolestering . . . . . . . . . . 211

# AFDELING A
# ORIëNTERING EN METODOLOGIESE VERLOOP VAN DIE STUDIE

# HOOFSTUK 1

## ORIëNTERING TEN OPSIGTE VAN DIE NAVORSINGSONDERSOEK

### 1.1 PROBLEEMSTELLING

Navorser het gevind dat daar baie in boeke, tydskrifte, koerante en ander media geskryf en gesê word oor kindermolestering (Hopley 1994:1). Volgens Schurink (1996a:6) is kindermolestering 'n ernstige en groeiende probleem wat wêreldwyd steeds aan die toeneem is. Keen en Keen (1995:52) noem dat daar 7706 klagtes van kindermolestering gedurende 1992 onder die aandag van die Suid-Afrikaanse Polisie gekom het. Tydens die televisieprogram "Fokus" op 6 Mei 1998 sê Freek Robinson dat kindermolestering in Suid-Afrika die afgelope vier jaar met 75% toegeneem het. Hy noem dat vyf kinders elke uur gemolesteer word. Navorser dra ook gedeeltelik kennis van die probleem van kindermolestering deur haar Honneurs- en Magisterstudies in dié verband. Verder praktiseer navorser reeds twintig jaar as maatskaplike werker en hierdie toename in kindermolestering kan vanuit die praktyk bevestig word.

Intussen het hierdie molestering verreikende gevolge vir die kind as slagoffer deurdat dit al die terreine van die kind se lewe negatief beïnvloed. Kindermolestering het 'n invloed op die kind se seksuele aanpassing en interpersoonlike verhoudings. Dit bring opvoedkundige en sielkundige probleme mee en het ook ernstige fisieke gevolge vir die kind (Carl 1987:53; Rech & Jahn 1989:34). Baie slagoffers van kindermolestering dra hierdie gevolge tot in hulle volwasse lewe met hulle saam. Hierdie gemolesteerde kinders, aan wie soveel skade aangerig is, is die landsburgers van môre en oormôre.

In die lig van die omvang van kindermolestering en die gevolge daarvan, word groot klem op die kind as slagoffer van hierdie afwykende verskynsel geplaas. Aandag word gegee aan die daarstelling van pertinente behandelings- en voorkomingsprogramme vir die slagoffer. Suid-Afrika het met sy nuwe grondwet in 1994 voorsiening gemaak vir die beskerming van die regte van vrouens en kinders. In televisieprogramme soos die nuus en in koerantberigte

reageer die gemeenskap met protesoptogte teen kindermolestering. Navorser is van mening dat al hierdie pogings nie werklik die probleem indringend aanspreek nie. Dit is juis die kindermolesteerder as oortreder wat nie spesifiek aangespreek word nie, terwyl hy 'n kardinale deel van die probleem is.

Navorser het tot die slotsom geraak dat daar wyer na die probleem van kindermolestering gekyk moet word. Met laasgenoemde word bedoel dat daar benewens die slagoffer van kindermolestering spesifiek aandag gegee moet word aan die oortreder. Volgens Gilgun en Conner (1989:249) is dit belangrik om ook na die opset van die kindermolesteerder te kyk ten einde 'n meer omvattende beeld van die probleem te verkry.

Navorser het by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vasgestel dat daar nog min navorsing in Suid-Afrika gedoen is oor die kindermolesteerder as sodanig. Weens hierdie leemte het navorser 'n ondersoek oor die kindermolesteerder as oortreder noodsaaklik geag.

Alvorens 'n ondersoek oor die kindermolesteerder van die grond af kon kom, moes navorser uitsluitsel kry oor die volgende aspekte van die ondersoek:

- **wat** wil navorser vasstel;
- **hoe** gaan navorser dit vasstel (Babbie 1983:71; Van der Merwe 1996:286).

## 1.2 WAT WIL NAVORSER VASSTEL?

Met 'n bepaalde navorsingsonderwerp in gedagte moet die navorser vir haarself duidelikheid kry oor die volgende:

- ontledingseenheid;
- doelstelling; en
- aannames wat die ondersoek sal rig.

In hierdie navorsingsondersoek is Huysamen (1994) se boek: *Metodologie vir die Sosiale en die Gedragswetenskappe* as basis ten opsigte van die metodologiese terminologie gebruik.

Die riglyne vir die verwerking en analise van die data is ontleen uit: *Social Research* van Sarantakos (1998).

### 1.2.1 Ontledingseenheid

Die manlike kindermolesteerder as individu is in hierdie ondersoek as navorsingseenheid gekies, aangesien dit 'n onderwerp is wat nog min aandag geniet het. Navorser wil met laasgenoemde probeer om 'n omvattende beeld van die probleem van kindermolestering te verkry.

In hierdie navorsingsondersoek sal kindermolesteerder, subjek, ondersoekpersoon, studie-objek of oortreder telkens betrekking hê op die manlike kindermolesteerder.

### 1.2.2 Navorsingsdoelstellings

Die rasionaal van hierdie ondersoek is daarin geleë dat kindermolestering 'n toenemende probleem is met ernstige negatiewe gevolge vir die slagoffer en 'n misdryf is wat van een generasie na 'n volgende oorgedra word (Carl 1987:53; Rech & Jahn 1989:34; Schurink 1996a:6). Nog altyd is aandag gegee aan die slagoffer terwyl die kindermolesteerder self verwaarloos is. Dit het meegebring dat daar nie 'n omvattende beeld van die probleem verkry kon word nie en dat kindermolestering bly toeneem. Laasgenoemde maak hierdie ondersoek oor die oortreder dus dringend noodsaaklik.

Navorser wil met hierdie ondersoek ten opsigte van die manlike kindermolesteerder insig verkry in die oortreder se gedrag deur te deel in die ervarings van die subjekte. Met die kennis wat navorser opdoen in hierdie verband wil sy verbande, samehange of patrone in die molesteerder se gedrag blootlê om 'n profiel van die oortreder saam te stel met die oog op die verklaring van sy gedrag. Navorser wil uit genoemde data 'n behandelingstruktuur vir die kindermolesteerder saamstel wat hom kan help om sy seksueel afwykende gedrag te verstaan en vaardighede aan te leer om sy probleme te hanteer. Navorser wil trag om met die ondersoek 'n afname in die misdryf te help bewerkstellig en om gevolglik die probleem van kindermolestering sodoende aan te spreek. Verder wil navorser ook aanbevelings maak ten opsigte van verdere navorsing in dié verband.

In hierdie ondersoek het navorser ook 'n groep verkragters van volwassenes betrek, wat met die molesteerders 'n seksuele misdryf as gemene deler het. Navorser wou met laasgenoemde die bruikbaarheid van die onderhoudskedule binne die konteks van seksuele misdrywe bepaal. Verder wou sy ook vasstel in watter mate hierdie twee tipes oortreders ooreenkomste of verskille toon en of inligting oor die verkragters enige ondersteuning bied ten opsigte van die ingesamelde data in verband met die kindermolesteerder. Die doel met laasgenoemde was om ook die betroubaarheid van die meetinstrument te bepaal.

### 1.2.3 Aannames wat die ondersoek sal rig

In hierdie ondersoek het navorser van sekere aannames gebruik gemaak om die ondersoek te rig. Die aannames is gegrond op 'n deeglike literatuurstudie oor kindermolestering soos vervat in hoofstuk drie van hierdie proefskrif. Verder is die aannames ondersteun deur navorser se praktykervaring as maatskaplike werker asook deur vorige navorsing op Honneurs- en Magistervlak oor die onderwerp. Die terrein van kindermolestering is gevolglik nie vir navorser onbekend nie.

In die lig van die voorafgaande het dit na vore gekom dat die kindermolesteerder uit 'n disfunksionele gesin kom, waarin vele maatskaplike probleme voorkom soos gesinsgeweld, huwelikskonflik, verlatings, egskeidings, finansiële krisisse en drankmisbruik. Die kindermolesteerder kry gevolglik nie by sy ouers 'n voorbeeld van hoe om werklik intieme verhoudings op te bou nie. Hy dra hierdie leemte tot in sy volwasse lewe met hom saam (Gilgun & Conner 1990:74; Steyn 1993:178). In die lig van hierdie disfunksionele gesinsomstandighede voel die kindermolesteerder verwerp, onbevoeg en angstig, wat sy beeld van homself negatief beïnvloed (Parker & Parker 1989:533; Valliant & Antonowics 1992:221; Zuskin 1992:205). Hy sien homself nie as 'n kindermolesteerder nie, aangesien hy deur sy optrede die kind seksueel wou onderrig of vir hierdie kind wou wys dat hy lief is vir haar (Faller 1988:123; Scheela & Stern 1994:96). Aangesien die kindermolesteerder nie sy optrede teenoor die slagoffer as verkeerd of as 'n misdryf sien nie, kan hy ook nie insien dat hy hulp nodig het nie.

'n Ander aspek wat ook in aanmerking geneem moet word is dat die blootstelling van kinders

aan pornografie ook as 'n vorm van kindermolestering gesien word (Steyn 1993:6). Die vraag ontstaan dus by navorser in watter mate pornografie betrokke is by kindermolestering, aangesien hierdie aspek nie in die literatuur werklik pertinent navore kom nie.

In die lig van die voorafgaande agtergrond in verband met kindermolestering maak navorser die volgende aannames om die ondersoek te rig, naamlik dat die kindermolesteerder

- 'n negatiewe verwysingsraamwerk van intieme verhoudings het;
- 'n swak selfbeeld het;
- homself nie as 'n molesteerder beskou nie;
- van mening is dat hy nie hulp nodig het nie;
- hom met pornografiese materiaal besig hou.

Genoemde aannames gaan in die praktyk aan die hand van hierdie ondersoek beoordeel word en navorser gaan in die proses poog om 'n oorspronklike bydrae te maak tot die wetenskaplike kennis en insig wat betref die manlike kindermolesteerder in Suid-Afrika.

## 1.3 HOE GAAN NAVORSER DIT VASSTEL?

Volgens Mouton en Marais (1989:7) is geesteswetenskaplike navorsing 'n gemeenskaplike menslike aktiwiteit waardeur 'n bepaalde verskynsel in die werklikheid op 'n objektiewe wyse bestudeer word ten einde 'n geldige begrip van die verskynsel daar te stel.

Hierdie werkswyse geld nie eksklusief vir die doeleindes van hierdie studie nie, aangesien 'n geïntegreerde en plurale werkswyse nagevolg is. In hierdie ondersoek is die "werklikheid" ooreenkomstig twee selfstandige maar komplimentêre benaderings nagevors. Die objektiewe dimensie is tydens die ondersoek nie op só 'n wyse aangewend dat dit die intersubjektiewe aard en kontekste waarbinne menslike belewenisse en handelinge manifesteer verydel het nie, maar dit eerder aangevul het. Aan die ander kant is die studie nie bloot tot 'n reflektiewe introspeksie beperk nie, maar is ook op 'n nomotetiese vlak verruim soos uiteengesit in afdelings 1.3.3.1 en 1.3.3.2 van hierdie hoofstuk.

Om só 'n ondersoek ten opsigte van die manlike kindermolesteerder vir die navorser prakties uitvoerbaar en hanteerbaar te maak moet die studie ten opsigte van die volgende terreine afgebaken word:

### 1.3.1 Omskrywing van kernbegrippe

Om sorg te dra dat die leser dieselfde konnotasie aan 'n begrip heg as die navorser, word die onderstaande begrippe soos volg omskryf.

#### 1.3.1.1 Behandelingstruktuur

Vir die doeleindes van hierdie studie is 'n *behandelingstruktuur* 'n program wat die navorser saamgestel het vanuit die navorsingsbevindinge van hierdie studie en haar vakkundige kennis en ervaring van menslike gedrag om die oortreder te help om kindermolestering te voorkom soos vervat in afdeling 6.5 van hoofstuk ses. Só 'n program sluit die teken van 'n genogram van die kindermolesteerder se gesin van herkoms in, soos omskryf in afdeling 1.3.1.3 van hierdie hoofstuk, ten einde disfunksionele gedragspatrone en prosesse in die oortreder se gesinsisteem te identifiseer. Laasgenoemde is 'n hulpmiddel wat die subjek help om visueel na sy gesin van herkoms te kyk en sodoende insig te kry in die ontstaan van probleemareas, soos die onvermoë om verhoudings te bou, gebrekkige kommunikasievaardighede, gepreokkupeerdheid met seks en 'n swak selfbeeld, wat 'n rol speel in kindermolestering. Ten opsigte van laasgenoemde word die molesteerder gehelp om vaardighede aan te leer ten einde genoemde probleemareas te hanteer en sodoende kindermolestering te voorkom.

#### 1.3.1.2 Disfunksionele gesin


'n *Disfunksionele gesin* is 'n gesin waarin verskeie maatskaplike probleme voorkom soos gesinsgeweld, huwelikskonflik, verlatings, egskeidings, finansiële krisisse en drankmisbruik. Die gevolg is dat die ouers in só 'n gesin só verwikkeld is in genoemde probleme dat hulle nie oor die lewenskrag beskik om hulle kinders te dissiplineer en aan hulle kinders die regte leiding te gee ten opsigte van die maak van keuses tussen reg en verkeerd nie. Die ouers probeer die kinders beheer deur hulle met geweld te dreig of staan apaties teenoor hulle kinders se opvoeding. Gevolglik vrees die kinders hulle ouers of voel onseker en weet nie hoe om op te tree nie. Weens hierdie disfunksionele gesinsomstandighede leer die kinders nie hoe

om diepgaande verhoudings te bou nie en ontwikkel ook nie die vermoë om op gevoelsvlak te kommunikeer nie. As gevolg van hierdie onbevredigende ouer-kindverhouding begin die kind om sy basiese behoefte aan liefde, erkenning en aanvaarding wat in sy ouerhuis ontbreek op ander wyses en plekke te bevredig wat kan uitloop op wangedrag en 'n botsing met die gereg (Thorman 1980:41). In die geval van die kindermolesteerder bevredig hy genoemde behoeftes by kinders deur hulle seksueel te molesteer en bots sodoende met die gereg.

#### 1.3.1.3 Genogram

'n *Genogram* is 'n tipe stamboom wat huweliks- en gesinsverhoudings oor drie geslagte voorstel. Só 'n genogram verskaf inligting ten opsigte van ouderdomme, beroepe, verhoudings, gedragspatrone en prosesse wat binne 'n familie plaasvind. Die genogram dien as 'n hulpmiddel om 'n familie se funksionering visueel voor te stel en beter te verstaan veral wat betref die disfunksionele gesin. Ten opsigte van laasgenoemde is die genogram nuttig aangewend in fase een van die ondersoek en is later gebruik as 'n belangrike basis in die behandelingstruktuur vir kindermolesteerders soos omskryf in afdeling 1.3.1.1 van hierdie hoofstuk (Marlin 1989:1). Bylaag F bevat 'n voorbeeld van 'n genogram van subjek G in fase een van die ondersoek. Figuur 1.1 bevat die onderskeie simbole wat Marlin (1989:42) aandui vir die teken van 'n genogram.

**Figuur 1.1**
Simbole vir die teken van 'n genogram.




1.3.1.4 <u>Hulp</u>

*Hulp* is 'n vakkundige diens aan 'n individu of groep om sy of hul maatskaplike funksionering positief te verander. Ten opsigte van die kindermolesteerder verwys hulp na 'n vakkundige diens aan die oortreder met die oog daarop om hom insig te gee in sy gedragspatrone, sodat hy kan verstaan hoekom hy kinders molesteer en om moontlik 'n positiewe verandering te bewerkstellig en te voorkom dat hy weer sal oortree. Die behandelingstruktuur soos omskryf

in afdeling 1.3.1.1 van hierdie hoofstuk is 'n voorbeeld van hulp aan die kindermolesteerder.

#### 1.3.1.5 Intieme verhouding

'n *Intieme verhouding* verwys na die nabye fisiese en emosionele kontak tussen twee individue. By die kindermolesteerder word klem gelê op sy vermoë om sy gedagtes, gevoelens en sienings met iemand anders soos sy ouers, lewensmaat of andere te deel.

#### 1.3.1.6 Kindermolestering

*Kindermolestering* is nie as misdaad *per se* op die wetboek nie. Dit is 'n vae begrip wat in die algemeen gebruik word. Kindermolestering is nou verweef met ander begrippe van seksuele misdrywe soos verkragting, onsedelike aanranding en bloedskande en lê eintlik op die terrein van elkeen van genoemde misdrywe (Pienaar 1995). Toestemming, ouderdom en die voorkoms van penetrasie van die slagoffer speel 'n belangrike rol in die bepaling van die misdryf.

Na aanleiding van die wetlike omskrywings van verkragting, onsedelike aanranding en bloedskande meen navorsers dat kindermolestering plaasvind:

- wanneer 'n meisie onder die ouderdom van sestien jaar deur 'n manspersoon gepenetreer word, of 'n poging daartoe aangewend word;
- wanneer 'n onsedelike of onbehoorlike daad met 'n meisie of seun onder die ouderdom van agtien jaar gepleeg word of 'n poging daartoe aangewend word.

Kindermolestering is dus 'n gemeenregtelike misdryf soos in die geval van verkragting, onsedelike aanranding en bloedskande. Verder is dit ook 'n statutêre misdryf soos die pleeg van 'n onsedelike of onbehoorlike daad met 'n meisie of seun onder die ouderdom van agtien jaar. Die reg wil deur wetgewing die persoonlikheidsregte of die waardigheid en reg op privaatheid van die kind beskerm (Steyn, Grobbelaar & Snyman 1995: 63).

#### 1.3.1.7 Onderhoudsgids

'n *Onderhoudsgids* behels 'n lys van onderwerpe en aspekte wat met die tema te make het wat

die navorser in die loop van die onderhoud aanraak indien die subjek nie vanself daarby uitkom nie (Huysamen 1994:149). Só 'n gids is gebruik tydens die voer van semi-gestruktureerde onderhoude met kindermolesteerders in fase een van die ondersoek (kyk bylaag C).

#### 1.3.1.8 Onderhoudskedule

Huysamen (1994:132) gebruik die begrippe *onderhoudskedule* en opnamevraelys as sinonieme. In hierdie ondersoek sal deurgaans van die term onderhoudskedule gebruik gemaak word. Laasgenoemde is 'n lys van vrae wat vooraf deur die navorser opgestel is en saam met elke kindermolesteerder of deur homself voltooi is. So 'n onderhoudskedule bestaan uit oop vrae wat aan die kindermolesteerder die geleentheid bied om sy eie antwoorde te formuleer of uit meerkeusige vrae waarin hy 'n antwoord kan kies wat op hom van toepassing is (Huysamen 1994:132). In fase twee van hierdie ondersoek is 'n onderhoudskedule aan kindermolesteerders en verkragters voorgehou (kyk bylaag D).

#### 1.3.1.9 Pornografie

*Pornografie* is die daarstelling, by wyse van die geskrewe woord, tekening, foto of film, van seksuele sake op so 'n wyse dat dit deur baie lede van die samelewing as onwelvoeglik beskou word (Plug, Meyer, Louw & Gouws 1993:279). Volgens Lötter (1997:424) is pornografie materiaal wat die individu (kindermolesteerder) gebruik om na te kyk en sodoende sy seksuele drange aan te wakker en te bevredig. Verder gebruik die molesteerder pornografie om aan 'n kind te vertoon om hom/haar te oorreed om aan een of ander vorm van seksuele daad deel te neem.

Aangesien die blootstelling van kinders aan pornografie 'n vorm van kindermolestering is, moes navorser meer kennis inwin oor wat pornografie alles behels. In hierdie verband het navorser 'n indiepte onderhoud met die hoof van die Kinderbeskermingseenheid van Middelburg in Mpumalanga gevoer. Hierdie Eenheid is ten nouste betrokke by die daaglikse arrestasie van kindermolesteerders en die beslaglegging van pornografie by sodanige oortreders. Tydens hierdie onderhoud kon navorser insae kry oor die aard van die pornografie

waarby kindermolesteerders betrokke is en hoe hierdie Eenheid pornografie klassifiseer naamlik:

- **prikkelpornografie** soos die advertensies van volwassenes en kinders in onder-, swem- en slaapklere van die onderskeie winkelgroepe byvoorbeeld Woolworths, Jet, Edgars en so meer. Internasionaal staan hierdie materiaal bekend as erotika;
- **sagte pornografie** soos naak foto's van vrouens, of modelle wat poseer of hulle liggame in sekere posisies strek, byvoorbeeld die *Scope*, *Hustler* en *Loslywe*;
- **harde pornografie** soos foto's van vrouens wat hulle geslagsdele duidelik vertoon of foto's van vrouens wat by 'n geslagsdaad betrokke is, soos byvoorbeeld *These Girls Crave Anal sex*, *Intimacy no. 6*, *All Those Hot Pussies*.

Ander tipes pornografie wat onderskei word is dié waar 'n vrou fisies gepynig word wat gewoonlik by die sadistiese man aangetref word en waaruit hy seksuele bevrediging kry soos byvoorbeeld *Love Bondage Gallery* (kyk bylaag E, figuur E.2). Verder bestaan pornografie ook uit foto's waar 'n man fisies deur 'n vrou gepynig word soos byvoorbeeld *MA AM* (kyk bylaag E, figuur E.2). Hierdie tipe pornografie word gewoonlik by die masochistiese man aangetref wat daaruit seksuele bevrediging kry (Van Rooyen 1997). Dit wil voorkom of hierdie verskillende tipes pornografie verband hou met die Bevrydingsfeministe (Liberterian Feminism) se siening dat pornografie 'n progressiewe kulturele mag is, wat 'n groot invloed het op mense se lewens (Lötter 1997:428) en 'n belangrike rol speel in die toename in kindermolestering.

Uit die onderhoud met genoemde hoof van die Kinderbeskermingseenheid is dit duidelik dat daar 'n massa pornografie beskikbaar is vir die verskillende seksuele afwykings soos kindermolestering, masochisme, sadisme en so meer. Laasgenoemde word bevorder deurdat daar katalogusse bestaan waaruit pornografiese tydskrifte en video's bestel kan word. Bogenoemde pornografie is slegs 'n aanduiding van die tipes pornografie wat gedurende onlangse arrestasies by kindermolesteerders gevind is en wat 'n belangrike bydrae tot die wetenskaplike kennis kan maak, aangesien daar weinig melding in die literatuur gemaak word van die kindermolesteerder se betrokkenheid by pornografie en hoe laasgenoemde

geklassifiseer word. Navorser is van mening dat pornografie so groot en omvangryk is dat dit 'n navorsingsondersoek op sy eie verg.

Wanneer krities gekyk word na die pornografie wat by onlangs gearresteerde kindermolesteerders gevind is, is dit duidelik dat die oortreder so gepreokkupeerd is met die seksuele dat hy pamflette soos dié waarin winkelgroepe hulle onder-, swem- en slaapklere (erotika) adverteer aangryp om sy seksuele drange aan te wakker, terwyl sulke pamflette geen seksuele prikkeling vir die gewone man op straat inhou nie. Die molesteerder kyk gevolglik met ander oë na die advertensie, naamlik na die liggaam agter die klere en mis sodoende die hele doel van die advertensie. Subjek F in fase een van die ondersoek het byvoorbeeld as kind sulke prente waarin vrouens onder- en swemklere (erotika) adverteer versamel. Hierdie advertensies was skynbaar die beginpunt van die molesteerder se betrokkenheid by pornografie soos in die geval van subjek F. Vanaf hierdie advertensies soek die molesteerder na meer naak foto's soos in die *Scope* en die *Hustler* (sagte pornografie) en van daar na foto's waar die seksuele meer pertinent vertoon word, soos die geslagsdele van mans en vroue en ook die seksdaad (harde pornografie). Die nuwe Film en Publikasie Wet no. 65 van 1996 plaas wel beperkings op films en publikasies waar eksplisiete geweldadige gedrag vertoon word deur persone onder agtien jaar en klassifiseer dit as XX- of X18 films of publikasies wat onsekerheid meebring van wat pornografie is (Lötter 1997:432). Aan die ander kant verseker die nuwe konstitusie (Wet no. 108 van 1996) die individu se reg tot inligting (Lötter 1997:423), wat verwarring meebring ten opsigte van die besit van pornografie.

1.3.1.10 Selfbeeld

Met *selfbeeld* word bedoel 'n persoon se persepsie en evaluering van homself en sy rolvervulling (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk 1995:58). Hiermee word verwys na die kindermolesteerder se belewenis van homself soos dit deur die jare ontwikkel het en hoe dit 'n rol speel in die molestering van kinders.

1.3.1.11 Verwysingsraamwerk

Sodanige *raamwerk* verwys na 'n individu se opinies, houdings en waardes waarvolgens hy gedrag, idees en resultate beoordeel en wat 'n rigtinggewende invloed op sy gedrag en denke

kan hê (Plug et al. 1993:386). In hierdie studie word die verwysingsraamwerk toegespits op die idee wat by die kindermolesteerder vasgelê is tydens sy kinderjare van hoe iets gedoen moet word, soos byvoorbeeld, hy is gemolesteer en gevolglik kan hy sy kind ook molesteer.

### 1.3.2 Begrensing

Wanneer 'n navorsingsondersoek gedoen word is dit nie prakties moontlik en koste effektief om 'n hele populasie na te vors nie. Dit is gevolglik belangrik om die ondersoek te begrens, byvoorbeeld deur middel van steekproeftrekking en ten opsigte van *tyd, plek* en *kenmerke*. Die steekproeftrekking en begrensing maak die ondersoek meer hanteerbaar (Huysamen 1994:38).

Weens die sensitiwiteit van kindermolestering is in hierdie ondersoek van 'n versadigde steekproef gebruik gemaak deurdat alle kindermolesteerders wat onder navorser se aandag gekom het en bereid was om aan die ondersoek deel te neem, betrek is. By die betrekking van die verkragters in hierdie ondersoek, is ook van 'n versadigde steekproef gebruik gemaak.

Hierdie navorsingsondersoek ten opsigte van die kindermolesteerder is begrens ten opsigte van tyd deurdat dit plaasgevind het vanaf Julie 1996 tot Maart 1998.

Die ondersoek is verder begrens ten opsigte van plek. Die vertrekpunt van die ondersoek was by die voorvonniskomitee van die Departement Gesondheid en Welsyn van die Hoëveldstreek in Mpumalanga. Die gebied van die navorsing het mettertyd uitgebrei namate die kindermolesteerders op verskillende plekke onder navorser se aandag gekom het.

Om die ondersoek te begrens ten opsigte van kenmerke is in hierdie navorsingsondersoek wit en bruin manlike kindermolesteerders en verkragters uit alle sosio-ekonomiese vlakke van die samelewing betrek. Die vereiste vir die studie was dat die oortreder aan die molestering van 'n seun of dogter onder die ouderdom van agtien jaar skuldig bevind moes wees. By gebrek aan sodanige skuldigbevinding moes die persoon self erken dat hy 'n kind gemolesteer het. Die verkragters moes aan dieselfde vereistes as die molesteerders voldoen, behalwe dat hulle slagoffers volwassenes moes wees.

### 1.3.3 Wetenskaplike werkswyse

Wanneer 'n navorsingsondersoek geloods word, word bepaalde *benaderings, strategieë, metodes* en *tegnologie* gebruik om by die uiteindelike doel van die ondersoek uit te kom. Verder speel geldigheid en betroubaarheid van die ingesamelde data 'n belangrike rol in die sukses van die ondersoek. Genoemde aspekte is soos volg hanteer:

#### 1.3.3.1 Benadering

In die navorsingsmetodologie word twee benaderings onderskei naamlik die *kwalitatiewe* en die *kwantitatiewe.* By *kwalitatiewe* navorsing gaan dit om 'n begrip van die uniekheid en eienaardigheid van 'n besondere geval in al sy kompleksiteit (Huysamen 1994:173). Volgens Berg (1995:7) probeer die navorser in kwalitatiewe navorsing begryp en verstaan hoe die subjekte voel en die navorser eksploreer hoe die subjekte hulle daaglikse lewens inrig en betekenis daaraan gee. Die kwalitatiewe navorser is intens betrokke by die subjekte en stel belang in die patrone en prosesse in hulle lewens. Kwalitatiewe navorsing is dus buigbaar en die navorser steun op haar eie praktykervaring in die keuse van die metodes en tegnologie wat gebruik word om maksimale data te bekom. Die data wat kwalitatief ingesamel word, is ryk aan inhoud en bestaan uit deeglike beskrywings en verklarings (Mark 1996:212-213). Fase een van hierdie navorsingsondersoek ten opsigte van die manlike kindermolesteerder is kwalitatief benader en word in hoofstuk vier van hierdie proefskrif breedvoerig bespreek.

Die *kwantitatiewe* navorsing is gerig op die gemeenskaplike en die wetmatige van 'n meer omvangryke groep. In hierdie benadering word gefokus op veranderlikes en feite word met groter objektiwiteit en syfermatig gemeet (Neuman 1997:14). Die navorser is nie betrokke by die ondersoekgroep nie, maar staan op 'n afstand en lê byvoorbeeld 'n onderhoudskedule aan 'n ondersoekgroep voor soos in die geval van fase twee van hierdie ondersoek (Mouton & Marais 1989:165). Die ingesamelde data van só 'n kwantitatiewe ondersoek word statisties verwerk en visueel uitgedruk in figure. In hoofstuk vyf van hierdie proefskrif word die kwantitatiewe fase van hierdie ondersoek ten opsigte van die manlike kindermolesteerder volledig bespreek.

Aanvanklik was daar 'n groot afstand tussen die twee genoemde metodologiese benaderings

en is die kwalitatiewe benadering bevraagteken, aangesien data wat kwalitatief ingesamel word eiesoortige inligting verskaf wat verskil van die data wat kwantitatief bekom is. Sulke kwalitatiewe data kan egter 'n ondersteunende bydrae lewer in 'n navorsingsprojek waar van beide kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings (pluralistiese navorsingsmetodologie) gebruik gemaak word (Huysamen 1994:173). Die kwalitatiewe benadering het met verloop van tyd 'n regmatige plek binne sosiale navorsing gekry (Sarantakos 1998:314). Die gevolg is dat die afstand tussen die twee benaderings verklein het en dat die kwalitatiewe navorsingsmetodologie en -tegnologie meer positiewe erkenning verkry het.

Volgens Jick (1983:135) leer navorsers slegs om een van die twee metodologiese benaderings in 'n ondersoek te gebruik, maar leer nie om die benaderings te kombineer nie. Volgens Haralambos en Holborn (1991: 754-755) het elke benadering sy eie plek, maar kan saam sinvol aangewend word. Jick (1983:138) is van mening dat een benadering unieke data kan ontgin wat deur die ander benadering nooit aan die lig sou kom nie. Hierdie pluralitiese benadering het die voordeel dat die een benadering die resultate van die ander kan kontroleer. Verder voorsien die aanwending van albei benaderings in een navorsingsondersoek 'n meer volledige beeld van die studie-objek (Jick 1983: 138). Elke benadering bring 'n ander mate van insig mee, maar kom uiteindelik by dieselfde doelstelling uit (Berg 1995:4). Jick (1983:146) sê dat die pluralistiese benadering nie geskik is vir alle navorsingsondersoeke nie, weens die kostes en tyd wat daardeur in beslag geneem word.

In hierdie navorsingsondersoek ten opsigte van die manlike kindermolesteerder is van só 'n *pluralitiese navorsingsmetodologie* gebruik gemaak deur die ondersoek kwalitatief (indiepte) sowel as kwantitatief (omvangryk) te benader (Mark 1996:211). Navorser wou deur hierdie pluralistiese benadering 'n bydrae tot die wetenskaplike kennis maak deur die bruikbaarheid van pluralisme uit te wys en om terselfdertyd 'n holistiese beeld van die probleem van kindermolestering te verkry. Die twee benaderings het elk 'n onderskeibare navorsingstegnologie waarvolgens data ingewin word. In afdeling 2.2.4.1 en 4.2.1.2 van hierdie proefskrif word die tegnologie ten opsigte van die kwalitatiewe benadering in hierdie ondersoek bespreek en in afdeling 2.3.3 en 5.2.1.2 geniet die tegnologie ten opsigte van die kwantitatiewe benadering aandag.

Navorser is van mening dat die pluralistiese benadering wel sinvol aangewend kon word ten opsigte van die ondersoek in verband met die manlike kindermolesteerder, aangesien met relatief klein getalle gewerk is en wat koste en tyd bespaar het. Verder kon die een benadering die ingesamelde data van die ander benadering verifieer en kon 'n omvattende en betroubare beeld van die probleem van kindermolestering verkry word. Die ondersoek is in drie fases uitgevoer wat soos volg daaruit sien:

- **Fase een** - in hierdie fase is *kwalitatief* te werk gegaan. 'n Indiepte studie is van 'n beperkte aantal kindermolesteerders gemaak deur die gebruik van semi-gestruktureerde onderhoude aan die hand van 'n onderhoudsgids, asook die gebruik van genogramme, waarna daar verwys word in afdeling 1.3.1.3 van hierdie hoofstuk (Mark 1996:211). Die data is verder aangevul deur gegewens uit dokumentêre bronne en deur stelselmatige waarneming. Sarantakos (1998:321) se model is gebruik om die data te verwerk. Laasgenoemde het gelei tot 'n ryk en indiepte beskrywing van die kindermolesteerders soos vervat in hoofstuk vier van hierdie proefskrif, waaruit gemeenskaplikhede en ooreenkomste vasgelê is vir verdere navorsing in fase twee van die ondersoek.

- **Fase twee** - in hierdie tweede fase is die data wat verkry is van fase een aangevul uit die literatuur en navorser se praktykervaring, waaruit 'n onderhoudskedule opgestel is. Navorser het in hierdie tweede fase *kwantitatief* te werk gegaan deur hierdie onderhoudskedule saam met 'n meer omvangryke groep kindermolesteerders te voltooi (Mark 1996:211). Om die bruikbaarheid van hierdie onderhoudskedule te bepaal is dit verder aan 'n groep verkragters van volwassenes voorgelê. Laasgenoemde data kon ook bydra om kenmerkende eienskappe van die molesteerders te ondersteun en ooreenkomste en verskille tussen die twee tipes oortreders uit te wys. Verkragters is gekies aangesien hulle oortreding ook seksueel van aard is. Die data uit hierdie tweede fase is in hoofstuk vyf van die proefskrif vervat.

- **Fase drie** - fase drie is *kwantitatief* sowel as *kwalitatief* (pluralisties) benader. Die data wat in fase twee met behulp van 'n onderhoudskedule ingesamel is, is in die derde fase rekenaarmatig verwerk en die kenmerkende eienskappe van die oortreders is skematies in

hoofstuk vyf uitgebeeld. Navorser het in hierdie derde fase van die ondersoek kwalitatief na die resultate gekyk en die kenmerkende eienskappe gebruik om 'n profiel van die manlike kindermolesteerder saam te stel en sy gedrag te verklaar. Die ooreenkomste en verskille tussen die molesteerders en verkragters is uitgewys. Die ingesamelde data is gebruik as vertrekpunt vir die samestelling van 'n behandelingstruktuur vir die kindermolesteerder, soos vervat in afdeling 6.5 van hoofstuk ses, ten einde die probleem van kindermolestering aan te spreek. Aanbevelings is ook gemaak ten opsigte van die toekomstige hantering van die kindermolesteerder asook verdere navorsing in dié verband.

1.3.3.2 Strategieë

'n *Strategie* is die navorser se beplanning van die metodes om die beoogde data in 'n navorsingsondersoek te bekom. In die metodologie word twee soorte strategieë onderskei, naamlik die *ideografiese* en die *nomotetiese*. Hierdie twee strategieë hang nou saam met die verband tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing (Huysamen 1994:16; Mouton & Marais 1989:52).

Die ideografiese strategie bestudeer 'n enkele geval sorgvuldig en die uniekheid, nie-herhaalbaarheid en die kontekstuele faktore staan voorop, soos in die geval van fase een van hierdie ondersoek wat kwalitatief benader is.

In die nomotetiese strategie is die werkswyse om die gemeenskaplikhede of ooreenkomste tussen verskynsels in 'n groot groep uit te lig en te bepaal in watter mate dit veralgemeen kan word na die universum, soos in 'n kwantitatiewe ondersoek, waarvan fase twee 'n voorbeeld is (Huysamen 1994:16; Mouton & Marais 1989:49).

In hierdie navorsingsondersoek is die ideografiese en die nomotetiese strategieë onderskeidelik in fase een en twee van die ondersoek gebruik, wat meebring dat 'n meer omvattende en betroubare beeld van die probleem van kindermolestering verkry kon word.

1.3.3.3 Metodes

'n *Metode* is die werkswyse wat 'n navorser volg om data tydens 'n ondersoek in te samel. In

hierdie navorsingsondersoek is deurgaans van die *gevalstudiemetode* gebruik gemaak. Hierdie metode stel die navorser in staat om 'n groot hoeveelheid data ten opsigte van 'n beperkte aantal kindermolesteerders tot in die fynste besonderhede te bekom (Huysamen 1994:173; Neuman 1997:331). Die gevalstudiemetode laat die navorser met data wat direk van die oortreder bekom is en wat verder ondersoek en aangevul kan word.

'n Aanvullende metode wat in die ondersoek gebruik is, is die raadpleging van bepaalde *dokumentêre bronne* soos verslae van maatskaplike werkers en sielkundiges. Laasgenoemde het data wat deur middel van die gevalstudiemetode bekom is ondersteun en aangevul. 'n Literatuurstudie soos uiteengesit in hoofstuk drie van hierdie proefskrif het as basis gedien vir die ondersoek ten opsigte van die manlike kindermolesteerder, maar het ook die ingesamelde data verder ondersteun en aangevul.

Navorser het verder in die ondersoek ook deurgaans gebruik gemaak van Huysamen (1994:143-144) se *stelselmatige waarneming*. Met laasgenoemde word bedoel die waarneming van nie-verbale gedrag soos ongemak, spanning en aggressie van die subjek wat hy moontlik nie van bewus is nie of probeer verbloem. Navorser het nie slegs visueel waargeneem nie, maar het ook geluister na die stemtoon van die subjekte en "wat" hulle sê en " wat hulle nie" sê nie. In die waarnemingsproses het die navorser ook gebruik gemaak van 'n bandopnemer om weer later na te luister ten einde herbevestiging te kry vir haar waarnemings (Adler & Adler 1994:378). Die voordeel van stelselmatige waarneming is dat dit regstreeks vasgelê word en dat die navorser haar nie hoef te verlaat op die subjekte se misleidende antwoorde nie. Stelselmatige waarneming is wetenskaplik en beteken nie om slegs na iets te kyk nie. Wetenskaplike waarneming moet aan die volgende kriteria voldoen:

- akkuraatheid - die navorser moet seker maak dat 'n verskynsel presies beskryf word soos dit is;
- presiesheid - navorser moet syfermatig kan aandui hoeveel subjekte in die ondersoek betrek is;
- sistematies - waarneming moet binne 'n georganiseerde navorsingsprogram plaasvind;
- verantwoordbaar - die navorser moet kan uitsluitsel gee oor die aantal subjekte in 'n groep

se reaksie op 'n vraag;

- objektief -verwys na die navorser se vermoë om verskynsels waar te neem en dit te aanvaar soos dit is en nie soos sy dit graag wil hê nie (Horton & Hunt 1982:3-5). Die onderliggende standpunt wat dienooreenkomstig geld is dat sekere waardes binne die gemeenskap onafhanklik van enige intrinsieke ervarings van die subjek geld.

Weens die pluralistiese inslag van hierdie navorsingsondersoek is stelselmatige waarneming verskillend hanteer ten opsigte van die twee benaderings en word soos volg in tabel 1.1 uiteengesit (Mouton & Marais 1989 164):

**Tabel 1.1**
Stelselmatige waarneming in kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing.

| **Kwalitatief** | **Kwantitatief** |
|---|---|
| Subjektiverend en persoonlik beleef | Objektiverend |
| Navorser is betrokke in gebeure/verskynsels | Navorser bly afsydig |
| Spontaan en toevallige voorbeelde | Voorafbeplande observasie |
| Geskied op nie-gestruktureerde wyse | Waarnemings kan selfs skaleerbaar wees |
| Oop, sodat enige onverwagte gebeure geregistreer kan word | Verwagte waarnemings reeds vooraf in kategorieë geplaas |
| Konteks word verreken | Konteks word sover moontlik gekontroleer |

1.3.3.4 Tegnologie

*Tegnologie* is die gereedskap of meetinstrumente wat 'n navorser gebruik om data in te samel. Navorser het in fase een van die ondersoek gebruik gemaak van semi-gestruktureerde onderhoude aan die hand van 'n *onderhoudsgids* (kyk bylaag C) asook van 'n *genogram* soos omskryf in afdeling 1.3.1.3 van hierdie hoofstuk. Genoemde tegnologie het navorser in staat gestel om kwalitatiewe data in te samel. Tydens fase twee is 'n *onderhoudskedule* (kyk bylaag D) gebruik en is kwantitatiewe data ingesamel deur die data uit fase een van die ondersoek aan 'n groter groep oortreders voor te lê.

1.3.3.5 Geldigheid

*Geldigheid* verwys na "waar" of "korrek" (Neuman 1997:141). Volgens Mouton en Marais (1989:15-16) is die oorkoepelende doelstelling van alle geesteswetenskaplike navorsing om geldige bevindinge te genereer, dit wil sê bevindinge wat so werklikheidsgetrou as moontlik is. Laasgenoemde sluit ook aan by die epistemologiese dimensie van geesteswetenskaplike navorsing wat gerig is op die geldigheid van data. Ten einde geldige bevindinge te kan maak hang dit af van hoe die navorser die ondersoek beplan, struktureer en uitvoer. In die praktyk bring dit mee dat die navorser dikwels toegewings moet maak, maar die navorser slaag selde daarin om alle faktore wat die geldigheid van 'n ondersoek bedreig uit te skakel. In afdeling 2.5.1 van hoofstuk twee bespreek navorser die hantering van geldigheid in die metodologiese verloop van hierdie navorsingsondersoek.

1.3.3.6 Betroubaarheid

Volgens Neuman (1997:138) kom *betroubaarheid* ter sprake wanneer 'n navorser telkens dieselfde resultate verkry as dieselfde verskynsel en dieselfde meetinstrument gebruik word. Hoewel geesteswetenskaplike navorsers dit ten doel het om totale betroubaarheid in 'n ondersoek te verkry, is dit nie werklik bereikbaar nie, omdat mense onvoorspelbaar is en in verskillende situasies verskillend kan reageer.

In die geesteswetenskaplike navorsing word vyf dimensies onderskei waarvan die epistemologiese die sleuteldimensie is wat ten doel het om 'n geldige of werklikheidsgetroue uitspraak te maak oor, byvoorbeeld, die kindermolesteerder soos in die geval van hierdie navorsingsondersoek. Hiermee saam is die metodologiese dimensie van uiterste belang wat die implementering van 'n wetenskaplike navorsingsplan behels, ten einde kritiese, gebalanseerde, nie-sydige, sistematiese en kontroleerbare data te genereer (Mouton & Marais 1989:7-17). In afdeling 2.5.2 van hoofstuk twee word die hantering van betroubaarheid in hierdie ondersoek bespreek.

1.3.3.7 Ontleding van die ingesamelde data

Soos reeds genoem het data-insameling in hierdie ondersoek in twee opeenvolgende fases plaasgevind. In die eerste fase is kwalitatief te werk gegaan. Navorser het diepgaande

onderhoude met 'n beperkte aantal kindermolesteerders gevoer. Die ingesamelde data is aangevul deur dokumentêre bronne en stelselmatige waarneming om die resultate so kompleks en ryk as moontlik te maak (Mark 1996:212). In fase twee is kwantitatief gewerk. 'n Onderhoudskedule is saamgestel vanuit die data wat in fase een verkry is en dit is aangevul uit die literatuur en vorige ervaring van navorser in dié verband. Die onderhoudskedule is aan 'n meer omvangryke groep kindermolesteerders en verkragters van volwassenes voorgehou.

Volgens Sarantakos (1998:313) is dit die taak van die navorser om die ingesamelde data te verwerk en betekenis daaraan te gee deur gemeenskaplikhede en ooreenkomste te soek wat aansluiting vind by die navorsingsvraag. Aangesien hierdie ondersoek pluralisties benader is, is die data in die twee fases verskillend verwerk (Sarantakos 1998:321) en sien soos volg daaruit:

(a) Fase een

Die semi-gestruktureerde onderhoude en genogramme wat tydens fase een gebruik is om data in te samel, het 'n massa data gegenereer en is op band geneem en is na elke onderhoud verwerk. Sarantakos (1998:321) sê dat wanneer data deur onderhoudvoering ingesamel is die verwerking daarvan na die tyd meer sinvol is wanneer daar weer na die onderhoude geluister word. In die verwerking van hierdie data het navorser Sarantakos (1998:321) se model van ontleding gebruik wat uit die volgende vyf stappe bestaan:

** Stap 1: Transkripsie*

Navorser het tydens hierdie stap die data vanaf die band op rekenaar vasgelê volgens die verskillende temas wat tydens die onderhoudvoering aandag geniet het. Aspekte ten opsigte van nie-verbale gedrag wat deur middel van stelselmatige waarneming opgemerk is, is op die verslag aangebring. Alle moontlike foute en herhalings is tydens die verslagskrywing in hierdie stap uitgeskakel.

** Stap 2: Nasiening en redigering*

In stap twee is die hele verslag nagesien en bykomende data uit dokumentêre bronne is bygewerk sodat die verslag gereed kan wees om verder verwerk te kan word.

** Stap 3: Analisering en interpretasie*

Tydens hierdie stap is die data afgeskaal deur tersaaklike inligting in 'n bepaalde vorm te verwerk sodat gemeenskaplikhede en ooreenkomste van die kindermolesteerders geïdentifiseer kan word. Vir hierdie doel is Sarantakos (1998:322) se patroonvorming as tegniek aangewend en is gebruik gemaak van tabelle om die verskillende gemeenskaplikhede en ooreenkomste visueel vas te lê. (kyk tabelle 4.1, 4.2, 4.3, 4.4, 4.5, 4.6 in hoofstuk vier van hierdie proefskrif).

** Stap 4: Veralgemening*

Met die data in 'n visuele vorm beskikbaar kon duidelik gesien word waar gemeenskaplikhede en ooreenkomste gevorm word wat verder in fase twee kwantitatief nagevors kon word (kyk 4.2.4 van hoofstuk vier).

** Stap 5: Verifikasie*

In hierdie finale stap van die verwerking van die data het navorser weer die gemeenskaplikhede en ooreenkomste nagegaan sodat die interpretasies wat gemaak is so betroubaar moontlik is voordat dit verder nagevors word.

(b) <u>Fase twee</u>

Die verwerkte data uit fase een is in fase twee in 'n onderhoudskedule vervat en kwantitatief aan 'n groter groep kindermolesteerders en verkragters in die praktyk voorgelê. Die data uit die onderhoudskedules is in fase drie van hierdie ondersoek verwerk.

(c) <u>Fase drie</u>

Aangesien die rekenaar algemene gebruik geword het in die verwerking van data het navorser dit ook as hulpmiddel gebruik (vgl.Sarantakos 1998:329). Nadat die data-insamelingsproses in fase twee afgehandel is, moes die data voorberei word vir die rekenaarverwerking. Navorser het Sarantakos (1998:331) se drie stappe gevolg in die data-verwerkingsproses naamlik:

** Stap 1: Kodering*

Dit is die proses waar antwoorde op vrae omskep word in syfers. Die gebruik van syfers is makliker as die gebruik van woorde en dit skakel foute uit. Kodering kan voor of na data-insameling geskied (vgl. Sarantakos 1998:331-332). In hierdie ondersoek het die kodering eers na die data-insameling geskied, aangesien daar in die onderhoudskedule gebruik gemaak is van oop vrae. Hierdie vrae moes eers na die data-insameling geëvalueer word en waardes aan gegee word. Nadat hierdie kodering afgehandel is, kon navorser na die volgende stap oorgaan.

** Stap 2 Nagaan van data*

Tydens hierdie stap moet die navorser toesien dat die data duidelik, betroubaar, relevant en toepaslik is.

** Stap 3 Invoer van data op rekenaar*

Nadat die data nagegaan is, is dit op die rekenaar ingevoer. Hierdie invoer kan op verskeie maniere geskied, byvoorbeeld deur middel van rekenaarkaarte, rekenaarpapier of magnetiese bande (Sarantakos 1998:333). In hierdie ondersoek is van rekenaarkaarte gebruik gemaak. Navorser het die SPSS rekenaarprogram vir Windows (Norusis 1993) gebruik om frekwensie verspreidings van die veranderlikes te bepaal. Weens die klein getal subjekte van twintig molesteerders en vyftien verkragters is die routellings daarna met behulp van 'n sakrekenaar in persentasies omskep en volgens kenmerkende eienskappe van die kindermolesteerder visueel in figure uitgebeeld. (kyk figure 5.1, 5.2, 5.3, 5.4, 5.5, 5.6, 5.7, 5.8, 5.9 in hoofstuk vyf)

Verder was dit ook in hierdie fase belangrik om sin en betekenis te gee aan die data wat uit die rekenaarverwerkings bekom is. Die verwerkte data is geïnterpreteer waaruit 'n profiel van die kindermolesteerder (kyk figuur 6.5 in hoofstuk ses) saamgestel is en sy gedrag verklaar is. Die verskille en ooreenkomste tussen die kindermolesteerders en verkragters is uitgewys (kyk afdeling 6.3 in hoofstuk ses). 'n Behandelingstruktuur is vir die kindermolesteerder saamgestel soos uiteengesit in afdeling 6.5 van hoofstuk ses. Verder is aanbevelings gemaak in verband met die toekomstige hantering van die molesteerder en verdere navorsing in dié

verband, wat aansluiting vind by die aanvanklike doel van die navorsingsondersoek (kyk afdeling 1.2.2 in hoofstuk een).

## 1.4 INDELING VAN DIE VERSLAG

Met die oog op sistematiek en logiese weergawe van die onderhawige ondersoek is die inhoud van die proefskrif in drie afdelings verdeel naamlik:

**Afdeling A**
**Oriëntering en metodologiese verloop van die ondersoek**

Hierdie afdeling sluit in:

Hoofstuk 1 wat die leser oriënteer ten opsigte van die navorsingsondersoek.

Hoofstuk 2 wat ten doel het om te beskryf hoe die wetenskaplike plan, wat in hoofstuk een uiteengesit is, in die praktyk uitgevoer is, watter probleme ondervind is en hoe laasgenoemde te bowe gekom is.

**Afdeling B**
**Empiriese ondersoek van die studie**

Genoemde afdeling sluit die volgende hoofstukke in:

Hoofstuk 3 gee 'n oorsig van die literatuur wat tydens die navorsingsondersoek ten opsigte van die kindermolesteerder geraadpleeg is. Aspekte soos bykomende probleme ten opsigte van kindermolestering, die gevolge van molestering vir die slagoffer en wie die kindermolesteerder is, word aangeraak.

Hoofstuk 4 behels die eerste (kwalitatiewe) fase van die empiriese ondersoek en bespreek die implementering van semi-gestruktureerde onderhoude aan die hand van 'n onderhoudsgids, die teken van genogramme van tien kindermolesteerders en die bevindinge wat daaruit

voortspruit.

Hoofstuk 5 dek die tweede (kwantitatiewe) fase van die empiriese ondersoek en bespreek die implementering van die onderhoudskedules met twintig kindermolesteerders en vyftien verkragters, asook die bevindinge wat daaruit voortgespruit het.

**Afdeling C**

**Interpretasie, bevindinge en aanbevelings**

Hierdie afdeling sluit die volgende hoofstukke in:

Hoofstuk 6 gee 'n uiteensetting van fase drie van die navorsingsondersoek, wat insluit die interpretasie van die ingesamelde data oor die kindermolesteerder, waaruit 'n profiel van die molesteerder saamgestel is wat kulmineer in 'n teoretiese verklaring vir die oortreder se gedrag. Ooreenkomste en verskille tussen die kindermolesteerders en verkragters word uitgewys. Verder maak hierdie hoofstuk ook voorsiening vir 'n behandelingstruktuur vir die kindermolesteerder.

Hoofstuk 7 omvat 'n samevatting en kritiese evaluasie van die hele ondersoek oor die kindermolesteerder en maak bepaalde aanbevelings ten opsigte van die toekomstige hantering van die molesteerder en verdere navorsing in dié verband.

# HOOFSTUK 2

## METODOLOGIESE VERLOOP VAN DIE NAVORSINGSONDERSOEK

### 2.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk het navorser die leser georiënteer ten opsigte van die wetenskaplike plan wat gevolg gaan word om die kindermolesteerder na te vors. Volgens Mouton en Marais (1989:15) is die doel van só 'n plan om geldige bevindinge te genereer, dit wil sê bevindinge wat so werklikheidsgetrou as moontlik is. Só 'n plan berus op 'n groot aantal ingewikkelde besluite wat die navorser moet neem soos, onder andere, watter benaderings, strategieë, metodes en tegnologie in die ondersoek gebruik gaan word. Hierdie besluitneming is nie sonder probleme of struikelblokke nie.

Hierdie hoofstuk het dit ten doel om in groter detail 'n uitleg te gee van hoe hierdie wetenskaplike plan in die praktyk uitgevoer is, watter probleme ondervind is en hoe laasgenoemde te bowe gekom is.

Aangesien hierdie navorsingsondersoek in drie fases aangepak is, word die praktiese uitvoering van die wetenskaplike plan volgens die verloop van elke fase bespreek.

### 2.2 FASE EEN

Met hierdie fase as voorondersoek wou navorser maksimale kennis en insig ten opsigte van die kindermolesteerder verkry. Ten einde laasgenoemde te bereik is hierdie fase kwalitatief benader aangesien navorser 'n groot hoeveelheid unieke data van 'n beperkte aantal kindermolesteerders verkry het. Navorser het in hierdie fase probeer deel word van die subjekte se leefwêrelde om sodoende betroubare besonderhede van hulle te bekom (vgl. Neuman1997:331). In kwalitatiewe navorsing verskuif die navorser se posisie as buitestaander na 'n intersubjektiewe ingesteldheid van 'n binnestaander (Van der Merwe 1996:291). Navorser het laasgenoemde bereik deur haarself in die posisie van die kindermolesteerder te plaas en te probeer verstaan hoe hy voel. Laasgenoemde is 'n vermoë wat navorser deur die

jare as vakkundige in die praktyk ontwikkel het.

Tydens fase een het navorser van die ideografiese strategie gebruik gemaak met die fokus op die intensiewe bestudering van die kindermolesteerder. Navorser het die leefwêreld van die kindermolesteerder betree om sy belewenis van homself en sy seksuele gedrag teenoor kinders waar te neem. Navorser kon deur só 'n indiepte studie 'n beeld kry van die kindermolesteerder se eie siening van sy gedrag (vgl. Babbie 1986:53; Huysamen 1994:16; Mouton & Marais 1989:49).

Om met fase een van die ondersoek te kon begin moes die volgende aspekte in die praktyk aandag geniet:

- literatuuroorsig;
- uitvoerbaarheid van die ondersoek;
- hantering van vertroulikheid;
- insameling van die data;
- boekstawing van die ingesamelde data.

### 2.2.1 Literatuuroorsig

Wanneer van 'n navorsingsonderwerp na 'n navorsingsvraag beweeg word, vind daar 'n siftingsproses plaas. Tydens hierdie proses moet 'n deeglike literatuurstudie oor die onderwerp gedoen word soos vervat is in hoofstuk drie van hierdie proefskrif (Berg 1995:17; Van der Merwe 1996:293).

Eerstens moes 'n soektog by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing aangevra word om te bepaal watter navorsing reeds oor dié onderwerp gedoen is en watter navorsing tans nog in dié verband aan die gang is.

'n Verdere literatuursoektog is deur die vakreferent by die biblioteek van die Universiteit van Suid-Afrika geloods ten einde vas te stel watter literatuur oor die onderwerp beskikbaar is. Hierdie literatuurstudie is gedoen vanaf Julie 1995 tot Junie 1996. Die literatuur is weer in

Augustus 1997 met die nuutste publikasies aangevul.

Genoemde literatuurstudie was nodig om herhaling van navorsing uit te skakel en sodoende hierdie ondersoek 'n noodsaaklike en unieke studie te maak. Die literatuurstudie het bygedra om die navorsingsondersoek af te baken en te verfyn deur te kyk na watter data oor die molesteerder reeds beskikbaar is en watter aspekte nog navorsing vereis. Verder was dit ook nodig om literatuur te bekom wat navorsingsbevindinge kan ondersteun en bestaande literatuur met nuwe bevindinge kan aanvul. In hierdie verband was: *The Incest Perpetrator. A Family Member No One Wants To Treat,* (1990) asook verskeie vaktydskrifte oor die kindermolesteerder van groot waarde. Die navorsingsbevindinge van Gilgun en Conner (1989) is ook deurgaans aangewend.

In fase een van hierdie ondersoek is daar induktief te werk gegaan. Die ondersoek is dus met geen eksplisiete konseptuele raamwerk aangepak nie (Mouton & Marais 1989:103; Van der Merwe 1996: 287). Navorser het met behulp van die literatuurstudie wat ondersteun is deur haar praktykervaring en vorige navorsing in dié verband, enkele aannames gemaak soos vervat in afdeling 1.2.3 van hoofstuk een, wat as vertrekpunt vir dié ondersoek gedien het.

### 2.2.2 Uitvoerbaarheid van die ondersoek

Vervolgens moes navorser kyk na die uitvoerbaarheid van die navorsingsondersoek ten opsigte van die kindermolesteerder. Eerstens word kindermolestering dikwels lank geheim gehou en onderaangemeld by die polisie. Verder is kindermolestering 'n sensitiewe onderwerp omdat die oortreder groot kritiek uit die gemeenskap kry vir sy optrede teenoor weerlose kinders (Renzetti & Lee 1993:34). Laasgenoemde dra daartoe by dat kindermolesteerders hulle identiteit so ver moontlik geheim hou, wat die toegang tot die kindermolesteerder as navorsingseenheid bemoeilik. Wanneer die kindermolesteerder wel aangemeld word ontken hy dikwels sy skuld wat meebring dat daar gewag moet word totdat hy skuldig bevind is, of totdat hy self erken dat hy 'n kind gemolesteer het voordat hy in die ondersoek betrek kan word. In hierdie ondersoek is dus van 'n versadigde steekproef gebruik gemaak deur alle kindermolesteerders wat aan die vereistes voldoen, te betrek (kyk afdeling 1.3.2 van hoofstuk een).

Die toegang tot kindermolesteerders is in hierdie ondersoek vergemaklik deur die feit dat navorser weens haar praktykervaring op hoogte is van die hulpbronne in die gemeenskap soos welsynsorganisasies, sielkundiges, maatskaplike werkers in privaatpraktyk, die Kinderbeskermingseenhede/Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuele Misdrywe eenhede, gevangenisse en so meer, waar kindermolesteerders bereik kon word. Navorser dien ook, onder andere, op die voorvonniskomitee van die Departement van Gesondheid en Welsyn van die Hoëveldstreek in Mpumalanga, wat as vertrekpunt gedien het om kindermolesteerders te identifiseer.

Die voorvonniskomitee bestaan uit 'n multi-dissiplinêre span waar sake, soos byvoorbeeld dié van kindermolestering, voorgelê word vir 'n aanbeveling ten opsigte van vonnisoplegging. Genoemde komitee se gebied sluit dorpe in soos Waterval-Boven, Machadodorp, Dullstroom, Belfast, Groblersdal, Marble Hall, Middelburg, Hendrina, Ogies en Witbank. Dit bring mee dat kindermolesteerders vanuit 'n groot gebied beskikbaar was. Namate die ondersoek gevorder het is daar ook deur middel van vakkundige kontakte soos maatskaplike werkers na ander gebiede soos Krugersdorp, Roodepoort en Benoni beweeg om met kindermolesteerders in aanraking te kom. In fase een van die ondersoek is uiteindelik tien kindermolesteerders betrek.

Te midde van die feit dat navorser toegang tot kindermolesteerders gehad het, was daar bepaalde struikelblokke wat deurentyd oorkom moes word. Een van die molesteerders wat aanvanklik toegestem het om aan die ondersoek deel te neem het die afspraak vir 'n maand uitgestel. Na 'n maand wou hy die afspraak vir 'n verdere vyf jaar uitstel wat nie prakties moontlik was nie omdat die ondersoek dan al reeds afgehandel sou wees. Hierdie situasie het 'n vertraging in die navorsingsondersoek meegebring wat weer ingehaal moes word deur 'n ander molesteerder te vind om aan die ondersoek deel te neem. Verder het van die kindermolesteerders soms tyd geneem om te besluit of hulle aan die ondersoek wil deelneem, wat tydrowend was in die navorsing. Vir sommige molesteerders was die hofsake nog te onlangs afgehandel en te sensitief om oor te praat. 'n Ander molesteerder het geappelleer teen sy vonnis en wou nie aan die ondersoek deelneem terwyl sy appèlsaak nog hangende was nie. Laasgenoemde kon weens die lang tydsverloop van sy saak nie in die ondersoek betrek word

nie.

Om kindermolesteerders uit alle sosio-ekonomiese vlakke van die samelewing in die ondersoek te betrek moes navorser soms meer as 400 kilometers reis, wat hoë kostes meegebring het wat navorser self moes dra. By 'n geleentheid soos laasgenoemde moes maksimale data ingesamel word om onnodige uitgawes te beperk, wat emosioneel uitputtend was. Omdat navorser daagliks in haar beroep as maatskaplike werker aan sulke omstandighede blootgestel word kan sy egter sulke situasies hanteer.

Verder het navorser met subjek A twee onderhoude gevoer waarna hy in die gevangenis beland het wat toegang tot hom in die wiele gery het. Om die finale onderhoud te kon afhandel moes navorser skriftelike toestemming van die Departement van Korrektiewe Dienste kry om hom in die gevangenis te besoek. In die geval van subjek G is hy van een gevangenis na 'n ander oorgeplaas wat baie opvolging geverg het asook weer skriftelike toestemming van die Departement van Korrektiewe Dienste om hom in die gevangenis te besoek.

Aangesien navorser voortdurend deur hulpbronne soos maatskaplike werkers, sielkundiges en die Kinderbeskermingseenhede/Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuele Misdrywe eenhede moes werk om toegang tot die molesteerders te verkry was baie opvolgwerk nodig, wat tydrowend, duur en frustrerend was.

Wanneer die kindermolesteerder wel in 'n navorsingsondersoek betrek word is dit moeilik om te bepaal in watter mate hy eerlik is omtrent die molestering. Hierdie omstandighede beïnvloed die uitvoerbaarheid en betroubaarheid van die navorsing (Huysamen1994:180). Navorser se opleiding in onderhoudvoering en haar ervaring was 'n belangrike hulpmiddel in die vinnige opbou van 'n vertrouensverhouding en die insameling van betroubare data. Hierdie probleem is ook verder oorkom deur die raadpleging van verslae van ander vakkundiges.

### 2.2.3 Hantering van vertroulikheid

Weens die sensitiwiteit verbonde aan kindermolestering moes vertroulikheid en anonimiteit

deurgaans voorkeur geniet ter wille van die betroubaarheid van die ondersoek en die beskerming van die subjekte se identiteit. Hoewel navorser die voorvonniskomitee van die Departement van Gesondheid en Welsyn van die Hoëveldstreek in Mpumalanga as vertrekpunt gebruik het om kindermolesteerders te identifiseer, moes sy nogtans op 22 Februarie 1996 skriftelik toestemming van die Direkteur van genoemde Departement verkry om die molesteerders in die ondersoek te betrek (kyk bylaag A).

Fisiese toegang tot die kindermolesteerder is bewerkstellig nadat die maatskaplike werker, sielkundige, of polisiebeampte by elke kindermolesteerder sy goedkeuring verkry het om aan die ondersoek deel te neem. Hierna is die identifiserende besonderhede van die kindermolesteerder eers aan navorser bekend gemaak en kon die eerste afspraak met hom gereël word. Tydens navorser se eerste onderhoud met die molesteerder het hy 'n ooreenkoms geteken waarin hy skriftelik toestemming verleen om aan die ondersoek deel te neem en waarin navorser onderneem om alle inligting vertroulik en anoniem te hanteer (vgl. Huysamen 1994: 180)(kyk bylaag B).

Tydens die eerste onderhoud met die molesteerder het navorser sy toestemming verkry om van 'n bandopnemer gebruik te maak ter verfrissing van haar eie geheue en om te verhoed dat belangrike data verlore gaan. Laasgenoemde hou verband met stelselmatige waarneming waarvan daar reeds in afdeling 1.3.3.3 van hoofstuk een melding gemaak is.

Vertroulikheid is verder gehandhaaf deur elke molesteerder in die navorsingsverslag as subjek aan te spreek en die molesteerders van mekaar te onderskei deur die verskillende letters van die alfabet, byvoorbeeld: subjek A of subjek B. Die name van die gesinslede van die kindermolesteerders is met skuilname vervang (Mouton & Marais 1989:91).

Wanneer onderhoude in die gevangenis met subjekte gevoer is, was daar telkens 'n bewaarder in die omgewing of van die personeel het van tyd tot tyd ingeloer vir sekuriteitsredes asook vir navorser se eie veiligheid. Hierdie situasie kon die betroubaarheid van die ondersoek negatief beïnvloed, maar kon weens die veiligheidsituasie nie heeltemal uitgeskakel word nie.

### 2.2.4 **Insameling van die data**

Tydens die navorsingsondersoek oor die kindermolesteerder is van die gevalstudiemetode gebruik gemaak soos genoem in afdeling 1.3.3.3, van hoofstuk een. Volgens Plug, et al. (1993:125) bestudeer hierdie metode die mediese, psigologiese en biografiese agtergrond van elke individuele geval intensief. Bevindinge uit persoonlike dokumente, psigologiese toetse en opnames van onderhoude of psigoterapeutiese sessies kan ook deel vorm van die gevalstudie. Aangesien al hierdie areas van belang is in die ondersoek ten opsigte van die kindermolesteerder, is hierdie metode as die geskikste beskou.

Om 'n navorsingsondersoek in die praktyk te kan uitvoer is sekere tegnologie nodig. Tegnologie is ondergeskik aan en iets minder as metodes. Dit is 'n hulpmiddel wat gebruik kan word om byvoorbeeld data in te samel (Steyn 1993:10).

#### 2.2.4.1 <u>Die keuse van data-insamelingstegnologie</u>

Wanneer 'n navorsingsondersoek gedoen word, kom onderhoude of vraelyste altyd ter sprake by die insameling van data (Berg 1995:35). Aangesien navorser hierdie ondersoek oor die kindermolesteerder met 'n bepaalde agtergrondskennis vanuit die literatuur en ervaring in die praktyk aangepak het wou sy haar kennis oor die onderwerp verder verbreed. Om hierdie doel te kon bereik is van semi-gestruktureerde onderhoudvoering en genogramme as tegnologie gebruik gemaak soos genoem in afdeling 1.3.3.4 van hoofstuk een (Mouton & Marais 1989:103; Van der Merwe 1996:287). Semi-gestruktureerde onderhoudvoering is verkies bo gestruktureerde onderhoude, omdat eersgenoemde die navorser nie beperk tot sekere vrae nie en daar gevolglik indiepte nagevors kon word. Die teken van 'n genogram het tydens die semi-gestruktureerde onderhoude daartoe bygedra dat die molesteerder se familie visueel uitgebeeld kon word en navorser die samestelling en funksionering daarvan beter kon verstaan.

Smit (1985:154) sê die volgende in verband met die onderhoud: "If we want to know how people feel: what they experience and what they remember, what their emotions and motives are like, and the reason for acting as they do - why not ask them?" Die tegnologie van semi-gestruktureerde onderhoudvoering bied die geleentheid om opvolgvrae te stel, om onduidelike

antwoorde op te klaar, of om te vra dat op onvolledige antwoorde uitgebrei word (Huysamen 1994:150). Sodoende word die navorser in die posisie gestel om die leefwêreld van die kindermolesteerder te betree en ook sy nie-verbale gedrag te evalueer. Tydens die semi-gestruktureerde onderhoude is van 'n onderhoudsgids gebruik gemaak soos omskryf in afdeling 1.3.1.7 van hoofstuk een (Huysamen 1994:149). Hierdie gids bevat onderwerpe wat navorser in die loop van die onderhoud met elke kindermolesteerder aangeroer het (kyk bylaag C).

Volgens Babbie (1986:223) en Huysamen (1994:151) het onderhoudvoering die voordeel dat dit 'n hoër responskoers as vraelyste het. Hulle sê in dié verband dat 'n onderhoudvoerder selde afgewys word, maar 'n vraelys maklik in die snippermandjie beland.

Die gebruik van semi-gestruktureerde onderhoudvoering en genogramme as data-insamelingstegnologie vereis baie ervaring van die onderhoudvoerder (Huysamen 1994:181). Navorser, wat al die onderhoude self gevoer het, is egter opgelei in onderhoudvoering asook die teken van genogramme. Hierdie onderhoudvoering met die kindermolesteerders het plaasgevind vanaf Julie 1996 tot September 1997.

2.2.4.2 <u>Die opstel van 'n onderhoudsgids</u>

Voordat die semi-gestruktureerde onderhoudvoering in die praktyk kon realiseer moes navorser eers uitsluitsel verkry oor watter aspekte in die onderhoudvoering aangeraak gaan word om maksimale kennis ten opsigte van die kindermolesteerder te bekom (Berg 1995:36). Met laasgenoemde in gedagte en met behulp van literatuurstudie en navorser se ervaring kon navorser 'n onderhoudsgids saamstel oor die onderwerpe wat in die onderhoude aangeraak gaan word soos:

- biografiese besonderhede van die kindermolesteerder;
- sy kinderjare;
- sy huweliks- en gesinsverhoudings;
- die kindermolesteerder as persoon;
- die aard van die molestering;

- die kindermolesteerder se botsing met die gereg.

Die inhoud van genoemde onderwerpe word meer breedvoerig in afdeling 4.2.3 van hoofstuk vier bespreek. Vir elke onderwerp in die voorafgaande kon 'n aantal tentatiewe vrae geformuleer word. Die bewoording van die vrae het van een onderhoud na 'n ander gewissel afhangende van die kindermolesteerder se intellektuele vlak van ontwikkeling. Indien 'n vraag nie verstaan is nie kon navorser dit anders stel en waar 'n vraag onvolledig beantwoord is kon navorser dit opvolg. Wanneer ander tersaaklike data in die onderhoudvoering na vore gekom het kon navorser dit nagaan en sodoende die ondersoek verryk (vgl. Berg 1995:52). By die opstelling van só 'n onderhoudsgids moes die doel van die studie deurentyd in gedagte gehou word (Berg 1995:37). Só 'n onderhoudsgids verleen rigting en eenvormigheid aan die navorsingsondersoek hoewel dit semi-gestruktureerd is en die vrae gerig is op die kindermolesteerder se ervarings (Huysamen 1994: 149, 178).

#### 2.2.4.3 Riglyne by semi-gestruktureerde onderhoudvoering

Wanneer navorser 'n eerste afspraak met 'n kindermolesteerder gemaak het, is ooreengekom oor die aantal onderhoude, die duur van die onderhoude en 'n geskikte tyd en plek waar die onderhoude gevoer kon word (Huysamen 1994:180).

Indien 'n molesteerder oor 'n kort afstand bereik kon word is die ondersoek in drie onderhoude op verskillende dae afgehandel, afhangende hoe dit die molesteerder gepas het. In die geval waar navorser 'n paar honderd kilometers moes reis om by die kindermolesteerder uit te kom is al die onderhoude op een dag gevoer met rusperiodes tussen in, om kostes te bespaar. Die duur van die onderhoude het gewissel van een uur tot een en 'n halwe uur per onderhoud. Die navorser sowel as die kindermolesteerder se aandagspan moes by die duur van die onderhoud in aanmerking geneem word.

Die plek waar die onderhoude gevoer is het deurentyd gewissel van navorser se kantoor, die molesteerder se huis of 'n kantoor in die gevangenis. Dit is belangrik dat die plek waar die onderhoude gevoer word rustig en privaat moet wees en waar die molesteerder op sy gemak voel, aangesien dit 'n sensitiewe onderwerp is wat bespreek word. Gebrek aan privaatheid kan

die betroubaarheid van die data negatief beïnvloed.

Babbie (1986:225) is van mening dat 'n goeie onderhoudvoerder gou kan bepaal watter tipe persoon hy of sy mee te doen het en hoe om hom op sy gemak te laat voel. Vanweë navorser se agtergrond in dié verband kon sy geredelik daarin slaag om met die kindermolesteerder 'n vertrouensverhouding op te bou.

Navorser het tydens elke onderhoud gepoog om warmte te skep deur eers in die algemeen oor die alledaagse gebeure te gesels en dan na die subjek as persoon te beweeg.

Wanneer daar oorgegaan is na die navorsingsonderhoud is die onderwerpe só georden dat daar eers aandag gegee is aan die minder sensitiewe sake soos byvoorbeeld die biografiese inligting, sodat daar eers gebou kon word aan die vertrouensverhouding (Berg 1995: 42; Huysamen 1994:180). Die teken van 'n genogram, soos omskryf in afdeling 1.3.1.3 van hoofstuk een as vertrekpunt van die onderhoud het hier handig te pas gekom.

Navorser het die kindermolesteerder deurentyd laat voel dat dit wat hy gaan sê belangrik is. Verder het navorser met aandag geluister na wat hy vertel en probeer om hom geensins te onderbreek nie (vgl. Berg 1995:51,55). Verder het navorser probeer om nie vir die kindermolesteerder antwoorde in die mond te lê nie, maar hom die geleentheid te bied om sy eie verhaal te vertel (vgl. Babbie 1986:224; Huysamen 1994:180).

Aangesien kindermolestering 'n sensitiewe onderwerp is het navorser nooit na die persoon as kindermolesteerder verwys nie aangesien dit die openheid en vertrouensverhouding skade kon berokken (vgl. Berg 1995:41; Huysamen 1994:180).

Hoewel dit belangrik is om te hoor wat die kindermolesteerder sê is dit nodig dat die navorser deurentyd in beheer van die onderhoudsituasie sal wees (Huysamen 1994:180). Laasgenoemde plaas navorser in die posisie om die kindermolesteerder aan te moedig om uit te brei oor meer sensitiewe aspekte van kindermolestering. Aan die anderkant kon navorser ook die meer spontane en manipulerende kindermolesteerder, soos subjek F in fase een van die ondersoek,

wat maklik afdwaal van die tema, teruglei.

Navorser het tydens die onderhoudvoering ook spesifiek aandag aan haar eie voorkoms en kleredrag gegee. Dit is belangrik om netjies te wees en respek af te dwing, maar nogtans op die vlak van die kindermolesteerder te wees en gemaklik by hom aansluiting te vind (Babbie 1986:224; Berg 1995: 46).

Voor die afsluiting van 'n onderhoud is dit belangrik om geleidelik na hierdie fase oor te beweeg en te let op die emosionele toestand van die molesteerder. Indien die versadigingspunt op 'n hoogs-emosionele noot bereik is moes daar toegesien word dat hierdie emosies gestabiliseer word. Laasgenoemde kon bereik word deur vir die molesteerder erkenning te gee vir sy gevoelens en die gesprek terug te voer na die alledaagse gebeure (Huysamen 1994:180).

2.2.4.4 <u>Dokumentêre bronne as bykomende data-insamelingsmetode</u>

Dokumentêre bronne het bestaan uit die deurwerk van maatskaplike lêerinhoude, voorvonnis- en sielkundige verslae oor die onderskeie kindermolesteerders in die navorsingsondersoek, waarna verwys word in afdeling 1.3.3.3 van die eerste hoofstuk. Genoemde dokumente is verkry vanaf die verskillende vakkundiges wat aan die kindermolesteerders 'n diens gelewer het. Navorser het hierdie dokumentêre bronne eers na die afhandeling van haar onderhoude met elke kindermolesteerder bestudeer, om te voorkom dat sy deur die inhoud van genoemde bronne beïnvloed word.

Navorser het nie werklik probleme ondervind om hierdie dokumentêre bronne te bekom nie. Die onderskeie vakkundiges soos maatskaplike werkers en sielkundiges was bewus van navorser se studies en die kindermolesteerders het self toestemming verleen om aan die ondersoek deel te neem en hulle dokumente beskikbaar te stel.

Hierdie dokumentêre bronne was vir navorser 'n goeie meetinstrument wat kon aandui hoe deeglik en volledig die semi-gestruktureerde onderhoude was. Navorser het telkens gevind dat sy meer volledige en steekhoudende inligting uit die onderhoude verkry het as uit die

dokumentêre bronne. In enkele uitsonderlike gevalle het daar uit die dokumentêre bronne 'n klein brokkie data gekom wat nie in die onderhoude na vore gekom het nie. Genoemde dokumentêre bronne wat deur ander vakkundiges opgestel is het verder as ondersteuning vir navorser se ingesamelde data gedien.

Navorser het ook verder gebruik gemaak van wetenskaplike handboeke en vaktydskrifte oor kindermolestering om 'n breë, objektiewe en volledige beeld van die kindermolesteerder te verkry (Smit 1985:159). Hoofstuk drie bevat 'n breë uiteensetting van data wat uit genoemde literatuur verkry is.

2.2.4.5 Stelselmatige waarneming as data-insamelingsmetode

Om stelselmatige waarneming soos vervat in afdeling 1.3.3.3 van hoofstuk een werklik tot sy reg te laat kom, moes navorser vanaf die eerste kontak met die kindermolesteerder begin waarneem en moes dit deurvoer tot aan die einde van die laaste onderhoud. Volgens Adler en Adler (1994:381) is die grootste kritiek teen stelselmatige waarneming die geldigheid en betroubaarheid daarvan. Huysamen (1994:143) sê die vereiste is dat stelselmatige waarneming repliseerbaar moet wees, met ander woorde dat ander onafhanklike navorsers dieselfde waarnemings as die navorser sal maak. Die geldigheid en betroubaarheid van sulke waarnemings is afhanklik van die opleiding, ervaring en kundigheid van die navorser (Horton & Hunt 1982:6). Navorser het aan laasgenoemde vereistes voldoen, aangesien sy daagliks in die gedragswetenskappe betrokke is by onderhoudvoering en die waarneming van menslike gedrag wat die geldigheid en betroubaarheid van hierdie ondersoek aansienlik verhoog.

Volgens Adler en Adler (1994:377) is dit die ideaal om stelselmatige waarneming saam met ander navorsingsmetodes te gebruik soos onderhoudvoering en dokumentêre bronne, wat wel in hierdie ondersoek gerealiseer het. Navorser is van mening dat die kombinasie van hierdie metodes ook 'n bydrae gelewer het tot die betroubaarheid van hierdie ondersoek, deurdat die navorser nie slegs waargeneem het nie, maar ook verbale reaksie van die subjekte self verkry het wat ondersteun en aangevul is deur dokumentêre bronne van ander vakkundiges.

### 2.2.5 Boekstawing van die ingesamelde data

Al die semi-gestruktureerde onderhoude wat tydens fase een met die kindermolesteerders gevoer is, is met hulle toestemming op band geneem ten einde te voorkom dat belangrike data verlore gaan en om ondersteuning te bied vir navorser se stelselmatige waarneming. Gevolglik het daar nie van navorser se kosbare tyd verlore gegaan deur die maak van aantekeninge nie. Die opname van die onderhoude op band het baie spanning aan die kant van die navorser verlig. Sy kon gevolglik met volle aandag konsentreer op wat die kindermolesteerder vertel en meer oor die onderwerp besin. Verder kon navorser ook meer aandag skenk aan stelselmatige waarneming soos "hoe", "wat" en "hoekom" die kindermolesteerder 'n bepaalde iets sê en met watter emosie (Huysamen 1994:177, 181).

Tydens hierdie semi-gestruktureerde onderhoudvoering is 'n groot hoeveelheid data op band ingesamel wat op skrif gestel en tot bruikbare materiaal georden moes word, soos genoem in afdeling 1.3.3.7 van hoofstuk een. Hierdie boekstawing van die ingesamelde data het aan navorser die gulde geleentheid gebied om haar denke te sistematiseer en te organiseer en sodoende gemeenskaplikhede en ooreenkomste tussen die verskillende kindermolesteerders te identifiseer (vgl. Mauer 1996:380).

Na die afhandeling van die onderhoude met elke kindermolesteerder is die data vanaf band op rekenaar vasgelê. Dit was 'n tydsame en veeleisende proses, maar dit het navorser in staat gestel om krities en objektief na die onderhoude sowel as die data te kyk. Die feit dat die data op band geneem is het meegebring dat navorser gedeeltes van die onderhoude verbatim kon boekstaaf, wat aan buitestaanders geleentheid bied om iets van die onderhoud te beleef soos uiteengesit in afdeling 4.2.2 van hoofstuk vier. Navorser se stelselmatige waarneming van die kindermolesteerder se emosies tydens die onderhoude is ook verskeie kere deur die bandopname bevestig. Die gevolg was dat hierdie gevoelens ook geboekstaaf kon word.

Die boekstawing van data is 'n belangrike deel van die navorsingsproses omdat die navorser eers hierna die kennis met ander kan deel. In die geval van die ingesamelde data in fase een is dit geboekstaaf volgens die temas wat in die verskillende onderhoude aangeraak is. Navorser kon ook deur middel van haar eie stelselmatige waarneming die data aanvul deur

die kindermolesteerders se emosies weer te gee. Hierna is ook addisionele data, wat uit dokumentêre bronne soos maatskaplike lêerinhoude, voorvonnisverslae en sielkundige verslae verkry is, bygewerk.

Met hierdie data verkry uit die semi-gestruktureerde onderhoude, stelselmatige waarneming en die dokumentêre bronne oor die kindermolesteerder kon navorser begin met fase twee van die navorsingsondersoek.

## 2.3. **FASE TWEE**

Fase twee van hierdie navorsingsondersoek is uitgevoer met fase een as vertrekpunt. Met laasgenoemde word bedoel dat die data uit die semi-gestruktureerde onderhoude en uit navorser se ervaring en die literatuurstudie gebruik is om 'n onderhoudskedule op te stel. Die onderhoudskedule is in die praktyk deur navorser self saam met 'n meer omvangryke groep kindermolesteerders voltooi. Die bruikbaarheid van die onderhoudskedule is later bepaal deur dit ook aan 'n groep verkragters van volwassenes voor te lê, aangesien hulle en die kindermolesteerders albei 'n seksuele misdryf in gemeen het. Die betrekking van verkragters en die data wat daaruit voortgespruit het, kon ook die kenmerkende eienskappe van die molesteerders ondersteun en ooreenkomste en verskille tussen dié twee tipes oortreders uitwys.

Hierdie tweede fase van die navorsingsondersoek is kwantitatief en derhalwe meer eksak benader soos genoem in afdeling 1.3.3.1 van hoofstuk een. Uit die ingesamelde data wou navorser 'n profiel van die kindermolesteerder saamstel, sy gedrag verklaar, 'n behandelingstruktuur vir die kindermolesteerder ontwikkel en aanbevelings maak ten opsigte van die toekomstige hantering van die molesteerder en verdere navorsing in dié verband soos genoem in afdeling 1.2.2 van hoofstuk een.

Tydens hierdie tweede fase van die navorsing het navorser op die agtergrond gebly en nie betrokke geraak by die gebeure of navorsingsubjekte in die ondersoek nie. Navorser het hierdie fase dus objektief en as 'n buitestaander benader deur slegs die onderhoudskedule saam met die onderskeie subjekte, maar volgens hulle keuses, te voltooi (Van der Merwe

1996:291).

In fase twee het navorser van die nomotetiese strategie gebruik gemaak. Met genoemde strategie is die werkswyse om gemeenskaplikhede of ooreenkomste van kindermolesteerders na te vors (Huysamen 1994:16). Hier is dus deduktief te werk gegaan deur die data wat uit die semi-gestruktureerde onderhoude en uit navorser se ervaring en die literatuur verkry is te vervat in 'n onderhoudskedule. Laasgenoemde skedule is verder in die praktyk aan 'n groter groep kindermolesteerders en verkragters voorgelê op grond waarvan 'n verskynsel verklaar kan word deur aan te toon dat die betrokke verskynsel 'n besondere geval van 'n meer universele "werklikheid" is.

Voordat daar begin kon word met fase twee, moes navorser eers aandag aan die volgende aspekte skenk:

- 'n opsomming maak van die gemeenskaplikhede en ooreenkomste van die kindermolesteerders soos verkry uit die semi-gestruktureede onderhoude in fase een;
- die gemeenskaplikhede en ooreenkomste van kindermolesteerders in fase een vanuit navorser se ervaring en die literatuur aanvul en/of ondersteun;
- 'n data-insamelingstegniek ontwikkel;
- die data-insamelingsproses in werking stel.

Bogenoemde aspekte in fase twee is soos volg hanteer:

### 2.3.1 Opsomming van gemeenskaplikhede en ooreenkomste van kindermolesteerders uit semi-gestruktureerde onderhoudvoering

In afdeling 4.2.4 van hoofstuk vier word 'n uiteensetting gegee van die gemeenskaplikhede en ooreenkomste van die kindermolesteerders soos verkry uit fase een van die ondersoek.

### 2.3.2 Literatuurondersteuning en/of -aanvulling van gemeenskaplikhede en ooreenkomste van kindermolesteerders

In hoofstuk drie word 'n breedvoerige literatuuroorsig oor die kindermolesteerder gegee ter

ondersteuning en/of aanvulling van die data wat verkry is uit die semi-gestruktureerde onderhoude met die kindermolesteerders in fase een.

### 2.3.3 Die ontwikkeling van data-insamelingstegnologie

In fase twee is gebruik gemaak van 'n onderhoudskedule as data-insamelingstegnologie soos omskryf in afdeling 1.3.1.8 van hoofstuk een (Huysamen 1994:132). Die onderhoudskedule het die voordeel om data wat deur indiepte onderhoudvoering bekom is verder in die praktyk aan 'n groter groep voor te lê. Die onderhoudskedule dra daartoe by om bevestiging te verkry vir die ingesamelde data uit fase een van die ondersoek of om data te verwerp. Die gebruik van hierdie tegnologie is minder tydrowend en minder psigies uitputtend.

#### 2.3.3.1 Riglyne by die opstel van 'n onderhoudskedule

By die opstel van die onderhoudskedule is eerstens gekyk na die gemeenskaplikhede en ooreenkomste van kindermolesteerders soos verkry uit fase een. Die onderhoudskedule is volgens genoemde gemeenskaplikhede en ooreenkomste in verskillende afdelings ingedeel wat soos volg daaruit gesien het (Berg 1995:36, 42):

- gesin van herkoms;
- persoonlike ontwikkeling;
- huweliks- en gesinslewe;
- botsing met die gereg.

Die afdelings in die onderhoudskedule is geplaas van die minder na die meer sensitiewe aspekte. Die doel met laasgenoemde is om tydens die data-insameling eers 'n vertrouensposisie tussen die navorser en die subjek te bewerkstellig voordat die meer sensitiewe aspekte aangeraak word (Berg 1995:38; Huysamen 1994:136).

Na laasgenoemde indeling is daar in elke afdeling volgens die gemeenskaplikhede en ooreenkomste van die kindermolesteerders 'n aantal vrae geformuleer vir verdere voorlegging. Navorser het van oop vrae asook van meerkeusige vrae gebruik gemaak (vgl. Huysamen 1994:132).

In die oop vrae het die subjekte die geleentheid gehad om self hulle antwoorde te formuleer. Die oop vrae is gebruik ten opsigte van die minder sensitiewe aspekte. Oop vrae het die nadeel dat dit moeilik met die antwoorde van ander subjekte vergelyk kan word. Hierdie tipe vraag skep ook die geleentheid vir ontoepaslike antwoorde en vereis meer nasientyd (Huysamen 1994:133). Die probleme ten opsigte van die oop vrae is gedeeltelik oorkom deurdat navorser saam met die subjekte die onderhoudskedule voltooi het en kon toesien dat behoorlike antwoorde verkry is (Babbie 1986:244).

In die meerkeusige vrae het die subjekte die geleentheid om uit 'n verskeidenheid antwoorde 'n keuse te maak van wat op hulle van toepassing is. Die meerkeusige vrae is gebruik ten opsigte van gevoelens, belewenisse en verhoudings van die subjekte. By die meerkeusige vrae is daar altyd ruimte gelaat vir "ander" indien die subjek iets wou byvoeg wat nie in die meerkeusige antwoord vervat is nie (Huysamen 1994:133). Die meerkeusige vrae het die voordeel dat dit die subjek help om homself uit te druk veral ten opsigte van sensitiewe onderwerpe soos kindermolestering. Navorser kan ook met die meerkeusige vrae die gevaar loop om traak-my-nie-agtige antwoorde te bekom. Hierdie probleem is ondervang deurdat navorser die onderhoudskedule saam met die subjekte voltooi het en kon toesien dat verantwoordelike keuses gemaak is soos deur Babbie (1986:244) aanbeveel word.

Navorser moes verder by die opstel van die onderhoudskedule aandag aan die volgende aspekte gee (Berg 1995:37,39,41; Huysamen 1994:135):

- by die formulering van vrae moes woorde en begrippe gebruik word waarmee die subjek vertroud is;
- woorde wat aanstoot gee moes vermy word;
- vrae moes bondig en ondubbelsinnig geformuleer word;
- om antwoorde in die subjek se mond te lê moes vermy word;
- vrae moes so geformuleer word dat die nodige data verkry word.

Met al genoemde aspekte inaggenome kon 'n onderhoudskedule opgestel word vir voorlegging in die praktyk.

2.3.3.2 Bespreking van die inhoud van die onderhoudskedule

Soos reeds genoem is die onderhoudskedule in vier afdelings ingedeel naamlik:

- gesin van herkoms;
- persoonlike ontwikkeling;
- huweliks- en gesinslewe; en
- botsing met die gereg.

Ten einde 'n totale beeld van die kindermolesteerder te verkry is sy lewe in hierdie vier afdelings ingedeel, naamlik vanaf sy gesin van herkoms tot waar hy huidiglik met die gereg gebots het. Die inhoud van genoemde afdelings word meer breedvoerig in afdeling 5.2.3 van hoofstuk vyf bespreek.

Aangesien die bruikbaarheid van die onderhoudskedule ook ondersoek is, is genoemde skedule aan 'n aantal verkragters van volwassenes voorgelê en is die eerste drie afdelings in die onderhoudskedule ten opsigte van molesteerders en verkragters voltooi. In afdeling vier wat handel oor die botsing met die gereg het 'n verskil ingetree deurdat dieselfde soort vrae aan die molesteerder en verkragter gevra is, maar dat die vrae betrekking het op elke groep se misdaad.

Die vertrekpunt van die onderhoudskedule is om die subjekte in te lei oor die doel van die ondersoek en te noem dat die data anoniem en slegs vir navorsingsdoeleindes aangewend sal word.

Die onderhoudskedule maak ook voorsiening vir 'n verklaring waarin die subjekte hulle vrywillig bereid verklaar om aan die ondersoek deel te neem. In dieselfde verklaring onderneem die navorser om die ingesamelde data anoniem en vertroulik te hanteer en slegs vir navorsingsdoeleindes te gebruik (kyk bylaag D).

Die onderhoudskedule bestaan uit 64 vrae wat van 1 tot 64 genommer is en in vier afdelings ingedeel is. Tussen die verskillende afdelings gebruik navorser 'n oorgangsopmerking om die

verloop van die onderhoudskedule gemaklik te laat vloei en die een afdeling by die ander te laat aansluit.

Met die onderhoudskedule as data-insamelingstegnologie kon navorser begin met die proses van data-insameling.

### 2.3.4 **Die data-insamelingsproses**

Die proses van data-insameling sluit die volgende aspekte in:

#### 2.3.4.1 Tyd en plek van data-insameling

Fase twee van die navorsingsondersoek het plaasgevind vanaf Oktober 1997 tot Maart 1998.

'n Plek vir die voltooiing van die onderhoudskedule is gekies waar dit vir die subjek en navorser gerieflik was, maar waar dit ook stil en rustig was en die subjek veilig gevoel het. Die lokale was meestal 'n kantoor in die gevangenis of by Gemeenskapskorreksies of by die Kinderbeskermingseenheid/Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuele Misdrywe eenheid.

Die voltooiing van 'n onderhoudskedule het ongeveer een uur geneem.

#### 2.3.4.2 Toegang tot die oortreders

Navorser het in hierdie tweede fase van die ondersoek twintig ander kindermolesteerders as dié in fase een van die ondersoek, betrek. Die vereiste was dat hulle skuldig bevind moes wees aan die molestering van 'n kind of erken dat hulle so 'n misdryf gepleeg het. Weens die sensitiwiteit van kindermolestering en die moeilike toegang tot molesteerders het navorser van 'n versadigde steekproef gebruik gemaak. Navorser het dus alle kindermolesteerders wat bereid was om aan die ondersoek deel te neem, en aan die vereistes voldoen het, in die ondersoek betrek.

Die vertrekpunt van hierdie fase van die navorsingsondersoek was weer die voorvonniskomitee van die Departement van Gesondheid en Welsyn van die Hoëveldstreek

in Mpumalanga. Navorser het by genoemde komitee begin om subjekte te identifiseer om aan hierdie fase van die ondersoek deel te neem. Navorser het vanaf die voorvonniskomitee uitbeweeg na verskillende Kinderbeskermingseenhede/Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuele Misdrywe eenhede, die Departement van Korrektiewe Dienste asook Gemeenskapskorreksies om subjekte te vind vir die voltooiing van die onderhoudskedule.

Navorser moes toestemming verkry van genoemde instansies om die subjekte in die ondersoek te betrek. Laasgenoemde toestemming het soms lank geneem en was tydrowend en frustrerend en baie opvolgwerk moes gedoen word om die ondersoek in die praktyk te laat realiseer. Verder moes navorser self afsprake reël met die subjekte en die persoonlike toestemming van die onderskeie subjekte bekom om aan die ondersoek deel te neem. Dit het ook gebeur dat een van die subjekte nie bereid was om saam met navorser die onderhoudskedule te voltooi nie, aangesien hy van mening was dat hy onskuldig was. Gevolglik moes 'n ander subjek gevind word.

Aangesien die subjekte oor 'n wye gebied verspreid was soos Middelburg, Pretoria, Bethal en Cullinan moes navorser soms meer as 'n honderd kilometers ver reis om die onderhoudskedules te voltooi. Dit het meegebring dat hierdie fase van die ondersoek redelik tydrowend was en finansiële uitgawes meegebring het.

Navorser wou ook verder die bruikbaarheid van die onderhoudskedule bepaal en het vir hierdie doel vyftien verkragters van volwassenes betrek, aangesien hulle misdryf ook seksueel van aard is. Die data ten opsigte van die verkragters kon ook help om die kenmerkende eienskappe van die molesteerders te ondersteun en om ooreenkomste en verskille tussen die twee tipes oortreders uit te wys. Ten opsigte van die verkragters was die vereistes vir deelname dieselfde as in die geval van die molesteerders. Navorser het ook van 'n versadigde steekproef gebruik gemaak. Aangesien die meerderheid verkragters in die gevangenis was, moes navorser by Departement van Korrektiewe Dienste toestemming kry om die verkragters in die gevangenis te betrek. Dieselfde pad is gevolg ten opsigte van toegang en toestemming vir deelname aan die ondersoek soos in die geval van die kindermolesteerders.

2.3.4.3 Leemtes in die onderhoudskedule

Navorser het met die voltooiing van elke onderhoudskedule probeer om leemtes in die skedule aan te vul soos verkry uit data in die praktyk. Die doel was om die onderhoudskedule so effektief as moontlik te maak. Die volgende wysigings is tydens die data-insamelingsproses aan die onderhoudskedule aangebring:

- Vraag 15 - Punt 12 is bygevoeg - Niemand was seksueel gemolesteer nie.
- Vraag 27 - Punt 7 is bygevoeg - Het nog nooit 'n vaste werk gehad nie.
- Vraag 32 - Watter van die volgende prikkel jou seksueel die meeste as jy daarna kyk?

  Is vervang met:

  Na watter van die volgende prente/foto's kyk jy graag?
- Vraag 33 - Punt 6 is bygevoeg - Wewenaar.
- Vraag 40 - Punt 10 is bygevoeg - Het nog nooit 'n huweliks- of saamleefverhouding gehad nie.

2.3.4.4 Vertroulikheid

Vertroulikheid is in hierdie fase van die ondersoek verseker deurdat navorser eers die subjek se identifiserende besonderhede bekom het nadat die subjek homself aan sy instansie bereid verklaar het om aan die ondersoek deel te neem. Verder verskyn die subjek se identifiserende besonderhede geensins op die onderhoudskedule nie. Voor die voltooiing van die onderhoudskedule teken navorser en die subjek 'n verklaring waarin navorser onderneem dat die data vertroulik en anoniem hanteer sal word en slegs vir navorsingsdoeleindes aangewend sal word (kyk bylaag D). Die onderskeie molesteerders en verkragters is van mekaar onderskei deur elke tipe oortreder se onderhoudskedule van 1 tot 20 en 1 tot 15 onderskeidelik te nommer.

Na die voltooiing van die onderhoudskedule ten opsigte van 'n groep kindermolesteerders en verkragters van volwassenes het die navorsingsondersoek fase drie bereik.

## 2.4 FASE DRIE

Die vertrekpunt van hierdie fase was om die twintig onderhoudskedules ten opsigte van die molesteerders en die vyftien skedules ten opsigte van die verkragters rekenaarmatig te verwerk. Eerstens moes die antwoorde ten opsigte van die oop vrae in die onderhoudskedules nagegaan word en aan elke antwoord op die skedule moes 'n syfer toegeken word ten einde die data op die rekenaar te kon invoer. Weens die beperkte aantal subjekte waarmee gewerk is, is probleme ondervind om 'n geskikte rekenaarprogram te vind om die data te verwerk. Met behulp van die SPSS rekenaarprogram vir Windows (Norusis 1993) is 'n frekwensie verspreiding van die veranderlikes ten opsigte van die kindermolesteerders en verkragters se gedrag verkry.

Navorser het die routellings van die veranderlikes op die onderhoudskedules met behulp van 'n sakrekenaar in persentasies omskep. Sodoende is die kenmerkende eienskappe van die kindermolesteerders geïdentifiseer en kon navorser ook bepaal in watter mate die data ten opsigte van die verkragters eersgenoemde ondersteun. Die kenmerkende eienskappe van die kindermolesteerders is visueel uitgebeeld deur middel van figure soos uiteengesit in hoofstuk vyf van die proefskrif. Na elke skematiese voorstelling is die bepaalde kenmerkende eienskap bespreek en waar moontlik in verband gebring met die data uit fase een en die literatuur.

Die ingesamelde data uit fase een en twee is in hoofstuk ses van die proefskrif geïnterpreteer waarna die ooreenkomste en verskille tussen die kindermolesteerders en die verkragters uitgewys is en 'n profiel van die kindermolesteerder saamgestel is soos vervat in figuur 6.5 van hoofstuk ses. Navorser het verder die gedrag van die kindermolesteerder teoreties verklaar. Met hierdie data tot navorser se beskikking is 'n behandelingstruktuur vir die kindermolesteerder saamgestel ten einde die probleem van kindermolestering te verminder, wat aansluiting vind by die aanvanklike doel van hierdie ondersoek soos uiteengesit in afdeling 1.2.2 van hoofstuk een. Navorser het ook aanbevelings gemaak ten opsigte van die toekomstige hantering van die kindermolesteerder en verdere navorsing in dié verband.

## 2.5 DIE HANTERING VAN GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID

Aangesien geldigheid en betroubaarheid belangrike aspekte is in die sukses van 'n

navorsingsondersoek, is dit nodig om aan te dui hoe hierdie aspekte in die metodologiese verloop van die ondersoek ten opsigte van die manlike kindermolesteerder hanteer is.

### 2.5.1 **Geldigheid**

Volgens Neuman (1997:141) hang geldige meting af van die meetinstrument en die navorsingseenheid wat gebruik word. Plug et al. (1993:117) sê geldigheid hang daarvan af of die meetinstrument wat in 'n ondersoek gebruik word, meet wat dit veronderstel is om te meet, aangesien 'n meetinstrument wat geldig is vir een ondersoek, nie noodwendig in 'n ander ondersoek gebruik kan word nie. In hierdie navorsingsondersoek is 'n meetinstrument vir elke fase van die plurale ondersoek ontwikkel wat spesifiek van toepassing was op die manlike kindermolesteerder as navorsingseenheid met die oog op die insameling van geldige data (vir meer besonderhede oor die meetinstrumente kyk na die volgende afdelings in hoofstuk twee van hierdie proefskrif: 2.2.4.1 en 2.3.3). Ten opsigte van die navorsingseenheid in hierdie ondersoek naamlik die manlike kindermolesteerder, is dieselfde vereistes aan al die subjekte in die onderskeie fases van die ondersoek gestel vir deelname. Sodoende kon eenvormigheid ten opsigte van die navorsingseenhede bewerkstellig word om maksimale geldigheid te verseker.

### 2.5.2 **Betroubaarheid**

Hoewel totale betroubaarheid nie bereikbaar is nie, is Neuman (1997:140) van mening dat betroubaarheid verhoog kan word deur byvoorbeeld duidelike omskrywings van kernbegrippe te gee, soos die begrip kindermolestering in hiérdie ondersoek asook wat uitspel aan watter vereistes oortreders moet voldoen om aan die ondersoek deel te neem. In die geval van hierdie ondersoek moes die molesteerders en verkragters almal aan dieselfde vereistes voldoen soos uiteengesit in afdeling 1.3.2 van hoofstuk een. Hierdie vereistes begrens 'n definitiewe probleemarea wat ondersoek kan word.

Die gebruik van semi-gestruktureerde onderhoude aan die hand van 'n onderhoudsgids asook die aanwending van 'n onderhoudskedule in hierdie navorsingsondersoek ten opsigte van die kindermolesteerder as twee verskillende meetinstrumente het ook bygedra tot die verhoging van die betroubaarheid van die data (Neuman 1997:140). Die data wat in die semi-

gestruktureerde onderhoude ingesamel is, is verder in fase twee aan 'n groter groep subjekte voorgelê, wat meebring dat die data mekaar uit verskillende gesigspunte (kwalitatief en kwantitatief) aanvul soos genoem in afdeling 1.3.3.1 van hoofstuk een.

Die data in hierdie navorsingsondersoek is ook in twee aparte opeenvolgende fases ingesamel, wat daartoe gelei het dat daar in die eerste fase indiepte ondersoek kon word en in die tweede fase aan 'n meer omvangryke groep oortreders meer definitiewe vrae gevra kon word in die onderhoudskedule. Só 'n herhaling en verdieping van data word deur Neuman (1997:140-141) ondersteun aangesien dit die betroubaarheid van 'n ondersoek verhoog.

Betroubaarheid is ook in hierdie ondersoek verhoog deur die onderhoudskedule aan kindermolesteerders en verkragters, wat 'n seksuele misdryf as gemene deler het, voor te lê (Neuman 1997:139). Die aanwending van meer as een groep in 'n ondersoek dra ook by tot die verhoging van die betroubaarheid van só 'n ondersoek.

Die betroubaarheid van die ondersoek is verder verhoog deurdat navorser weens haar akademiese agtergrond, al die data ingesamel het. Die ingesamelde data is deurentyd aangevul met dokumentêre gegewens van ander vakkundiges, literatuurbevindinge, stelselmatige waarneming en navorser se praktykervaring ten opsigte van kindermolestering.

Navorser is van mening dat indien 'n ander navorser bogenoemde aspekte op dieselfde wyse sal hanteer in die herhaling van hierdie ondersoek, min of meer dieselfde resultate verkry sal word.

## 2.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk het navorser die metodologiese verloop van die wetenskaplike plan ten opsigte van die navorsingsondersoek oor die manlike kindermolesteerder uiteengesit. Figuur 2.1 gee 'n skematiese voorstelling en samevatting van die genoemde navorsingsondersoek en dui aan waar en hoe hoofstuk twee in die totale ondersoek inpas.

Figuur 2.1 weerspieël die drie fases van die ondersoek soos uiteengesit in die skematiese

voorstelling van hoofstuk twee. Die ondersoek is pluralisties (kwalitatief en kwantitatief) benader en dit is duidelik dat die een fase op die ander gevolg het om die uiteindelike doel van die ondersoek te bereik.

**Fase een** van die ondersoek is *kwalitatief* benader en die doel was om maksimale kennis en insig te kry ten opsigte van die manlike kindermolesteerder. Om by laasgenoemde doel uit te kom moes navorser in hierdie fase oorweging skenk aan geskikte data-insamelingstegnologie om geldige en betroubare data in te samel. In hierdie fase is van semi-gestruktureerde onderhoudvoering gebruik gemaak aan die hand van 'n onderhoudsgids. Navorser het ook genogramme geteken van elk van die tien kindermolesteerders wat in hierdie fase betrek is. Verder moes hierdie ingesamelde data geboekstaaf en verwerk word om in die volgende fase verder nagevors te word. Laasgenoemde is in hoofstuk vier van die proefskrif vervat soos aangedui in figuur 2.1 in hierdie hoofstuk.

**Fase twee** van die ondersoek is *kwantitatief* benader deurdat 'n meer omvangryke groep kindermolesteerders (20) en verkragters (15) in hierdie fase van die ondersoek betrek is. Verkragters is betrek aangesien hulle en die molesteerders 'n seksuele misdryf as gemene deler het. Die doel van hierdie fase was om verbande, samehange en patrone in die gedrag van die kindermolesteerder te bepaal. In die lig van laasgenoemde moes navorser weer opnuut oorweging skenk aan ander data-insamelingstegnologie ten einde by die benadering van hierdie fase aan te pas. Die data uit fase een is aangevul uit die literatuur en navorser se praktykkennis en gebruik om 'n onderhoudskedule te ontwikkel met die oog op die insameling van die data in fase twee. Die data uit fase twee van die ondersoek is vervat in hoofstuk vyf van die proefskrif soos aangedui in figuur 2.1 van hoofstuk twee.

**Fase drie** van die ondersoek is *kwantitatief* en *kwalitatief* benader. Navorser het die data uit die onderhoudskedule in fase twee rekenaarmatig verwerk en die bevindinge met behulp van figure uitgebeeld. Laasgenoemde data is vervat in hoofstuk vyf van die proefskrif (kyk figuur 2.1 van hierdie hoofstuk). Die ingesamelde data is kwalitatief benader deurdat die bevindinge uit fase een en twee van die ondersoek in verband gebring is met die literatuur en geïnterpreteer is. 'n Profiel van die kindermolesteerer is saamgestel en sy gedrag is teoreties

verklaar. Met die data tot navorser se beskikking is 'n behandelingstruktuur vir die kindermolesteerder saamgstel ten einde die probleem van kindermolestering aan te spreek en aansluiting te vind by die doel van die ondersoek. Verder is aanbevelings gemaak ten opsigte van die toekomstige hantering van die kindermolesteerder en verdere navorsing in dié verband. Hierdie data is vervat is hoofstukke ses en sewe van die proefskrif soos aangedui in figuur 2.1.

Met 'n wetenskaplike plan en 'n beskrywing van hoé hierdie plan in die praktyk uitgevoer gaan word, kan daar nou in afdeling B van die proefskrif aandag gegee word aan die literatuuroorsig en die empiriese ondersoek, wat vervat is in fases een en twee.

**Figuur 2.1**
Skematiese voorstelling en samevatting van die navorsingsondersoek ten opsigte van die manlike kindermolesteerder

PLURALISTIESE NAVORSINGSMETODOLOGIE

**AFDELING A**
**Oriëntering en metodologiese verloop van die studie**

**Hoofstuk 1** Oriëntering ten opsigte van die navorsingsondersoek

**Hoofstuk 2** Metodologiese verloop van die navorsingsondersoek

**FASE 1** Kwalitatief (Indiepte studie)
Literatuuroorsig
Uitvoerbaarheid van die ondersoek
Insameling van die data (semi-gestruktureerde onderhoude)
Boekstawing van die ingesamelde data

**FASE 2** Kwantitatief (Omvangryk)
Opsomming van gemeenskaplikhede/ ooreenkomste van molesteerders
Literatuurstudie
Ontwikkeling van data-insamelingstegnologie (Onderhoudskedule)
Data-insamelingsproses

**FASE 3** (Kwantitatief en kwalitatief)
Rekenaarmatige verwerking van data
Interpretasie van ingesamelde data
Profiel van die kindermolesteerder
Teoretiese verklaring van oortreder se gedrag
Samestelling van 'n behandelingstruktuur vir die kindermolesteerder
Aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing

**AFDELING B**
**Empiriese ondersoek van die studie**

**Hoofstuk 3** Literatuuroorsig oor die manlike kindermolesteerder

**Hoofstuk 4** Bespreking van fase een van die empiriese ondersoek oor die manlike kindermolesteerder

**Hoofstuk 5** Bespreking van fase twee van die empiriese ondersoek oor die manlike kindermolesteerder

**AFDELING C**
**Interpretasie, bevindings en aanbevelings**

**Hoofstuk 6** Interpretasie en verklaring van die manlike kindermolesteerder se gedrag

**Hoofstuk 7** Samevatting, evaluasie en aanbevelings

# AFDELING B
# EMPIRIESE ONDERSOEK VAN DIE STUDIE

# HOOFSTUK 3

# 'N LITERATUUROORSIG OOR DIE MANLIKE KINDERMOLESTEERDER

## 3.1 INLEIDING

In die wetenskaplike plan en in die metodologiese verloop van hierdie ondersoek, word daar deurgaans melding gemaak van die literatuurstudie ten opsigte van die manlike kindermolesteerder. Hierdie literatuurstudie het gedien as vertrekpunt vir die navorsingsondersoek. Literatuur is dwarsdeur die ondersoek geraadpleeg en navorser het deurentyd die nuutste literatuur oor die onderwerp bestudeer en bygewerk wat as ondersteuning en/of aanvulling gedien het tydens die verskillende fases van die ondersoek. Laasgenoemde het daartoe bygedra dat hierdie navorsingsondersoek deur die mees resente literatuur ondersteun en aangevul kon word.

Hierdie hoofstuk het dit ten doel om 'n oorsig te gee van die literatuur wat tydens die navorsingsondersoek ten opsigte van die kindermolesteerder geraadpleeg is. In die literatuur is spesifiek gelet op die bykomende probleme as gevolg van kindermolestering en die implikasies daarvan. Verder is veral klem gelê op gegewens oor die oortreder as persoon. Genoemde aspekte word onder verskillende hoofde in die onderhawige hoofstuk aangespreek.

## 3.2 BYKOMENDE PROBLEME AS GEVOLG VAN KINDERMOLESTERING

Vanaf 1 Julie 1994 tot 30 Junie 1995 het die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing 'n nasionale ondersoek oor misdaad teen kinders gedoen. Tydens die ondersoek is bevind dat kindermishandeling en -verwaarlosing, wat ook kindermolestering insluit, 'n ernstige en groeiende probleem wêreldwyd is (Schurink 1996a:6).

Farrel (1988:462), Schurink (1996a:6,8) asook Scheela en Stern (1994:91) sê, hoewel misdaad teen kinders in Suid-Afrika, om verskeie redes, min aangemeld word, die beskikbare syfers nogtans ontstellend is. As gevolg van die lae aanmeldingsyfer asook 'n ongekoördineerde rekordsisteem en 'n gebrekkige gesentraliseerde register is die werklike omvang van

kindermishandeling en -verwaarlosing onbekend. Hierdie leemtes dra daartoe by dat ons slegs bewus is van die punt van die ysberg. Die Suid-Afrikaanse Polisie is van mening dat kindermishandeling tien keer hoër is as die aangemelde syfers (Fako1997:143). Om maar na enkele syfers te kyk, sê Schurink (1996a:8), was die Kinderbeskermingseenhede in Suid-Afrika in 1995 alleen betrokke by 28 484 sake van kindermishandeling. Genoemde syfer toon 'n gemiddelde toename in kindermishandeling van 28% per jaar sedert 1993. Schurink (1996a:8) noem dat misdaad teen kinders toeneem teen 37% in vergelyking met 'n 2,7% toename van misdaad teen volwassenes. In die ondersoek is verder gevind dat die meerderheid kinders (62,0%) slagoffers is van misdaad van 'n seksuele aard.

Dit is ook kommerwekkend dat kinders in die meeste gevalle die oortreder ken, omdat dit 'n persoon uit die intieme familie- of vriendekring is. Dit bring mee dat kinders nie eers in hulle eie ouerhuise veilig is nie (Schuman 1990: 3; Swarts 1996:12).

Die navorsers van die nasionale ondersoek het gevind dat daar onvoldoende hulpbronne vir die misdaad teen kinders is. In groot dele van die land (veral landelike gebiede) is daar geen dienste vir mishandelde kinders nie. Die standaarde van bestaande dienste verskil grootliks en daar is 'n tekort aan opgeleide personeel. Bystands-organisasies ondervind groot finansiële probleme, wat meebring dat 'n kind geen sekerheid het oor die kwaliteit van die beskikbare diens nie en of dit hom/haar teen toekomstige mishandeling gaan beskerm nie. Verder word probleme ondervind dat veiligheidsplekke oorvol is en daar geen alternatiewe versorgingsmoontlikhede vir die kinders is nie. Daar is 'n gebrek aan gespesialiseerde hulp soos sielkundige dienste vir getraumatiseerde kinders. Howe is oorvol en daar is nie fondse vir die implementering van voorkomingsprogramme vir kindermishandeling en verwaarlosing nie (Schurink 1996a:7).

## 3.3 DIE GEVOLGE VAN KINDERMOLESTERING

Die gevolge van kindermolestering sal van kind tot kind verskil, afhangende van

- die slagoffer se ouderdom en persoonlikheid;
- die verhouding tussen oortreder en slagoffer;

- die aard, tipe, duur, frekwensie en intensiteit van die molestering;
- die uiteindelike reaksie van diegene ná aan die slagoffer wanneer die saak openbaar gemaak word (Bartol 1995:303 ; Carl 1987:52).

Bartol (1995:303) en Farrel (1988:467) is van mening dat die seksueel gemolesteerde kind wat die meeste skade berokken word, die kind is wat

- oor 'n lang periode seksueel gemolesteer word;
- deur 'n bekende persoon soos 'n stiefvader gemolesteer word;
- deur die oortreder gepenetreer word;
- aan die aggressie van die oortreder blootgestel word.

Faller (1988:218) sê tydens 'n behandelingsprogram van slagoffers van kindermolestering is gevind dat dit meer traumaties is om deur 'n familielid gemolesteer te word as deur 'n buitestaander.

Rech en Jahn (1989:34) asook Carl (1987:53) verdeel die gevolge van kindermolestering in die volgende probleemareas:

### 3.3.1 Probleme met seksuele aanpassing

Die manlike kindermolesteerder laat dikwels die kind onder die indruk dat sy 'n aktiewe aandeel in die seksuele aktiwiteite het en medeverantwoordelik is vir wat met haar gebeur. Die kind ontwikkel 'n skuldgevoel wat haar bybly tot in haar volwasse lewe. Laasgenoemde beïnvloed haar seksuele lewe negatief deurdat sy dan gewoonlik seksueel koud is. Hierdie aspek lei tot ernstige probleme in 'n toekomstige huwelik (Adler & Schutz 1995:811; Van Schalkwyk 1990:28).

Kindermolestering wat oor 'n lang periode plaasvind vorm later so deel van die slagoffer se verwysingsraamwerk, waarvan daar in afdeling 1.3.1.11 van hoofstuk een melding gemaak word, dat sy in haar volwasse lewe ook haar eie kinders molesteer. Hierdie intergenerasie patroon van kindermolestering is tydens 'n ondersoek deur Cavanaugh-Johnson in 1988

bevestig. In genoemde ondersoek is gevind dat 49% van die oortreders in die ondersoek self as kinders gemolesteer is. In 67% van die oortreders se families is een of meer van sy ouers of grootouers seksueel gemolesteer (Greenspun 1994:3).

Verhoogde masturbasie is ook 'n gevolg van kindermolestering. Navorser het in die praktyk as maatskaplike werker gevind dat 'n dogtertjie so gewoond was aan die seksuele verhouding met haar broer dat sy haar broer se verwydering uit die gesin uiters traumaties beleef het. Sy het daarna voortgegaan om op 'n gereelde basis te masturbeer (vgl. Esterhuizen 1990:40).

Swangerskap, molestering van ander kinders en promiskuïteit is ook verdere gevolge van kindermolestering. In die praktyk is ook al gevind dat sou 'n kind wat deur die vader seksueel gemolesteer is uit die gesin verwyder word, gaan die molestering oor op een van die ander kinders (Van Schalkwyk 1990:36). Baie prostitute erken ook dat hulle as kinders seksueel gemolesteer is. Hulle het as kinders geleer om seks te gee in ruil vir geskenke wat hulleself nie kon bekostig nie. Hulle sit hierdie lewenswyse gevolglik voort in hulle volwasse lewe deur hulle liggame te verkoop vir geld (Schurink 1996b :27,28).

### 3.3.2 Probleme met interpersoonlike verhoudings

Kinders wat seksueel gemolesteer is, ontwikkel probleme in hulle verhoudings met ander. Schuman (1990:4) noem ook die moontlikheid dat die seksueel gemolesteerde kind 'n vyandigheid teenoor een of albei haar ouers kan openbaar. Die kind wat deur 'n ouer gemolesteer word voel dat as sy nie haar ouers kan vertrou nie, wie anders kan sy dan vertrou (Kotze 1990:33). Die seksueel gemolesteerde kind vertrou gevolglik selde ander mense en reageer gewoonlik met agterdog, vyandigheid en selfs met vrees op verhoudings. Hulle dra hierdie probleem wat uit hulle kinderdae kom in hulle huwelike en in hulle verhoudings met hulle kinders oor. Dit beteken dat hulle 'n emosionele en selfs 'n fisieke afstand tussen hulle en hulle kinders handhaaf (Bateman 1994:41; Van Schalkwyk 1990:36).

Die slagoffer van kindermolestering voel dat sy geen waarde as mens het nie en dat haar lewe geen betekenis het nie. Selfmoordpogings kom dikwels voor, sowel as ander vorme van vernietigende gedrag, soos alkohol- en dwelmmisbruik (Bartol 1995:303; Bateman 1994: 41;

Van Schalkwyk 1990:36).

In die geval van bloedskande voel die slagoffer so vasgevang in die situasie omdat sy niemand het om mee te praat nie. Die slagoffer het dikwels 'n swak verhouding met haar moeder wat meebring dat sy nie eens by haar kan uiting gee aan haar gevoelens nie (Bateman 1994:38). Kotze (1990:33) noem ook dat moeders dikwels die hulpkreet van hulle dogters ignoreer. Die gevolg is dat die kind wegloop uit die huis omdat sy dit as enigste uitweg sien, of sy vermy haar ouerhuis (Esterhuizen 1990:40; Schuman 1990:4).

Dogters wat oor 'n lang tydperk seksueel gemolesteer is, openbaar seksueel uitlokkende gedrag en tree vir hulle ouderdom, reeds op 'n gevorderde wyse, verleidelik op ( Esterhuizen 1990: 40; Van Schalkwyk 1990:33).

### 3.3.3 **Opvoedkundige probleme**

Die seksueel gemolesteerde kind toon agteruitgang in haar studies. Sy presteer opmerklik swakker. Die kind het 'n verswakte konsentrasie en sy toon min of geen belangstelling in haar skoolwerk nie. Sy leef in haar eie fantasiewêreld en haar aandag is nie waar dit behoort te wees nie. Die slagoffer maak haar ook soms skuldig aan stokkiesdraaiery en is ongehoorsaam (Bateman 1994:41; Schuman 1990:4; Van Schalkwyk 1990:33).

### 3.3.4 **Sielkundige probleme**

Volgens Carl (1987:53) gaan baie slagoffers van kindermolestering met hulle normale lewe voort, maar het 'n swak selfbeeld, soos omskryf in afdeling 1.3.1.10 van hoofstuk een, en ondervind skuldgevoelens. Adler en Schutz (1995:812) sê sulke kinders vind dit moeilik om in 'n normale verhouding met hulle medemens te tree. Dit wil voorkom of sommige slagoffers twee persoonlikhede het: een wat hulle aan die buitewêreld vertoon, die ander 'n verborge, onderdrukte toestand van vrees, isolasie en angs (Carl 1987:53).

Bartol (1995:303) en Van Schalkwyk (1990:33) sê dat die seksueel gemolesteerde kind ook nagmerries en versteurings in haar slaappatroon ondervind. Verder is depressie 'n algemene

nagevolg wat voortgedra word tot in volwassenheid en nie maklik oorkom word nie (Schuman 1990:4).

### 3.3.5 Fisieke gevolge

Kindermolestering wat oor 'n lang periode plaasvind kan tot gevolg hê dat die kind probleme kan ondervind met dikdermontsteking, maagsere, geslagsiektes, skeelhoofpyn, rugpyn en maagontsteltenis. Sommige volwassenes wat as kind gemolesteer is, sê dit voel of hulle maagsenuwees in 'n bondel saamtrek en of hulle gedurig 'n knop in die keel het van probeer om nie te huil nie (Carl 1987:53). Bateman (1994:41) voeg ook die moontlikheid van vigs, bednatmaak en eetversteurings by as gevolge van seksuele molestering. Esterhuizen (1990: 40) identifiseer beserings soos rooiheid en swelsels van die geslagsdele en omliggende areas asook blaasinfeksies en pynlike urinering as tekens van molestering.

## 3.4 WIE IS DIE KINDERMOLESTEERDER?

Wanneer na al die bykomende probleme en die gevolge van kindermolestering gekyk word, ontstaan die afkeurende vraag: "Wie doen sulke dinge aan weerlose kinders?" Hoewel die gemeenskap wil weet wie die oortreder is, laat hulle hom heeltemal buite rekening in die hantering van die probleem en konsentreer op hulp aan die slagoffer soos genoem in afdeling 1.1 van hoofstuk een (Guyer & Van Patten 1995:266). Kindermolestering sal dus nooit effektief aangespreek kan word sonder om in totaliteit na die probleem te kyk nie. Afgesien van hulp aan die slagoffer is dit net so belangrik om ook 'n diepgaande studie te maak van die oortreder en te bepaal wat sy aandeel aan die molestering is en hoedanige hulp hy nodig het (Ballard, Blair, Devereaux, Valentine, Horton & Johnson 1990:44,60; Levett 1991:9).

Hierdie navorsingsondersoek het dit dus ten doel om ook die kindermolesteerder as misdaadkomponent uit te lig. Die ingesamelde data vanuit die literatuur oor die kindermolesteerder sluit die oortreder se gesin van oorsprong, sy huweliks- en gesinslewe, eienskappe van die persoon self en sy modus operandi in.

### 3.4.1 Gesinsomstandighede van die kindermolesteerder

In hierdie afdeling word aandag gegee aan die kindermolesteerder as persoon met spesifieke

verwysing na sy gesin van herkoms (ouerhuis) sowel as sy eie huweliks- en gesinslewe as volwassene.

3.4.1.1 Die kindermolesteerder se gesin van herkoms

Volgens Steyn (1993:17) kom kindermolesteerders uit alle sosiale, opvoedkundige, beroeps-, ekonomiese en godsdienstige groepe. Adler en Schutz (1995:815) en Bentovim, Boston en Van Elburg (1987:1455) sê dat hierdie kindermolesteerders se gesinne van herkoms oorwegend gekenmerk word deur disfunksionaliteit waarin probleme voorkom soos gesinsgeweld, huwelikskonflik,verlatings, egskeidings, finansiële krisisse en drankmisbruik. Dit wil sê, nie alle individue wat uit disfunksionele gesinne kom word kindermolesteerders nie. Disfunksionaliteit in die individu se gesin van herkoms is vroeë risikofaktore wat kindermolestering in die hand kan werk (Howard & Caslin 1999:2).

Die ouers in sulke disfunksionele gesinne is dikwels so verwikkeld in hulle eie probleme dat hulle nie werklik by die behoeftes van hulle kinders uitkom nie (Gilgun & Conner 1990:79; Parker & Parker 1989:533). Die kindermolesteerder beleef nie warmte en sekuriteit in sy ouerhuis nie. Weens sy ouers se konflikverhouding leer die kindermolesteerder ook nie hoe om positiewe verhoudings te bou nie (Caffaro 1991:33-35). Laasgenoemde skep vir die kindermolesteerder probleme dwarsdeur sy lewe tot in sy volwassenheid, aangesien hy nie oor die verwysingsraamwerk soos genoem in afdeling 1.3.1.11 van hoofstuk een, beskik om as volwassene in positiewe verhoudings te tree nie. Gilgun en Conner sê die volgende in verband met die kindermolesteerder:

> Because of the way he was brought up and the kind of parents he had as a child, he hungers for closeness, a sense of belonging and intimacy that he seldom can verbalize and never has experienced..... Most men who commit incest are completely out of touch with their needs and have no experience in meeting them in healthy ways.
>
> (Gilgun & Conner 1990:74)

Die kindermolesteerder se disfunksionele gesin van herkoms en sy onvermoë om verhoudings op te bou, bring mee dat hy ook nie in verhouding met sy eie portuurgroep kan tree nie. 'n

Kindermolesteerder sê die volgende in verband met verhoudings:

> I was afraid of being hurt or making close friendships to have them break up because of the life-style I led, being bounced from school to school.I never finished one year of high school in the same school. And it got to the point like I don't want to get real close to other guys because I know before the school year is out Dad's going to be moving somewhere.
>
> (Gilgun & Conner 1990:80).

Aangesien die meeste kindermolesterings binne die gesin plaasvind kom die kindermolesteerder dikwels uit 'n ouerhuis waarin hyself as kind gemolesteer is (Bagley, Wood & Young 1994:683; Ballard et al. 1990:52; Bentovim et al. 1987:1453; Levett 1991:13). Dit is nie altyd net 'n biologiese- of stiefouer, oupa of oom wat die kinders in 'n gesin seksueel molesteer nie. Kindermolestering kom ook dikwels voor tussen kinders (broers en susters) in 'n gesin, terwyl hulle onder een dak woon soos in die geval van subjek H in fase een van die ondersoek, wat eers deur sy oudste suster gemolesteer is en daarna self sy drie jonger susters gemolesteer het. Dit begin as 'n seksspeletjie en ontwikkel in seksuele molestering met ernstige negatiewe gevolge vir die slagoffer soos uiteengesit in afdeling 3.3 van hierdie hoofstuk (Adler & Schutz 1995:811-815; Levett 1991:13). Wanneer die kind as seksuele molesteerder van naderby ondersoek word, word gevind dat hy sy gedrag baseer op sy eie ervaring as slagoffer van kindermolestering soos subjek H in fase een van die ondersoek (Cantwell 1988:581).

Caffaro (1991:33-35) noem dat daar in verskeie ondersoeke gevind is dat die kindermolesteerder as kind 'n afwesige vader gehad het. Die molesteerder het dus nie 'n manlike figuur of rolmodel in sy lewe gehad met wie hy kon identifiseer nie. As volwassene weet die molesteerder dus nie hoe om as 'n man, huweliksmaat of as vader op te tree nie.

3.4.1.2 Die kindermolesteerder se eie huweliks- en gesinslewe

Die kindermolesteerder se eie gesin openbaar bepaalde kenmerke wat die geleentheid bied vir kindermolestering. Die oortreder dra hierdie kenmerke oor vanuit sy eie gesin van herkoms,

aangesien dit sy verwysingsraamwerk ten opsigte van 'n gesin is (Wash & Knudson-Martin 1994:395). Hierdie gesinne is meestal geïsoleerd. Die ouers laat die kinders beperkte of geen buitemuurse aktiwiteite toe nie. Die gesin het geen of min vriende (Greenspun 1994:3). Kommunikasie in die gesin is swak. Dit bring mee dat die gesinslede op mekaar aangewese is en weens die swak kommunikasie en geïsoleerdheid alles moet verdra wat in die gesin plaasvind. Dit skep die geleentheid vir molestering asook die kans dat dit vir 'n lang tyd kan voortduur sonder om aangemeld te word (Gilgun & Conner 1990:76-78; Levang 1988:65; Madonna & Berkovitz 1990:39; Steyn 1993:19,181).

Probleme met rolverdeling word ondervind in die kindermolesteerder se gesin. Omstandighede soos die volgende kom voor wat meebring dat die vrou van die huis nie haar rol as moeder na behore kan vervul nie:

- sy is fisies afwesig as gevolg van siekte of werksomstandighede;
- haar verhouding met haar man is met konflik gelaai;
- sy vrees swangerskap;
- sy is self as kind seksueel gemolesteer; of
- sy is té besig met ander aktiwiteite.

Hierdie omstandighede bring mee dat die dogter begin om die moeder se rol as vrou in die gesin oor te neem. Die gevolg is dat sy later ook die moeder se seksrol oorneem en sodoende seksuele molestering bevorder (Faller 1990:66; Kotze 1990:36; Steyn 1993:19).

Indien die kindermolesteerder 'n dominerende vrou sou hê, bring dit mee dat hy in haar skaduwee staan, aangesien verskeie kindermolesteerders min selfvertroue het (Bateman 1994:38; Kotze 1990:34). Die kindermolesteerder beweeg uit die ouersubsisteem na die kindersubsisteem waar sy basiese behoeftes aan liefde, erkenning en aanvaarding bevredig word. Hy voel in die kindersubsisteem op sy gemak en begin op die lang duur om ook sy seksuele behoeftes deur middel van sy kinders te bevredig (Steyn 1993:24). Hierdie situasie bring verwarring mee ten opsigte van die funksionele grense in 'n gesin, aangesien die vader

as ouerfiguur nou ook die plek van 'n kind in die gesin inneem (Madonna & Berkovitz 1990:39).

Sommige kindermolesteerders tree op as dominante figure in hulle huweliks- en gesinslewens. Die vrou in so 'n gesin is meer afhanklik en die man regeer almal met 'n ysterhand soos subjek F in fase een van die ondersoek. Hy beskou sy kinders as sy besittings en as hy sy dogter seksueel wil molesteer is dit sy saak (Faller 1990:67; Farrel 1988:463; Kotze 1990:34; Steyn 1993:24; Wash & Knudson-Martin 1994:399). 'n Slagoffer van kindermolestering noem die volgende: "He told me I was his property until I was 18, and there was nothing I could do" (Christiansen & Blake 1990:96).

### 3.4.2 Die eienskappe van die kindermolesteerder

Hoewel kindermolesteerders volgens Steyn (1993:17) uit alle sosiale, opvoedkundige, beroeps-, ekonomiese en godsdienstige groepe kom, kom hulle oorwegend uit disfunksionele gesinne soos genoem in afdeling 3.4.1.1 van hierdie hoofstuk. Dit is gevolglik nie die vreemde, vuil, verwaarloosde, alkoholverslaafde man in die parkie wat kinders molesteer nie (Ballard, et al. 1990:43; Bateman 1994:38).

Hoewel kindermolesteerders uit alle beroepsgroepe kom, het Bartol (1995:305) gevind dat twee derdes van die gearresteerde en skuldigbevinde kindermolesteerders uit ongeskoolde en half geskoolde beroepe kom. Hy is van mening dat kindermolesteerders uit ander beroepsgroepe die molestering anders hanteer sodat dit verdere trauma vir die kind en vir sy familie tydens 'n hofondersoek voorkom. Navorser is van mening dat molesteerders uit die meer professionele beroepe meer kontakte en selfs meer geld en vaardighede het om sy oortreding uit die hof te hou, wat meebring dat daardie beroepsgroepe se misdrywe minder kans het om aan die lig te kom.

Die kindermolesteerder is meestal 'n man, hoewel dit nie 'n misdaad is wat uitsluitlik deur mans gepleeg word nie (Bartol 1995:304; Bentovim et al. 1987:1457; Levett 1991: 9; Parker & Parker 1989:533). Die kindermolesteerder kan die biologiese vader, stiefvader, oom, broer, moeder se vriend of 'n vreemdeling buite die gesin wees. Volgens die literatuur is

kindermolestering 'n daad wat meestal binne die gesin gepleeg word (Bartol 1995:302).

Kindermolesteerders kom uit alle ouderdomsgroepe en volgens Bartol (1995:304) wissel hulle gemiddelde ouderdomme tussen 36 en 40 jaar. Die ouer kindermolesteerder (vyftig jaar en ouer) verkies jonger kinders (tien jaar en jonger) en die jonger kindermolesteerder (onder veertig jaar) verkies kinders tussen twaalf en vyftien jaar. Hierdie middeljarige ouderdomme van die kindermolesteerders kan toegeskryf word aan die feit dat kindermolestering soms vir jare voortduur voordat dit aangemeld word (Ballard et al. 1990:48).

Faller (1990:68) noem dat daar in 'n ondersoek ten opsigte van stiefgesinne gevind is dat die kindermolesteerder dikwels met vroue trou wat veel ouer as hyself is, aangesien hy na 'n moederfiguur soek. Die kindermolesteerder neem dan die plek van nog 'n kind in die gesin in. Levang (1988:64) sê hierdie gevoel by die kindermolesteerder om iemand te hê om hom te versorg is nie nuut nie. In die ondersoek wat hy gedoen het, noem een van die kindermolesteerders die volgende: "Maybe it was the mother image that I was looking for." (Levang1988:64). Bennett sê:

> One common profile of a family at risk is of a quiet man whose responses are childish and a woman who prefers to mother him, finding it easier to love this 'son' than the daughter.
>
> Bennett (1984:9)

Die kindermolesteerder het soms meer as een slagoffer. Dit is gewoonlik die oudste kind in 'n gesin wat die grootste risiko loop om gemolesteer te word. Hulle is gewoonlik dogters (Parker & Parker 1989:533). Wanneer een dogter in 'n gesin gemolesteer word, loop die ander dogters ook die gevaar om gemolesteer te word (Ballard et al. 1990:49; Bentovim et al. 1987:1454).

Soos reeds vroeër genoem het die kindermolesteerder in sy eie ouerhuis nie geleer om verhoudings op te bou nie. Hy maak dus nooit vriende nie. Hierdie probleem dra hy deur tot in sy volwasse lewe, wat meebring dat hy 'n alleenloper is, al staan hy in 'n huweliksverhouding (Wash & Knudson-Martin 1994:401). 'n Kindermolesteerder sê die

volgende in hierdie verband: "I felt lonely even after I was married. We were together but I was still alone, which I guess the biggest part of that is my fault because I wouldn't open up" (Gilgun & Conner 1990:80,84).

Die kindermolesteerder is onvolwasse en het 'n swak selfbeeld soos omskryf in afdeling 1.3.1.10 van hoofstuk een, is onseker van homself, beangs en voel ontoereikend en alleen gelaat weens die disfunksionele gesin waaruit hy kom (Parker & Parker 1989:533; Valliant & Antonowics 1992:221; Zuskin 1992:205). Hy voel een oomblik positief oor homself en die volgende oomblik voel hy negatief (Gilgun & Conner 1990:84). Hierdie eienskappe beïnvloed sy totale inskakeling in die gemeenskap soos 'n beroep, sy huweliks- en gesinslewe en sy vriendekring.

Afgesien van die eienskappe van die kindermolesteerder, speel die persoonlikheidseienskappe van die slagoffer ook 'n belangrike rol in kindermolestering. Dit is dikwels die skaam, stil en afhanklike dogter met 'n swak selfbeeld wat die grootste gevaar loop om gemolesteer te word. Sy sal uit die aard van haar persoonlikheid nie maklik vir 'n volwassene "nee" sê nie. Sy sal ook nie maklik vertel wat met haar gebeur het nie. Hierdie eienskappe voldoen aan die vereistes van die kindermolesteerder, wat vir hom 'n gulde geleentheid bied tot molestering (Dadds, Smith, & Webber 1991:576; Levang 1988: 55; Steyn 1993:25).

Garbarino (1993:139) noem dat kinders die vervulling van hulle seksrolle by hulle ouers leer. Dit is dus nie vreemd dat 'n dogter haar seksrol aan haar vader sal toets nie. Die verantwoordelike ouer sal sy kind se toetsing respekteer, maar die potensiële kindermolesteerder sal sò 'n geleentheid misbruik vir sy eie seksuele bevrediging.

### 3.4.3 **Die kindermolesteerder se werkswyse tydens molestering**

Volgens Christiansen en Blake (1990: 88) is kindermolestering 'n gebeurtenis wat die oortreder tydsaam en op sy gemak beplan. Die kindermolesteerder gebruik selde geweld, maar wel dwang in sekere gevalle, wat gepaard gaan met sy verskuilde aggressie.

Die eerste stap wat die kindermolesteerder volg is om 'n vertrouensverhouding met die dogter

op te bou voordat enige seksuele aktiwiteite ter sprake kom. Hy bewerkstellig só 'n verhouding deur vir die dogter

- geskenke, geld en klere te gee;
- ekstra aandag te gee;
- te oortuig dat dit wat hulle doen reg is;
- te verseker dat die aktiwiteite haar nie sal skade berokken nie.

In die geval van kindermolestering binne gesinsverband word die dogter anders behandel as die ander kinders of die moeder in die gesin (Kotze 1990:34). Die kindermolesteerder kom ook met sy potensiële slagoffer ooreen dat sy ook later vir hom iets in ruil moet gee vir die spesiale aandag (Christiansen & Blake 1990:89). Hierdie vertrouensverhouding is 'n belangrike faktor in die kindermolesteerder en die dogter se seksuele verhouding omdat dit die kans op bekendmaking van die molestering voorkom.

Die kindermolesteerder probeer ook om die dogter af te sonder van ander. Dit word in 'n sterk mate bewerkstellig deur die vertrouensverhouding wat daar reeds tussen die molesteerder en die dogter bestaan. In gesinsverband word die dogter die vader se vertroueling, intieme vriendin en seksmaat. Die molesteerder poog ook om afstand te bring tussen die dogter en haar moeder asook tussen die dogter en haar eie portuurgroep. Dit bring mee dat die dogter al minder ondersteuning het, verder wegbeweeg van hulpbronne en al meer op die molesteerder aangewese is en wat verhoed dat die molestering aan die lig sal kom (Christiansen & Blake 1990:90).

Geheimhouding is 'n verdere belangrike faktor vir die kindermolesteerder. Hy probeer geheimhouding in die hand werk deur hierdie spesiale verhouding tussen hom en die dogter voor te hou. 'n Kindermolesteerder het byvoorbeeld die volgende in hiérdie verband gesê: "Mom wouldn't understand how special we are together. Ours is a special love that others wouldn't understand" (Christiansen & Blake 1990:91).

In die proses waarin die kindermolesteerder die geleentheid skep tot molestering steek hy ook

die grense van ordentlikheid in die gesin oor. Hy doen dit deur byvoorbeeld die dogtertjie te bad en aan te trek en daarmee aan te hou al sou die kind dit self kon doen en sy hulp nie meer nodig wees nie. Hy skep so vir homself 'n geleentheid tot molestering (Christiansen & Blake 1990:91).

Wanneer die kindermolesteerder die regte atmosfeer geskep het vir molestering, begin hy geleidelik met die proses wat aanvanklik minder intiem is, soos betasting. Dit word gevolg deur intieme soene, liefkosings, stimulering van die kind se borste, masturbasie, orale seks en uiteindelik geslagsgemeenskap (Christiansen 1990:93; Phelan 1995:9).

Die kindermolesteerder kies gewoonlik 'n plek vir die molestering soos die kind se kamer of die gesinskamer. Hy kies ook 'n tyd wat sal voorkom dat die molestering aan die lig kom, soos byvoorbeeld die later aandure wat ooreenstem met die kind se gereedmaak vir die bed. Hy kies ook soms 'n tyd wat die moeder by die werk is of die ander kinders nie tuis is nie. Kindermolesteerders pleeg ook heel dikwels hierdie dade terwyl al die gesinslede tuis is (Christiansen & Blake 1990: 94-95).

Afgesien van die materiële omkoopgeskenke wat die kind ontvang gedurende die tydperk wat die molestering plaasvind, geniet sy ook ander voorregte soos minder huistake om te verrig, die behandeling as volwassene, en so meer. 'n Slagoffer sê byvoorbeeld: "I could get anything I wanted if I agreed to my father's sexual demands" (Christiansen & Blake 1990:95).

Sommige kindermolesteerders gee vir hulle slagoffers alkohol of gebruik self alkohol tydens die molestering. Die alkohol dra daartoe by dat oortreder en slagoffer se inhibisies oorboord gegooi word. Een slagoffer sê die volgende in dié verband:

> When my father gave me alcohol, I felt better and more relaxed before he touched me sexually. I also felt less guilty about betraying my mother when I had sex with my father.
>
> (Christiansen & Blake 1990:95)

Kindermolesteerders wil gewoonlik hê die molestering moet so lank as moontlik voortgaan

sonder om aangemeld te word. Om te voorkom dat die kind dit aanmeld gebruik die molesteerder soms allerlei dreigemente soos sy werk wat hy sal verloor of hy gaan sy vrou skei of die kinders sal almal na 'n kinderhuis gaan (Christiansen & Blake 1990:96; Kotze 1990: 34; Phelan 1995:12). 'n Voorbeeld van laasgenoemde is: "I told her not to tell anybody. I told her I'd go to jail and, your mother and I will get a divorce" (Christiansen & Blake 1990:96).

### 3.4.4 Die kindermolesteerder se belewenisse en verwere ten opsigte van die molestering

Kindermolesteerders het verskillende belewenisse en verwere vir hulle seksueel onaanvaarbare gedrag. Genoemde aspekte word soos volg bespreek:

#### 3.4.4.1 Belewenisse

Tydens 'n navorsingsondersoek wat Gilgun en Conner (1989:250) gedoen het, het dit aan die lig gekom dat kindermolesteerders verskeie belewenisse ervaar tydens die seksuele molestering van 'n kind.

Van die kindermolesteerders het die aangename gevoel beskryf wat hulle tydens die molestering beleef het. Somtyds kom die aangename gevoel van die

- klimaks wat die kindermolesteerder bereik;
- betasting van die kind se geslagsdele;
- hele proses van die beplanning van die daad tot die orgasme.

'n Kindermolesteerder sê die volgende in hierdie verband: "I remember that high, and, boy, I wanted it. I wanted it. The high came when I ejaculated. That's the high I was after. I didn't get a high out of fondling her" (Gilgun & Conner 1989:250).

Gilgun en Conner (1989: 250) asook Hayashino,Wurtele en Klebe (1995:107) sê dat die kindermolesteerder dikwels só op sy eie behoeftes konsentreer dat hy nie in staat is om sy slagoffer as enige iets anders as 'n "bron van plesier" te sien nie. Die kind is dus net vir hom

'n objek om sy seksuele behoefte te bevredig. Een molesteerder noem dat hy nooit tydens die molestering na die gesig van sy slagoffer kyk nie. Wanneer dit wel gebeur verloor hy sy ereksie en onttrek van die molestering. Gilgun en Conner sê die volgende in verband met die kindermolesteerder: "It did not matter whether he liked his victims or not, and their gender was not significant. The more he enjoyed fellatio the less he cared who was doing it" (1989:250).

Kindermolesteerders sê ook dat hulle seksuele bevrediging kry deur die beplanning van die daad. 'n Molesteerder sê:

> The planning was almost more exciting than actually having sex with her, setting everything up, just to get her alone. It took a lot of my time, a lot of energy to do that. There was a lot of preoccupation, a lot of planning involved.
>
> (Gilgun & Conner 1989:250)

Sommige kindermolesteerders kry ook bevrediging daaruit om in beheer van die kind te wees tydens die molestering soos dit blyk uit die volgende: "being in control of her life completely was a thrill for me" (Gilgun & Conner 1989:250).

3.4.4.2 Verwere

Die kindermolesteerder is geneig om sy gedrag te ontken of te minimaliseer en te rasionaliseer. Hy blameer dikwels die slagoffer as uitlokkend of plaas die blaam op sy vrou, wat hom seks ontsê het, en hom tot seksuele molestering gedryf het. Aan die anderkant sien die kindermolesteerder seksuele molestering as 'n poging om die kind seksueel te onderrig of dat hy liefde wou bewys. Hy maak die molestering af deur te sê dat daar nie geslagsgemeenskap plaasgevind het nie (Faller 1988:123; Howard & Caslin 1999:3; Scheela & Stern 1994:96).

Bartol (1995:304) sê: "Many child molesters claim that they went blank." Ander kindermolesteerders sê weer dat hulle nie hulleself kon help nie en nie weet wat oor hulle gekom het nie. Ander voel weer hulle was te veel onder die invloed van drank om te weet wat

hulle doen.

Sommige kindermolesteerders skryf die molestering aan allerlei gesondheidsprobleme, spanning, verhoudingsprobleme of finansiële krisisse toe soos die mislukking van 'n besigheid. Ander blameer God omdat hy niemand anders het om te blameer nie (Scheela & Stern 1994:97).

### 3.4.5 Die kindermolesteerder se reaksie op die bekendmaking van die molestering

Kindermolesteerders het verskeie reaksies ten opsigte van die bekendmaking van hulle seksueel afwykende gedrag. Scheela en Stern (1994:94) verwys na die fisiese reaksies by die kindermolesteerder soos gebrekkige of geen eetlus, vomering, gewigsverlies of onbeheerbare gehuil.

Die kindermolesteerder ervaar ook emosionele reaksies na die bekendmaking van die molestering soos skok, ongeloof, hulpeloosheid, skaamte, skuld, woede, selfbejammering, vrees vir die onbekende en 'n vrees om alles te verloor, byvoorbeeld sy vryheid, selfrespek, vrou, kinders, vriende, werk of huis (Scheela & Stern 1994:94-95).

Sommige kindermolesteerders voel verlig dat die molestering aangemeld is omdat hy sleg voel oor wat hy gedoen het. Hy voel dat hy nou nie meer verder leuens hoef te vertel nie. Die kindermolesteerder voel dat hy nou kan hulp kry vir sy probleem of dat hy nou gestraf kan word vir sy verkeerde dade. Scheela en Stern sê: "Many offenders knew they had a problem long before they had been caught, but did not know where to go for help or were afraid of the consequences of disclosure" (1994:95).

Party kindermolesteerders probeer om die molestering uit hulle gedagtes te weer. Ander oorweeg om selfmoord te pleeg of uit die land uit te vlug. Van die kindermolesteerders beleef weinig of geen skuldgevoelens oor die molestering nie (Faller 1988:123; Scheela & Stern 1994:95-96).

## 3.5 SAMEVATTING

Uit die literatuur wat in hierdie hoofstuk weergegee is, word twee basiese aspekte uitgelig naamlik:

- die bykomende probleme en gevolge van kindermolestering; en
- die kindermolesteerder as persoon.

Afgesien van die gebrekkige statistiek ten opsigte van kindermolestering, is die aangemelde sake in dié verband ontstellend. Verder wek onvoldoende hulp aan slagoffers en veral die kindermolesteerder as oortreder, kommer.

Wanneer gekyk word na die gevolge wat kindermolestering vir die slagoffer inhou en dat die oortreding meestal binne die slagoffer se eie huis plaasvind, ontstaan daar al meer vrae oor die kindermolesteerder.

Tydens die literatuurstudie het dit aan die lig gekom dat die kindermolesteerder uit 'n disfunksionele gesin kom waar hy nooit geleer het om verhoudings te bou nie. Hy is dikwels self as kind gemolesteer. Die kindermolesteerder dra hierdie probleme oor na sy eie huweliks- en gesinslewe. Die kindermolesteerder het 'n swak selfbeeld en voel een oomblik positief en dan weer negatief oor homself. Hy is 'n alleenloper afgesien daarvan dat hy in 'n huweliksverhouding staan. Hy regeer sy gesin met 'n ysterhand of hy onttrek uit die ouersubsisteem en beweeg na die kindersubsisteem waar hy liefde, erkenning en aanvaarding kry.

Die kindermolesteerder beplan die molestering baie fyn deur die kind eers om te koop en só 'n vertrouensverhouding te bewerkstellig. Hy kom met die kind ooreen om nie van die molestering te vertel nie en begin dan geleidelik met sy seksuele toenadering. Hierdie omstandighede kan soms vir jare duur en wanneer die situasie vir die kind ondraaglik word dreig hy die kind indien sy sou vertel.

Tydens die molestering gaan dit selde oor wie die slagoffer is. Die molesteerder is meer

ingestel op die bevrediging van sy eie seksuele behoeftes.

Wanneer die molestering wel aangemeld word het hy baie verwere en is hy geneig om sy oortreding te minimaliseer of te rasionaliseer.

Die kindermolesteerder toon verskeie reaksies op die aanmelding van die molestering wat wissel van verligting tot vrees vir wat op hom wag of tot om selfs God te blameer.

Aangesien hierdie ondersoek gerig is op die kindermolesteerder as persoon, is dit belangrik om daarop te let dat hierdie oortreders uit disfunksionele gesinne kom. In hierdie gesinne kom verskeie maatskaplike probleme voor soos gesinsgeweld, huwelikskonflik, verlatings, egskeidings, finansiële krisisse en drankmisbruik. Te midde van genoemde probleme leer die kind bepaalde gedragspatrone aan en ontwikkel sekere persoonlikheidseienskappe, wat risikofaktore is en wat later kindermolestering in die hand kan werk. Verder dra die molesteerder ook hierdie probleme uit sy gesin van herkoms oor na sy eie volwasse lewe. Dikwels is hyself as kind gemolesteer en begin dan om sy eie kinders te molesteer. Hierdie verskynsel plaas die gesin as sisteem onder die soeklig. 'n Toepaslike teoretiese verklaring sal dus hierdie disfunksionele scenario van die gesin moet ondervang, maar terselfdertyd moet daar ingeskerp word op die oortreder as persoon.

Kenmerkende eienskappe van die kindermolesteerder soos deur die literatuurstudie uiteengesit en veral bevindinge wat uit die empiriese ondersoek voortspruit sal meer lig werp op 'n teoretiese verklaring wat die individuele oortreder (kindermolesteerder) se gedrag binne 'n disfunksionele gesinsisteem verklaar. Sodanige verklaring sal in hoofstuk 6 aandag geniet en kan ook 'n belangrike bydrae lewer in die samestelling van 'n behandelingstruktuur vir die kindermolesteerder soos omskryf in afdeling 1.3.1.1 van hoofstuk een.

Na hierdie literatuuroorsig oor die kindermolesteerder gaan daar in die volgende hoofstuk aandag gegee word aan die bespreking van die eerste fase van die empiriese ondersoek oor die kindermolesteerder.

# HOOFSTUK 4

# BESPREKING VAN FASE EEN VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK OOR DIE MANLIKE KINDERMOLESTEERDER

## 4.1 INLEIDING

Die literatuurstudie oor die manlike kindermolesteerder wat in die vorige hoofstuk vervat is, het gedien as vertrekpunt vir die navorsingsondersoek en as aanvulling en ondersteuning vir die data wat deur die verskillende fases van die ondersoek ingesamel is. Navorser was tydens die empiriese ondersoek daarop ingestel om nuwe data ten opsigte van die kindermolesteerder te genereer wat verder ondersoek kon word om sodoende 'n bydrae te maak tot die wetenskaplike kennis ten opsigte van die molesteerder.

In afdeling 1.3.3.1 van hoofstuk een is genoem dat die empiriese ondersoek ten opsigte van die manlike kindermolesteerder pluralisties (kwalitatief en kwantitatief) benader is. Die data-insameling het in twee opeenvolgende fases plaasgevind elk met sy eie benadering. Navorser het vir elkeen van die fases sy eie navorsingstegnologie ontwikkel om data in te samel ten einde aansluiting te vind by die uniekheid van elke benadering. Soos reeds in hoofstuk een genoem, wou navorser met die gesamentlike aanwending van die twee benaderings in een ondersoek 'n omvattende beeld van die kindermolesteerder verkry, die bruikbaarheid van pluralisme as navorsingsmetodologie uitwys en sodoende 'n bydrae tot die wetenskaplike kennis maak.

Hierdie hoofstuk word gewy aan fase een van die ondersoek wat kwalitatief benader is en gedien het as fondament vir fase twee van die ondersoek. In hierdie hoofstuk word fase een van die navorsingsondersoek meer breedvoerig bespreek en aandag word gegee aan

- die doel, ontwikkeling van tegnologie en werkswyse;
- bekendstelling van die subjekte;
- temas aangespreek en die bevindinge wat daaruit voortgespruit het.

## 4.2 FASE EEN

Soos reeds genoem is fase een van die ondersoek kwalitatief benader en navorser het gebruik gemaak van semi-gestruktureerde onderhoude, dokumentêre bronne en stelselmatige waarneming om data in te samel. Die inhoud van fase een het soos volg daaruit gesien:

### 4.2.1 Die doel, ontwikkeling van tegnologie en werkswyse

Die verskillende fasette van fase een word soos volg uiteengesit:

#### 4.2.1.1 Doel

Die doel van fase een was om maksimale kennis en insig te bekom ten opsigte van die kindermolesteerder. Om laasgenoemde in die praktyk te kon uitvoer moes navorser 'n onderhoudsgids ontwikkel as navorsingstegnologie, soos omskryf in afdeling 1.3.1.7 van hoofstuk een, aan die hand waarvan semi-gestruktureerde onderhoude gevoer kon word. Navorser het ook saam met elke oortreder 'n genogram (kyk afdeling 1.3.1.3 van hoofstuk een vir omskrywing) geteken van sy gesin van herkoms ten einde sy gesin se samestelling en funksionering beter te verstaan. Aangesien hierdie fase kwalitatief benader is, het navorser tydens die semi-gestruktureerde onderhoude intensief aandag gegee aan die molesteerders se gevoelens, belewenisse en interpersoonlike verhoudings (vgl. Neuman 1997:332). Laasgenoemde is aangevul uit dokumentêre bronne en navorser se eie stelselmatige waarneming, waarvan daar melding gemaak word in afdeling 1.3.3.3 van hoofstuk een. Uit laasgenoemde kon 'n ryk en indiepte beskrywing van die manlike kindermolesteerders gegee word, waaruit gemeenskaplikhede en ooreenkomste van hierdie oortreders na vore gekom het wat verder in fase twee nagevors kon word.

#### 4.2.1.2 Ontwikkeling van tegnologie

Ten einde bogenoemde doel te bereik moes navorser geskikte tegnologie ontwikkel om data in dié verband in te samel. Aangesien kwalitatiewe navorsing buigbaar is en nie vasgelegde stappe het wat nagevolg moet word nie is 'n onderhoudsgids saamgestel om rigting aan die ondersoek te gee (Mark 1996:213). Hierdie onderhoudsgids kon nuttig gebruik word om sinvolle en relevante vrae tydens die semi-gestruktureerde onderhoude met die kindermolesteerders te vra. Die onderhoudsgids is verder aangevul deur die gebruik van 'n

genogram as navorsingstegnologie om saam met die oortreder 'n visuele beeld van sy gesin van herkoms te verkry.

Die onderhoudsgids (kyk bylaag C) is saamgestel vanuit navorser se ervaring as maatskaplike werker, vorige navorsing op Honneurs- en Magistervlak oor die onderwerp en aan die hand van 'n deeglike literatuurstudie oor die kindermolesteerder soos vervat in hoofstuk drie van hierdie proefskrif.

Die onderhoudsgids is in ses temas verdeel, soos vervat in 2.2.4.2 van hoofstuk twee, wat begin het by die minder sensitiewe aspekte van die kindermolesteerder se lewe, soos sy biografiese inligting, waar die genogram nuttig aangewend kon word. Vanaf laasgenoemde is beweeg na die meer sensitiewe aspekte soos sy botsing met die gereg. Die doel van hierdie strategie was om eers 'n vertrouensverhouding met die kindermolesteerder te vestig voordat die meer sensitiewe aspekte aangespreek word, want hoe groter die vertrouensposisie tussen navorser en die kindermolesteerder is, hoe meer geneë sal die oortreder wees om inligting oor homself te gee. In afdeling 2.5.1 van hoofstuk twee word genoem dat die geldigheid van die ondersoek afhanklik is van die meetinstrument.

4.2.1.3 Werkswyse

Nadat hierdie onderhoudsgids saamgestel is, het navorser begin om semi-gestruktureerde onderhoude met die subjekte te voer. Al die onderhoude is met die toestemming van die subjekte op band geneem en later in verslagvorm op rekenaar vasgelê. Genoemde bandopnames het ook as ondersteuning gedien vir navorser se eie stelselmatige waarneming, aangesien baie van die subjekte se emosies daarop vasgelê is.

Voor die aanvang van die eerste onderhoud het navorser saam met elke ondersoekpersoon (oortreder) 'n vertroulikheidsooreenkoms geteken ten opsigte van sy deelname aan die ondersoek (kyk bylaag B). Navorser het deurentyd die riglyne vir semi-gestruktureerde onderhoudvoering gevolg soos vervat in afdeling 2.2.4.3 van hoofstuk twee.

Hierdie onderhoudsgids met sy verskillende temas het as handleiding gedien vir die

onderhoudvoering. Die gids het gehelp om in 'n mate eenvormigheid aan die navorsing te bied, hoewel elke onderhoud uniek was. Vrae is gevolglik nie net so gevra soos in die onderhoudsgids vervat is nie, maar het van situasie tot situasie gewissel. Ten opsigte van laasgenoemde het navorser se praktykervaring 'n belangrike rol gespeel deurdat sy midde in die onderhoudsituasie kon besluit hoe om die gesprek te rig om maksimale data te bekom (vgl. Mark 1996:213). Tydens elke onderhoud het navorser probeer om soveel moontlike nuwe data te bekom en verdere bevestiging te kry vir bestaande data. Laasgenoemde kon bydra om die ondersoek te ondersteun en te verryk en nuwe moontlikhede te bied vir verdere navorsing.

### 4.2.2. **Bekendstelling van die subjekte**

In fase een is tien kindermolesteerders betrek, wat self erken het dat hulle kinders gemolesteer het of wat skuldig bevind was aan só 'n oortreding. Hulle is as subjekte gekies omdat weinig navorsing nog oor sodanige persone as individuele oortreders gedoen is.

In hierdie kwalitatiewe fase van die ondersoek het navorser gebruik gemaak van semi-gestruktureede onderhoude, dokumentêre bronne en stelselmatige waarneming, om soveel as moontlik data in te samel ten opsigte van die patrone, gebeure en prosesse in die lewe van die kindermolesteerder. Met stelselmatige waarneming word bedoel die waarneming van nie-verbale gedrag, soos ongemak, spanning en aggressie van die subjek wat hy moontlik nie van bewus is nie of probeer verbloem. In die lig van laasgenoemde sê Huysamen (1994:144) dat die geldigheid en betroubaarheid van stelselmatige waarneming, wat in hierdie konteks nie eksklusief op die kriteria onderliggend aan objektiewe wetenskaplike waarneming steun nie, afhanklik is van die navorser se ervaring en kundigheid, wat in hierdie ondersoek nie 'n probleem was nie as gevolg van haar opleiding en ervaring as maatskaplike werker. Navorser wil dus vanuit die kwalitatiewe ondersoek in fase een die volgende gebeure, gevoelens en belewenisse van die onderskeie subjekte met die leser deel:

#### 4.2.2.1 Subjek A

(a) Beskrywing van die subjek

Subjek A is 'n buite-egtelike kind wat op die ouderdom van twee jaar afgeteken is vir aanneming aan sy materne grootouers. Hy is tans 31 jaar oud en is skraal gebou met donker

hare wat hy wit kleur. Hy dra verskeie ringe aan sy vingers. Die subjek het 'n gehoorprobleem wat meebring dat hy deurentyd tydens die onderhoud "sorry" sê en die onderhoudvoering bemoeilik omdat vrae aanhoudend herhaal moet word om antwoorde daarop te kry.

Tydens die eerste twee onderhoude van die ondersoek het die subjek saam met 'n enkellopende man op 'n klein plattelandse dorpie gewoon, waar almal van almal iets weet. In die dorp was daar reeds sprake dat subjek 'n homoseksuele verhouding met die enkellopende man het.

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Hoe voel jy daaroor dat hulle sê julle is homoseksueel?" |
| Subjek: | "Ek sal miskien as ek skuldig was bedreig gevoel het. Ek weet dit is nie so nie. Só hulle kan maar skinder. Ek sal hulle nie die plesier gee deur terug te trek na my ma toe of om uit die dorp te trek nie, want dan lag hulle agter my rug vir my." |

Die twee mans het in 'n ouerige grysblou huis met bloedrooi vensterrame gewoon. Die huis is binne versier met prente van "die slag van Bloedrivier" en met kunsblomme, wat die indruk van eenvoud geskep het.

(b) <u>Subjek se optrede tydens die onderhoudvoering</u>

Navorser het tydens die onderhoudvoering met subjek A stelselmatig waargeneem dat hy verward, ontoereikend en onseker van homself was, wat daartoe gelei het dat hy aanhoudend tydens die onderhoudvoering van die onderwerp afgedwaal het. Navorser moes hom telkens weer na die punt van bespreking teruglei. Verder beskik subjek A nie oor 'n uitgebreide woordeskat nie en ondervind gevolglik probleme om gebeure te beskryf. Wanneer sy eie seksuele verhouding ter sprake gekom het, was hy vaag en het oor sy eie woorde geval, wat sy onsekerheid van homself bevestig.

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Wat bedoel jy met 'n goeie seksuele verhouding?" |
| Subjek: (*Is deurentyd vaag en val oor sy eie woorde*) | |
| | "'n Mens kan nie jou seksuele verhouding beskryf nie. Jy kan nie 'n goeie seksuele verhouding hê as jy en jou vrou die hele dag baklei nie. Hoewel ek en my vrou van mekaar verskil het, het ons goed met mekaar klaar gekom en daarom het ons 'n goeie seksuele verhouding gehad." |

Weens sy onvermoë om gebeure te beskryf moes navorser deurgaans seker maak dat sy en subjek dieselfde betekenis aan 'n situasie heg. Subjek A is ook emosioneel afgestomp, omdat hy nie sy gevoelens kan weergee nie, wat heelwaarskynlik toegeskryf kan word aan gebeure uit sy kinderjare waar hy nooit geleer het om te sê hoe hy voel nie. Die beskuldigde het ook tydens die onderhoude soms met aggressie gereageer veral waar die gevolge van die molestering ten opsigte van die slagoffer ter sprake gekom het. Sy aggressie is te wyte aan sy onvermoë om homself uit te druk, sy gebrekkige insig of sy onvermoë om die situasie te hanteer.

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Hoe voel jy daaroor dat die dogtertjie agteruit gaan na die molestering?" |
| Subjek: | "As dit die waarheid is, dan hoop en bid ek maar alles kom reg en sy vergeet dit." |
| Navorser: | "Wat dink jy word bedoel by agteruitgang? |
| Subjek: | "Die maatskaplike werker sê glo die kind konsentreer nie op haar skoolwerk nie. Ek weet nie of dit die waarheid is nie. Hoekom sal die kind nou na vier jaar agteruitgaan. As ek (*redelik aggressief*) bewyse het dat hulle dit al vroeër agter gekom het en hulle het drie jaar gesloer met die saak, gaan my prokureur die saak heropen." |

Tydens die eerste twee onderhoude was subjek A heelwat gespanne omdat sy hofsaak eersdaags moes voorkom vir vonnisoplegging. Die derde onderhoud met subjek het in die gevangenis plaasgevind. Subjek was meer ontspanne en in 'n mate bly om navorser te sien.

(c) Subjek se modus operandi ten opsigte van sy misdryf

Subjek A is skuldig bevind aan die onsedelike aanranding van sy sewejarige stiefdogtertjie. Hy het die dogtertjie saans kos gegee en in die bed gesit terwyl haar moeder by die werk was en het haar toe oor 'n tydperk van 'n maand betas.

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Hoe het die kind gereageer toe jy haar só betas het?" |
| Subjek: (*Baie onseker van homself*) | |
| | "Nee, dit kan ek nie sê nie." |
| Navorser: | "Het jy ooit gedink hoe die kind voel?" |
| Subjek: | "Ja nee, ek het daaraan gedink. Ek kan maar net dink die kind het sleg gevoel." |

Subjek is gevonnis tot twaalf maande gevangenisstraf, waarvan vier maande opgeskort is vir vyf jaar.

4.2.2.2 Subjek B

(a) Beskrywing van die subjek

Hierdie subjek is 29 jaar oud en is 'n groot, frisgeboude man met 'n diep stem, wat moeilik praat oor sy gevoelens. Laasgenoemde kan daaraan toegeskryf word dat subjek 'n enigste kind was en geen broers en susters gehad het met wie hy kon kommunikeer nie en hy het ook geen vriende gehad nie.

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Hoe sal jy jouself beskryf?" |
| Subjek:(*Stilte*) | |
| | "Ek sal sê omdat ek alleen groot geword het, is ek teruggetrokke. Dis partykeer moeilik om met iemand te praat oor iets wat jou pla. Ek het dit al aangeleer om eerder stil te bly en iets self te verwerk." |

Subjek B was tydens die onderhoude stil en teruggetrokke en aanvanklik redelik gespanne omdat hy en sy vrou so pas gearresteer was vir die onsedelike aanranding van die vrou se dogter uit haar vorige huwelik. Hierdie egpaar se spanning stem ooreen met subjek A wat ook tydens die eerste twee onderhoude só gespanne was aangesien hy eersdaags in die hof moes verskyn vir vonnisoplegging.

(b) <u>Subjek se optrede tydens die onderhoudvoering</u>

Namate 'n vertrouensverhouding tussen navorser en subjek ontwikkel het, het navorser waargeneem dat subjek B meer spontaan aan die onderhoudvoering deelgeneem het. Hoewel subjek B se vrou tydens elke onderhoud teenwoordig was is slegs subjek B in die onderhoud betrek, aangesien die ondersoek gerig was op die manlike kindermolesteerder. Opvallend was dat hierdie egpaar uiters verknog was aan mekaar. Hulle het van die begin af die molestering erken en sy was nie tydens een van navorser se onderhoude met subjek B afwesig nie. (Hierdie vrou was net so gemotiveerd om aan die navorsingsondersoek deel te neem as subjek D wat tot dertig kilometer ver geryloop het om sy afsprake met navorser na te kom.) Die derde onderhoud met subjek B moes by sy huis plaasvind, omdat sy vrou 'n ligament in haar voet beseer het en nie kon loop nie. Sy het vir haar 'n bed op die sitkamer se bank ingerig omdat sy nie die onderhoud wou misloop nie. Hoewel die onderhoud slegs met subjek gevoer is het sy hom deurentyd ondersteun, wat hulle ongesonde betrokkenheid by mekaar beklemtoon het. Navorser is van mening dat hierdie seksuele misdryf vir hulle 'n samebindende faktor in hulle verhouding is. Hulle het nie geskroom om oor die gebeure te praat nie, maar was deurentyd vreesbevange vir die hof se uitspraak. Wanneer subjek se seksuele verhouding met sy vrou, of hyself as persoon, ter sprake gekom het was hy onseker oor sy antwoorde en kon hy nie werklik sy beweerde goeie seksuele verhouding met sy vrou beskryf nie.

Navorser: "Hoe beleef jy jou seksuele verhouding met jou vrou?"
Subjek: (*Lang stilte*)
"Ek sal sê goed. Daar is nie probleme nie."
Navorser: "Wat bedoel jy by goed?"
Subjek: (*Weer 'n lang stilte, terwyl hy geen antwoord op hierdie vraag gee nie*)

(c) Subjek se modus operandi ten opsigte van die misdryf

Volgens subjek B het hierdie dogter hom en sy vrou geen privaatheid gegun nie. Hy en sy vrou het een aand in die kamer saam na 'n bloufilm gekyk, terwyl die stiefdogter gevra het om saam te kyk. Hulle het haar toegelaat en die dogter het by subjek op die bed gaan lê. Subjek en sy vrou het al lank getwyfel of die dogter nog 'n maagd is. Sy vrou het hom aangemoedig om die dogter te betas en hy het sy vinger gebruik om uit te vind of sy nog 'n maagd was. Volgens subjek het die dogter gevra om met hom gemeenskap te hê. Dit is vir navorser skokkend dat 'n moeder 'n stiefvader aanmoedig om sy stiefdogter seksueel te molesteer. Hierdie optrede is 'n aanduiding van dié moeder se eie gepreokkupeerdheid met seks.

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Wat was jou reaksie op jou stiefdogter se versoek tot gemeenskap?" |
| Subjek: | "Sy is toe weer badkamer toe en toe sy terug kom toe sê sy sy het siek geword. Toe kyk ek en my vrou vir mekaar en toe sê ons goed dan moet sy maar net suig. Aan die begin het sy eers gemaak of sy nie weet wat om te doen nie, toe sê ek vir haar Rina moet jou nie 'stupid' hou nie. Daarna het sy dit met oorgawe gedoen asof sy dit al voorheen gedoen het. Dit was of sy dit geniet het. Sy kon nie genoeg kry nie." |

Subjek B en sy vrou is albei skuldig bevind aan die onsedelike aanranding van die sestienjarige dogter uit die vrou se vorige huwelik en hulle is albei gevonnis tot drie jaar effektiewe gevangenisstraf.

4.2.2.3 Subjek C

(a) Beskrywing van die subjek

Subjek C is 25 jaar oud en is skraal gebou met swart hare en 'n baard. Hy kom passief en onseker van homself voor en skep die indruk dat hy maklik dinge doen om deur ander aanvaar te word. Hierdie subjek het geen verwysingsraamwerk van verhoudings en gevoelens nie soos omskryf in afdeling 1.3.1.11 van hoofstuk een, omdat hy van kleinsaf deur sy familie

uitgesluit was.

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Hoe voel jy daaroor dat jy altyd eers agterna hoor jou ma-hulle is geskei of jou ma is weer getroud?" |
| Subjek: | "Aag, mens voel maar asof jy nie deel van die familie is nie, jy voel uitgesluit. Mens aanvaar maar later om alles eers agterna te hoor." |

Subjek C het ontwikkel in 'n alleenloper wat net op die bevrediging van sy eie behoeftes ingestel was, wat meebring dat hy maklik sy toevlug tot die seksuele neem om homself te bevredig. Hy skep die indruk dat hy met min in die lewe tevrede is, wat toegeskryf kan word aan sy ouerhuis waar hy met die minimum moes klaarkom.

Tydens die ondersoek was subjek werkloos en het by sy broer in 'n ouerige mynhuis gebly. In die hoeke aan die bokant van die voordeur het die spinnekoppe nes gemaak. Op die stoep by die voordeur het 'n verwaarloosde potplant gestaan wat dringend water nodig gehad het. Die tuin was onversorg. Die huisopset skep die indruk van verwaarlosing.

(b) <u>Subjek se optrede tydens die onderhoudvoering</u>

Subjek C is verstandelik laagfunksionerend en hy beskik oor 'n swak woordeskat wat daartoe lei dat hy moeilik gebeure kan beskryf en 'n swak kommunikeerder is, wat ooreenstem met subjekte A en B. Navorser het waargeneem dat wanneer sy met subjek C oor sy misdryf gepraat het, het hy met aggressie gereageer soos subjek A, wat toegeskryf kan word aan subjek C se frustrasie met sy eie onvermoëns of sy reaksie op sy eie molestering as kind. Ten opsigte van laasgenoemde bevestig subjek C self dat hy al drie keer probeer selfmoord pleeg het omdat hy nie meer sy probleme kon hanteer het nie.

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Hoe voel jy oor al die negatiewe gebeure in jou lewe?" |
| Subjek: | "Ek sal graag die lewe oor wou hê, maar ek kan nie. (*Redelik moedeloos*) Ek is gebreek en voel partydae lus om my lewe te neem. Jy voel jy is in almal se pad. Jy weet nie watter kant toe nie." |

Tydens die onderhoude moes navorser die gesprekke sterk rig en vrae herhaal en deurentyd daarop konsentreer om antwoorde op vrae te kry. Verder moes die subjek se aggressie met begrip hanteer word sonder om sy oortreding goed te keur en sonder om hom as subjek te verloor. Subjek C het ook geen deursettingsvermoë of kreatiwiteit nie en gee daarom niks uit sy eie van homself nie. Laasgenoemde het die onderhoudvoering veeleisend en uitputtend gemaak omdat navorser alles ten opsigte van die subjek uit hom moes trek.

(c) <u>Subjek se modus operandi ten opsigte van die misdryf</u>

Terwyl subjek C nog op skool was het hy hom by twee geleenthede aan meisies ontbloot en gemasturbeer. In subjek se huidige saak het hy begin om vir 'n dogtertjie geld te gee by die winkel waar hy gewerk het. Een dag het hy haar tien rand gegee en gevra om hom te soen. Hy beweer dat hy die dogtertjie na sy voertuig geneem het waar sy begin het om hom oop mond te soen. Volgens hom het die dogtertjie hierna 'n klag van verkragting teen hom gelê.

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Toe sy jou begin oop mond soen, wat het toe in jou kop aangegaan?" |
| Subjek: | "Ek weet nie. Ek was seker maar te warm. Ek was te lus gewees." |
| Navorser: | "Het jy op daardie stadium baie behoefte aan seks gehad?" |
| Subjek: | "Wel ek sal nie daarteen stry nie. Ek het 'n behoefte gehad aan seks. Dit was net na ek en my vrou die Donderdagaand rusie gehad het oor seks." |

Subjek C is gevonnis tot vyf jaar gevangenisstraf vir die onsedelike aanranding van hierdie tienjarige dogtertjie.

4.2.2.4 Subjek D

(a) Beskrywing van die subjek

Subjek D is 24 jaar oud, hy is 'n lang skraal man, is vriendelik en saggeaard en het altyd netjies voorgekom. Hy maak op die oog af 'n goeie indruk. Hy was baie gemotiveerd om aan die ondersoek deel te neem en het by twee geleenthede dertig kilometer ver geryloop om die afsprake met navorser na te kom. Hy het sy deelname aan die ondersoek as belangrik beskou, wat toegeskryf kan word aan die subjek se behoefte aan aanvaarding.

(b) Subjek se optrede tydens die onderhoudvoering

Hoewel subjek D verstandelik laagfunksionerend was soos subjek C, het hy spontaan aan die onderhoudvoering deelgeneem en goeie samewerking gegee. Laasgenoemde kan moontlik daaraan toegeskryf word dat subjek D ses jaar in 'n kinderhuis was, wat by hom die rol van samewerking met terapeute tuisgebring het. Tydens die ondersoek het dit na vore gekom dat subjek D soos subjek C nie oor 'n verwysingsraamwerk van gesonde verhoudings beskik soos omskryf in afdeling 1.3.1.11 van hoofstuk een nie, omdat hy nie regtig weet waarna hy in 'n verhouding soek nie. Hierdie swak verwysingsraamwerk van gesonde verhoudings kan te wyte wees aan die subjek se lang afwesigheid uit sy ouerhuis weens sy ouers se onbevoegde ouerskap.

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Wat was positief in jou kinderjare?" |
| Subjek: | "Die kinderhuisdae was vir my die lekkerste. As my pa-hulle ons nie vir 'n vakansie kom haal het nie, het ons na ander mense toe gegaan. Ons het ook maar geheg geraak aan daardie mense." |

Navorser is van mening dat subjek D sy misdryf wil gebruik om die aandag op hom te vestig, daarom is hy so angstig om aan die ondersoek deel te neem. Wanneer meer ernstig met hom oor homself en sy misdryf gepraat is, kon navorser waarneem dat hy baie onseker van homself

raak, wat getuig van sy gebrekkige insig in homself en sy probleem. Sy onsekerheid word verder bevestig deur sy gebrekkige deursettingsvermoë soos blyk uit sy onstabiele werksrekord.

(c) Subjek se modus operandi ten opsigte van die misdryf

Hierdie subjek het sy eie driejarige seuntjie seksueel gemolesteer. Die seuntjie was uit subjek en sy vrou se sorg verwyder weens hulle onbevoegde ouerskap en was in pleegsorg. Die molestering het plaasgevind terwyl die seuntjie vir 'n naweek by subjek en sy vrou gekuier het. Subjek het die kind se geslagsdele begin betas tydens badtyd en het later ook die kind se geslagsdele gesuig.

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Wat het jy daaruit gekry om die kind te molesteer? Het dit jou bevredig?" |
| Subjek: | "Ek kan nie sê bevredig nie. Ek weet nie wat het my besiel om dit te doen nie. Ek het dit gedoen." |
| Navorser: | "Was dit vir jou lekker om dit te doen?" |
| Subjek: | "Aan die een kant kan ek sê ja en aan die ander kant kan ek sê nee." |

Hierdie saak is nooit by die polisie aangemeld nie. Subjek en sy vrou het die kind afgeteken aan die pleegouers vir aanneming.

4.2.2.5 Subjek E

(a) Beskrywing van die subjek

Subjek E is 'n lang donker man met 'n effens gryserige baard en kom passief en traak-my-nie-agtig voor. Hy is 38 jaar oud en dra 'n rugstut as gevolg van verskeie rugoperasies wat hy ondergaan het. As gevolg van laasgenoemde het subjek die meeste van die onderhoude gestaan en was sy pyn en ongemak deurentyd sigbaar.

(b) Subjek se optrede tydens die onderhoudvoering

Subjek E het bruin oë wat heeltyd indringend na navorser kyk en wat 'n gevoel van ongemak

skep. As gevolg van navorser se ervaring in die praktyk kon sy laasgenoemde situasie hanteer, omdat sy al voorheen aan sulke ongemaklike omstandighede blootgestel was. Hierdie subjek is verder 'n swak kommunikeerder soos in die geval van subjekte B en C en hy toon weinig emosie. Dit het onderhoudvoering bemoeilik, omdat alles uit subjek getrek moes word en dit moeilik was om te bepaal hoe hy oor sekere sake voel. Laasgenoemde kan toegeskryf word aan sy ouerhuis waar hy nie hierdie vaardighede ontwikkel het deur 'n mening uit te spreek en te sê hoe hy voel nie. Hy was nes subjek A ook emosioneel afgestomp. Subjek E beskryf homself as humeurig wat toegeskryf kan word aan sy fisiese ongemak van sy rug en sy onvermoë om verbaal en emosioneel uitdrukking aan homself te gee. Sy frustrasie met sy onvermoëns het al tot uiting gekom in meer as een selfmoordpoging, soos subjek C. Navorser het hierdie onvermoëns en frustrasies van tyd tot tyd hanteer deur sy gevoelens vir hom te verbaliseer en vir hom erkenning te gee vir sy bereidheid om aan die ondersoek deel te neem, ten einde sy samewerking te behou. Deur middel van stelselmatige waarneming het dit navore gekom dat subjek E onseker van homself raak, veral wanneer die onderhoudvoering op hom as persoon en sy verhoudingslewe gerig word. Laasgenoemde verwys na die terreine waar sy onvermoëns lê.

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Hoe voel jy oor jouself?" |
| Subjek: | "Ek sal nie kan sê nie." |

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Watter persoonlikheidseienskappe was by jou eerste vrou aanwesig, wat jou aangetrek het?" |
| Subjek: (*Binnensmonds en traak-my-nie-agtig*) | "Ek kan nie meer onthou nie." |

(c) Subjek se modus operandi ten opsigte van die misdryf

Subjek E kom uit 'n ouerhuis waar sy vader van drank misbruik gemaak het. Hy sit hierdie drinkpatroon voort in sy eie lewe, aangesien dit deel van sy verwysingsraamwerk is, waarvan daar in afdeling 1.3.1.11 van hoofstuk een melding gemaak word. Subjek E het sy vyftienjarige stiefdogter seksueel gemolesteer deur haar borste te betas en homself aan haar

te ontbloot. Subjek E beweer dat die molestering van sy stiefdogter onder die invloed van drank plaasgevind het en het homself op so 'n wyse probeer verontskuldig.

Subjek E is gevonnis tot twee jaar korrektiewe toesig met huisarres.

4.2.2.6 Subjek F

(a) Beskrywing van die subjek

Hierdie beskuldigde is 32 jaar oud en is klein en skraal gebou met ligtebruin krullerige hare. Hy is vriendelik, spontaan en skep die indruk van energiek en selfversekerd te wees, wat in teenstelling is met die eerste vyf subjekte. Die onderhoude ten opsigte van hierdie subjek is by sy huis gevoer. Sy vrou was tuis en in teenstelling met subjek is sy groot gebou, is oorgewig met lang donker hare en 'n bril. Sy kom passief en teruggetrokke voor.

Die gesin woon in hulle eie huis in 'n gemiddelde woonbuurt in 'n stad in die Gauteng provinsie. Die huis is voldoende gemeubileerd om in die gesin se behoeftes te voorsien, hoewel warmte in die huis ontbreek. Die tuin vertoon netjies, wat in teenstelling is met dié van subjek C.

(b) Subjek se optrede tydens die onderhoudvoering

Subjek F is 'n uitstekende kommunikeerder wat met 'n groot omvang van woorde homself in 'n beter lig probeer stel. Laasgenoemde kan nie van die vorige vyf molesteerders gesê word nie. Subjek F is 'n goeie manipuleerder en navorser is van mening dat hy deur sy manipulasie 'n patroon ontwikkel het om sy disfunksionele omstandighede te ontvlug, sonder om werklik die probleem aan te spreek. Onderhoudvoering met subjek F was veeleisend omdat hy gedurig van die onderwerp afgedwaal het en navorser hom gedurig na die punt van bespreking moes teruglei. Verder moes navorser uit hierdie magdom van inligting gedurig probeer om die koring van die kaf te skei om hom met teenstrydighede te konfronteer. Navorser het waargeneem dat subjek F deurentyd sy vrou in 'n swakker lig probeer stel om sodoende beter oor homself te voel en sy eie onsekerheid te verbloem.

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Wie neem die leiding in julle huweliksverhouding?" |
| Subjek: | "Ek neem die leiding, want ek is die sterker figuur in die huwelik. As ek vir Truida moet los om die besluite te neem gaan ons môre krepeer. Kyk, Truida het die afgelope twee jaar fantasties ontwikkel sedert ons inskakel vir terapie by die maatskaplike werker. Truida is heeltemal 'n ander mens, maar haar vermoëns is baie beperk." |

Subjek F het sy deelname aan die navorsingsondersoek as 'n status beskou soos subjek D en subjek B se vrou. Aangesien subjek F by 'n maatskaplike werker in privaatpraktyk ingeskakel het vir terapie was hy deurentyd behep met begrippe soos patologie en terapie en het probeer om met groot gesag daaroor te praat en het sodoende ook probeer om sy onsekerheid te bowe te kom.

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Het jy ooit probeer om die molestering geheim te hou?" |
| Subjek: | "Nee. Dit is juis die ding wat my patologie instand gehou het. Ek het nie probeer om dit onder die kombers weg te steek nie. In die gesin was dit oop, maar na buite was dit geslote." |
| Navorser: | "Het die kind nie by die skool gaan vertel nie?" |
| Subjek: | "Nee, juis nie, want ons het die prentjie in die huis geskep dat dit aanvaarbaar is. My dogtertjie het so groot geword en gedink dit is soos dit werk." |

(c) <u>Subjek se modus operandi ten opsigte van die misdryf</u>

Subjek F het sy dogtertjie vanaf die ouderdom van vier jaar vir 'n tydperk van ses jaar betas. Hy het sy godsdiens gebruik om naaktheid in sy huis te probeer vestig. Hy het dit by sy gesin tuis gebring dat dit normaal is om in die huis naak te loop soos in die geval van Adam en Eva. Hy het so begin om sy dogtertjie oor 'n lang tydperk te betas, terwyl sy vrou bewus was daarvan. Hy erken dat hy die molestering in stand gehou het deur sy gesin te manipuleer.

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Het die molestering in die teenwoordigheid van jou vrou plaasgevind?" |
| Subjek: | "Soms, ja." |
| Navorser: | "Wat was jou vrou se reaksie op die molestering gewees?" |
| Subjek: | "My manipulerende gedrag was op daardie stadium van só 'n aard dat ek vir haar die prentjie geskets het van dis 'oraait' en sy het daarmee saamgegaan. Binne in haar het sy geweet dit is verkeerd maar om my gelukkig te hou en om spanning tussen ons te voorkom het sy daarmee voortgegaan." |

Subjek F is vyf jaar gevangenisstraf opgelê, wat vir vyf jaar opgeskort is. Drie jaar van genoemde vonnis is omskep in korrektiewe toesig met huisarres en gemeenskapsdiens.

4.2.2.7 Subjek G

(a) Beskrywing van die subjek

Subjek G is 41 jaar oud. Hy is middelmatig gebou en het effe krullerige hare met 'n rooi skynsel. Hierdie subjek het teruggetrokke, minderwaardig en onseker van homself voorgekom soos die meerderheid van die vorige subjekte.

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Hoe het jy jou saamleefmaat se drinkery beleef?" |
| Subjek: | "Op daardie stadium het dit my nie gepla nie. Ek het dit eintlik verkies, want ek het maar 'n minderwaardigheidskompleks gehad en as ek en sy elkeen 'n paar drankies gedrink het was ons op dieselfde 'level' en kon ons lekker gesels." |

Subjek G het na sy arrestasie by twee geleenthede probeer selfmoord pleeg. Hierdie geneigdheid tot selfmoord het ook by subjek C en E voorgekom. Navorser kon subjek G se gevoel van verwerping en alleenheid duidelik waarneem tydens die onderhoudvoering.

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Waarna soek jy in 'n verhouding met 'n vrou? |
| Subjek:(*Onseker stilte*) | |
| | "Ek weet nie hoe om te beskryf nie. (*Stilte*) Ek dink in al die verhoudings wat ek met vrouens aangeknoop het, het ek eerder moederliefde gesoek as enige iets anders." |
| Navorser: | "Hoekom het jy moederliefde gesoek?" |
| Subjek: | "Ek kan nie sê dat ek werklik vir hulle lief was nie. Wat ek hoor wat werklike liefde is. Ek het nog nooit so 'n iets beleef nie." |

(b) <u>Subjek se optrede tydens die onderhoudvoering</u>

Subjek G het deurentyd goeie samewerking gegee en spontaan aan die onderhoudvoering deelgeneem. Hy was verder duidelik gespanne tydens die onderhoude, in so 'n mate dat hy kort-kort moes toilet toe gaan. Spanning het ook tydens die onderhoude met subjekte A en B voorgekom. Subjek G was nog nooit voorheen getroud nie, maar het vyf jaar buite-egtelik met 'n vrou gewoon. Wanneer hierdie verhouding ter sprake gekom het in die onderhoud het subjek al meer onseker begin raak en oor sy woorde begin strompel, wat dui op sy onvermoë om in verhoudings betrokke te wees.

Navorser het probeer om die subjek te laat voel dat sy mening belangrik is en het hom deurentyd laat besef dat dit noodsaaklik is om by sy menswees en sy gevoelens uit te kom. Namate 'n vetrouensverhouding tussen navorser en subjek ontwikkel het, het dit na vore gekom dat subjek impotent is wat hy toeskryf aan al die seksuele aktiwiteite van sy moeder en susters waaraan hy as kind blootgestel was. Volgens hom walg hy aan seks.

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Hoe het jy die seksuele verhouding met Koba beleef?" |
| Subjek: | "Wel, elke keer wat ek dit probeer het, het ek 'n paar drankies in gehad. Ek kon dit nie aanpak sonder drank nie, want dit was vir my te walglik." |

Subjek se minderwaardigheid is verder beklemtoon deurdat sy moeder hom verbied het om aan sport deel te neem. Laasgenoemde ongemak was duidelik waarneembaar toe sy skoolaktiwiteite bespreek is. Verder het subjek 'n inherente behoefte om kinders gelukkig te maak.

(c) Subjek se modus operandi ten opsigte van die misdryf

Subjek G het voorheen sy bure se seuntjie gemolesteer, asook sy saamleefmaat se jongste seuntjie, deur hulle te betas en hulle te masturbeer. Subjek het later begin belangstel in sokker en het die sportsoort so ingestudeer dat hy later kinders begin afrig het vir die spel. Hy het sy hele span na sy woonstel genooi en vir hulle 'n partytjie gegee met die idee van spanbou. Wanneer die kinders in die aand geslaap het, het hy hulle begin betas onder die voorwendsel dat hy wou uitvind of hulle besny is. Besnydenis was vir subjek 'n belangrike aspek, in so 'n mate dat hy vir die ouers wie se kinders nie besny was nie, briewe onder 'n dokter se naam geskryf het om die voor en nadele van besnydenis uit te lig. Verder het subjek homself met 'n skeermeslemmetjie besny.

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Om welke rede het jy die kinders van jou sokkerspan genooi om by jou woonstel te kom slaap?" |
| Subjek: | "Miskien het ek dit gebruik as motief. Dit is werklik so dat as kinders onderlinge goeie verhoudings met mekaar het dan speel hulle beter as span saam. Dalk het ek die motief gebruik om hulle by my woonstel te kry." |
| Navorser: | "Het jy dit as motief gebruik?" |
| Subjek: | "Ja, ek het dit as motief gebruik om te kyk of hulle besny is en as hulle kom kuier het, het ek dit geniet om hulle te bederf en te sien hoe hulle dit geniet." |

Subjek is skuldig bevind op tien aanklagte van onsedelike aanranding van sy sokkerspan. Hy is gevonnis tot 4000 dae gevangenisstraf ingevolge Artikel 276(i) van die Strafproseswet. Op elk van die tien aanklagte het hy 'n verdere vier maande gevangenisstraf gekry wat opgeskort is vir vyf jaar.

4.2.2.8 Subjek H

(a) Beskrywing van die subjek

Subjek H is 47 jaar oud, is kort en effens fris gebou. Hy dra 'n bril en het bruin krullerige hare. Navorser het waargeneem dat subjek H aanvanklik gespanne en onseker van homself was, soos meeste van die voorgenoemde molesteerders, maar namate 'n vertrouensverhouding tussen navorser en subjek ontwikkel het, het hy meer ontspan en spontaan aan die onderhoudvoering deelgeneem.

(b) Subjek se optrede tydens die onderhoudvoering

Subjek H was self as kind deur sy oudste suster gemolesteer. Hy het daarna sy drie jonger susters gemolesteer, wat nooit aangemeld is nie. Subjek H het alreeds agtien maande gevangenisstraf uitgedien vir die molestering van sy suster se dogtertjie en is tans weer skuldig bevind aan die molestering van vriende se negejarige dogtertjie. Ten opsigte van sy eie molestering as kind en die feit dat hy ander kinders gemolesteer het, reageer hy met groot drif in sy stemtoon soos subjekte A en C, wat 'n aanduiding is van sy onsekerheid en gebrekkige insig in die probleem.

Navorser: "Wat was jou belewenis as jy jou drie jonger susters gemolesteer het?"

Subjek: (*stilte en half onseker*)
"Wel......ek dink ek het daarvan begin hou.

Navorser: "Hoekom het jy daarvan begin hou? Wat het deur jou kop gegaan as jy hierdie drie meisies so betas het?"

Subjek: (*stilte*)
"Sjoe.........dit is 'n moeilike een daardie. Ek het......ek het.... ek het haar hier voor my gesien as 'n vroulike figuur en dit is dit."

Wanneer navorser met hom gepraat het oor sy verhoudingslewe het hy, oor sy woorde begin val en só sy onvermoë geopenbaar om in diepgaande verhoudings betrokke te raak.

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Hoe sal jy jou verhouding met jou ma beskryf?" |
| Subjek:(*Stilte*) | |
| | "Ek glo seker.....hoe kan ek nou sê...... seker maar dieselfde as ander kinders." |
| Navorser: | "Ek wil weet hoe sal jy jou verhouding met jou ma beskryf?" |
| Subjek: | "Ek weet nie......dis moeilik want mens weet nie presies hoe ..." |

Subjek H het deurentyd tydens die onderhoude probeer om by navorser die indruk te skep dat hy na sy gevangesetting gerehabiliteer is. Hy het afbrekend van sy gedrag as kindermolesteerder gepraat, maar tog die agterdeur oopgehou dat dit weer kan gebeur. Hy gebruik die voorbeeld van: "een keer 'n alkoholis altyd 'n alkoholis," waarmee hy wil insinueer dat as jy een keer 'n kind gemolesteer het, is 'n volgende keer nie uitgesluit nie. Die oortreder was ook glad nie eerlik tydens die onderhoude nie en het hom plek-plek vasgepraat, wat daarop dui dat hy hom probeer voordoen het vir wat hy nie is nie.

(c) Subjek se modus operandi ten opsigte van die misdryf

Ten opsigte van subjek H se laaste slagoffer het hy sy kerklike betrokkenheid gebruik om by sy slagoffer uit te kom. Volgens hom was hy die superintendent van die Sondagskool en het die kind op die kerkterrein betas nadat sy Sondagskool bygewoon het.

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Wat het in jou kop aangegaan toe jy die dogtertjie betas het?" |
| Subjek: | "Mevrou, skandelik ja, dit het op die kerkgronde plaasgevind. Skandelik en ek erken dit en ek laat sak my kop in skaamte. Ek was Sondagskoolsuperintendent en toe die Sondagskoolklassie uitkom het ek haar daar agter, waar niemand kon sien, betas." |

Ten opsigte van hierdie laaste oortreding het die maatskaplike werker 'n opgeskorte vonnis aanbeveel met die voorwaarde dat subjek by 'n sielkundige moet inskakel vir terapie.

4.2.2.9 Subjek I

(a) Beskrywing van die subjek

Subjek I is 41 jaar oud. Hy is lank en groot gebou met donker hare en 'n pankop. Subjek I dra 'n bril. Hierdie subjek het deur sy grootte probeer angs wek by navorser deur die kantoordeur in die gevangenis agter hom toe te maak en vir navorser te vra: "Is jy bang vir my?" Navorser se ervaring in die hantering van mense het hier 'n belangrike rol gespeel deur hierdie subjek met kalmte te hanteer en glad nie by hom die indruk van angs te skep nie maar rustig met die onderhoud voort te gaan.

(b) Subjek se optrede tydens die onderhoudvoering

Hierdie subjek was aanvanklik geweldig gespanne soos verskeie van die voorgenoemde subjekte en het in sirkels in die kantoor rondgeloop. Hierdie spanning van subjek I stem ook ooreen met dié van subjekte A en B, wat onderskeidelik gewag het vir vonnisoplegging en so pas gearresteer was vir kindermolestering. Navorser het subjek I aanvanklik laat begaan en met verloop van tyd sy gevoelens van angs en spanning geverbaliseer. Hierdie angs en spanning kan toegeskryf word daaraan dat hy op hierdie stadium nog verhoorafwagtend was, maar hy het ook deur sy angstige optrede gepoog om navorser van stryk te bring, waarin hy nie kon slaag nie.

Subjek I het deurentyd probeer om indruk te maak en het reeds aan die begin van die onderhoud navorser se aandag daarop gevestig dat hy suiwer tweetalig is en dat hy soms sal oorslaan na Engels tydens die onderhoud. Navorser is van mening dat hy met laasgenoemde wou probeer angs wek by haar, maar navorser het hom die keuse gelaat van watter taal hy wou gebruik. Tydens die onderhoude het hy telkens oorgeslaan na Engels wanneer hy begin onseker raak van homself.

Verder was subjek I geweldig behep met detail, wat heeltemal verskil van die ander subjekte in hierdie fase van die ondersoek. Wanneer navorser sou vra waar hy gebore is, sal hy dag en datum, straatadres, voorstad en sy ouers se afkoms tot in die fynste besonderheid beskryf. Navorser is van mening dat hy hierdeur homself in 'n goeie lig probeer stel het en dat hy wou wegkom van die probleem waaroor die onderhoud eintlik gaan. Navorser moes hom telkens

na die onderwerp teruglei. Hierdie optrede van subjek het die onderhoud tydrowend en uitputtend gemaak.

Navorser het waargeneem dat namate die onderhoud gevorder het en subjek I nie daarin geslaag het om navorser te beheer nie, het hy meer rustig geraak en op 'n stoel gaan sit. Hy het ook later self erken dat hy te wagte was dat navorser 'n baie jong onervare dametjie sou wees, wat met hom die onderhoud kom voer:

| | |
|---|---|
| Subjek: | "Moet net nie met my doekies omdraai nie. Ek is bereid om heeltemal reguit met jou te praat. Ek was 'n bietjie bekommerd gewees dat 'n baie jong dametjie hier gaan aankom en dat as ek reguit praat sy dit nie in die regte konteks sal kan plaas nie. Ek praat van hierdie jong onskuldige tipe van 'haai né'." |

Verder het navorser met behulp van stelselmatige waarneming agtergekom dat subjek I met groot aggressie reageer ten opsigte van sy skoonmoeder wat by hulle woon. Hy was van mening dat sy 'n groot aandeel gehad het in die feit dat hy sy seun seksueel gemolesteer het. Hy het sy skoonmoeder se gedrag in die fynste besonderheid bespreek en het probeer om só die aandag van sy eie onvermoëns en mislukkings af te hou.

Te midde van hierdie subjek se moeilik hanteerbare gedrag het navorser tog daarin geslaag om die onderhoude volledig af te handel.

(c) <u>Subjek se modus operandi ten opsigte van die misdryf</u>

Volgens subjek I het sy vrou en skoonmoeder 'n ernstige probleem, aangesien hulle oorbehep is met hulle godsdiens en almal in die omgewing wil evangeliseer. Hierdie omstandighede het meegebring dat hy en sy vrou geen verhouding meer gehad het nie en dat hulle seksuele verhouding ook daaronder gely het. Laasgenoemde probleem het oor jare gestrek en hy het begin om sy dertienjarige seun te betas en die kind moes hom masturbeer. Die molestering het oor 'n lang periode plaasgevind. Verder het subjek I ook allerlei voorwerpe self gemaak om

sy seksuele behoeftes te bevredig. By die subjek is ook verskeie pornografiese materiaal gevind (kyk bylaag E figure E1, E2, E3, E4).

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Waar het jy die voorwerpe gekry wat die polisie by jou gevind het?" |
| Subjek: | "Ek het dit self gemaak. Ek het tampons gebruik en 'n leë deodorant blikkie en 'n kondoom. Verder het ek klampe gemaak. Ek het dit gebruik om ons lewe 'n bietjie op te kikker. Namate daar druk in die huwelik gekom het, het ek nog net die fisiese in die huwelik gehad en Tina het nie meer in die fisiese belanggestel nie. Ek het gevoel ek kan die mure uitklim, want ek het een eed en een vrou. Dit is net een vrou en dit is klaar." |

Subjek I is skuldig bevind aan die onsedelike aanranding van sy dertienjarige seun en is drie jaar gevangenisstraf opgelê, waarvan agtien maande opgeskort is vir vyf jaar en 'n verdere agtien maande opgeskort is vir vyf jaar met die voorwaarde dat hy by 'n sielkundige moet inskakel vir terapie.

4.2.2.10 Subjek J

(a) Beskrywing van subjek

Subjek J is 39 jaar oud. Hy is groot gebou met donker hare. Hy is stil en teruggetrokke soos subjekte B en G en skep 'n passiewe indruk. Subjek J is getroud met 'n baie deftige vrou met geweldige emosionele skommelinge. Laasgenoemde wissel van vriendelik tot selfmoordpogings tot aanrandings op subjek.

(b) Subjek se optrede tydens die onderhoudvoering

Hierdie subjek het goeie samewerking gegee deur gereeld sy afsprake na te kom. Hy het spontaan aan die onderhoudvoering deelgeneem, maar het slegs gereageer op die vrae wat navorser gevra het. Subjek J het deurentyd onseker vertoon soos die meeste ander subjekte in hierdie fase en het baie spanning beleef, omdat die molestering nooit aangemeld is nie en

sy vrou die oortreding soos 'n swaard oor sy kop laat hang het. Navorser het waargeneem dat subjek J dikwels inmekaar gesit het en sy maag het kort-kort gegrom.

Subjek het 'n baie onstabiele vrou wat gedurig gedreig het om die saak by die polisie aan te meld, maar dit nooit gedoen het nie. Navorser is van mening dat sy hierdie dreigement gebruik as 'n hefboom om subjek te beheer. Tydens die onderhoude het dit na vore gekom dat subjek se vrou hom van tyd tot tyd aanrand en met 'n sambok slaan. Hy reageer nie op hierdie optrede van sy vrou nie nie wat 'n weerspieëling is van sy swak selfbeeld en sy passiwiteit. Dit het duidelik navore gekom dat hy aan hierdie aggressiewe vrou vashou en in sy binneste hoop dat dit die volgende dag beter sal gaan. Hierdie wisselende omstandighede het werklik oor jare aangegaan. Subjek J het hierdie navorsingsonderhoude as 'n oase beleef, waar hy warmte en aandag ten opsigte van sy probleem geniet het.

(c) <u>Subjek se modus operandi ten opsigte van die misdryf</u>

Subjek J erken dat hy sy stiefdogter seksueel gemolesteer het terwyl sy vrou oorsee was. Hy het aanvanklik vir haar 'n pornografiese tydskrif en 'n kondoom gekoop, wat dui op sy behoefte aan aanvaarding. Die dogter het 'n partytjie beplan terwyl haar moeder weg was en subjek het vir haar en haar vriendin drank gekoop vir die partytjie. Die ander vriende het nooit opgedaag vir die partytjie nie en subjek het begin om saam met die twee dogters te drink. Hulle het met 'n speletjie begin deur te ontklee en het so begin om mekaar te betas. Laasgenoemde bevestig verder subjek se behoefte aan aanvaarding. Die dogters het die insident vir ongeveer twee jaar geheim gehou, waarna die stiefdogter dit by die predikant aangemeld het.

Wanneer na die onderskeie subjekte gekyk word, kon navorser deur middel van stelselmatige waarneming onsekerheid, spanning, onstabiliteit, swak kommunikasie en onverwerkte aggressie duidelik opmerk as gemeenskaplikhede van die kindermolesteerders. Die subjekte verskil wel in die hantering van hierdie onsekerhede en spanning deur teruggetrokke en passief of aggressief op te tree of om manipulerend en oorheersend op te tree. Hierdie verskil in optrede kan in verband gebring word met die uniekheid van elke mens, naamlik dat geen twee mense dieselfde op 'n bepaalde stimilus reageer nie.

In die volgende afdeling word aandag gegee aan die verskillende temas wat tydens die semi-gestruktureerde onderhoude met die onderskeie subjekte bespreek is.

### 4.2.3 Temas aangespreek

In hierdie fase van kwalitatiewe ondersoek is daar intensief aandag gegee aan die gebeure, patrone en prosesse in die lewe van die kindermolesteerder (vgl. Mark 1996:213). Ten einde aansluiting te vind by die kwalitatiewe aard van hierdie fase gee navorser ook deurgaans verbatim aanhalings van die verskillende subjekte in verband met die onderskeie temas. Navorser het gebruik gemaak van semi-gestruktureerde onderhoude, dokumentêre bronne en stelselmatige waarneming in die aanspreek van die verskillende temas tydens die data-insameling. Die doel met laasgenoemde was om maksimale data ten opsigte van die kindermolesteerder te bekom. Die ingesamelde data in fase een van die ondersoek is volgens Sarantakos (1998:321) se model verwerk soos uiteengesit in afdeling 1.3.3.7 van hoofstuk een. Navorser wou met laasgenoemde die gemeenskaplikhede en ooreenkomste ten opsigte van die oortreder blootlê, wat aansluiting vind by die aanvanklike doel van die ondersoek soos bespreek in afdeling 1.2.2 van hoofstuk een en wat in fase twee verder nagevors kan word. Na die bespreking van elke tema word die data van daardie tema in tabelvorm saamgevat ten einde die patroon van gemeenskaplikhede en ooreenkomste tussen die kindermolesteerders vir die leser visueel te illustreer.

#### 4.2.3.1 Biografiese inligting van die kindermolesteerder

In hierdie afdeling het navorser saam met elke molesteerder 'n genogram (soos omskryf in afdeling 1.3.1.3 van hoofstuk een) geteken om sy gesin van herkoms visueel uit te beeld. Sekere vrae ten opsigte van hierdie tema wat tydens die data-insameling aandag moes geniet is geïdentifiseer en word soos volg gemotiveer:

(a) Motivering van vrae ten opsigte van hierdie tema

Ten opsigte van die ouderdom van kindermolesteerders noem Bartol (1995:304) dat hulle uit alle ouderdomsgroepe afkomstig is en dat hulle gemiddelde ouderdomme wissel tussen 36 en 40 jaar. Navorser wou gevolglik Bartol se mening in die praktyk gaan navors en het daarom gaan kyk na die ouderdomme van die kindermolesteerders in hierdie fase van die ondersoek.

Caffaro (1991: 33-35) sê weer dat die kindermolesteerder nie leer om positiewe verhoudings te bou nie as gevolg van sy ouers se swak voorbeeld. Navorser het byvoorbeeld gaan kyk na die huwelikstaat van die kindermolesteerder en het probeer uitvind wat die kwaliteit van sy sosiale verhoudings is deur aandag te gee aan die voorkoms van egskeidings, verlatings en saamleefverhoudings in sy lewe. Hierdeur wou navorser 'n aanduiding kry of hy hierdie voorbeeld uit sy ouerhuis oorgedra het en nou self probleme ondervind in verhoudings met die teenoorgestelde geslag.

Navorser wou in hierdie ondersoek vasstel watter opvoedkundige kwalifikasies die kindermolesteerders het en watter beroepe hulle beklee. Hierdie vrae is gemotiveer deur Bartol (1995:305) wat gevind het dat twee derdes van die gearresteerde en skuldigbevinde kindermolesteerders uit ongeskoolde en halfgeskoolde beroepe kom.

Hoewel weinig inligting bekend is oor die godsdiensaspek van die kindermolesteerder, wou navorser bepaal of die kindermolesteerder enige kerklike verbintenis het en of hy juis uit die aard van sy probleem heeltemal losstaan van die godsdiens.

(b) <u>Bevindinge ten opsigte van hierdie tema</u>

Wanneer gekyk word na die ouderdomme van die kindermolesteerders in fase een word gevind dat hulle ouderdomme wissel van 24 jaar tot 47 jaar met 'n gemiddelde ouderdom van 34,7 jaar. Navorser weet nie hoe betroubaar hierdie ouderdomme is nie, aangesien molestering dikwels oor jare strek voordat dit eers aangemeld word en die molesteerder moontlik op 'n veel vroeër ouderdom al met die misdryf begin het.

Sewe van die molesteerders in hierdie fase van die ondersoek was getroud en al sewe het tot dusver nog net een huwelik gehad. Die duur van hulle huwelike het gewissel van ses maande tot 26 jaar. Verder is gevind dat nege van die molesteerders voorheen saamleefverhoudings gehad het, waarvan vyf met hulle eie vrouens was. Die duur van die saamleefverhoudings het gewissel van twee maande tot sewe jaar. Die hoë voorkoms van saamleefverhoudings dui op die molesteerder se onsekerheid ten opsigte van verhoudings, waarvan die volgende 'n voorbeeld is:

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Wat het gemaak dat jy en Koba begin het om saam te bly?" |
| Subjek G: | (*onseker en strompel oor sy eie woorde*) "Ek het voorheen verhoudings met ander vrouens gehad. Ek het gevoel ek wil by Koba wees. Sy was die eerste een wat begin praat het van trou en so aan. Ons het dit saam bespreek en besluit ons bly eers saam en as dit uitwerk dan trou ons en as dit nie uitwerk nie dan gaan ons uit mekaar." |

Ten opsigte van opvoedkundige kwalifikasies is gevind dat ses subjekte nie hulle skoolloopbaan voltooi het nie. Slegs vier het matriek geslaag en net twee het naskoolse opleiding ontvang. Uit die data kom dit navore dat die kindermolesteerders probleme ondervind om hulle skoolloopbaan te voltooi, wat moontlik toegeskryf kan word aan probleme tuis.

Tydens die ondersoek was twee van die molesteerders werkloos, een was in die gevangenis en sewe het een of ander halfgeskoolde beroep beklee. Hierdie tendens waar die meerderheid by halfgeskoolde beroepe betrokke is, verwys terug na die molesteerder se onvermoë om deur te druk en iets te bereik soos in die geval van sy skoolloopbaan wat hy nie voltooi het nie.

Ten opsigte van kerkverband het vyf aan die N.G. kerk behoort en die ander vyf was verbonde aan verskillende ander kerke. Die kindermolesteerder staan dus nie los van die godsdiens nie.

In tabel 4.1 word 'n samevatting gegee van die bevindinge ten opsigte van die biografiese inligting van die kindermolesteerders.

**Tabel 4.1**
Biografiese inligting van die kindermolesteerders

| Tipe data | Kindermolesteerders | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | B | C | D | E | F | G | H | I | J |
| Ouderdom | 31 jaar | 29 jaar | 25 jaar | 24 jaar | 38 jaar | 32 jaar | 41 jaar | 47 jaar | 41 jaar | 39 jaar |
| Huwelikstaat | Geskei | Getroud | Vervreem | Getroud | Getroud | Getroud | Ongetroud | Getroud | Getroud | Getroud |
| Aantal saamleef-verhoudings | Een | Een eie vrou | Twee | Twee | Een 2de vrou | Een eie vrou | Een | Een eie vrou | Geen | Een eie vrou |
| Duur van saamleef-verhoudings | 3½ jaar | 8 maande | 2 maande 1 jaar | 1 jaar 7 jaar | 2 jaar | 4 maande | 5 jaar | 3 maande | Geen | 7 jaar |
| Aantal huwelike | Een | Een | Twee | Een | Twee | Een | Geen | Een | Een | Een |
| Duur van huwelike | 6 jaar | 8 jaar | 5 jaar 1 jaar | 6 maande | 1 jaar | 14 jaar | Geen | 26 jaar | 15 jaar | 7 jaar |
| Opvoedkundige kwalifikasie | St 8 | St 10 | St 6 | St 8 | St 8 | St 7 N 1 | St 10 | St 8 | St 10 N 4 | Bedryfs-diploma |
| Beroep | Gevangene | Bewaarder | Werkloos | Werkloos | Passer | Makelaar | Netwerk Adminis-treerder | Ketelmaker | Instru-ment Meganikus | Elektro-niese tegnikus |
| Kerkverband | A.G.S. | N.G. | Ou Apostel | N.G. | N.G. | Lede in Christus | Methodiste | Lede in Christus | N.G. | N.G. |

### 4.2.3.2 Kinderjare van die kindermolesteerder

Hierdie is die tweede tema in die onderhoudsgids en die genogram is tydens hierdie tema verder geteken aan die hand van die vrae wat soos volg gemotiveer word:

#### (a) Motivering van vrae ten opsigte van hierdie tema

In hierdie afdeling wou navorser bepaal of kindermolesteerders uit groot of klein gesinne afkomstig is. Gesinsgrootte kan 'n rol speel in die kwaliteit van aandag wat die kindermolesteerder in sy ouerhuis geniet het. 'n Leemte in genoemde aandag kan in die kindermolesteerder se volwasse lewe 'n bydrae lewer tot sy betrokkenheid by kindermolestering aangesien hy deur die molestering sy behoefte aan aandag probeer vervul.

In hierdie afdeling het navorser ook vrae geformuleer om die ouer-kindverhoudings asook die onderlinge verhoudings tussen die kinders te evalueer. Hiermee wou navorser bepaal of daar leemtes in hierdie onderlinge verhoudings was wat die kindermolesteerder in sy volwasse lewe kon oorgedra het. Navorser het verder spesifiek klem gelê op die kindermolesteerder se verhouding met sy vader en sy moeder om vas te stel of 'n leemte in een spesifieke ouer-kindverhouding 'n beduidende rol speel in die lewe van die kindermolesteerder. Caffaro (1991:33-35) noem byvoorbeeld dat daar in verskeie ondersoeke gevind is dat die kindermolesteerder as kind 'n afwesige vader gehad het.

Caffaro (1991:33-35) noem ook verder dat die kindermolesteerder nie warmte en sekuriteit in sy ouerhuis beleef het nie. Na aanleiding van laasgenoemde het navorser vrae gerig oor die kindermolesteerder se opvoeding en spesifiek ten opsigte van positiewe en negatiewe belewenisse in sy kinderdae en die aard van sy ouers se dissipline. Hiermee wou navorser bepaal of die kindermolesteerder enige grense in sy opvoeding beleef het wat vir hom sekuriteit kon bied. Andersins wou navorser uitvind of die kindermolesteerder kon maak soos hy wou, waardeur hy 'n lewenspatroon ontwikkel het waarin daar geen orde en dissipline was nie.

Steyn (1993:47) noem dat die gesin waarin kindermolestering voorkom soms beheer word deur gevestigde reëls wat selde gewysig word. Hierdie reëls moet onder alle omstandighede

nagekom word. Navorser wou gevolglik in die lig van laasgenoemde vasstel of die kindermolesteerder uit 'n rigiede en dominerende gesin kom wat meebring dat hy geen mening van sy eie het nie en alles slaafs navolg. Navorser wou ook bepaal of hy hierdie rigiditeit op sy eie gesin afdwing wat die teëlaarde vir molestering skep.

Ten opsigte van die kindermolesteerder se kinderjare wou navorser ook vasstel of daar enige molestering in sy gesin van herkoms voorgekom het, hoe dit hom beïnvloed het en of dit ooit aangemeld is. Met hierdie tema wou navorser vasstel in watter mate kindermolestering van een generasie na 'n ander oorgedra word en of die probleem ooit aangespreek word. Laasgenoemde aspekte is wel aangeroer deur Bagley et al. (1994:683) sowel as Levett (1991:13) wat noem dat die meeste kindermolesterings binne gesinsverband plaasvind en die kindermolesteerder dikwels uit 'n ouerhuis kom waarin hyself as kind gemolesteer is.

Verdere vrae is ook gerig ten opsigte van die kindermolesteerder se wisseling in verblyf in sy kinderjare, die kwaliteit van vriendskappe en sy vordering op skool. Navorser wou vasstel in watter mate die molesteerder as kind reeds onstabiliteit beleef het wat 'n invloed op sy verhoudingslewe (vriendskappe) en sy skoolvordering gehad het.

(b) <u>Bevindinge ten opsigte van hierdie tema</u>

Die gesinsgrootte waaruit die kindemolesteerders gekom het, het gewissel van een tot tien kinders in die gesin. Ses van die molesteerders het uit gesinne van vier en meer kinders gekom, wat kon meebring dat hulle nie altyd die nodige kwaliteit aandag ontvang het nie.

Ten opsigte van die molesteerders se verhoudings met hulle susters, is gevind dat vyf geen susters gehad het nie. Van die oorblywendes het drie 'n negatiewe verhouding en twee 'n positiewe verhouding met hulle susters gehad.

Twee van die molesteerders het geen broers gehad nie. Slegs twee subjekte het positiewe verhoudings met hulle broers gehad en ses het negatiewe verhoudings met hulle broers gehad, wat moontlik dui op 'n negatiewe verhouding met die manlike geslag.

Ten opsigte van die molesteerder se verhouding met sy ouers, het sewe positiewe verhoudings met hulle moeders gehad en slegs twee het positiewe verhoudings met hulle vaders gehad, wat dui op die negatiewe verhouding met die vaderfiguur. Ten opsigte van hulle gesinsverhoudings het van die kindermolesteerders soos volg gereageer:

| | |
|---|---|
| Vraag: | "Hoe sal jy jou verhouding met jou broers en jou susters beskryf?" |
| Subjek F: | "Soos met my pa en my ma. Baie oppervlakkig. Ons het soms vir twee jaar nooit met mekaar kontak nie en dan sal ek my suster bel en vra hoe dit gaan. Ons is eintlik 'n liefdelose familie." |

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Hoe sal jy jou verhouding met jou pa beskryf?" |
| Subjek G: | "Ek kan nie veel daarvan onthou nie. Ek kan skaars onthou dat hy ooit met my gepraat het." |
| Subjek H: | "Ja, kom ons stel dit so. As daar getugtig moes word het my ma dit maar altyd gedoen. Net in uitsonderlike gevalle het die oubaas my gegryp. Hy was die afwesige figuur gewees. Ons het hom gesien as pa wat werk en pa bring die geld in." |

In hierdie ondersoek het ses van die molesteerders lyfstraf gekry as vorm van dissipline. Slegs by een het dissiplinering geskied deur goeie kommunikasie. Verder het dissipline die vorm aangeneem van dwang, in die kamer bly vir straf en so meer. Uit fase een kom dit na vore of die kindermolesteerder dus hardhandig in sy ouerhuis hanteer is en nie die geleentheid gehad het om sy mening te lug nie. Die volgende is 'n voorbeeld van hoe dissipline toegepas is:

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Hoe is julle in die huis gedissiplineer?" |
| Subjek F: | "Baie streng. As my pa by die huis was en jy het iets verkeerd gedoen sal hy die eerste ding wat hy in die hande kon kry jou mee slaan. Hy het my al met 'n draadhanger, die ketel se koord, 'n lyfband of 'n kweperlat geslaan. Hy sou nooit met jou gepraat het oor wat jy gedoen het nie." |
| Subjek C: | "My pa het ons een keer by die spruit gaan haal en ons tot by die huis geslaan met die ketel se draad." |

Kindermolestering het in vyf van die gesinne van herkoms voorgekom, waarvan slegs een aangemeld is, wat 'n aanduiding is van die voorkoms van molestering binne gesinsverband asook die onderaanmelding van die probleem.

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Hoe het jy die molestering deur jou stiefpa beleef?" |
| Subjek C: | "Ek het nie daarvan gehou dat hy aan my vat of aan my peuter nie. Elke keer as hy by my bed was het ek vir hom gesê hy moet ophou. Ek het my ma twee of drie keer gesê van die molestering, maar sy het haar nie daaraan gesteur nie." |
| Navorser: | "Wat was jou belewenis dat jy deur jou ouer suster gemolesteer is?" |
| Subjek H: (*stilte*) | |
| | "Wel die eerste keer wat dit gebeur het was ek maar skrikkerig. Ek het nie geweet wat om te dink van die hele besigheid nie. Die tweede keer het ek dit maar toegelaat. Ek het dit later maar gelos soos dit kom. Ek was die hele tyd skaam daaroor. Dit is nooit aangemeld nie." |

Verder het dit ook na vore gekom dat slegs twee van die kindermolesteerders niks positief gedurende hulle kinderjare ervaar het nie, hoewel agt te kenne gegee het dat hulle meer positiewe belewenisse ten opsigte van hulle kinderjare gehad het. Laasgenoemde word deur navorser bevraagteken weens die disfunksionele gesinne waaruit die kindermolesteerders kom. Die kindermolesteerder het gevolglik geen verwysingsraamwerk van positiewe kinderjare soos omskryf in afdeling 1.3.1.11 van hoofstuk een nie en weet nie regtig wat dit behels nie. Die volgende het tydens die studie navore gekom:

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Wat dink jy was positief in jou kinderdae?" |
| Subjek C: (*baie onseker*) | |
| | "Sjoe, ek weet nie. Ek het eintlik maar 'n 'terrible' kinderlewe gehad. Ek sou my kinderlewe baie anders wou gehad het. Dis net om in 'n ordentlike huis groot te word en jy word nie net geskop en geklap vir enige ding nie. 'n Beter skoollewe. Ons het dit nie gehad nie. Eintlik was my hele lewe van kleinsaf 'n gemors." |

In hierdie ondersoek het vyf van die kindermolesteerders gewissel van verblyf, wat ook 'n aanduiding van onstabiliteit is. Hierdie wisseling in verblyf het ook 'n negatiewe invloed op hulle bou van verhoudings gehad soos blyk uit subjek G se mening hierna. In hierdie fase is ten opsigte van vriendskappe gevind dat twee subjekte geen vriende gehad het nie. Verder het drie weinig vriende gehad en twee het verkeerde en oppervlakkige vriendskappe gehad. Die ander drie beweer hulle het baie vriende gehad. Wat betref die kindermolesteerder se vordering op skool, het vyf gemeen dat hulle gesukkel het op skool en een het stokkies gedraai, terwyl vier nie op skool gesukkel het nie. Hierdie vordering word ook beïnvloed deur die onstabiliteit van die molesteerder se ouers omdat hy gedurig moet wissel van skool. Die volgende het in verband met onstabiliteit na vore gekom, wat ook 'n aanduiding gee van die ander maatskaplike probleme waaraan die kindermolesteerder in sy gesin van herkoms blootgestel word:

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Wat was negatief in jou kinderjare?" |
| Subjek G: | "Om so baie rond te trek en elke keer weer na 'n nuwe skool te gaan waar jy niemand ken nie. Ons het ook maar partykeer in 'bad' plekke gebly, slegte huise, bouvalle met gate in die 'ceilings' en daar is nie warm water nie. Ons het geldelik gesukkel. Die eerste keer wat ek 'n langbroek in my lewe gehad het, was ek in standerd ses. Ek weet van twee keer wat my ma vir my klere gekoop het. Ons het maar altyd by ander mense klere gekry." |

In tabel 4.2 word 'n samevatting gegee van die bevindinge ten opsigte van die kindermolesteerders se kinderjare.

**Tabel 4.2**
Kinderjare van die molesteerder

| Tipe data | Kindermolesteerders | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | B | C | D | E | F | G | H | I | J |
| Gesinsgrootte | Een | Een | Vier | Agt | Vier | Tien | Agt | Agt | Twee | Twee |
| Verhouding met susters | Geen Susters | Geen susters | Geen susters | Konflik | Positiewe | Afstand | Verkies alleen wees | Positiewe | Geen susters | Geen susters |
| Verhouding met broers | Geen broers | Geen broers | Negatiewe | Konflik | Positiewe | Afstand | Verkies alleen wees | Positiewe | Konflik | Konflik |
| Verhouding met moeder | Naby aan ma | Naby aan ma | Naby aan ma | Negatiewe | Naby aan ma | Ver van ma | Negatiewe | Naby aan ma | Naby aan ma | Naby aan ma |
| Verhouding met vader | Ken hom nie | Naby aan pa | Afwesig | Naby aan pa | Negatiewe | Ver van pa | Negatiewe | Afwesig | Afwesig | Afstand |
| Aard van dissipline | Negatief Lyfstraf | Gekom-munikeer | Streng Lyfstraf | Kinder-huiskind | Bly in kamer | Dominant Lyfstraf | Geraas Lyfstraf | Dwang | Lyfstraf Sambok | Daagliks lyfstraf |
| Aanwesigheid van molestering | Nee | Nee | Ja | Ja | Nee | Ja | Ja | Ja | Nee | Nee |
| Was molestering aangemeld | Nee | Nee | Ja | Nee | Nee | Nee | Nee | Nee | Nee | Nee |

Tabel vervolg

**Tabel 4.2 (vervolg)**
Kinderjare van die molesteerder

| Tipe data | Kindermolesteerders | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | B | C | D | E | F | G | H | I | J |
| Positiewe kinderjare | Sport | Saamdoen | Niks | Kinder-huislewe | Saamdoen | Boekprys Jukskei | Niks | Sport | Goeie Rapporte | Speel op plaas |
| Negatiewe kinderjare | Niks | Werkende Ouers | Molestering | Dissipline | Drank-probleme | Afwesige ouers | Newe verhoudings ma | Molestering | Konflik | Onreg straf |
| Wisseling in blyplek | Nee | Nee | Ja | Ja | Nee | Ja | Ja | Nee | Ja | Nee |
| Weinig of geen vriende | Weinig Homo-seksueel | Geen | Geen | Baie vriende | Weinig vriende | Verkeerde vriende | Weinig vriende | Baie vriende | Baie vriende | Opper-vlakkige vriend-skappe |

4.2.3.3 Huweliks- en gesinsverhoudings van die kindermolesteerder

Tydens die hantering van die derde tema in hierdie fase is die teken van die genogram afgehandel en word die vrae soos volg gemotiveer:

(a) Motivering van vrae ten opsigte van hierdie tema

Bennett (1984:9) asook Levang (1988:64) noem dat kindermolesteerders dikwels met ouer vrouens trou sodat die vrou vir hom 'n moeder kan wees en hy iemand kan hê wat vir hom sorg. Met hierdie gedagte wou navorser vasstel wat die ouderdomme van hierdie vrouens is en waarna die kindermolesteerder in 'n huweliksverhouding soek.

Kotze (1990:34) is van mening dat die kindermolesteerder dikwels die dogter wat hy misbruik voortrek en sekere voorregte gee wat die ander kinders nie kry nie. Na aanleiding daarvan wou navorser dus bepaal wat die aard van die kindermolesteerder se verhouding met sy kinders is. Aangesien Kotze (1990:34) ook noem dat die kindermolesteerder sy dade geheim hou wou navorser uitvind in watter mate die kindermolesteerder se vrou bewus is van die molestering en wat haar reaksie daarop is. Hiermee wou navorser bevestig of hierdie vrouens meewerk aan die seksuele molestering van hulle kinders of glad nie bewus is van die probleem nie.

(b) Bevindinge ten opsigte van hierdie tema

Tydens die bespreking van hierdie tema is gevind dat vier van die kindermolesteerders 'n gedwonge huwelik gehad het (in die huwelik getree het omdat die vrou swanger geraak het), terwyl twee nie weet hoekom hulle in die huwelik getree het nie. Slegs twee gee te kenne dat hulle vir liefde getrou het. Een was nooit getroud nie en 'n verdere een het na iemand gesoek wat hy kan beskerm en koester. In sewe van hierdie huwelike het die molesteerders met ouer vrouens getrou, wat mootlik 'n aanduiding kan wees van die moederliefde waarna hy soek soos genoem deur Bennett (1984:9) en Levang (1988:64). Volgens hierdie data kom dit na vore dat die molesteerders nie weet waarna hulle in 'n verhouding soek nie en wat hulle onsekerheid en onvermoë in dié verband beklemtoon. In hierdie ondersoek was nege van die kindermolesteerders betrokke by voorhuwelikse seks. Hierdie hoë voorkoms van voorhuwelikse seks verwys na die kindermolesteerder se gepreokkupeerdheid met die seksuele. Die volgende het ten opsigte van verhoudings in hierdie fase navore gekom:

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Watter eienskappe aan jou saamleefmaat het jou aangetrek?" |
| Subjek G: | "Wat my aangetrek het was dat sy 'n goeie verhouding met haar kinders gehad het en dat sy baie vir hulle omgegee het. Dit het my seker aangetrek omdat ek nooit liefde van my ma gekry het nie. As ek sien sy gee liefde vir haar kinders dan voel ek aangetrokke tot haar en soek ek ook daardie liefde van haar." |

Bogenoemde is 'n duidelike weerspieëling van subjek G se behoefte aan moederliefde.

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Hoekom het jy en Suzie so jonk in die huwelik getree?" |
| Subjek C: | "Ek was op daardie stadium in die weermag en ek het getrou omdat die vroumens gesê het sy is verwagtend van my en verder sou ek meer geld kry as ek trou." |

Uit die genoemde aanhaling kom dit na vore dat hierdie molesteerder allerlei ander motiewe ten opsigte van sy huwelik gehad het en dat dit glad nie gegaan het om die verhouding nie, wat weereens sy traak-my-nie-agtigheid ten opsigte van verhoudings bevestig.

In agt van die molesteerders se huwelike was hulle verhoudings met hulle huweliksmaats onstabiel, negatief, stormagtig en met konflik gelaai. Slegs een het gevoel hy het 'n plek gevind waar hy behoort en 'n verdere een het 'n positiewe verhouding met sy vrou gerapporteer. Die weergawe van die kindermolesteerders se huweliksverhoudings in tabel 4.3 gee 'n goeie aanduiding van hulle swak sosiale verhoudings.

| | |
|---|---|
| Navorser: | " Hoe sal jy jou huweliksverhouding met Suzie beskryf?" |
| Subjek C: | "Aag ek sal nie sê dit was eintlik 'n huwelik nie. Sy het maar basies gekom en gegaan soos sy wou." |
| Navorser: | "Hoe sal jy jou huweliksverhouding met Ronel beskryf?" |
| Subjek J: *(lang stilte)* | "Soos die weer. Eendag fantasties en die ander dag 'n donderstorm. Wanneer die son skyn is dit baie lekker saam, want dan kan ek haar maat wees en kan ek met haar gesels. Dis lekker om naby haar te wees en vir haar te wys ek is lief vir haar en te hoor sy is lief vir my." |

Ten opsigte van leierskap in die huwelik het vyf van die molesteerders te kenne gegee dat hulle die leiding in die huwelik geneem het. In drie van die huwelike het die molesteerder en sy vrou in 'n vennootskapsverhouding gestaan, terwyl een se vrou die leiding geneem het, en een wou hom glad nie oor hierdie aspek uitlaat nie.

By die bespreking van kommunikasie het dit na vore gekom dat in sewe van die huwelike die egliede glad nie met mekaar kon praat oor hulle gevoelens nie, wat 'n duidelike beeld weergee van die aard van die kommunikasie in die molesteerder se huis.Die volgende het in die studie navore gekom ten opsigte van kommunikasie:

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Kon jy en jou vrou met mekaar eerlik praat oor julle gevoelens?" |
| Subjek E: | "Nee, want partykeer steek ek goed weg vir my vrou soos die probleme met my drinkery. Sy het geweet hoeveel ek drink, maar ek het nooit met haar daaroor gepraat nie." |
| Subjek F: | "Ja, ons kan op hierdie stadium ons gevoelens met mekaar deel. Voor ons inskakeling by terapie was dit nie so nie. As ek met haar oor iets gepraat het, het dit ontaard in 'n bakleiery. Truida kan nie 'n ding vinnig snap nie en dan raak ek gefrustreerd. Ek het baie keer nog nie eers oor 'n ding gepraat nie dan het sy al die bobbejaan agter die berg gaan haal. Dit was moeilik gewees." |

Die kindermolesteerder se belewenis van seks in sy huwelik het gewissel van vier wat dit bevredigend beleef het tot vyf wat dit beleef het as onbevredigend of soms bevredigend, tot geen seks. Een van die kindermolesteerdes was impotent en kon nog nooit 'n ereksie bereik nie.

Ten opsigte van die kindermolesteerder se verhouding met sy kinders het dit aan die lig gekom dat slegs vier positiewe verhoudings met hulle kinders gehandhaaf het. In ses van die gevalle het die kindermolesteerder geen een van die kinders as die naaste aan hom beskou nie, wat weer 'n aanduiding is van die molesteerder se onvermoë in die opbou van verhoudings.

Slegs twee van die kindermolesteerders het te kenne gegee dat hulle vrouens bewus was van die molestering waaruit afgelei kan word dat hulle dit so ver moontlik probeer geheim hou het.

In tabel 4.3 word 'n samevatting gegee van die bevindinge ten opsigte van die kindermolesteerders se huweliks- en gesinsverhoudings.

**Tabel 4.3**
Huweliks- en gesinsverhoudings van die kindermolesteerder

| Tipe data | Kindermolesteerders | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | B | C | D | E | F | G | H | I | J |
| Rede vir huwelik | Liefde | Weet nie | Gedwonge | Gedwonge | Weet nie | Gedwonge Seks | Nooit getroud | Gedwonge | Beskerm Koester | Liefde |
| Voorhuwelikse seks | Ja | Ja | Ja | Ja | Ja | Ja | Impotent | Ja | Ja | Ja |
| Aard van huweliks-verhouding | Onsta-biel | Konflik | Negatief | Onsta-biel | Konflik | Storm-agtig | Voel ek behoort | Positief | Konflik | Konflik |
| Leier in huwelik | Subjek | Albei | Onbekend | Subjek | Albei | Subjek | Subjek | Albei | Subjek | Vrou |
| Openheid in huwelik | Nee | Ja | Nee | Ja | Nee | Nee | Nee | Nee | Nee | Soms |
| Belewenis van seks in die huwelik | Bevre-digend | Bevre-digend | Onbevre-digend | Onbevre-digend | Bevre-digend | Onbevre-digend | Impotent | Bevre-digend | Geen seks | Soms bevredigend |
| Verhouding met kinders | Geen kontak | Negatief | Negatief | Afgeteken | Positief | Kan nie hanteer | Positief | Positief | Positief | Konflik |
| Kind naaste aan die molesteerder | Geen een | Geen een | Geen een | Geen een | Oudste stiefdogter | Enigste dogter | Geen kinders | Almal dieselfde | Almal dieselfde | Geen |
| Was vrou bewus van molestering | Nee | Ja | Nee | Nee | Nee | Ja | Nee | Nee | Nee | Nee |
| Ouderdomme van vroue | Ouer | Ouer | 1.Ouer 2.Jonger | 1.Ouer 2.Jonger | 1.Jonger 2.Ouer | Jonger | Dieselfde | Ouer | Ouer | Dieselfde |

4.2.3.4 Die kindermolesteerder as persoon

Die vrae ten opsigte van die vierde tema in hierdie ondersoek word soos volg gemotiveer:

(a) Motivering van vrae ten opsigte van hierdie tema

Volgens Bateman (1994:38) en Kotze (1990:34) het die kindermolesteerder min selfvertroue en hy is dikwels 'n alleenloper as gevolg van sy onvermoë om verhoudings te bou. Navorser wou in hierdie afdeling die kindermolesteerder se kennis van homself bepaal en vasstel in watter mate hy onseker van homself is en alleen gelaat voel, wat hom gevolglik aangetrokke laat voel tot kinders. Navorser wou ook vasstel of die kindermolesteerder insig in sy probleem het en weet hoe om daaraan te werk en of hy die fout by ander soek.

(b) Bevindinge ten opsigte van hierdie tema

Wanneer daar in die ondersoek aandag gegee is aan die kindermolesteerder as persoon, is bevind dat al die kindermolesteerders swak selfbeelde het soos omskryf in afdeling 1.3.1.10 van hoofstuk een. Die volgende het tydens die ondersoek na vore gekom:

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Watter invloed het jou verlede gespeel in jou swak selfbeeld?" |
| Subjek H: | "As ek iets goed gedoen het, het ek nooit erkenning daarvoor gekry nie. My pa was nooit daar om vir my erkenning te gee nie en my ma was só besig met al die kinders dat sy ook nie daarby uitgekom het nie." |

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Dink jy jy het 'n goeie of 'n swak selfbeeld?" |
| Subjek B: | "Aag, partykeer is dit so tussen in. Partykeer voel dit of jy glad nie 'n selfbeeld het nie." |
| Subjek I: | "Op hierdie stadium is my selfbeeld 'n nul. Ek blameer myself vir waar ek nou sit. Ek moes al lankal werk gemaak het van die storie." |

In die ondersoek is verder bevind dat nege van die molesteerders onstabiliteit in hulle werk getoon het, wat 'n aanduiding is van hulle onsekerheid. Kindermolesteerders spreek hulle soos volg uit oor hulle wisseling in werk:

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Hoekom wissel jy so van werk?" |
| Subjek A: | "Kyk, toe ek weermag toe gegaan het, het ek bedank by die spoorweë. Toe ek die tweede keer bedank het by die spoorweë, het my tweede vrou my gelos. Alles was toe te veel vir my en ek is na my ma-hulle toe. Ek het gevoel laat ek na my ma toe gaan en van vooraf probeer." |
| Subjek H: | "Ek weet nie. Ek kan nie vir jou sê nie. Daardie vraag kan ek nie vir jou beantwoord nie. As ek gehoor het van iets beter het ek gegaan." |

Vier van die kindermolesteerders het gebruik gemaak van drank terwyl een drank en pille gebruik het. Hierdie middels het die molesteerders meer selfvertroue gegee om situasies te hanteer soos blyk uit die volgende:

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Het jy ooit gedrink?" |
| Subjek F: | "Ja, ek het sterk drank gedrink en gerook." |
| Navorser: | "Dink jy die drank het enige rol gespeel in die molestering?" |
| Subjek F: | " Nee, maar dit het 'n rol gespeel in gesinsgeweld. Volgens my vrou het ek haar geslaan as ek onder die invloed van drank was." |

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Het jy ooit van drank gebruik gemaak?" |
| Subjek G: | "Ja ek het altyd 'n paar drankies en 'n slaappil gedrink voordat ek die kinders betas het. Dit het my meer moed gegee, maar die volgende dag het ek skuldgevoelens gehad." |

Drie van die molesteerders het al pogings tot selfmoord aangewend. Laasgenoemde verwys ook na hulle onsekerheid en hulle onvermoë om 'n situasie te hanteer.

Ten opsigte van verandering het nege van die molesteerders laat blyk dat verandering nodig is om verdere molestering te voorkom, terwyl net agt bereid is tot verandering.

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Wat aan jouself moet verander dat jy nie weer 'n kind molesteer nie? |
| Subjek F: | "Jou denkpatroon moet verander. Jy moet jouself weerhou van pornografie. As ek aanhou daarmee, gaan een ding lei tot die volgende en tot die volgende. Dit gaan maak dat ek land waar ek nie wil wees nie. Ek moet besluit wat wil ek. Wil ek aangaan met my ou patroon of wil ek die hoogste sport bereik. Ek moet myself 'watch.' Ek het tot my vriendekring verander. Daar is geweldig baie goed waaraan jy moet werk. Jou seksuele gedrag moet verander." |

In tabel 4.4 word 'n samevatting gegee van die bevindinge ten opsigte van die kindermolesteerder as persoon.

**Tabel 4.4**
Persoonlikheid van die kindermolesteerder

| Tipe data | Kindermolesteerders | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | B | C | D | E | F | G | H | I | J |
| Aard van selfbeeld | Swak | Swak | Swak | Swak | Swak | Swak | Swak | Swak | Swak | Swak |
| Onstabiliteit in werk | Ja | Nee | Ja | Ja | Ja | Ja | Ja | Ja | Ja | Ja |
| Maak u van drank gebruik? | Nee | Nee | Ja | Nee | Ja | Ja | Drank en pille | Nee | Nee | Ja |
| Selfmoordpogings | Nee | Nee | Ja | Nee | Ja | Nee | Ja | Nee | Nee | Nee |
| Is verandering nodig om molestering te voorkom? | Ja | Ja | Ja | Ja | Nee | Ja | Ja | Ja | Ja | Ja |
| Molesteerder se bereidheid tot verandering | Ja | Nee | Ja | Ja | Nee | Ja | Ja | Ja | Ja | Ja |

4.2.3.5 Die aard van die kindermolestering

Hierdie is die vyfde tema in fase een van die navorsingsondersoek en die vrae in hierdie afdeling word soos volg gemotiveer:

(a) Motivering van vrae ten opsigte van hierdie tema

Steyn (1993:24) sê dat die kindermolesteerder se vrou hom dikwels uit die ouersubsisteem druk en dat hy as gevolg van sy min selfvertroue na die kindersubsisteem beweeg. Hy voel meer tuis tussen die kinders en sy behoefte aan liefde, erkenning en aanvaarding word deur hulle bevredig. Só 'n situasie skep 'n geleentheid tot molestering. In hierdie afdeling van die onderhoudsgids wou navorser eerstens uitvind of die kindermolesteerder die geselskap van kinders bó die van volwassenes verkies. Laasgenoemde kan 'n aanduiding gee van die molesteerder se plek in die gesinsopset en sy siening van homself.

Die kindermolesteerder sien die molestering dikwels nie as 'n oortreding nie, maar as seksonderrig of 'n liefdesbewys (Faller 1988:123; Scheela & Stern 1994:96). Navorser wou dus die kindermolesteerder se kennis toets oor wat hy as molestering sien en of hy dit in verband kan bring met wat hy gedoen het.

Volgens Parker en Parker (1989:533) het die kindermolesteerder soms meer as een slagoffer en hulle is dogters. Navorser wou hierdie aspek in die navorsing opvolg en terselfdertyd bepaal of die slagoffers verwant of onbekend is aan hom. Christiansen en Blake (1990:88) is van mening dat kindermolestering 'n gebeurtenis is wat die oortreder tydsaam en op sy gemak beplan. Navorser wou ook tydens hierdie ondersoek vir laasgenoemde bevestiging kry.

In 'n ondersoek wat Gilgun en Conner (1989:250) gedoen het, het dit aan die lig gekom dat kindermolesteerders verskeie belewenisse ervaar tydens die seksuele molestering van 'n kind. Navorser wou uitvind wat die kindermolesteerder tydens die molestering beleef het en wat die kind se reaksie was en wat hy gedink het die gevolge vir hom sowel as vir die kind kan inhou. Verder wou navorser ook uitvind of die kindermolesteerder van pornografie gebruik maak tydens die molestering van kinders. Hiermee wou navorser bepaal of die kindermolesteerder ooit gedink het wat hy doen, of het dit net vir hom gegaan oor die bevrediging van sy eie

seksuele behoeftes.

(b) Bevindinge ten opsigte van hierdie tema

In hierdie fase is bevind dat sewe van die molesteerders die geselskap van volwassenes verkies, terwyl een kinders verkies en 'n ander een kinders en volwassenes verkies. Een van die kindermolesteerders het kinders verkies of het eerder daarvan gehou om alleen te wees. Uit laasgenoemde kom dit na vore dat die kindermolesteerder nie werklik in kinders belangstel nie.

Slegs drie van die kindermolesteerders het geweet wat molestering behels. Vier het glad nie geweet nie en drie was onseker oor wat met kindermolestering bedoel word. Navorser is van mening dat die subjekte glad nie hulle seksuele betrokkenheid by kinders in verband bring met kindermolestering nie. Die volgende het in dié verband navore gekom:

Navorser: "Wat verstaan jy onder kindermolestering?"

Subjek B: ( *lang stilte en baie onseker*)

"Soos wat dit gebeur het. Betasting en die kind wat aan my geslagsdele gesuig het."

Subjek I: (*Stilte en in gedempte stem*)

"Ek weet nie meer wat dit beteken nie, regtig. Huidiglik verstaan ek dit is enige iets van kielie tot seksuele aanranding."

Onder hierdie groep kindermolesteerders in fase een was sewe van die slagoffers dogters en drie seuns en in sewe van die gevalle was die slagoffer bekend aan die oortreder. Gevolglik is dit nie 'n vreemdeling wat die kind molesteer nie, maar 'n vertroueling wat dikwels deel uitmaak van sy familie en/of vriende. Een van die subjekte het die volgende opmerking gemaak:

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Hoekom het jy jou dogtertjie gekies vir seks en nie 'n ander vrou nie?" |
| Subjek F: | "Ek het buite-egtelike verhoudings gehad terwyl ek met my vrou getroud was. Ek het nie 'n spesifieke voorliefde vir my kind gehad nie, maar sy was daar en dit was gerieflik binne die gesin." |

Ten opsigte van vorige molesterings het sewe oortreders geen vorige veroordelings gehad nie, terwyl die ander drie van twee tot vyf vorige oortredings gehad het. Laasgenoemde kan daaraan toegeskryf word dat molesterings soms oor jare strek voordat dit aangemeld word, wat meebring dat die oortreder net by een misdryf betrokke is. Verder word meeste gevalle nooit aangemeld nie en kom dit voor of die subjek nie by vorige molesterings betrokke was nie.

Die duur van die molesterings in hierdie fase het gewissel van vier subjekte wat dit eenmalig gedoen het en ses subjekte wie die kinders vanaf een maand tot 'n tydperk van ses jaar gemolesteer het.

Die aard van die molesterings het in sewe van die gevalle verander, terwyl twee subjekte van mening was dat dit dieselfde gebly het. Een van die molesteerders wou hom nie uitspreek oor die aard van die molestering nie.

In die geval van geheimhouding van die molestering het agt subjekte te kenne gegee dat hulle dit geheim gehou het. Van die subjekte vertel van geheimhouding:

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Het jy probeer om die molestering van jou suster se dogtertjie geheim te hou?" |
| Subjek H: | "Ja ek het vir haar gesê sy moet vir niemand sê nie, want dit is ons geheim, maar sy het vir haar ma vertel." |

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Het jy probeer om die molestering van jou stiefdogtertjie geheim te hou?" |
| Subjek A: | "Ja, die kind het nie van die molestering gehou nie en ek het haar gevra om nie vir haar ma te vertel nie, want haar ma sal kwaad wees." |

By die motivering (wat aanleiding gegee het) tot die molestering het twee subjekte gesê hulle weet nie hoekom hulle dit gedoen het nie. Die ander agt subjekte se motivering het die volgende ingesluit:

- Was uitgelok.
- Het behoefte aan seks gehad.
- Het gedink aan eie molestering.
- Was onder die invloed van drank.
- Wou naaktheid bevorder.
- Wou uitvind of seuns besny is.
- Wou wraak neem teen suster wat hom gemolesteer het.
- Wou aanvaarding kry by stiefdogter.

Nege van die kindermolesteerders was van mening dat hulle die kinders benadeel het. Die volgende is 'n voorbeeld:

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Dink jy die molestering het die kind benadeel?" |
| Subjek F: | "Ja, langtermyn skade. Dit is soos wanneer jy iemand met 'n mes steek. Daardie merk bly altyd daar." |

Slegs twee van die kindermolesteerders kon nie sê waaraan hulle gedink het (wat deur sy gedagtes gegaan of in sy kop aangegaan het) tydens die molestering nie. Die ander agt het verskeie gedagtes gehad (kyk tabel 4.5), waarvan die volgende voorbeelde is:

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Waaraan dink jy as jy jou kind molesteer?" |
| Subjek F: | "Wanneer jy daarmee besig is dink jy net aan jouself, aan jou eie genieting om jouself te bevredig." |
| Subjek B: | "Ek het gedink 'n ou moet eerder stop maar in dieselfde asem dink jy as jy stop dan gaan die uitlokking maar weer van vooraf begin. Sy gaan jou nie uitlos nie. Toe dink ek dat ek maar die ding klaarmaak en kyk wat gebeur, dalk hou sy op met haar uitlokkende gedrag." |

In hierdie fase het al die kindermolesteerders skuldgevoelens gehad (gevoelens na die oortreding), wat soos volg deur sommige van hulle uitgespreek word:

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Het jy skuldgevoelens oor die molestering?" |
| Subjek G: | "Baie skuldig. Ek wens ek kon iets doen om dit reg te maak.Ek wens ek kon daardie kinders help om die skade wat ek gedoen het reg te maak." |
| Subjek C: | "Ek voel skuldig daaroor. Ek voel spyt dat ek dit gedoen het. Ek baklei hard om nie weer te dink aan sulke goed nie ." |

Ses van die kindermolesteerders gee te kenne dat hulle op 'n gereelde basis masturbeer. Een van die subjekte sê die volgende in dié verband:

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Masturbeer jy ooit?" |
| Subjek C: | "Wel as die vrou nie daar is nie, nou se dae dan sit ek in die toilet en bevredig myself." |

Ten opsigte van pornografie was al die subjekte daarby betrokke. Van die kindermolesteerders vertel die volgende in verband met hulle betrokkenheid by pornografie:

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Het jy ooit na bloufilms of pornografiese tydskrifte gekyk?" |
| Subjek F: | "Ja, toe ek begin werk het en my eie geld verdien het was bloufilms nie 'n probleem nie. Ek het masjiene gekry en my eie films gemaak. Ek het films by ander ouens gekry en vir my 'n kopie daarvan gemaak. Dit was 'n groot praktyk by my werk." |
| Sujek G: | "Ek het baie pornografiese films gesien toe ek in die 'army' was. " |
| Subjek I: | "Tydskrifte soos die 'Loslyf ' het ek gehad en van die ander tydskrifte het ek bestel en dan kyk jy maar wat jy kry." |

Geeneen van die molesteerders het ooit gedink aan die gevolge van die molestering nie.Van die subjekte sê die volgende:

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Het jy gedink aan die gevolge van molestering? |
| Subjek D: | "Ek het geweet wat ek doen is verkeerd, maar ek het nie dadelik gedink aan die gevolge nie." |

In geval van die aanmelding van die molestering was slegs drie ontevrede dat die saak aangemeld is. Een van die subjekte sê wat sy belewenis van die aanmelding was:

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Dink jy die kinders het jou in die steek gelaat deur te vertel?" |
| Subjek G: | "Nee, ek sal nie so sê nie. Hulle was mal oor my en het die grond aanbid waarop ek geloop het. Ek het so skuldig gevoel toe dit uitgekom het dat ek na my inhegtenisname probeer selfmoord pleeg het." |

In tabel 4.5 gee navorser 'n opsomming van die bevindinge ten opsigte van die aard van die molestering.

**Tabel 4.5**

Aard van die kindermolestering

| Tipe data | Kindermolesteerders | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | B | C | D | E | F | G | H | I | J |
| Molesteerder se geselskapkeuse | Volwas-senes | Volwas-senes en kinders | Kinders/ hou van alleen | Volwas-senes | Volwas-senes | Volwas-senes | Kinders | Volwas-senes | Volwas-senes | Volwas-senes |
| Weet hy wat molestering is? | Nee | Onseker | Onseker | Ja | Ja | Ja | Nee | Nee | Nee | Onseker |
| Wie was huidige slagoffer? | Stiefdogter | Stiefdogter | Vreemde dogter | Eie seun | Stiefdogter | Eie dogter | Vreemde seuns | Vreemde dogter | Eie seun | Stiefdogter |
| Aantal vorige molesterings | Geen | Geen | Twee | Geen | Geen | Geen | Twee | Vyf | Geen | Geen |
| Duur van huidige molestering | Een maand | Eenmalig | Eenmalig | Paar kere | Kort periode | Ses jaar | Twee jaar | Eenmalig | Lang periode | Eenmalig |
| Het aard van huidige molestering verander? | Nee | Ja | Ja | Ja | Weet nie | Ja | Ja | Nee | Ja | Ja |
| Is molestering geheim gehou? | Ja | Ja | Ja | Ja | Nee | Nee | Ja | Ja | Ja | Ja |

Tabel Vervolg

**Tabel 4.5 (vervolg)**
Aard van die kindermolestering

| Tipe data | Kindermolesteerders | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | B | C | D | E | F | G | H | I | J |
| Motivering vir molestering | Weet nie | Was uit-gelok | Behoefte aan seks | Dink eie moles-tering | Invloed drank | Behep met naakt-heid | Belang-stelling besnydenis | Wraak | Weet nie | Aanvaar-ding by stiefdogter |
| Is kind benadeel? | Ja | Nee | Ja | Ja | Ja | Ja | Ja | Ja | Ja | Ja |
| Gedagtes tydens molestering | Weet nie | Wil uit-lok stop | Sy soek seks | Seks | Was dronk | Dink aan jouself | Uitvind of besny | Suster terugkry | Weet nie | Hoop sal verder gaan |
| Skuldgevoelens oor molestering | Ja | Ja | Ja | Ja | Ja | Ja | Ja | Ja | Ja | Ja |
| Masturbeer u? | Onbekend | Nee | Ja | Ja | Nee | Ja | Ja | Nee | Ja | Ja |
| Kyk u na pornografie? | Ja | Ja | Ja | Ja | Ja | Ja | Ja | Ja | Ja | Ja |
| Het u gedink aan die gevolge? | Nee | Nee | Nee | Nee | Nee | Nee | Nee | Nee | Nee | Nee |
| Is u ontevrede oor aanmelding? | Nee | Nee | Nee | Ja | Nee | Ja | Nee | Ja | Nee | Nee |

4.2.3.6 Die kindermolesteerder se botsing met die gereg

Dit is die sesde tema wat in fase een van hierdie ondersoek behandel word en die vrae in hierdie verband word soos volg gemotiveer:

(a) Motivering van vrae ten opsigte van hierdie tema

Verskeie kindermolesteerders voel verlig dat die oortreding aangemeld is. Hulle voel hulle hoef nou nie meer verder leuens te vertel nie en kan nou gestraf word (Faller 1988: 123; Scheela & Stern 1994:95). Met hierdie afdeling wou navorser bepaal of die kindermolesteerder dink sy botsing met die gereg is geregverdig en dat hy hulp nodig het. Navorser wou ook sy siening oor strafoplegging bepaal asook die verskillende instansies se optrede teenoor hom. Hiermee wou navorser sien of hy sy optrede in 'n ernstige lig sien en of dit wat gebeur het van minder belang is.

(b) Bevindinge ten opsigte van hierdie tema

In hierdie fase van die ondersoek was twee van die molesteerders nie aangekla nie. Sewe van die molesteerders het hulle skuldigbevinding negatief beleef, terwyl een gedink het dat dit nodig was. Kindermolesteerders sê die volgende in verband met hulle skuldigbevinding:

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Hoe voel jy daaroor dat jy skuldig bevind is aan kindermolestering?" |
| Subjek E: | "Ek voel sleg daaroor. Dit is 'n klad op jou naam." |
| Subjek G: | "Die res van my lewe sal daardeur beïnvloed word. My hele bestaan is omver gewerp." |
| Sujek H: (*stilte en sug*) | |
| | "Oor die skuldigbevinding voel ek nie gelukkig nie. Ekself kon dit verhoed het. Ek verwyt niemand nie. Ek verwyt myself." |

Ten opsigte van strafoplegging het drie nie geweet watter straf opgelê moet word nie. Drie ander het die aanmelding en die spanning wat daarmee gepaard gegaan het as voldoende straf gesien. Die ander vier het verskillende menings gehad oor die aard van die straf. Een van die molesteerders het hom soos volg uitgespreek oor gevangenisstraf:

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Dink jy, jy moet gevangenisstraf kry?" |
| Subjek C: | (*woedend*) "Die tronk gaan my niks help nie. Dit gaan my meer 'n wrok gee. Dit gaan my meer 'n haat gee as hulle my toesluit. Ek gaan, as ek gevangenis toe moet gaan, vir mevrou 'n brief gee dat daar iets met daardie kind gedoen sal word. Ek sal sorg dat sy weggevat word. Dit is sy wat my uitgelok het. Ek het niks aan haar gedoen nie en ek sal ongelukkig bly totdat ek die dag vrek. Een of ander tyd gaan ek daar uitkom en dan kan ek groter dinge doen. Ek dink dit sal vir my beter wees as ek die regte mense kan kry om my te help. Ek sal graag vir my 'n werk wil kry en betaal vir sulke hulp." |

Nege van die kindermolesteerders het gedink dat hulle hulp nodig het (kyk afdeling 1.3.1.4 in hoofstuk een vir omskrywing) in verband met hulle probleem. In die kwalitatiewe ondersoek het van die subjekte die volgende gesê:

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Dink jy, jy het hulp nodig?" |
| Subjek F: | "Ek het besef ek het hulp nodig. Ek het gedink ek het sielkundige bearbeiding nodig waar ek die ding fisies kan deurwerk en sien waar die oorsake lê." |
| Subjek G: | "Ja, ek hoop maar dat 'n sielkundige my kan help om my verlede te verwerk en om weer eendag seksueel normaal te wees." |

Die kindermolesteerders se gesinne se reaksies op die molestering het gewissel, hoewel vyf van die molesteerders ondersteuning van hulle gesinne gekry het.

Die instansies se optrede teenoor die molesteerders is deur vyf van die oortreders negatief en deur drie positief beleef. Die ander twee molesteerders was nie aangekla nie. Een van die subjekte het die volgende gesê in verband met die hof:

| | |
|---|---|
| Navorser: | "Het jy by vonnisoplegging vir die hof gevra vir nog 'n kans soos jy vroeër vir my gesê het jy gaan doen?" |
| Subjek A: | "Ja, soos ek sê, dit is daardie staatsaanklaer. Sy is 'n regte 'bitch.' Toe die regter vir haar vra of sy enige vrae aan my wil stel het sy haar rug op my gedraai en gesê ek moet uit die samelewing verwyder word. Sy sê as ek dit een keer gedoen het sal ek dit weer doen." |

Ten opsigte van die gemeenskap se houding teenoor die kindermolesteerder het vier 'n positiewe houding beleef. In drie van die gevalle het die gemeenskap nie geweet van die molestering nie. Die ander drie molesteerders het die gemeenskap se houding teenoor hulle negatief beleef.

Nege van die kindermolesteerders was van mening dat hulle die probleem van kindermolestering kan oorkom. Die ander een was onseker oor hierdie aspek.

In tabel 4.6 word die bevindinge ten opsigte van die kindermolesteerders se botsing met die gereg saamgevat.

**Tabel 4.6**
Kindermolesteerder se botsing met die gereg

| Tipe data | Kindermolesteerders | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | B | C | D | E | F | G | H | I | J |
| Is u positief of negatief oor skuldigbevinding? | Negatief | Negatief | Negatief | Nie aangekla nie | Klad op naam | Negatief | Bestaan omvergewerp | Verontreg | Nodig dat dit gebeur het | Nie aangekla nie |
| Wat moet aard van straf wees? | Weet nie | Spanning genoeg straf | Weet nie | Tronkstraf | Enige behalwe tronkstraf | Opgeskorte vonnis | Aanmelding voldoende straf | Tronkstraf | Weet nie | Aanmelding voldoende straf |
| Het u hulp nodig? | Ja | Ja | Ja | Ja | Nee | Ja | Ja | Ja | Ja | Ja |
| U gesin se reaksie | Ma stress | Ondersteunend | Teleurgesteld | Kwaad | Ontsteld Ondersteunend | Kwaad Ondersteunend | Ondersteunend | Ondersteunend | My geblameer | Dreigend Aanranding |
| Belewenis van instansies se optrede | Positief | Ongeskik | Hatig | Nie aangekla nie | Onbeskof | Onopgelei | Positief | Positief | Vyandig onbehulpsaam | Nie aangekla nie |
| Gemeenskap se houding | Positief | Hulle weet nie | Vermyding | Veroordelend | Hulle weet nie | Ondersteunend | Negatief | Positief | Positief | Hulle weet nie |
| Kan u kindermolestering oorkom? | Ja | Ja | Ja | Ja met hulp | Ja het drank gelos | Ja | Hoop so | Ja | Ja met hulp | Ja met hulp |

Hierdie data wat tydens die semi-gestruktureerde onderhoude ingesamel en op band geneem is, is nou volgens Sarantakos (1998:321) se model ontleed soos uiteengesit in afdeling 1.3.3.7 van hoofstuk een. Navorser het in die verwerking van die data aandag gegee aan die gemeenskaplikhede en ooreenkomste van die kindermolesteerders wat in die volgende afdeling uiteengesit word en verder in fase twee syfermatig nagevors kan word.

### 4.2.4 Gemeenskaplikhede en ooreenkomste van die kindermolesteerders

Tydens fase een van hierdie navorsingsondersoek, wat kwalitatief benader is het die volgende gemeenskaplikhede en ooreenkomste ten opsigte van die manlike kindermolesteerder na vore gekom:

- disfunksionaliteit in die kindermolesteerders se gesinne van herkoms;
- groot gesinne van herkoms;
- die voorkoms van molestering in hulle gesinne van herkoms;
- onsekerheid en swak selfbeelde;
- swak kommunikeerders;
- is gespanne;
- onderliggende aggressie;
- 'n onvermoë om verhoudings te bou;
- gebrekkige skoolkwalifikasies;
- onstabiliteit in werk en verhoudings;
- betrokkenheid by pornografie;
- gepreokkupeerd met die seksuele;
- stel nie werklik belang in kinders nie;
- swak begrip van wat molestering behels;
- aard van molestering verander met verloop van tyd;
- hou die molestering so ver moontlik geheim;
- ken meestal sy slagoffers;
- erken dat hy sy slagoffer benadeel;
- skuldgevoelens ten opsigte van die misdryf;
- geeneen dink aan die gevolge van sy misdryf nie;

- die oortreders voel verlig as die saak aangemeld word;
- die molesteerders voel negatief oor skuldigbevinding aan die misdryf;
- die subjekte is ten gunste van verandering;
- die kindermolesteerders het behoefte aan hulp.

Navorser het telkens meer data uit die semi-gestruktureerde onderhoude en stelselmatige waarneming bekom as wat in die dokumentêre bronne vervat was. Laasgenoemde kan toegeskryf word aan 'n goeie vertrouensverhouding tussen navorser en die subjekte, die kwaliteit van die onderhoude en navorser se ervaring van onderhoudvoering en stelselmatige waarneming. Die dokumentêre bronne was wel vir navorser van waarde omdat dit ondersteuning en bevestiging gebied het vir die data wat sy ingesamel het.

Soos reeds genoem is hierdie ondersoek pluralisties (kwalitatief en kwantitatief) benader en het die data-insameling in twee opeenvolgende fases plaasgevind elk met sy eie benadering. In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan die eerste fase wat kwalitatief benader is. Hierdie eerste fase van die ondersoek is uitgevoer volgens die wetenskaplike plan soos uiteengesit in afdeling 1.3.3 in hoofstuk een en die ondersoek het metodologies verloop soos bespreek in afdeling 2.2 van hoofstuk twee. Die doel was om maksimale data ten opsigte van die manlike kindermolesteerder te bekom ten einde gemeenskaplikhede en ooreenkomste ten opsigte van die oortreder te bekom wat verder in fase twee nagevors kan word. Hierdie eerste fase het in genoemde doel geslaag deurdat sulke gemeenskaplikhede en ooreenkomste vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude, die dokumentêre bronne en navorser se stelselmatige waarneming bekom is soos hierbo uiteengesit.

Navorser wou ook deur die gebruik van hierdie pluralistiese benadering 'n verdere bydrae maak tot die wetenskaplike kennis, deur die bruikbaarheid van twee benaderings in een ondersoek uit te wys en by een doel uit te kom. Tot dusver het die kwalitatiewe benadering aandag geniet en die ingesamelde data uit hierdie eerste fase gaan nou verder in fase twee, wat kwantitatief benader word, aan 'n groter groep oortreders voorgelê word.

## 4.3 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk gee 'n uiteensetting van fase een van die empiriese ondersoek oor die manlike kindermolesteerder wat kwalitatief benader is. In hierdie fase het navorser intensief aandag gegee aan die gevoelens, belewenisse en interpersoonlike verhoudings van die molesteerder.

Die literatuurstudie wat vervat is in hoofstuk drie van die proefskrif het gedien as vertrekpunt vir die ondersoek en as ondersteuning en aanvulling vir die data wat tydens die data-insamelingsproses in fase een ingesamel is.

Die doel van hierdie fase was om maksimale data ten opsigte van die manlike kindermolesteerder te bekom ten einde gemeenskaplikhede en ooreenkomste in die oortreders se gedrag bloot te lê. Om laasgenoemde in die praktyk te laat realiseer moes navorser die nodige tegnologie ontwikkel om die data in te samel. In hierdie hoofstuk is juis aandag gegee aan die ontwikkeling van sulke tegnologie in die vorm van 'n onderhoudsgids en die gebruik van genogramme.

In hierdie fase is tien kindermolesteerders betrek en navorser het die data ingesamel deur semi-gestruktureerde onderhoude aan die hand van 'n onderhoudsgids en die teken van genogramme, dokumentêre bronne en stelselmatige waarneming.

Die kwalitatiewe data wat in hierdie fase ingesamel is, is volgens Sarantakos (1998:321) se model verwerk ten einde gemeenskaplikhede en ooreenkomste in die gedrag van die kindermolesteerder vas te lê vir voorlegging aan 'n groter groep oortreders in fase twee, ten einde te bepaal hoe hulle daarop reageer.

Navorser wou ook deur hierdie pluralistiese benadering 'n bydrae tot die wetenskaplike kennis maak deur die bruikbaarheid van twee benaderings in een ondersoek uit te wys. In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan die kwalitatiewe fase en in die volgende hoofstuk word die empiriese ondersoek voortgesit deur die implementering van die kwantitatiewe benadering.

# HOOFSTUK 5

# BESPREKING VAN FASE TWEE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK OOR DIE MANLIKE KINDERMOLESTEERDER

## 5.1 INLEIDING

Fase een van die ondersoek, soos in die vorige hoofstuk uiteengesit, het gedien as fondament vir die navorsingsondersoek in die breë, waartydens daar gekonsentreer is op 'n beperkte aantal kindermolesteerders se gevoelens, belewenisse en interpersoonlike verhoudings (kwalitatief). Fase twee is 'n verdere bousteen in die navorsingsondersoek. In hierdie fase word genoemde gemeenskaplikhede en ooreenkomste van die molesteerders, wat in fase een na vore gekom het, gebruik om 'n onderhoudskedule saam te stel. Die onderhoudskedule in fase twee is aan 'n meer omvangryke groep kindermolesteerders en verkragters voorgelê ten einde te bepaal hoe só 'n groter groep (kwantitatief) oortreders daarop sal reageer (vgl. Mark:1996:213; Neuman 1997:14). Die doel was om kenmerkende eienskappe van die kindermolesteerder vas te lê met die oog daarop om later in die ondersoek 'n profiel van die manlike kindermolesteerder saam te stel.

Aangesien Jick (1983:135) van mening is dat navorsers nie leer om meer as een metodologiese benadering in 'n ondersoek te gebruik nie wou navorser met die gebruik van hierdie twee benaderings (kwalitatief en kwantitatief) in een ondersoek ook die bruikbaarheid van pluralisme as navorsingsmetodologie uitwys.

In hierdie hoofstuk word fase twee van die ondersoek, wat kwantitatief benader is, breedvoerig bespreek en word daar aandag gegee aan die volgende aspekte:

- die doel, ontwikkeling van tegnologie en werkswyse;
- teikengroep;
- temas aangespreek en die bevindinge wat daaruit voortgespruit het.

Die tweede fase van die empiriese ondersoek word afgesluit met 'n samevattende evaluasie van die data-insamelingsproses en die teikengroepe.

## 5.2 FASE TWEE

Soos reeds gemeld het navorser fase twee van die ondersoek kwantitatief benader. Daar is gebruik gemaak van 'n onderhoudskedule, wat aan 'n meer omvangryke groep kindermolesteerders en verkragters voorgelê is. In hierdie tweede fase was die navorser se aandag gevestig op die syfermatige meting van feite en die resultate daarvan (vgl. Mark 1996:213; Neuman 1997:14). Hierdie tweede fase het soos volg daar uitgesien:

### 5.2.1 Doel, ontwikkeling van tegnologie en werkswyse

Navorser het genoemde aspekte op die volgende wyse hanteer:

#### 5.2.1.1 Doel

Navorser wou in fase twee syfermatige bevestiging (kwantitatief) kry vir die gemeenskaplikhede en ooreenkomste van die kindermolesteerders in fase een en het ook ruimte geskep vir nuwe data wat aan die lig mag kom en wat 'n bydrae tot die wetenskaplike kennis ten opsigte van die kindermolesteerder kon maak. Om laasgenoemde in die praktyk te laat realiseer moes navorser 'n onderhoudskedule, soos omskryf in afdeling 1.3.1.8 van hoofstuk een, as navorsingstegnologie ontwikkel. Navorser het hierdie onderhoudskedule aan 'n groter groep kindermolesteerders en verkragters voorgelê ten einde te bepaal hoe hulle daarop reageer. Die doel was om kenmerkende eienskappe van die kindermolesteerder vas te lê, waaruit daar later in die ondersoek 'n profiel van die oortreder saamgestel kan word met die oog daarop om sy gedrag te verklaar en om 'n behandelingstruktuur saam te stel ten einde die probleem van kindermolestering aan te spreek.

#### 5.2.1.2 Ontwikkeling van tegnologie

Weens die kwantitatiewe aard van fase twee moes ander tegnologie aangewend word om die data in te samel as in fase een. Gevolglik is die data wat in fase een ingesamel is vanuit die literatuur en deur navorser se praktykkennis aangevul, waaruit 'n onderhoudskedule (kyk bylaag D) saamgestel is. Navorser het deurentyd die riglyne vir die opstel van só 'n skedule gevolg soos vervat in afdeling 2.3.3.1. van hoofstuk twee.

Die skedule is in vier afdelings verdeel, elk met sy eie tema. Die onderhoudskedule begin by

die minder sensitiewe aspekte van die kindermolesteerder se lewe, soos sy gesin van herkoms en beweeg na die meer sensitiewe deel van sy lewe soos sy botsing met die gereg. Die doel van laasgenoemde was om eers 'n vertrouensverhouding met die kindermolesteerder te vestig voordat die sensitiewe aspekte bespreek word. Hoe veiliger die kindermolesteerder voel in die navorsingsondersoek, hoe meer geneë is hy om inligting te gee. Só 'n herhaling en verdieping van data word deur Neuman (1997:140-141) ondersteun aangesien dit die betroubaarheid van 'n ondersoek verhoog.

Wysigings soos uiteengesit in afdeling 2.3.4.3 van hoofstuk twee, is aangebring ten opsigte van leemtes in die onderhoudskedule soos wat die ondersoek gevorder het. In afdeling 2.5.1 van hoofstuk twee word genoem dat die geldigheid van data afhang van die meetinstrument, soos die onderhoudskedule, wat gebruik word. Navorser wou deur die wysigings aan die onderhoudskedule verseker dat die data-insamelingstegnologie so effektief as moontlik is en maksimale data ingesamel word.

Om die bruikbaarheid van die onderhoudskedule vir kindermolesteerders te bepaal, is die skedule ook aan verkragters voorgelê, aangesien beide oortreders 'n seksuele misdryf as gemene deler het. Die vrae in afdeling vier van die onderhoudskedule wat oor kindermolestering handel is ook van toepassing gemaak op verkragting. Die doel van laasgenoemde was om met dieselfde onderhoudskedule ook verkragters in die ondersoek te betrek, om te bepaal in watter mate die verkragters kenmerkende eienskappe met die molesteerders in gemeen het en wat die ooreenkomste en verskille tussen hierdie twee tipes oortreders is. Hieruit kan 'n verdere bydrae tot die wetenskaplike kennis ten opsigte van die kindermolesteerder gemaak word. Op die oog af maak die kindermolesteerder hom skuldig aan 'n misdryf van 'n meer verskuilde aard, waar daar 'n groot mate van onderrapportering en dus 'n hoë donkersyfer is. Die verkragter daarenteen, maak hom skuldig aan 'n geweldsmisdaad, wat meer sigbaar is in dié opsig dat daar 'n hoër aanmeldingsyfer is. Tog het beide die kindermolesteerder en die verkragter deel aan 'n oortreding van 'n seksuele aard.

#### 5.2.1.3 Werkswyse

Nadat die onderhoudskedule saamgestel is, het navorser begin om met elke

kindermolesteerder individueel 'n skedule te voltooi. Voor die aanvang van elke onderhoud het navorser en die kindermolesteerder saam 'n verklaring geteken ten opsigte van die vertroulikheidsaspek van die navorsingsondersoek (kyk bylaag D).

Die onderhoudskedule het bestaan uit meerkeusige en oop vrae. Navorser het elke vraag in die skedule met die kindermolesteerder deurgewerk. Die subjek het dan die geleentheid gehad om by die meerkeusige vrae sekere antwoorde te kies wat op hom van toepassing was en in die geval van die oop vrae kon hy sy eie antwoorde formuleer. By sommige van die meerkeusige vrae was daar ook ruimte vir die oortreder om sy eie byvoegings te maak. Navorser het die antwoorde en byvoegings op die skedule aangebring soos wat die kindermolesteerder dit mondelings aangedui het. Waar daar onduidelikheid bestaan het ten opsigte van 'n vraag kon navorser dit op die vlak van die kindermolesteerder aan hom verduidelik sodat hy 'n vrye keuse kon uitoefen ten opsigte van die beantwoording van die vraag.

Met hierdie werkswyse van data-insameling kon navorser toesien dat alle vrae beantwoord word met verantwoordelik-gekose antwoorde. Sodoende is definitiewe rigting aan die ondersoek gegee en die moontlikheid geskep om bevestiging te kry vir vorige ingesamelde data, maar ook geleentheid gebied om nuwe data in te samel.

### 5.2.2 Teikengroep

Navorser het in hierdie fase twintig ander kindermolesteerders as in fase een betrek, wat erken het dat hulle 'n kind gemolesteer het of wat skuldig bevind was aan die oortreding. Die rede waarom hierdie teikengroep gekies is, is weer eens die leemte aan kennis wat daar bestaan ten opsigte van die oortreder (kindermolesteerder) as misdaadkomponent.

Hierdie teikengroep is later aangevul met vyftien verkragters van volwassenes met die doel om die bruikbaarheid van die onderhoudskedule te bepaal en die ondersoek te versterk. Die verkragters moes aan dieselfde vereistes as die kindermolesteerders voldoen het om te kwalifiseer vir deelname aan die ondersoek. Navorser het verkragters gekies omdat hulle oortreding ook seksueel van aard was.

Die kindermolesteerders in fase twee was soos in die eerste fase weer eens hierdie onstabiele, onseker, gespanne en onderliggend aggressiewe mense wat meestal moeilik gekommunikeer het. Hier en daar was 'n subjek met 'n meer ekstroverte persoonlikheid aangetref wat probeer het om homself te bewys deur ononderbroke gesprekvoering. Laasgenoemde kan gesien word as die wyse waarop hy sy onsekerheid hanteer. Die verkragters daarenteen was meer aggressief en arrogant en het probeer om sterk en selfversekerd oor te kom. Laasgenoemde is 'n toonbeeld van hulle onsekerheid wat hulle slegs op 'n ander wyse (verdedigingsmeganisme) hanteer as die molesteerders (kyk afdeling 5.2.4.7 van hoofstuk vyf).

### 5.2.3 **Temas aangespreek**

Hierdie fase van die navorsingsondersoek is daarop gemik om 'n totale beeld van die manlike kindermolesteerder as persoon te verkry, maar deur middel van syfermatige bevestiging van die data uit die eerste fase. Die gemeenskaplikhede en ooreenkomste van die kindermolesteerders soos uiteengesit in afdeling 4.2.4 van hoofstuk vier dien nou as vertrekpunt vir die opstel van 'n onderhoudskedule. Laasgenoemde word gebruik om bestaande data aan 'n groter groep oortreders voor te lê ten einde uit die resultate die kenmerkende eienskappe van die molesteerder vas te lê. Verder het navorser ook ruimte geskep vir nuwe data wat aan die lig mag kom. In hierdie fase is die volgende temas in die onderhoudskedule vervat:

#### 5.2.3.1 <u>Gesin van herkoms</u>

Aangesien Adler en Schutz (1995:815) asook Bentovim et al. (1987:1455) van mening is dat kindermolesteerders uit disfunksionele gesinne kom waarin allerlei maatskaplike probleme aanwesig is, is dit nodig om na die kindermolesteerder se gesin van herkoms te kyk. Die eerste agtien vrae in die onderhoudskedule is daarom aan die kindermolesteerder se gesin van herkoms gewy. Navorser wou met vrae 1 en 2 vasstel uit hoe 'n groot gesin die kindermolesteerder afkomstig is en waar hy in die gesinsopset inpas. Hiermee wou navorser weer eens uitvind of kindermolesteerders uit groot of klein gesinne afkomstig is, aangesien daar tydens fase een van die ondersoek bevind is dat 60% van die molesteerders uit gesinne van vier of meer kinders afkomstig is. Dit is ook belangrik om uit te vind of die kindermolesteerders 'n spesifieke plek in die gesin het, soos die oudste of die jongste of enige

ander spesifieke posisie in die gesin.

Navorser wou met vraag 3 gaan vasstel watter maatskaplike probleme in die kindermolesteerder se gesin van herkoms voorgekom het en gronde probeer vind vir onstabiliteit in die kindermolesteerder se gesin van herkoms.

Verder het navorser in vrae 4 tot 9 gekonsentreer op die kindermolesteerder se onderlinge gesinsverhoudings en probeer vasstel wat hy spesifiek as probleme in hierdie verhoudings beleef het. Navorser wou hiermee uitvind of dit algemeen is dat kindermolesteerders as kinders probleemverhoudings in hulle gesinne van herkoms ervaar het en dat hulle hierdie probleme in hulle volwasse verhoudings oordra, soos genoem deur Caffaro (1991:33-35) en Gilgun en Conner (1990:74).

In vraag 10 wou navorser bepaal waarmee die kindermolesteerder hom as kind besig gehou het en of hy toe al reeds op die seksuele gekonsentreer het, wat nou deel uitmaak van sy probleem as volwassene. Subjek F, in fase een, het byvoorbeeld as kind reeds prente versamel van vrouens en kinders in onder-, swem- en slaapklere (erotika), wat die begin van sy seksuele probleme was. Adler en Schutz (1995:811-815) asook Levett (1991:13) sê byvoorbeeld dat molestering dikwels tussen kinders voorkom terwyl hulle onder een dak woon. Subjek H in fase een, is 'n voorbeeld van laasgenoemde. Hy is eers deur sy oudste suster gemolesteer, waarna hy sy drie jonger susters gemolesteer het. Dit begin as 'n seksspeletjie en ontwikkel later in seksuele molestering.

Volgens Bagley et al. (1994:683) kom kindermolestering meestal binne gesinsverband voor en kom molesteerders dikwels uit 'n ouerhuis waarin hyself as kind gemolesteer is. Navorser wou in vrae11 tot 18 vasstel watter rol kindermolestering in die molesteerder se gesin van herkoms gespeel het en of hy die voorkoms daarvan nou van een generasie na die volgende oorgedra het. Die voorkoms van kindermolestering in die molesteerder se gesin van herkoms het reeds in fase een ook na vore gekom.

5.2.3.2 Persoonlike ontwikkeling

In vrae 19 tot 32 is aandag gegee aan die persoonlike ontwikkeling van die kindermolesteerder. Bartol (1995:305) noem byvoorbeeld dat die kindermolesteerder op hoërskool 'n hoë druipsyfer toon en geneig is om uit te sak. Navorser wou met vrae 19 en 20 hierdie vordering van die kindermolesteerder op skool probeer bepaal en uitvind of daar probleme voorgekom het en wat die aard van laasgenoemde was. Hiermee wou navorser probeer uitwys waar die probleemareas in die kindermolesteerder se lewe reeds sigbaar begin word het, aangesien 50% molesteerders reeds in fase een te kenne gegee het dat hulle op skool gesukkel het.

Gilgun en Conner (1990:80) sê die kindermolesteerder se disfunksionele gesin van herkoms en sy onvermoë om verhoudings te bou, bring mee dat hy ook nie in verhouding met sy eie portuurgroep kan tree nie. In fase een het die meerderheid molesteerders laat blyk dat hulle probleme ondervind het met die aanknoop van vriendskappe op skool. Na aanleiding van laasgenoemde wou navorser met vrae 21 en 22 vasstel hoe die kindermolesteerder se verhoudings met sy medeskoliere en sy onderwysers op skool was. Dit was belangrik om uit te vind of hy voorkeur gegee het aan verhoudings met 'n spesifieke geslag, wat nou 'n rol kan speel in sy probleem ten opsigte van kindermolestering. Met hierdie vrae kan navorser reeds 'n aanduiding kry van die aard van die kindermolesteerder se sosiale verhoudings.

Bartol (1995:305) beweer kindermolesteerders is afkomstig uit halfgeskoolde beroepe en hulle toon 'n onstabiele werksrekord. In fase een het dit ook aan die lig gekom dat feitlik al die kindermolesteerders probleme ondervind het om 'n werk te behou. Met vrae 23 tot 27 wou navorser probeer uitvind of die kindermolesteerder enige naskoolse opleiding aangepak het en hoe suksesvol hy daarin was. Navorser wou ook uitvind of hy met 'n spesifieke beroep identifiseer en hoe bestendig hy in die werksituasie is. Hiermee wou navorser bepaal wat die aard van die kindermolesteerder se deursettingsvermoë, persoonlikheid en stabiliteit is.

Volgens Parker en Parker (1989:533), Valliant en Antonowics (1992:221) asook Zuskin (1992:205) is die kindermolesteerder onvolwasse, het 'n swak selfbeeld, is onseker van homself, beangs en voel ontoereikend en alleen gelaat. In fase een kom die swak selfbeeld van

die kindermolesteerder prominent na vore deurdat almal probleme in dié verband ondervind het. Met vrae 28 tot 32 wou navorser vasstel hoe die kindermolesteerder homself sien en waarmee hy hom besig hou. Navorser het ook hier klem gelê op die kindermolesteerder se betrokkenheid by pornografie, aangesien dit 'n aspek is wat in die eerste fase van die ondersoek na vore gekom het, maar waarvan die literatuur weinig melding maak.

5.2.3.3 Huweliks- en gesinslewe

Vrae 33 tot 46 dek die aspekte van die kindermolesteerder se huweliks- en gesinslewe. Met vrae 33 tot 39 in hierdie afdeling wou navorser bepaal op watter ouderdom die kindermolesteerder al begin het om in intieme verhoudings betrokke te raak en wat die aard daarvan was. Navorser wou vasstel hoe suksesvol hy in die aanknoop van hierdie verhoudings was en wat die ouderdomme van die lewensmaat/gade was. In fase een is reeds gevind dat die meerderheid kindermolesteerders probleme ondervind in die opbou van sinvolle huweliksverhoudings en dat hulle geneig is om met ouer vrouens te trou. Navorser wou verder in fase twee vasstel of die kindermolesteerder enige onstabiliteit toon in sy intieme verhoudings met volwassenes wat hom gevolglik aangetrokke laat voel tot kinders. Verder wou navorser uitvind of die kindermolesteerder 'n huweliksmaat of 'n moederfiguur in hierdie intieme verhoudings gesoek het, aangesien Faller (1990:68) en Levang (1988: 64) noem dat kindermolesteerders met ouer vrouens trou omdat hulle 'n moederfiguur soek. Subjek G in fase een noem byvoorbeeld dat hy in al sy verhoudings met vrouens na moederliefde gesoek het (kyk afdeling 4.2.2.7 van hoofstuk vier).

Wash en Knudson-Martin (1994:395) sê die kindermolesteerder dra probleme vanuit sy gesin van herkoms oor na sy eie gesin as gevolg waarvan molestering dan soms plaasvind. Laasgenoemde gebeur omdat die kindermolesteerder 'n verwysingsraamwerk van 'n disfunksionele gesin het. Met vraag 40 wou navorser vasstel watter maatskaplike probleme die kindermolesteerder in sy huweliks- en gesinslewe ervaar. Hiermee wou navorser bepaal in watter mate probleme van een generasie na 'n volgende oorgedra word. Navorser wou ook hierdeur bewyse vind vir onstabiliteit in die kindermolesteerder se lewe.

Na aanleiding van die kindermolesteerder se seksuele probleem wou navorser met vrae 41

tot 43 vasstel watter eienskappe in die teenoorgestelde geslag die kindermolesteerder aantrek en in watter mate sy belangstelling net op die fisiese en die seksuele gerig is. Navorser wou ook vasstel of die kindermolesteerder se belangstelling net op die teenoorgestelde geslag gerig is en of geslag nie by hom 'n rol speel nie. Hiermee wou navorser enige oppervlakkigheid en onstabiliteit van die kindermolesteerder se verhoudingslewe bepaal.

Navorser wou in vrae 44 tot 46 vasstel in wie se teenwoordigheid die kindermolesteerder op sy gemak voel, wat 'n aanduiding van sy belewenis van homself kan gee. Hy voel moontlik dat hy nie met sy eie portuurgroep kan meng nie of hy voel minderwaardig en meer tuis by kinders of hy is 'n alleenloper soos gevind deur Wash en Knudson-Martin (1994:401). Hierdeur kry navorser weer eens 'n aanduiding van die kwaliteit van die kindermolesteerder se verhoudingslewe.

5.2.3.4 Botsing met die gereg

Vrae 47 tot 64 dek die aspekte van die kindermolesteerder se botsing met die gereg. Parker en Parker (1989:533) sê die kindermolesteerder het soms meer as een slagoffer, en dit is gewoonlik die oudste kind in die gesin wat die grootste risiko loop om gemolesteer te word. In fase een het dit aan die lig gekom dat kindermolestering die meeste binne gesinsverband voorkom. Met vrae 47 tot 49 wou navorser verder bevestig of kindermolestering binne of buite gesinsverband plaasvind en watter geslag die grootste risiko loop om gemolesteer te word. Verder wou navorser vasstel of die kindermolesteerder 'n kind in 'n spesifieke ouderdomsgroep verkies en ook of die kinders aan hom bekend is indien hulle buite sy gesin sou wees. Hierdeur kan navorser 'n goeie aanduiding kry van wie die slagoffer van kindermolestering is.

Tydens fase een is gevind dat die aard van die kindermolestering in die meerderheid van die gevalle verander het. Volgens Christiansen en Blake (1990: 88-91) is kindermolestering 'n gebeurtenis wat die oortreder tydsaam en op sy gemak beplan en hy volg dan ook 'n bepaalde werkswyse. Navorser wou met vrae 50 tot 52 bepaal of die kindermolesteerder al voorheen ook by molestering betrokke was. Verder wou navorser uitvind of daar 'n spesifieke patroon is wat die kindermolesteerder volg ten opsigte van sy slagoffer(s) wat betref bekendheid,

geslag en ouderdom.

Ten opsigte van vrae 53 en 54 wou navorser vasstel of die kindermolesteerder kennis dra van die kindermolestering binne regsverband en of hy dit wat hy gedoen het in verband kan bring met molestering. Laasgenoemde vrae geniet aandag aangesien die meerderheid kindermolesteerders in fase een onseker was of glad nie geweet het wat molestering behels nie. Hierdeur wou navorser die kindermolesteerder se insig in die misdryf probeer bepaal, aangesien Faller (1988:123) asook Scheela en Stern (1994:96) noem dat die kindermolesteerder geneig is om sy gedrag te ontken, te minimaliseer en te rasionaliseer.

Hayashino et al. (1995:107) sê die kindermolesteerder is dikwels so ingestel op die bevrediging van sy eie behoeftes dat dit nie vir hom saak maak wie sy slagoffer is nie. Met vrae 55 en 56 wou navorser vasstel of die kindermolesteerder enige gevoelens ervaar om 'n kindermolesteerder genoem te word en of hierdie etiket hom glad nie hinder nie. Navorser wou ook probeer uitvind of die subjek 'n ander siening oor kindermolestering het en dit heeltemal anders beskryf. Hierdeur wou navorser bepaal in watter mate die kindermolesteerder al oor die misdryf gedink en homself daarmee in verband gebring het.

Aangesien die kindermolesteerder volgens Gilgun en Conner (1989:250) verskillende belewenisse ervaar tydens die molestering van 'n kind, soos bespreek in afdeling 3.4.4.1 van hoofstuk drie, wou navorser meer hieromtrent uitvind. In vraag 57 wou navorser bepaal wat in die gedagtegang van die kindermolesteerder aangaan terwyl hy besig is om 'n kind te molesteer, naamlik of dit om sy eie seksuele bevrediging gaan, of bevredig hierdie molestering byvoorbeeld sy behoefte om in beheer van iemand anders te wees. 'n Antwoord op hierdie vraag kan 'n aanduiding gee of kindermolestering die gevolg is van 'n seksuele afwyking by die oortreder of is die misdryf 'n manifestasie van 'n ander onvervulde behoefte by die molesteerder.

In afdeling 3.4.5 van hoofstuk drie sê Scheela en Stern (1994:94-95) dat kindermolesteerders verskillend reageer op die bekendmaking van hulle oortredings. Die meerderheid molesteerders in fase een was egter tevrede dat die oortreding aangemeld is. Met vrae 58 en

59 wou navorser bepaal wat die kindermolesteerder se reaksie was toe hy van kindermolestering aangekla is en die rede hoekom hy so gevoel het. Hierdeur kan 'n aanduiding verkry word of die kindermolesteerder besef dat hy 'n probleem het en of hy sy oortreding nog steeds wil minimaliseer en rasionaliseer.

Met vraag 60 wou navorser uitvind of die kindermolesteerder enige ander misdrywe gepleeg het of was sy aandag net gerig op die seksuele betrokkenheid by kinders en die misdrywe wat daarmee gepaard gaan.

Volgens Scheela en Stern (1994:95) is baie kindermolesteerders bly dat die saak aangemeld is, want hulle kan nou hulp kry vir die probleem of gestraf word vir hulle verkeerde dade. In vrae 61 tot 64 wou navorser vasstel wat die kindermolesteerder, as objektiewe waarnemer dink, die hof met só 'n oortreder moet doen en hoekom hy so dink. Navorser wou verder bepaal of die kindermolesteerder homself in die posisie kan plaas van iemand wat hulp nodig het en ook wat die aard van die hulp moet wees en die redes vir sy mening. Met hierdie vrae wou navorser vasstel hoe die kindermolesteerder oor die misdryf en sy eie betrokkenheid daarby, voel.

Nadat navorser hierdie onderhoudskedules met die verskillende oortreders voltooi het, het sy oor 'n groot hoeveelheid ingesamelde data ten opsigte van die kindermolesteerder beskik. Hierdie data het sy oorsprong vanuit die literatuur en navorser se praktykervaring en is kwalitatief in fase een en kwantitatief in fase twee nagevors. Na só 'n data-insamelingsproses, sê Sarantakos (1998:328), moet die data opgesom en met mekaar in verband gebring word sodat navorser die aanvanklike doel van die studie kan bereik, soos uiteengesit in afdeling 1.2.2 van hoofstuk een, naamlik om 'n profiel van die kindermolesteerder saam te stel.

Die ingesamelde data van fase twee word in die volgende afdeling skematies volgens kenmerkende eienskappe van die kindermolesteerder uitgebeeld wat dan in verband gebring word met die data in fase een asook die literatuurgegewens, om sodoende die totale beeld van die molesteerder as seksuele oortreder weer te gee.

### 5.2.4 **Bevindinge van die ingesamelde data**


Die ingesamelde data in fase twee is in fase drie met behulp van die rekenaar, weens die syfermatige aard daarvan, verwerk soos genoem in afdeling 1.3.3.7 van hoofstuk een. Die SPSS rekenaarprogram vir Windows is gebruik ten einde die frekwensie van antwoorde op veranderlikes te bepaal. Navorser kon gemaklik hierdie werkswyse volg aangesien sy van klein groepe oortreders van twintig en vyftien onderskeidelik gebruik gemaak het. Die ingesamelde data in fase twee is in kenmerkende eienskappe van die oortreder verdeel wat vervolgens in figure uitgebeeld en bespreek word. Navorser voorsien ook deurgaans data ten opsigte van die verkragter soos dit in fase twee na vore gekom het, om die kenmerkende eienskappe van die kindermolesteerder uit te lig en ook om ooreenkomste en verskille tussen die twee tipes oortreders uit te wys.

Die ingesamelde data ten opsigte van die kindermolesteerder word volgens die onderstaande kenmerkende eienskappe aangebied:

#### 5.2.4.1 Probleme in die molesteerder se gesin van herkoms

Figuur 5.1 gee 'n beeld van die probleemareas in die kindermolesteerder se gesin van herkoms en word daarna bespreek.

**Figuur 5.1**
Probleme in die molesteerder se gesin van herkoms




In fase twee is bevind dat 65% van die kindermolesteerders uit gesinne kom van vier en meer kinders, terwyl 80% van die verkragters uit soortgelyke gesinne kom. Hierdie bevinding in fase twee word ondersteun deur die gesinsgrootte in fase een waar 60% van die molesteerders uit gesinne van vier en meer kinders afkomstig was. Subjekte C, D, E, F, G, en H is 'n voorbeeld van laasgenoemde (kyk tabel 4.2 in hoofstuk vier). Uit 'n ondersoek wat Levang (1988:56) gedoen het oor kindermolesteerders het hy bevind dat ses van die sewe oortreders uit gesinne van nege en meer kinders gekom het. In fase twee het dit na vore gekom dat dit in 70% gevalle die ouer kinders (oudste drie) in 'n gesin is wat neig om molesteerders te word. Dieselfde tendens is ook by die verkragters (67%) gevind. Laasgenoemde kan daaraan toegeskryf word dat die ouer kinders moet plek maak vir die jongeres en die ouer kinders gevolglik minder aandag kry, wat uitloop op afwykende gedrag soos kindermolestering in 'n poging om hulle onvervulde behoeftes te bevredig.

In fase twee blyk dit dat in 35% van die molesteerders se ouerhuise, molesterings voorgekom het, sowel as in 47% van die gesinne van die verkragters. In 50% van die molesteerders se ouerhuise het ook molesterings voorgekom soos aangetoon in fase een in die geval van subjekte C. D, F, G en H (kyk tabel 4.2 in hoofstuk vier), wat dus die bevindinge in fase twee ondersteun. In dié verband sê Bagley et al. (1994:683) dat die kindermolesteerder uit 'n ouerhuis kom waarin hyself as kind gemolesteer is. Carter en Prenky ondersteun laasgenoemde deurdat dit bevind is in hulle behandelingsprogram dat 57% van die manlike kindermolesteerders as kinders gemolesteer was (Bagley et al. 1994:683).

Volgens Christiansen en Blake (1990:96) wil die kindermolesteerder gewoonlik hê die molestering moet so lank as moontlik voortgaan sonder om aangemeld te word. In fase twee is bevind dat geen molesterings in die ouerhuise van die molesteerders aangemeld is nie en dat slegs 13% van die molesterings in die ouerhuise van die verkragters aangemeld is. Hierdie onderaanmelding van molestering word ondersteun deur die data uit fase een van die ondersoek waar slegs 10% van die molesterings aangemeld is. Subjek C in fase een is 'n voorbeeld van genoemde onderaanmelding (kyk tabel 4.2 in hoofstuk vier). Uit 'n ondersoek wat Bagley et al. (1994:689) in Kanada gedoen het ten opsigte van die slagoffers van molestering, het hy gevind dat 76,9% van dié wat eenmalig gemolesteer is dit nooit aangemeld het nie en van dié wat oor 'n lang periode gemolesteer is, het 84,6% dit nooit aangemeld nie.


Adler en Schutz (1995:815) is van mening dat kindermolesteerders afkomstig is uit ouerhuise waarin allerlei maatskaplike probleme aanwesig is soos gesinsgeweld, huwelikskonflik, verlatings, egkeidings, finansiële krisisse en drankmisbruik. Hoewel hierdie aspekte nie pertinente aandag in fase een van die ondersoek geniet het nie, het navorser dit wel stelselmatig waargeneem en is dit in fase twee meer intensief nagevors. Die maatskaplike probleme wat mees algemeen voorgekom het was gesinsgeweld, soos byvoorbeeld 25% by die molesteerders en 60% by die verkragters. Die hoër syfer van gesinsgeweld by die verkragter is moontlik die wyse waarop die geweldselement op 'n vroeë stadium by die verkragter vasgelê is. Huwelikskonflik het by 55% van die molesteerders se ouers voorgekom en by 67% van die verkragters se ouers. Finansiële krisisse het in 25% van die molesteerders se ouerhuise voorgekom en in 47% in dié van verkragters. In 45% van die molesteerders se

ouerhuise het egskeidings voorgekom en in 33% in dié van verkragters. Drankmisbruik het in 40% van die molesteerders en 73% van die verkragters se gesinne voorgekom. In fase twee van die ondersoek kom dit duidelik na vore dat gesinsgeweld en drankmisbruik in 'n meerdere mate by die verkragters se gesinne voorgekom het wat bygedra het daartoe dat hulle geweld as 'n norm aanvaar het. In 'n ondersoek wat Bentovim et al. (1987:1455) in London gedoen het oor kinders en gesinne wat verwys is vir terapie ten opsigte van kindermolestering het hy gevind dat in 34% van die gesinne ook allerlei maatskaplike probleme voorgekom het.

5.2.4.2 Probleme met die opbou van interpersoonlike verhoudings

Bogenoemde verhoudingsprobleme word bespreek en in figuur 5.2 uitgebeeld.

**Figuur 5.2**
Probleme met die opbou van interpersoonlike verhoudings




In fase een van die ondersoek is bevind dat subjekte A, B, C, E, H, I en J (70%) van die molesteerders naby aan hulle moeders was (kyk tabel 4.2 in hoofstuk vier). Laasgenoemde is in fase twee weer nagevors en in hiérdie fase het dit aan die lig gekom dat 65% van die kindermolesteerders die naaste aan hulle moeders gevoel het, wat verder ondersteun word deur

die bevindinge in fase twee dat 80% van die verkragters ook naaste aan hulle moeders was. In die literatuur is nog weinig oor die kindermolesteerder se verhouding met sy moeder gesê en kan hierdie inligting dus as insiggewend beskou word.

Caffaro (1991:33-35) verwys in die literatuur na verskeie ondersoeke waarin bevind is dat die kindermolesteerder 'n afwesige vader gehad het. In fase een van die ondersoek is aandag gegee aan hierdie vader-seunverhouding en is bevind dat slegs subjekte B en D (20%) van die molesteerders na aan hulle vaders gevoel het (kyk tabel 4.2 in hoofstuk vier). In fase twee is verder aandag gegee aan hierdie aspek en is bevind dat 60% van die molesteerders die verste van hulle vaders gevoel het. Dit word ondersteun deur 80% van die verkragters wat ook 'n negatiewe verhouding met vaders gehad het. Ten opsigte van hierdie negatiewe verhouding met die vaderfiguur gee die kindermolesteerder te kenne dat hoewel sy vader in hom belanggestel het en hom ondersteun het, het hy

- nie sy vader geken nie (45%);
- slegs oor sekere aspekte met sy vader kon kommunikeer (45%);
- sy vader gesien as die persoon wat die geld huistoe bring (45%);
- sy vader beleef as iemand wat altyd gewerk het en wie hy feitlik nooit gesien het nie (40%).

Genoemde scenarios is deur die data van die verkragters ondersteun. Verder het dit aan die lig gekom dat die verkragters (60%) 'n groot vrees vir hulle vaders gehad het, wat nie so sterk by die kindermolesteerders (25%) na vore gekom het nie. Hierdie vrees vir die vaders kan ingeboesem word deur die hoë voorkoms (60%) van gesinsgeweld by die verkragters se gesinne van herkoms.

Ten opsigte van die kindermolesteerder se verhouding met sy eie portuurgroep, soos met seuns en dogters op skool, het 45% van die kindermolesteerders in fase twee te kenne gegee dat hulle positiewe verhoudings met albei geslagte gehad het. Van die verkragters het 53% hierdie verhouding met albei geslagte op skool ondersteun. In fase twee het dit verder na vore gekom dat die kindermolesteerders (30%) sowel as die verkragters (20%) 'n groter geneigdheid het

tot 'n positiewe verhouding met meisies as met seuns. Laasgenoemde ondersteun die meer positiewe verhouding met die vroulike geslag. In fase twee het 35% molesteerders en 67% verkragters te kenne gegee dat hulle goeie verhoudings met mans- en damesonderwysers gehad het. Die kwaliteit van hierdie verhoudings word bevraagteken, aangesien Gilgun en Conner (1990: 80) noem dat die kindermolesteerder, as gevolg van sy swak verwysingsraamwerk (kyk 1.3.1.11 van hoofstuk een vir begripsomskrywing), oor die opbou van verhoudings, probleme ondervind in die opbou van verhoudings met sy eie portuurgroep. In fase een is bevind dat 20% molesteerders geen vriende gehad het nie, 30% het weinig vriende gehad en 20% het verkeerde en oppervlakkige vriendskappe gehad. Die onvermoë tot positiewe verhoudings word verder bevestig in fase twee waar 75% van die kindermolesteerders te kenne gegee het dat hulle as kinders verkies het om alleen te wees, hoewel slegs 40% van die verkragters hierdie keuse uitgeoefen het. Navorser kom tot die gevolgtrekking dat die verkragters minder geneig is om alleen te wees as die molesteerders.

Van die kindermolesteerders verkies 80% en die verkragters 87% 'n heteroseksuele verhouding, wat weer eens dui op die meer positiewe verhouding met die vroulike geslag.

Te midde van die kindermolesteerder se meer positiewe verhouding met die vroulike geslag was 35% nog nooit getroud nie teenoor die 27% van die verkragters. Die verkragters het 'n groot geneigdheid tot saamwoon naamlik 53% , terwyl slegs 5% van die molesteerders saam gewoon het soos bevind in fase twee. In fase een is bevind dat 90% van die molesteerders in saamleefverhoudings betrokke was, in teenstelling met die bevindinge van 5% in fase twee.

Hoewel mens sou dink dat die molesteerders die geselskap van kinders verkies, het 70% van hulle in fase een aangedui dat hulle volwasse geselskap verkies, vergelyk subjekte A, D, E, F, H, I en J (kyk tabel 4.5 in hoofstuk vier). Hierdie aspek het in fase twee weer aandag geniet waar 45% molesteerders en 73% verkragters volwassenes as geselskapskeuse aangedui het, wat daarop dui dat die molesteerder nie werklik net ingestel is op kinders nie.


Wanneer die kindermolesteerder wel in 'n huwelik of saamleefverhouding betrokke was, was daar 'n geneigdheid tot onstabiliteit wat uitgewys word deur 25% van die molesteerders wat

vier en meer verhoudings gehad het. Die verkragters het in 33% van die gevalle vier en meer verhoudings gehad. In fase een bevestig subjekte A, B, C, D, E, F, I en J (80%) molesteerders dat hulle huwelike onstabiel, negatief, stormagtig en met konflik gelaai was (kyk tabel 4.3 in hoofstuk vier). Caffaro (1991:33-35) is van mening dat die kindermolesteerder nie in sy ouerhuis geleer het om positiewe verhoudings op te bou nie, daarom is dit in sy volwasse lewe nog steeds vir hom 'n probleem.

5.2.4.3 Die kindermolesteerder dra probleme oor van een generasie na 'n volgende

Die oordra van probleme van een generasie na 'n volgende word in figuur 5.3 uitgewys, waarna dit bespreek word.

**Figuur 5.3**
Kindermolesteerder dra probleme oor van een generasie na 'n volgende




Volgens Wash en Knudson-Martin (1994: 395) dra die kindermolesteerder kenmerke uit sy gesin van herkoms oor na sy eie huweliks- en gesinslewe, aangesien dit sy verwysingsraamwerk is (kyk 1.3.1.11 in hoofstuk een vir begripsomskrywing) van hoe 'n gesin moet funksioneer. Tydens fase een van die ondersoek het navorser maatskaplike probleme in die kindermolesteerder se gesin van herkoms stelselmatig waargeneem. In fase

twee is daar meer intensief aandag gegee aan die probleme in die kindermolesteerder se gesin van herkoms en is veral ook gelet op die herhaling van die probleme in die kindermolesteerder se eie huweliks- en gesinslewe.

Die probleme soos wat dit voorkom in figuur 5.3 van hierdie hoofstuk het almal in 'n mindere of meerdere mate in die kindermolesteerders se ouerhuise voorgekom. Figuur 5.3 bevestig Wash en Knudson-Martin (1994:395) se mening dat die kindermolesteerder die patroon uit sy kinderdae voortsit in sy eie volwasse lewe.


Opvallend is dat die verkragter nie skei nie, wat toegeskryf kan word daaraan dat hy meer geneig is tot saam woon. Verder molesteer die verkragter nie kinders nie, hoewel molestering in sy ouerhuis voorgekom het. Genoemde aspekte toon 'n duidelike verskil tussen die kindermolesteerder en die verkragter, hoewel die twee tipe oortreders seksueel afwykende gedrag as gemeenskaplike faktor het.

#### 5.2.4.4 Die voorkoms van onstabiliteit by die kindermolesteerder

Die bespreking van die voorkoms van onstabiliteit op verskillende terreine van die kindermolesteerder se lewe word in figuur 5.4 aangetoon.

**Figuur 5.4**

Die voorkoms van onstabiliteit by die kindermolesteerder




Hoewel kindermolesteerders uit alle beroepsgroepe kom, het Bartol (1995:305) gevind dat twee derdes van die gearresteerde en skuldigbevinde kindermolesteerders uit ongeskoolde en halfgeskoolde beroepe kom. Hierdie aspek is in fase een ondersoek, wat bevestig het dat 60% van die molesteerders uit een of ander halfgeskoolde beroep afkomstig is. Bentovim, et al. (1987:1455) het ook in sy ondersoek gevind dat 55% molesteerders tot ongeskoolde en halfgeskoolde beroepe behoort. In hierdie ondersoek is verder aandag gegee aan die kindermolesteerder se skoolopleiding, wat gelei het tot sy beroepslewe, en dit het in fase een aan die lig gekom dat 60% van die molesteerders nooit hulle skoolloopbaan voltooi het nie soos in die geval van subjekte A, C, D, E, F en H (kyk tabel 4.1 in hoofstuk vier). In fase een bevestig 50% van die molesteerders dat hulle op skool gesukkel het. Laasgenoemde kan toegeskryf word aan die groot gesinne waaruit die kindermolesteerders kom, waarin hulle nie die nodige motivering en aandag gekry het nie. Die kindermolesteerder se skoolopleiding is in fase twee verder ondersoek en daar is bevind dat 80% van die kindermolesteerders standerd agt en minder op skool behaal het. Hierdie bevinding word ondersteun deur die data van 87% verkragters wat standerd agt en minder op skool geslaag het. Hierdie verskynsel dui op 'n gebrekkige deursettingsvermoë by die kindermolesteerder om sy skoolloopbaan te voltooi.

Bogenoemde beperkte skoolkwalifikasies by die kindermolesteerder word verder in fase twee bevestig deurdat 55% van die kindermolesteeders en 60% van die verkragters nooit enige naskoolse opleiding ontvang het nie.


Dié ontoereikendheid by die kindermolesteerder werk onstabiliteit in die hand omdat hy wissel van werk. In fase twee is gevind dat 55% kindermolesteerders en 53% verkragters reeds drie keer en meer van werk verwissel het. Laasgenoemde word deur 90% van die kindermolesteerders in fase een van die ondersoek wat onstabiliteit in hulle werk getoon het ondersteun. Slegs subjek B in fase een het stabiliteit in sy werk getoon (kyk tabel 4.4 in hoofstuk vier).

Onstabiliteit word ook ondervind in die kindermolesteerder se verhoudingslewe. Caffaro (1991:33-35) verwys reeds in die literatuur na die kindermolesteerder se onvermoë om positiewe verhoudings te bou. Fase twee het aan die lig gebring dat 25% van die molesteerders reeds vier en meer vorige huwelike of saamleefverhoudings gehad het terwyl 45% in geen verhoudings betrokke was nie. Hierdie onstabiliteit in verhoudings word deur die data van die verkragters ondersteun deur 33% subjekte wat vier en meer verhoudings gehad het, terwyl 27% geen vorige huwelike of saamleefverhoudings gehad het nie. Die bevindinge in fase twee word ook verder ondersteun deur die data uit fase een waar bevind is dat subjekte A, B, C, D, E, F, I en J (80%) se verhoudings met hulle huweliksmaats onstabiel, negatief, stormagtig en met konflik gelaai was (kyk tabel 4.3 in hoofstuk vier).

5.2.4.5 Probleemareas in die kindermolesteerder se vryetydsbesteding

Bogenoemde aspek word bespreek en in figuur 5.5 weerspieël.

**Figuur 5.5**
Probleemareas in die kindermolesteerder se vryetydsbesteding




Volgens figuur 5.5 het 80% van die molesteerders in fase twee gehou van lees asook 73% verkragters. Navorser het die leesstof van die kindermolesteerders verder ondersoek en gevind dat die volgende hul mees geliefkoosde leesstof was:

- populêre gesinstydskrifte soos die *Huisgenoot* en *Car Magazine* (75%);
- suggestiewe prikkeltydskrifte (35%).

Bogenoemde leesstof is ook onderskeidelik deur 73% en 47% verkragters verkies. Die betrokkenheid van die molesteerders by suggestiewe prikkeltydskrifte word ondersteun deur die bevindinge in fase een, waarin dit navore gekom het dat al die kindermolesteerders by pornografie betrokke was (kyk 1.3.1.9 in hoofstuk een vir begripsomskrywing).

Ten opsigte van die molesteerder se vryetydsbesteding is verder bevind dat 60% stokperdjies beoefen het teenoor 40% verkragters. Die beoefening van 'n stokperdjie bied moontlik vir die molesteerder die geleentheid om alleen te wees, soos wat dit telkens in die ondersoek na vore gekom het.

In fase twee is bevind dat 55% van die molesteerders en 67% van die verkragters daarvan gehou het om by vriende te kuier. Hierdie betrokkenheid beteken nie noodwendig 'n kwaliteit verhouding nie. In die literatuur noem Gilgun en Conner (1990:80) dat die kindermolesteerder probleme ondervind om verhoudings met sy eie portuurgroep te bou. Hierdie onvermoë om verhoudings met die eie portuurgroep te bou word ondersteun deur die bevindinge in fase een waar subjekte B en C (20%) geen vriende gehad nie, subjekte A, E en G (30%) het weinig vriende gehad en subjekte F en J ( 20%) het verkeerde en oppervlakkige vriendskappe gehad (kyk tabel 4.2 in hoofstuk vier).

In fase twee is bevind dat 55% molesteerders en 33% verkragters by hulle kerk se aktiwiteite inskakel. Laasgenoemde word ondersteun deur die data uit fase een waar dit aan die lig gekom het dat die kindermolesteerders almal aan 'n kerk verbonde was (kyk tabel 4.1 in hoofstuk vier), wat daarop dui dat kindermolesteerders ook by die die ampsdraers van die kerk voorkom, soos subjek H in fase een wat die superintendent van die Sondagskool was.

'n Ander aspek in fase twee wat sterk na vore gekom het is dat 40% van die molesteerders en 53% van die verkragters graag in hulle vryetyd gefliek het. Verder het 45% molesteerders en 47% verkragters te kenne gegee dat hulle voorkeur verleen aan aksiefilms. Die molesteerders se betrokkenheid by pornografie laat by navorser die vraag ontstaan oor hoeveel bloufilms hier betrokke is. Laasgenoemde aspek is wel in fase twee getoets waar 15% molesteerders en 20% verkragters te kenne gegee het dat hulle na bloufilms kyk.

Ten opsigte van verdere vryetydsbesteding het 40% molesteerders en 67% verkragters genoem dat hulle van partytjies hou. Hierdie aspek verwys weer na die behoefte aan kontak met andere, maar die vermoë om in sinvolle verhoudings betrokke te raak word bevraagteken.

Verder het 70% molesteerders en 60% verkragters laat blyk dat hulle hou van buitelug-aktiwiteite soos visvang / piekniek. Hierdie is moontlik weer 'n geleentheid om weg te beweeg uit verhoudings omdat dit vir die molesteerder 'n probleemarea is.


Aangesien daar weinig in die literatuur genoem word oor die kindermolesteerder se

vryetydsbesteding kan bogenoemde data as nuttig beskou word.

5.2.4.6 Die kindermolesteerder se preokkupasie met seks

Die samehang van die aktiwiteite soos in figuur 5.6 uitgebeeld weerspieël die kindermolesteerder se preokkupasie met seks wat hierna bespreek word.

**Figuur 5.6**
Die kindermolesteerder se preokkupasie met seks




Aangesien die kindermolesteerder en die verkragter albei seksuele misdrywe pleeg het navorser dit nodig geag om vas te stel of die subjekte gepreokkupeerd is met seks as sodanig. In fase twee het dit na vore gekom dat 45% van die molesteerders en 47% van die verkragters as kinders gemasturbeer het, waar dit meer normale gedrag sou wees. In fase twee het dit geblyk dat wat hulle volwasse lewe betref 20% molesteerders en 27% verkragters gemasturbeer het, terwyl 30% molesteerders en 33% verkragters gefantaseer het oor seks wat weer hulle gepreokkupeerdheid met seks aandui. Die molesteerder se gepreokkupeerdheid met seks word ondersteun deur subjekte C, D, F, G, I en J (60%) van die kindermolesteerders in fase een, wat genoem het dat hulle op 'n gereelde basis masturbeer (kyk tabel 4.5 in hoofstuk vier).

Die kindermolesteerder se preokkupasie met seks is verder nagevors aan die hand van sy betrokkenheid by voorhuwelikse seks. Hoewel voorhuwelikse seks in die huidige tydvak meer algemeen voorkom, word die molesteerder se betrokkenheid by laasgenoemde gesien in die lig van sy onvermoë om verhoudings op te bou en sy seksuele betrokkenheid by meer as een vrou. In fase twee is bevind dat 50% molesteerders en 27% verkragters betrokke was by seks voor die huwelik. Laasgenoemde betrokkenheid word deur die data in fase een ondersteun waar 90% van die kindermolesteerders bevestig het dat hulle by voorhuwelikse seks betrokke was, wat die oortreder se gepreokkupeerdheid met seks beklemtoon. Slegs subjek G in fase een was weens sy impotensie nie by voorhuwelikse seks betrokke nie (kyk tabel 4.3 in hoofstuk vier), hoewel hy drank gebruik het om voorhuwelikse seks te probeer beoefen (kyk afdeling 4.2.2.7 van hoofstuk vier).

In die literatuur word weinig melding gemaak van die rol van pornografie (kyk afdeling 1.3.1.9 in hoofstuk een vir begripsomskrywing) by die kindermolesteerder. Aangesien die vertoon van pornografie aan 'n kind 'n vorm van kindermolestering is, het navorser hierdie aspek verder ondersoek (Steyn 1993:6). In fase twee is bevind dat 80% molesteerders en 73% verkragters te kenne gegee het dat hulle baie hou van lees. Navorser het egter vraagtekens geplaas oor die aard van hulle leesstof. In fase twee is die aspekte van lees en pornografie verder ondersoek. Uit die groter groep kindermolesteerders en verkragters in fase twee het navorser bevind dat hulle glad nie reageer op die begrip pornografie nie, terwyl navorser in fase een bevind het dat al die kindermolesteerders by pornografie betrokke was (kyk tabel 4.5 in hoofstuk vier). Navorser is van mening dat hulle nie reageer op die begrip pornografie nie weens die onwettigheid daarvan of hulle weet nie wat pornografie behels nie, want wanneer die aard van pornografie, soos hier onder uiteengesit, in 'n kontrole vraag omskryf word reageer hulle soos volg daarop:


- kyk naak foto's van vrouens (sagte pornografie) (55% molesteerders, 53% verkragters);
- kyk modelle wat poseer (sagte pornografie) (60% molesteerders, 53% verkragters);
- kyk foto's van geslagsdele wat vertoon word (harde pornografie) (30% molesteerders, 33% verkragters);

- kyk foto's waar geslagsdaad plaasvind (harde pornografie) (30% molesteerders, 33% verkragters).

5.2.4.7 Die kindermolesteerder se onseker belewenis van homself

In hierdie afdeling word die kindermolesteerder se belewenis van homself bespreek en in figuur 5.7 uitgebeeld.

**Figuur 5.7**
Die kindermolesteerder se onseker belewenis van homself




Parker en Parker (1989: 533), Valliant en Antonowics (1992:221) en Zuskin (1992:205) sê dat die kindermolesteerder onvolwasse is, 'n swak selfbeeld het, onseker van homself is en beangs, ontoereikend en alleen gelaat voel. In fase twee het hierdie eienskappe van die kindermolesteerder weer aandag geniet en is daar bevind dat die subjekte die volgende ervaar:

- voel verwerp (30%);
- almal hou altyd van hulle (55%);
- voel "eensaam" tussen mense (45%);

- het baie selfvertoue (55%);
- voel een oomblik positief en die volgende oomblik negatief oor hulleself (55%);
- behoefte aan intieme verhoudings realiseer nie (55%);
- kom goed met mense oor die weg (85%);
- neem toevlug tot die seksuele (30%);
- doen dinge om aanvaar te word (40%);
- neem 'n drankie om beter oor hulleself te voel(25%).


Bogenoemde eienskappe word sterk deur die verkragters se eienskappe ondersteun. Hierdie teenstrydighede in die gevoelens van die kindermolesteerder sal later in hoofstuk 6 van hierdie proefskrif tydens die interpretasie van die data aandag geniet. Fase een van die ondersoek het wel bevind dat al die kindermolesteerders swak selfbeelde het soos omskryf in afdeling 1.3.1.10 van hoofstuk een (kyk tabel 4.4 in hoofstuk vier).

Navorser het verder bevind dat die verkragters (47%) meer verwerp voel as die molesteerders (30%) en dat mense minder van die verkragters (27%) as van die molesteerders (55%) hou. Die verkragters (40%) het 'n groter geneigdheid om 'n drankie te neem om beter oor hulleself te voel as die molesteerders (25%). Laasgenoemde kan toegeskryf word aan die verkragter se verwysingsraamwerk (kyk afdeling 1.3.1.11 van hoofstuk een vir begripsomskrywing) waar hy in sy ouerhuis in 'n groter mate (73%) blootgestel was aan drankmisbruik, as die molesteerder se 40% (kyk figuur 5.1 in hoofstuk vyf).

5.2.4.8 <u>Die molesteerder spits hom toe op kindermolestering</u>

Aangesien kindermolestering en verkragting in 'n groot mate verskil ten opsigte van aard, slagoffers en oortreders, is genoemde aspekte in die onderhoudskedule in aparte afdelings hanteer en is dit nie moontlik om die data van die twee misdrywe in een illustrasie weer te gee nie. Slegs die bevindings ten opsigte van kindermolestering as misdaad sal in figuur 5.8 uitgedruk en daarna bespreek word. Die data ten opsigte van verkragting sal tydens die bespreking bygewerk word.

**Figuur 5.8**
Die molesteerder spits hom toe op kindermolestering




In die literatuur is weinig beskikbaar oor die kindermolesteerder se eie kennis van molestering. In fase twee het 45% molesteerders te kenne gegee dat hulle nie weet wat alles as kindermolestering gesien word nie. Laasgenoemde word ondersteun deur fase een van die ondersoek waar bevind is dat subjekte A, G, H en I ( 40%) van die molesteerders glad nie weet wat met molestering bedoel word nie, terwyl subjekte B, C en J (30%) onseker is oor wat molestering behels (kyk tabel 4.5 in hoofstuk vier). Ten opsigte van die verkragters het 53% verkragting beskryf as seks met 'n vrou teen haar wil en 33% het dit beskou as 'n geweldsmisdaad.

Bagley et al. (1994:683) en verskeie ander skrywers sê dat die meeste molesterings binne gesinsverband voorkom. In fase twee het 50% van die molesterings binne die gesin voorgekom wat ondersteun word deur 70% in fase een, waarvan subjekte A, B, D, E, F, I en J die voorbeelde is (kyk tabel 4.5 in hoofstuk vier). 'n Ondersoek wat Dube en Herbert gedoen het ten opsigte van 511 seksueel gemolesteerde kinders, het hulle gevind dat in 77% van die gevalle die ouerhuis die plek van misbruik was (Schuman 1990:3).

Tydens fase twee het dit na vore gekom dat waar molesterings wel buite gesinsverband plaasgevind het 40% van die slagoffers aan die molesteerders bekend was. Ten opsigte van

die verkragters is bevind dat 67% van hulle slagoffers aan hulle onbekend was. Volgens hierdie ondersoek is dit duidelik dat die molesteerder 'n bekende slagoffer kies teenoor die verkragter se onbekende slagoffer.


Bartol (1995: 304) voer aan dat die kindermolesteerder in alle ouderdomsgroepe voorkom en hulle gemiddelde ouderdomme wissel tussen 36 en 40 jaar. Volgens hom verkies die ouer kindermolesteerder jonger kinders terwyl die jonger kindermolesteerder ouer kinders verkies. In fase een het die molesteerders se ouderdomme gewissel van 24 jaar tot 47 jaar. Fase twee het aan die lig gebring dat 55% van die molesteerders 20 - 35 jaar en 40% 36 jaar en ouer was. Ten opsigte van die slagoffers in fase twee was 39% 3-10 jaar en 61% 11-17 jaar. Bevindings in fase twee wys wel uit dat die meerderheid molesteerders jonger was terwyl die meerderheid slagoffers ouer was. Dit ondersteun die literatuur, naamlik dat die jonger molesteerder ouer slagoffers verkies.

Tydens die ondersoek het die vraag by navorser ontstaan of die kindermolesteerder enige ander misdrywe pleeg. In fase twee is gevind dat 60% van die molesteerders geen ander misdrywe gepleeg het nie, maar wanneer hy wel 'n misdryf gepleeg het was dit in die meeste van die gevalle seksueel van aard. Die verkragters daarenteen het in die meeste gevalle 'n kriminele rekord met 'n verskeidenheid van misdrywe waarvan die mees algemene huisbraak (33%), diefstal (40%) en motordiefstal (27%) is. Hierdie betrokkenheid by ander misdaadaktiwiteite wys 'n verdere verskil tussen die molesteerder en verkragter uit.

5.2.4.9 Die kindermolesteerder het behoefte aan hulp

Aangesien die molesteerders en verkragters 'n redelike ooreenstemmende siening ten opsigte van hulle oortreding en toekomstige hulp het word dit in figuur 5.9 uitgebeeld.

**Figuur 5.9**
Die kindermolesteerder het behoefte aan hulp



Volgens Scheela en Stern (1994:95) voel die kindermolesteerder sleg oor sy oortreding. In fase twee is bevind dat 65% molesteerders en 60% verkragters sleg voel oor wat hulle gedoen het. Laasgenoemde word ondersteun deur die data uit fase een waar al die molesteerders erken het dat hulle skuldgevoelens het oor die misdryf (kyk tabel 4.5 in hoofstuk vier).

In die literatuur het dit na vore gekom dat die molesteerders verskillende reaksies toon ten opsigte van die klag van kindermolestering, soos skok, ongeloof, hulpeloosheid, skaamte, skuld, woede, selfbejammering en vrees vir die onbekende (Scheela & Stern 1994:94 -95).Na aanleiding van die molesteerders se skuldgevoelens soos bevind in fase een, is hierdie gevoelens verder in fase twee ondersoek en is die volgende gevind:

- verbitterd oor aanmelding (40%);
- kwaad vir myself (70%);
- verlig dis aangemeld (75%);
- dink dis my verdiende loon (65%).

Genoemde reaksies word deur die data van die verkragters bevestig. Navorser vind dit opvallend dat die verkragters (66%) meer verbitterd is as die molesteerders (40%) wat 'n oorsaak is van die verkragters se meer openlike aggressie.

Ten opsigte van toekomstige hulp (kyk afdeling 1.3.1.4 van hoofstuk een vir begripsomskrywing) het 85% molesteerders en 60% verkragters die behoefte uitgespreek om by terapeutiese dienste uit te kom. Die molesteerders (70%) en verkragters (53%) was van mening dat hulle deur middel van terapeutiese dienste insig in hulle probleem sal verkry. Scheela en Stern (1994:95) sê in verband met laasgenoemde dat baie van die molesteerders reeds lank voordat hulle gearresteer is, geweet het dat hulle 'n probleem het, maar nie geweet het waar om te gaan aanklop en wat die gevolge van die bekendmaking van die molestering sal wees nie. Hierdie behoefte aan hulp dien as sterk ondersteuning vir die samestelling van 'n behandelingstruktuur soos omskryf in afdeling 1.3.1.1 van hoofstuk een.

Die massa data wat navorser tydens fase een en twee ingesamel het ten opsigte van die

manlike kindermolesteerder word nou verder aangevul deur navorser se stelselmatige waarneming tydens hierdie pluralistiese navorsingsondersoek. In die volgende afdeling van hierdie hoofstuk gee navorser 'n samevattende evaluasie van die data-insamelingproses en die teikengroepe.

## 5.3 SAMEVATTENDE EVALUASIE VAN DIE DATA-INSAMELINGPROSES EN DIE TEIKENGROEPE

Die empiriese ondersoek het 'n deeglike literatuurstudie geverg wat gevolg is deur 'n pluralisties-benaderde ondersoek wat in twee opeenvolgende fases plaasgevind het elk met sy eie data-insamelingstegnologie en data-verwerking..

Fase een was gerig op 'n indiepte studie van die kindermolesteerder waar aandag gegee is aan prosesse en gebeure in die molesteerder se lewe, soos die voorkoms van molestering in sy kinderjare, sy onvermoë om verhoudings te bou en sy eie gepreokkupeerdheid met die seksuele. In hierdie fase is gebruik gemaak van semi-gestruktureerde onderhoude aan die hand van 'n onderhoudsgids asook van die teken van genogramme van elke kindermolesteerder. Die onderhoudsgids is saamgestel uit die literatuur en navorser se ervaring as maatskaplike werker. Hierdie fase is kwalitatief benader en navorser het tien kindermolesteerders wat skuldig bevind was aan molestering of erken het dat hy só 'n misdaad gepleeg het, in die ondersoek betrek. Die ingesamelde data is gebruik om 'n ryk en indiepte beskrywing van die kindermolesteerder te gee, waaruit gemeenskaplikhede en ooreenkomste van die oortreder vasgelê is vir verdere navorsing.

Die data wat in fase een bekom is, is gebruik om 'n onderhoudskedule op te stel en verder in fase twee syfermatig aan 'n meer omvangryke groep oortreders voor te lê. Hierdie fase is kwantitatief benader en navorser het twintig kindermolesteerders in die ondersoek betrek wat skuldig bevind was aan molestering of erken het dat hy só 'n daad gepleeg het. Om die bruikbaarheid van die onderhoudskedule te bepaal en die ondersoek te versterk is vyftien verkragters ook in fase twee betrek omdat hulle 'n seksuele misdryf met die kindermolesteerder in gemeen het. Laasgenoemde toevoeging tot die subjekte was van waarde in dié sin dat sekere ooreenkomste tussen die twee tipe oortreders na vore gekom en

verskilpunte uitgelig is. Die data van fase twee is in persentasies omskep en syfermatig by wyse van figure geïllustreer, waarna dit in verband gebring is met die data in fase een en die literatuur.

Die pluralistiese benadering van hierdie ondersoek het buitengewone uitdagings aan die navorser gestel, deurdat sy vir elke benadering sy eie data-insamelingstegnologie moes ontwikkel en dat die data uit die twee fases verskillend verwerk moes word. Die gebruik van pluralisme met sulke uiteenlopende benaderings was moeilik maar het meegebring dat die een benadering die data van die ander benadering kon ondersteun en aanvul. Elke benadering het 'n ander mate van insig tuisgebring, terwyl dit by dieselfde doelstelling uitgekom het, naamlik om 'n holistiese beeld van kindermolestering te verkry, waaruit 'n profiel van die kindermolesteerder saamgestel kon word. Die feit dat een fase op die ander gebou is, maar verskillend benader is, verhoog die geldigheid en betroubaarheid van die studie en voldoen aan die primêre vereistes van wetenskaplike navorsing.

Na die afhandeling van die empiriese ondersoek met sy verskillende fases is dit nodig om ook stil te staan by die navorser se algemene indrukke van die teikengroepe en navorser se hantering van hierdie groepe.

Tydens die semi-gestruktureerde onderhoude in fase een, sowel as met die voltooiing van die onderhoudskedules in fase twee, het navorser gevind dat die kindermolesteerders onseker van hulleself is. Hulle openbaar hierdie onsekerheid na buite deur in hulle dop te kruip of met 'n groot omvang van woorde hulleself in 'n beter lig te stel. Dwarsdeur die navorsing het dit na vore gekom dat hulle deelname aan die ondersoek hulle belangrik laat voel het omdat hulle nou hulle misdryf, wat eintlik 'n probleem is, kan gebruik om te help met 'n navorsingsondersoek. Hulle het duidelik die aandag wat hulle gedurende die ondersoek gekry het, geniet, aangesien hulle met die pleging van die misdryf die teenoorgestelde beleef het, naamlik verwerping deur hulle omstanders. Die molesteerders was oor die algemeen swak kommunikeerders. Verder was hulle goed geoefen om 'n vals beeld aan die wêreld voor te hou, omdat hulle lank met 'n leuen moes saamleef deur die molestering vir 'n lang tydperk geheim te hou. Ook het selfsug en dominansie as eienskappe in die molesteerder se lewe na

vore gekom deurdat hy kindermolestering gebruik om sy onsekerheid en behoefte aan intieme verhoudings te bevredig. In die proses gebruik hy weerlose kinders oor wie hy beheer kan uitoefen as slagoffers om sodoende die misdryf geheim te hou sodat dit oor 'n lang tydperk kan plaasvind. Wanneer hy struikelblokke ondervind om by sy doel uit te kom hanteer hy dit met aggressie, omdat hy in sy ouerhuis nie vaardighede aangeleer het om probleme op te los nie.

Die hantering van hierdie tipe persoonlikheid van die kindermolesteerder het baie vaardighede van die navorser geverg tydens die ondersoek. Navorser moes baie vinnig met die molesteerder 'n vertrouensverhouding vestig en hom uit sy dop laat kruip sodat betroubare data vir die ondersoek bekom kon word. Aan die anderkant moes die navorser die kindermolesteerder, wat 'n groot omvang van woorde gebruik het, telkens teruglei na die onderwerp sodat die nodige data bekom kan word, maar ook toesien dat nuwe data nie verlore gaan nie. Navorser moes ook die molesteerder konfronteer met teenstrydighede waarmee hy na vore kom, om betroubaarheid van die data te verseker.

Die verkragters wat aan die ondersoek deelgeneem het, het meer openlike aggressiewe gedrag openbaar. Hoewel hulle vooraf toegestem het tot deelname, het hulle navorser duidelik laat verstaan dat hulle moeg is vir almal wat ondersoeke doen. Een van hulle wou byvoorbeeld weet watter voordeel hy uit die ondersoek gaan kry en 'n ander wou weet wat gaan gebeur as hy sou loop sonder om aan die ondersoek deel te neem. Een van die verkragters het byvoorbeeld geen erg gehad aan die onderhoudskedule se afdelings waar verkragting nie pertinent op die voorgrond was nie. Navorser moes telkens hulle aggressie versigtig hanteer en die doel van hulle deelname uitwys om hulle betrokkenheid te behou, sonder om hulle om te koop of aan hulle beloftes te maak.

Die betrekking van verkragters in hierdie ondersoek het 'n sinvolle bydrae gelewer deurdat die data kenmerkende eienskappe by die kindermolesteerder as seksuele oortreder kon ondersteun en versterk. In die ondersoek het dit duidelik na vore gekom dat die twee tipes oortreders se aanloop tot die misdryf in 'n redelike mate ooreengestem het met betrekking tot maatskaplike probleme in hulle ouerhuise, onstabiliteit, onvermoë om verhoudings te bou, en

so meer. Verder het duidelike verskille by die twee tipes seksuele oortreders na vore gekom soos die molesteerder wat 'n meer verskuilde misdaad pleeg met slagoffers wat aan hom bekend is, teenoor die verkragter wat hom skuldig maak aan 'n seksuele misdryf waar hy van geweld gebruik maak en sy slagoffers nie aan hom bekend is nie. Verdere ooreenkomste en verskille tussen die twee tipes oortreders word in afdeling 6.3 van hoofstuk ses uiteengesit

Navorser het egter daarin geslaag om met die kindermolesteerders en verkragters 'n vertrouensverhouding op te bou. Laasgenoemde word bevestig deur die feit dat navorser deurentyd meer data uit die onderhoudvoering bekom het as wat in die dokumentêre bronne vervat was.

Met hierdie empiriese ondersoek afgehandel, beskik navorser nou oor 'n massa data om te interpreteer waaruit 'n profiel van die kindermolesteerder saamgestel kan word om sy gedrag te kan verklaar, 'n behandelingstruktuur saam te stel en terselfdertyd punte uit te lig vir verdere navorsing. Hierdie aspekte sal in die volgende afdeling van die proefskrif aandag geniet.

# AFDELING C
# INTERPRETASIE, BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

# HOOFSTUK 6

# INTERPRETASIE EN VERKLARING VAN DIE MANLIKE KINDERMOLESTEERDER SE GEDRAG

## 6.1. INLEIDING

Tot dusver is in afdelings A en B van hierdie proefskrif aandag gegee aan die proses van data-insameling, wat 'n wetenskaplike plan insluit en die wyse waarop genoemde plan tydens die empiriese ondersoek ten uitvoer gebring is. In afdeling C val die klem nou op die bevindinge wat uit die empiriese ondersoek na vore gekom het en die aanbevelings wat daaruit voortgespruit het.

Navorser het nou fase drie van die navorsingsondersoek ten opsigte van die manlike kindermolesteerder bereik. In hierdie fase is die data wat tydens fase twee ingesamel is rekenaarmatig (kwantitatief) verwerk om kenmerkende eienskappe in die gedrag van die kindermolesteerder te identifiseer en te bepaal in watter mate dit deur die data betreffende die verkragters gesteun word. Die routellings uit die onderhoudskedules in fase twee is omskep in persentasies om die betekenisvolle veranderlikes te identifiseer waarna die kenmerkende eienskappe van die kindermolesteerder in figure uitgebeeld is soos reeds vervat in hoofstuk vyf van hierdie proefskrif.

In hierdie hoofstuk word die bevindinge van die empiriese ondersoek (kwalitatief) hanteer deur die data te interpreteer, 'n profiel van die manlike kindermolesteerder saam te stel en sy gedrag te verklaar. Met hierdie kennis ten opsigte van die manlike kindermolesteerder tot navorser se beskikking, word 'n behandelingstruktuur vir die molesteerder saamgestel, soos omskryf in afdeling 1.3.1.1 van hoofstuk een, ten einde ook die oortreder in die misdryf aan te spreek en te poog om 'n afname in kindermolestering te bewerkstellig soos bespreek in afdeling 1.2.2 van hoofstuk een.

Bogenoemde aspekte word in hierdie hoofstuk onder die volgende hoofde hanteer:

- interpretasie van die ingesamelde data ten opsigte van die manlike kindermolesteerder;

- 'n profiel van die manlike kindermolesteerder;
- 'n teoretiese verklaring van die manlike kindermolesteerder se gedrag;
- 'n behandelingstruktuur vir die kindermolesteerder.

## 6.2 INTERPRETASIE VAN DIE INGESAMELDE DATA TEN OPSIGTE VAN DIE MANLIKE KINDERMOLESTEERDER

Die bevindinge van die twee empiriese fases van die ondersoek word in hierdie hoofstuk saamgevat en volgens die vier onderstaande afdelings geïnterpreteer:

- ouerhuis van die kindermolesteerder;
- skool- en beroepslewe van die kindermolesteerder;
- kindermolesteerder as volwassene;
- kindermolesteerder as oortreder.

Die bevindinge van fase een en twee word in elke afdeling in 'n figuur saamgevat waarna dit bespreek en geïnterpreteer word. Aan die einde van elke afdeling word die eienskappe van die kindermolesteerder wat daarin na vore gekom het saamgevat om sodoende 'n profiel van die oortreder saam te stel, soos uiteengesit in figuur 6.5. Die geïnterpreteerde data en die eienskappe van die kindermolesteerder wat daaruit voortspruit, stel die navorser in staat om die gedrag van die oortreder later in hierdie hoofstuk teoreties te verklaar.

### 6.2.1. Die ouerhuis van die kindermolesteerder

In hierdie afdeling word die bevindinge van die empiriese ondersoek in fase een en twee ten opsigte van die ouerhuis van die kindermolesteerder bespreek en in figuur 6.1 saamgevat.

**Figuur 6.1**
Ouerhuis van die kindermolesteerder

**Die volgende is bevind ten opsigte van die ouerhuis van die kindermolesteerder:**

- hy is afkomstig uit 'n groot gesin;
- in sy ouerhuis kom verskeie maatskaplike probleme voor;
- kindermolestering het in sy ouerhuis voorgekom en is onderaangemeld;
- hy het nie die vermoë ontwikkel om verhoudings te bou nie;
- hy word as kind 'n alleenloper en begin masturbeer.

6.2.1.1 Hy is afkomstig uit 'n groot gesin

Tydens hierdie ondersoek het dit in albei die fases na vore gekom dat die meerderheid kindermolesteerders (fase een 60%, fase twee 65%) uit gesinne van vier en meer kinders afkomstig is en dat daar 'n neiging by die ouer kinders (70%) in die gesin is om molesteerders te word. Hierdie tendens van gesinsgroottes (80%) en ouer kinders (67%) kom ook by die verkragters voor.

Navorser is van mening dat kinders in sulke groot gesinne nie die nodige aandag kry nie. Die ouer kinders moet gedurig plek maak vir die jongeres, wat meebring dat die kind in só 'n groot gesin reeds op 'n vroeë stadium moet afstand doen van die intieme verhouding met sy moeder wie hom moet leer om só 'n verhouding te bou. Subjek G in fase een van die ondersoek kom uit 'n gesin van agt kinders en is 'n voorbeeld van laasgenoemde. Die gevolg is dat die kind nie weet hoe om 'n intieme verhouding te bou nie. Dit bring mee dat die kind verwerp voel en dit wek by hom 'n gevoel van angs, onsekerheid en ontoereikendheid soos uiteengesit in afdeling 3.4.2 van hoofstuk drie. Laasgenoemde lei daartoe dat die kind sy behoefte aan liefde, erkenning en aanvaarding op 'n ander plek gaan soek, wat kan uitloop op kindermolestering soos in die geval van subjek H in fase een. Hy is eers deur sy ouer suster gemolesteer en daarna het hy sy drie jonger susters gemolesteer. Subjek G in fase een noem byvoorbeeld dat hy in sy latere verhoudings met vrouens na daardie moederliefde gesoek het wat hy nie in sy ouerhuis gekry het nie, maar dat dit nooit realiseer het nie weens sy onvermoë om verhoudings te bou.

Genoemde gesinsomstandighede wek by die kind aggressie omdat hy voel dat hy heeltyd die verloorder is en dat hy magteloos staan ten opsigte van die situasie. Hierdie aggressie word weens die onderskeie kinders se persoonlikhede verskillend hanteer. In hierdie ondersoek kom dit na vore dat die molesteerder 'n meer verskuilde aggressie het wat tot uiting kom in kindermolestering. Die verkragter daarenteen, reageer met meer doelbewuste aggressie op die situasie, wat uitloop op 'n aggressiewe misdryf soos die verkragting van volwasse vroue, waardeur hy probeer wraak neem ten opsigte van die aandag wat hom as kind ontneem is.

6.2.1.2 <u>In sy ouerhuis kom verskeie maatskaplike probleme voor</u>

Wanneer na die gesinsagtergrond van die kindermolesteerder gekyk word, is daar in fase een en twee van hierdie ondersoek, bevind dat die kindermolesteerder uit 'n ouerhuis kom waarin daar allerlei maatskaplike probleme (disfunksionaliteit) aanwesig was. Hierdie probleme sluit die volgende in: gesinsgeweld, huwelikskonflik, verlatings, egskeidings, finansiële krisisse, drankmisbruik, en kindermolestering. Die aanwesigheid van maatskaplike probleme (disfunksionaliteit) in die kindermolesteerder se gesin van herkoms word ook deur Bentovim et al. (1987:1455) in die literatuur bevestig. Die voorkoms van genoemde maatskaplike probleme word ook in fase twee deur die data ten opsigte van verkragters gesteun.

Die ouers in sulke disfunksionele gesinne is só verwikkeld in hulle eie probleme dat hulle nie oor die tyd en lewenskrag beskik om by hulle kinders se behoeftes uit te kom nie. Subjek G het byvoorbeeld nie voldoende klere gehad nie en was daarvoor van ander mense afhanklik. Verder het hulle baie rondgetrek en hulle huise was sonder plafonne en warm water. Hierdie omstandighede skep by die kind 'n minderwaardige gevoel en 'n onseker basis omdat daar geen vastigheid in sy lewe is nie, en hy nooit weet wanneer hulle weer verhuis en aan watter omstandighede hy gaan blootgestel word nie. Die situasie laat ook die kind met 'n negatiewe verwysingsraamwerk van 'n gesinslewe wat hy na sy volwasse lewe oordra. Ten opsigte van laasgenoemde is subjek E in fase een 'n voorbeeld. Hy kom byvoorbeeld uit 'n ouerhuis waar sy vader ernstig misbruik gemaak het van drank. Aangesien dit die voorbeeld is wat hy in sy ouerhuis gekry het, het hy self ook van drank misbruik gemaak in sy volwasse lewe. Ten opsigte van die maatskaplike probleme in die verkragter se gesin van herkoms, is dit opvallend dat gesinsgeweld (60%) en drankmisbruik (73%) meer in hulle gesinne van

herkoms voorgekom het as by die molesteerders. Die verkragters dra hierdie geweldselement na hulle volwasse lewe oor waar dit tot uiting kom in 'n geweldsmisdaad soos verkragting. Die aanleer van geweld as 'n meganisme van probleemoplossing in die gesin van oorsprong is dus hier van toepassing.

'n Verdere gevolg van hierdie disfunksionele gesinsomstandighede is dat die kind ook nie probleemoplossende vaardighede ontwikkel nie, omdat sy ouers maar net voortgeploeter het en hy nie by hulle geleer het hoe om probleme te hanteer nie. Die kindermolesteerder kan daarom ook nie later die maatskaplike probleme in sy eie huweliks- en gesinslewe hanteer nie en die gevolg is dat die disfunksionele kringloop voortgesit word.

6.2.1.3 Kindermolestering het in ouerhuis voorgekom en is onderaangemeld

In albei die fases van die ondersoek is bevind dat molesterings in 'n mindere of meerdere mate in die oortreders se ouerhuise voorgekom het. Soos reeds genoem in fase een is subjek H deur sy oudste suster gemolesteer, terwyl hy weer sy drie jonger susters gemolesteer het sonder die medewete van sy ouers, wat 'n aanduiding is van hierdie subjek se frustrasie, onbewuste aggressie en onvermoë om probleme te hanteer. Adler en Schutz (1995:811-815) sowel as Levett (1991:13) maak ook melding van molestering tussen kinders in 'n gesin. Laasgenoemde is ook 'n bewys van die ouers se onbetrokkenheid by hulle kinders, in die sin dat hulle nie eens bewus was van die molestering tussen hulle kinders nie, wat hulle verwikkeldheid in hulle eie probleme beklemtoon, waarna in afdeling 6.2.1.3 van hierdie hoofstuk verwys word. As volwassene het subjek H voortgegaan om ander kinders te molesteer, want dit is gedrag wat hy as kind aangeleer het. Na aanleiding van laasgenoemde is dit duidelik dat die molesteerder nie oor die vermoë beskik om te besluit om die disfunksionele proses te verbreek nie, want hy het nie by sy ouers geleer om probleme te hanteer nie. Die data oor verkragters steun hierdie voorkoms van molestering in die gesin van herkoms, maar in hierdie ondersoek was dit opvallend dat nie een van die verkragters as volwassenes kinders gemolesteer het nie. Dit wil voorkom of die verkragter se reaksie op die molesterings eerder tot uiting kom in die vorm van 'n geweldsmisdaad soos verkragting wat toegeskryf kan word aan sy meer eksplisiete aggressiewe persoonlikheid.

In fase een en twee van die ondersoek is bevind dat die meeste van die molesterings nooit aangemeld word nie. Die data oor die verkragters in fase twee bevestig hierdie lae aanmeldingsyfer. Subjek C in fase een noem byvoorbeeld dat hy oor jare deur sy stiefvader gemolesteer is. Hy het sy moeder daarvan vertel, maar sy het haar nie daaraan gesteur nie, wat verwys na haar onvermoë of onwilligheid om probleme te hanteer. Weens subjek C se onsekerheid oor homself, soos omskryf in afdeling 4.2.2.3 van hoofstuk vier, het hy verdere aanmelding van die molestering maar daar gelaat. Die tipe optrede van 'n moeder skep by die kind die indruk dat daar nie oor sulke goed gepraat word nie en dat hy nie mag sê hoe hy voel nie. Dit leer die kind om sy gevoelens te onderdruk wat weer later bydra tot die molesteerder se verskuilde aggressie. Die gevolg is dat die kind se gevoelskommunikasie reeds vroeg geblokkeer word wat dan later kommunikasieprobleme in sy huwelik en ander verhoudings kan meebring. Verder sit die gemolesteerde kind met die gevolge van molestering waarna daar verwys word in afdeling 3.3 van hoofstuk drie, soos skuldgevoelens, probleme in die opbou van verhoudings, min of geen belangstelling in skoolwerk en 'n swak selfbeeld wat vir hom probleme in sy verdere lewe inhou.

6.2.1.4 <u>Hy het nie die vermoë ontwikkel om verhoudings te bou nie</u>

Ten opsigte van die opbou van verhoudings is daar in beide fase een (80%) en fase twee (60%) van die ondersoek bevind dat die molesteerders negatiewe verhoudings met hulle vaders gehad het. Hierdie negatiewe verhoudings sluit in 'n afwesige vader, waar die molesteerder byvoorbeeld nie sy vader geken het nie of hy het 'n afstandverhouding met sy vader gehad wat met konflik gelaai was. Caffaro (1991:33-35) beklemtoon ook in die literatuur die invloed van die afwesige vader in die kindermolesteerder se lewe.

Volgens subjek H in fase een van die ondersoek was sy vader altyd afwesig en het hy hom net gesien as die ou wat die geld huistoe bring. Verder was sy vader ook die persoon wat hom as kind moes dissiplineer en straf, wat verder 'n negatiewe beeld van die vader by hom geskep het. Laasgenoemde word ondersteun deur subjekte C en F (fase een) wat vertel dat hulle vaders hulle geslaan het met enige iets wat hulle in die hande kon kry en só die negatiewe beeld van die vaderfiguur by hulle versterk het (kyk afdeling 4.2.3.2 van hoofstuk vier). Die data oor die verkragters in fase twee steun hierdie negatiewe verhouding met die vaderfiguur.

Hierdie negatiewe verhouding en negatiewe beeld van 'n vader bring mee dat die kind nie 'n positiewe manlike rolmodel het waarmee hy kan identifiseer nie. Dit maak die kind onseker en lei daartoe dat hy nie weet hoe om as man op te tree nie. Hy dra ook dikwels hierdie negatiewe beeld van 'n man na sy eie huweliks- en gesinslewe oor. Die gevolg is dat die molesteerder nie sy rol as man en vader kan vervul nie en hy word deel van die kindersubsisteem soos bespreek in afdeling 3.4.1.2 van hoofstuk drie. In hierdie kindersubsisteem word sy behoefte aan liefde, erkenning en aanvaarding bevredig en so ook sy seksuele behoefte, wat weer 'n disfunksionele gesin skep.

In die ondersoek het dit ook na vore gekom dat die verkragters (60%) hulle vaders meer gevrees het as die molesteerders (25%), wat toegeskryf kan word aan die hoër voorkoms van gesinsgeweld by die verkragter se gesin van herkoms, wat meestal deur die vader gepleeg is. Hierdie vrees vir sy vader vorm die basis vir die verkragter se aggressie wat in 'n geweldsmisdaad tot uiting kom.

Aangesien die kind nie geleer het om met die eerste man in sy lewe, sy vader 'n verhouding te bou nie, is 'n verdere gevolg dat die kind ook nie weet hoe om verhoudings met sy eie portuurgroep te bou nie. In fase een van die ondersoek het dit ook na vore gekom dat die kindermolesteerder probleme ondervind met die sluit van vriendskappe. Hierdie probleem word ook in die literatuur bevestig deur Gilgun en Conner (1990:80).

Albei fases van die ondersoek het aangedui dat die molesteerders nader aan hulle moeders was, hoewel hierdie verhoudings ook nie sonder probleme verloop het nie. Soos reeds genoem moes die kinders in groot gesinne plek maak vir die jonger kinders en so ook die intieme verhouding met die moeder prysgee. Die meer positiewe beeld van 'n vrou maak dat die kind meer aangetrokke tot die vroulike geslag voel. Wanneer die kindermolesteerder volwassenheid bereik misbruik hy hierdie meer positiewe verhouding met die vroulike geslag, omdat hy sy behoeftes wil bevredig en molesteer dan kinders, veral dogters (Parker & Parker 1989:533).

Hierdie onvermoë om verhoudings te bou bevestig een van die aanvanklike aannames van die ondersoek, naamlik dat die kindermolesteerder 'n negatiewe verwysingsraamwerk van intieme

verhoudings het.

6.2.1.5 Hy word 'n alleenloper en begin masturbeer

Afdeling 6.2.1.2 van hierdie hoofstuk bevestig die aanwesigheid van verskeie maatskaplike probleme in die ouerhuis van die kindermolesteerder. In afdeling 6.2.1.4 kom dit na vore dat die kindermolesteerder nooit in sy ouerhuis geleer het om verhoudings te bou nie (Wash & Knudson-Martin 1994:401). Laasgenoemde laat die molesteerder met 'n magtelose gevoel en werk onderliggende aggressie in die hand. Hy hanteer sy onvermoë om verhoudings te bou deur 'n alleenloper te word, wat in fase twee bevestig word deur 75% van die molesteerders. Die verkragter (40%) verkies in 'n mindere mate om alleen te wees, wat moontlik aan sy meer overte aggressiewe persoonlikheid toegeskryf kan word wat daartoe lei dat hy vir homself veg en aanspraak wil maak op mense se aandag.

Reeds in hierdie fase van alleenheid as kind begin die molesteerder uit frustrasie eksperimenteer met seks, wat op daardie tydstip van die kind se lewe 'n normale verskynsel is. Laasgenoemde word bevestig deur 45% molesteerders in fase twee van die ondersoek wat te kenne gegee het dat hulle as kinders gemasturbeer het. Die verkragters (47%) bevestig ook masturbasie as kind. Die kind kry uit die masturbasie een of ander vorm van bevrediging, wat vergoed vir sy onbevredigende verhoudingslewe. Die masturbasie word aangeleerde gedrag wat in sy volwasse lewe in 'n abnormaliteit en 'n gepreokkupeerdheid met die seksuele uitloop en tot kindermolestering lei.

Genoemde omstandighede in die ouerhuis van die kindermolesteerder word deur Howard en Caslin (1999:2) beskryf as vroeë risikofaktore, wat kindermolestering in die hand kan werk en wat voor die deur van die oortreder se ouers gelê moet word. Hierdie rol van gesinsinvloede in die kindermolesteerder se gesin van herkoms word later ook teoreties verklaar in afdeling 6.4.2.1 van hierdie hoofstuk. In navorser se voorgestelde behandelingstruktuur, soos later uiteengesit in afdeling 6.5.4 van hierdie hoofstuk, is dit belangrik om in die eerste fase van die struktuur die ontwikkeling van die risikofaktore wat kan lei tot molestering, vir die oortreder uit te wys met behulp van die teken van 'n genogram.

Die eienskappe wat die kindermolesteerder in sy ouerhuis ontwikkel het, en wat kan lei tot kindermolestering, word as volg saamgevat:

- 'n onvermoë om verhoudings op te bou;
- onderliggende aggressie;
- weet nie hoe om as man op te tree nie;
- word 'n alleenloper;
- begin masturbeer om onvervulde behoeftes te bevredig;
- is onseker van homself;
- leer nie probleemoplossende vaardighede aan nie.

Die kind met bogenoemde eienskappe as basis word in die volgende afdeling bespreek met betrekking tot sy blootstelling aan die skool- en beroepslewe.

### 6.2.2 Die skool- en beroepslewe van die kindermolesteerder

In hierdie afdeling word die bevindinge van die kindermolesteerder se skool- en beroepslewe, soos verkry uit fase een en twee van die empiriese ondersoek, bespreek en in figuur 6.2 saamgevat.

**Figuur 6.2**
Skool- en beroepslewe van die kindermolesteerder

**Ten opsigte van die kindermolesteerder se skool- en beroepslewe is die volgende bevind:**

- voltooi nie sy skoolloopbaan nie;
- kwaliteit verhoudings met sy portuurgroep en onderwysers realiseer nie;
- buitemuurse aktiwiteite is onbevredigend;
- het geen naskoolse opleiding nie;
- beklee halfgeskoolde beroepe;
- wissel van werk;

#### 6.2.2.1 Die kindermolesteerder voltooi nie sy skoolloopbaan nie

In fase een van die ondersoek het dit aan die lig gekom dat 50% van die kindermolesteerders

probleme ondervind het op skool. Hierdie probleme kan toegeskryf word aan 'n beperkte intellek, wisseling van skool, stokkiesdraai en gebrekkige belangstelling in skoolwerk. Subjek F in fase een van die ondersoek skryf sy probleme op skool toe aan sy vader se gebrekkige belangstelling in hom. Genoemde probleme kan ook die gevolg wees van die kind se eie molestering in sy ouerhuis. Volgens Bateman (1994:41), Schuman (1990:4) en Van Schalkwyk (1990:33) het só 'n kind 'n verswakte konsentrasie en toon min of geen belangstelling in sy skoolwerk. Hy leef in sy eie fantasiewêreld en sy aandag is nie waar dit behoort te wees nie.

Aangesien hy nie belang het in sy skoolwerk nie en met verskeie probleme gekonfronteer word, het hy geen erg daaraan om sy skoolloopbaan te voltooi nie. Laasgenoemde word bevestig deur die data uit fase een en twee van die ondersoek waar bevind is dat 60% en 80% van die kindermolesteerders onderskeidelik standerd agt en minder op skool geslaag het. Die onvoltooide skoolloopbaan word deur data ten opsigte van die verkragters (87%) bevestig. Die invloed van die maatskaplike probleme in die ouerhuise van die molesteerders, waarna daar reeds in afdeling 6.2.1.2 in hierdie hoofstuk verwys is, word in hierdie onvoltooide skoolloopbane bespeur. Die kind se gedagtes word byvoorbeeld só in beslag geneem deur die probleme tuis dat hy glad nie sy aandag by sy skoolwerk kan bepaal nie en sy onsekerheid en swak selfbeeld word hierdeur versterk. Die molesteerder is nie in staat om die disfunksionele proses in sy gesin van herkoms te verbreek nie, want hy beskik nie oor probleemoplossende vaardighede nie. Hy begin om te rasionaliseer deur sy probleme aan ander toe te dig soos wat hy later ook doen ten opsigte van sy seksueel afwykende gedrag en sy botsing met die gereg.

6.2.2.2 <u>Kwaliteit verhoudings met sy portuurgroep en onderwysers realiseer nie</u>

Soos reeds vroeër in hierdie hoofstuk uitgewys is in afdeling 6.2.1.4, ondervind die kindermolesteerder probleme om verhoudings te bou, omdat hy dit nie in sy ouerhuis geleer het nie. Die gevolge van hierdie onvermoë is duidelik te bespeur in die molesteerder se vriendskapsverhoudings. In fase een van die ondersoek sê 20% van die molesteerders dat hulle geen vriende het nie. Verder bevestig 30% van die oortreders dat hulle weinig vriende het en 'n ander 20% dat hulle verkeerde en oppervlakkige vriendskappe gehad het. Hierdie aspek is aan 'n groter groep kindermolesteerders in fase twee voorgelê waar 45% van die molesteerders

te kenne gegee het dat hulle positiewe verhoudings met seuns en dogters op skool gehad het. Die verkragters bevestig laasgenoemde positiewe verhoudings met 53%. Navorser het verder in fase twee van die ondersoek bevind dat 35% molesteerders en 67% verkragters van mening is dat hulle positiewe verhoudings met mans- en damesonderwysers gehad het. Aangesien die kindermolesteerder as skolier, elke dag met sy mede-skoliere en onderwysers verkeer, beleef hy moontlik die gewone omgang en belangstelling as positiewe verhoudings. Navorser bevraagteken egter die kwaliteit van hierdie verhoudings weens die oortreders se gebrekkige verwysingsraamwerk van positiewe verhoudings asook hulle onvermoë om sulke verhoudings te bou. Aangesien die kindermolesteerder nie positiewe verhoudings in sy ouerhuis ervaar het nie, weet hy nie werklik wat 'n positiewe verhouding is nie, wat dui op die belangrike rol van die ouerhuis in die aanleer van gedrag. Die onvermoë tot kwaliteit verhoudings word in 'n kontrole vraag in fase twee van die ondersoek bevestig deur 55% molesteerders en 40% verkragters wat sê dat hulle 'n behoefte het aan intieme verhoudings, maar dat dit nooit realiseer nie. Die kindermolesteerder weet nie wat hy in 'n verhouding soek nie en daarom word sy behoefte in 'n verhouding ook nie bevredig nie en voel hy eensaam tussen mense.

6.2.2.3 Buitemuurse aktiwiteite is onbevredigend

In die literatuur word daar nie veel gesê oor die kindermolesteerder se vryetyd nie. Nadat navorser in fase een vasgestel het dat die kindermolesteerders almal by pornografie betrokke was, is daar in fase twee meer aandag gegee aan die oortreder se vryetydsbesteding. Navorser het bevind dat die kindermolesteerder hom as kind besig gehou het met:

- deelname aan sport;
- stokperdjies;
- fliek;
- speel met maats;
- inskakeling by die kerk se jeugaksies; en
- masturbasie.

Op die oog af lyk die molesteerder se vryetydsbesteding goed, maar die kindermolesteerder gaan soek as kind in die buitemuurse aktiwiteite weer die aandag wat hy in sy ouerhuis ontsê

is en wil homself op hierdie terrein bewys. Te midde van hierdie betrokkenheid by buitemuurse aktiwiteite het die molesteerder alleen gevoel, want weer eens het hy nie die ondersteuning van sy ouers gehad nie, want hulle was te verwikkeld in hulle eie probleme. Subjek F in fase een van die ondersoek noem byvoorbeeld dat sy ouers nooit daar was om hom op die sportveld te ondersteun nie. Te midde van die maats en onderwysers by die buitemuurse aktiwiteite voel hy verwerp en alleen gelaat, soos wat Wash en Knudson-Martin (1994: 401) dit in die literatuur uitdruk. Hierdie alleenheid word versterk deur die kind se onvermoë om verhoudings op te bou, want hy het dit nie in sy ouerhuis geleer nie. Die kind begin uit frustrasie met die seksuele eksperimenteer en vind uit dat hy deur masturbasie 'n mate van bevrediging kry. Met genoemde bevrediging probeer hy waarskynlik vergoed vir die leemte aan 'n intieme verhouding. Hierdie seksuele bevrediging begin vir hom die wyse raak waarop hy sy alleenheid en die behoefte aan 'n intieme verhouding hanteer, wat later uitloop op afwykende gedrag soos kindermolestering.

6.2.2.4 Die kindermolesteerder het geen naskoolse opleiding nie

Soos reeds genoem het fase een en twee uitgewys dat die meerderheid kindermolesteerders nie hulle skoolloopbaan voltooi het nie as gevolg van die maatskaplike probleme in hulle ouerhuise, die gebrekkige belangstelling van hulle ouers en moontlike beperkte intellek. Aangesien die kindermolesteerder weens die druk op verskeie terreine, die skool moet verlaat om in sy eie behoeftes te voorsien, is daar weinig geleentheid om naskoolse opleiding te kry. Laasgenoemde word in fase twee bevestig deur 55% molesteerders en 60% verkragters wat geen naskoolse opleiding gehad het nie. Weens die kindermolesteerder se onsekerheid van homself beskik hy ook nie oor die deursettingsvermoë om te werk en verder te studeer nie. Laasgenoemde stel te hoë eise aan hom wat hy ook nie sal kan hanteer nie, want hy het dit nie in sy ouerhuis geleer nie.

6.2.2.5 Die kindermolesteerders beklee halfgeskoolde beroepe

Aangesien die kindermolesteerder verskeie maatskaplike probleme in sy ouerhuis gehad het, wat druk op hom uitgeoefen het om vroeg die skool te verlaat, was daar weinig geleentheid om hom toe te rus vir die arbeidsmark. Hy moes maar enige werk aangryp wat na 'n bron van inkomste lyk om vir homself te kan sorg. Moontlik het die molesteerder ook die geleentheid

aangegryp om uit die huis te kom en sy eie ding te doen. Omdat hy nie opgelei is nie en vroeg die skool moes verlaat is hy aangewese op halfgeskoolde beroepe. Die betrokkenheid van die kindermolesteerder by sodanige beroepe word deur Bartol (1995:305) bevestig, asook deur 60% molesteerders in fase een van die ondersoek.

6.2.2.6 Die kindermolesteerders wissel van werk

Weens die kindermolesteerder se gesinsomstandighede soos tot dusver beskryf, het hy nie die geleentheid en ondersteuning gehad om sy eie ideale en belangstelling te verwesenlik nie. Hy was deel van 'n gesin met vele probleme en moes so gou as moontlik vir homself begin sorg. Weens sy onsekerheid gryp hy die eerste werk aan wat beskikbaar is en waarin hy moontlik glad nie belangstel nie, want hy moet oorleef. As gevolg van sy gebrekkige verhoudingslewe ondersteun niemand hom in sy werk nie en die gevolg is dat hy maklik moed verloor en sy werk bedank en verval só in 'n proses van werksverwisseling. In fase een van die ondersoek het onstabiliteit in die werksituasie by 90% kindermolesteerders voorgekom en in fase twee by 55% molesteerders en 53% verkragters.

Weer eens kan in die skool- en beroepslewe van die kindermolesteerder die effek van sy disfunksionele gesin van herkoms gesien word. Hoe ouer die molesteerder word hoe meer negatiewe gedragsprobleme ontwikkel hy, wat later bydra tot sy botsing met die gereg. By navorser ontstaan die vraag: tot watter mate besef die molesteerder self dat sy situasie disfunksioneel is en dat hy iets aan sy omstandighede moet doen om verdere verval te voorkom of aanvaar hy maar sy negatiewe situasie gelate en is hy nie bewus dat daar beter moontlikhede vir hom bestaan nie? Hierdie verval van die kindermolesteerder in 'n disfunksionele situasie moet ook tydens die teken van die genogram in fase een van die behandelingstruktuur vir die oortreder uitgewys word, sodat hy visueel na die disfunksionele proses kan kyk en sien wat met hom gebeur en wat uiteindelik lei tot sy botsing met die gereg.

In die kindermolesteerder se skool- en beroepslewe het die volgende eienskappe na vore gekom:

- hy het lae skoolkwalifikasies en is onopgelei;

- hy is onstabiel in sy werk;
- hy voel eensaam tussen mense.

Die kindermolesteerder wat vroeg die skool verlaat en die arbeidsmark betree het, word nou deel van die volwasse gemeenskap waar daar verdere eise aan hom gestel word. In die volgende afdeling word die onderskeie aspekte van die kindermolesteerder as volwassene bespreek.

### 6.2.3 Die kindermolesteerder as volwassene

In hierdie afdeling word die bevindinge van fase een en twee ten opsigte van die kindermolesteerder as volwassene bespreek en in figuur 6.3 saamgevat.

**Figuur 6.3**
Die kindermolesteerder as volwassene

**Die volgende is bevind ten opsigte van die kindermolesteerder se volwasse lewe:**

- verkies heteroseksuele verhoudings;
- ondervind verhoudingsprobleme;
- ondervind maatskaplike probleme in sy huweliks- en gesinslewe;
- het 'n swak selfbeeld;
- spandeer vryetyd aan pornografie.

#### 6.2.3.1 Verkies heteroseksuele verhoudings

In fase een van die ondersoek het 70% van die kindermolesteerders te kenne gegee dat hulle 'n positiewe verhouding met hulle moeders gehad het. Hierdie aspek het verder aandag geniet in fase twee waar die meer positiewe verhouding met die moeder bevestig is deur 60% molesteerders en 80% verkragters. Die kindermolesteerder het hierdie geneentheid van hom oorgedra na sy volwasse lewe en heteroseksuele verhoudings verkies. Hierdie verhouding met die vroulike geslag mag 'n meer positiewe verhouding wees as met mans, maar navorser bevraagteken die kwaliteit van hierdie verhoudings aangesien die kindermolesteerder 'n onvermoë het om verhoudings te bou. Hierdie aspek word in die volgende afdeling verder

bespreek.

6.2.3.2 Ondervind verhoudingsprobleme

Te midde van die kindermolesteerder se meer positiewe verhouding met die vroulike geslag, verloop hierdie verhoudings nie sonder probleme nie.Tydens die ondersoek is bevind dat die molesteerder in sy kinderdae nie die vermoë ontwikkel het om verhoudings te bou nie en die onvermoë word ook deur Caffaro (1991:33-35) bevestig. Hierdie onvermoë lei tot verhoudingsprobleme in die molesteerder se volwasse lewe en word bevestig in fase een van die ondersoek, waar bevind is dat 80% van die molesteerders se huwelike onstabiel, swak, stormagtig en met konflik gelaai was. Subjek J in fase een van die ondersoek se huwelik is 'n goeie voorbeeld van laasgenoemde deurdat sy vrou een oomblik vriendelik is, dan met selfmoord dreig en later die subjek aanrand. Die vraag ontstaan van wat hierdie subjek se aandeel in hierdie stormagtige verhouding was. In fase twee van die ondersoek sê 55% molesteerders dat hulle 'n behoefte het aan 'n intieme verhouding, maar dit realiseer nooit nie. Tydens fase twee het dit na vore gekom dat die molesteerders eerder in die huwelik tree as om saam te bly, terwyl die verkragters eerder saamwoon verkies. Laasgenoemde word bevestig deur 5% molesteerders teenoor 53% verkragters wat saamgewoon het. Hierdie verskynsel wys 'n verskil uit tussen die verkragters en die molesteerders, wat daarop dui dat die verkragter 'n groter onvermoë in die bou van verhoudings het as die molesteerders, wat toegeskryf kan word aan die verkragter se meer arrogante persoonlikheid.

Uit die aard van die kindermolesteerder se onvermoë tot diepgaande verhoudings, het dit in die eerste fase van die ondersoek aan die lig gekom dat hy in die meeste gevalle 'n negatiewe verhouding met sy eie kinders gehad het. Hoewel sy oortreding ten opsigte van kinders gepleeg word verkies hy nie werklik die geselskap van kinders nie, maar eerder dié van volwassenes of om alleen te wees. Laasgenoemde word ondersteun deur die data uit fase twee waar 40% molesteerders te kenne gegee het dat hulle verkies om eerder alleen te wees. Dit wil vir navorser voorkom of die molesteerder nie werklik aangetrokke voel tot kinders nie, maar die kind net sien as 'n voorwerp vir die bevrediging van sy seksuele behoeftes en dat dit glad nie gaan oor die kind as persoon nie. Volgens subjek F in fase een van die ondersoek het hy tydens die molestering van sy dogtertjie net gedink aan die bevrediging van sy eie behoeftes.

Die gebruik van weerlose kinders vir die bevrediging van sy behoeftes bevestig vir navorser die molesteerder se selfsug en dominerende houding. Gilgun en Conner (1989: 250) en Hayashino et al. (1995:107) beklemtoon ook hierdie rol van die kind as voorwerp vir die seksuele bevrediging van die oortreder.

In fase een het dit aan die lig gekom dat daar in 70% van die huwelike geen openheid was nie, wat beteken dat die probleme nie uitgepraat kon word nie. Die gevolg is dat die huwelike uitgeloop het op verlatings (20%) en egskeidings (30%) soos aangedui deur die kindermolesteerders in fase twee van die ondersoek. Hierdie gebrekkige kommunikasie het reeds sy oorsprong in die molesteerder se ouerhuis waar hy geleer het om nie oor sy gevoelens te praat nie. Subjek C in fase een van die ondersoek is 'n voorbeeld van laasgenoemde aangesien sy moeder nie reageer het op sy klag van molestering nie en hy daaruit geleer het om nie oor sy gevoelens te praat nie. Die verlatings en egskeidings bring mee dat die kindermolesteerder onstabiliteit toon in sy verhoudingslewe. In fase twee van die ondersoek is bevind dat 25% molesteerders en 33% verkragters reeds by vier en meer vorige huwelike of saamleefverhoudings betrokke was. Die kindermolesteerder hanteer hierdie onvermoë om verhoudings te bou deur in geen verhoudings betrokke te raak nie soos bevestig deur 45% molesteerders en 27% verkragters in fase twee van die ondersoek.

In fase een van die ondersoek is bevind dat die meerderheid van die subjekte 'n gedwonge huwelik (moes trou omdat vrou swanger geraak het) gehad het of onseker was oor hulle motief vir die huwelik. Die kindermolesteerder weet dus nie werklik wat hy in 'n huweliksverhouding soek nie, want in sy ouerhuis het hy nie geleer van intieme verhoudings nie. Subjek H (fase een) bevestig laasgenoemde stelling deurdat hy noem dat hy tydens sy huwelik nog nie geweet het oor watter eienskappe 'n vrou moet beskik nie.

In fase een van die ondersoek het dit na vore gekom dat 70% van die molesteerders geneig was om met ouer vroue te trou. Levang (1988:64) sê die kindermolesteerder trou dikwels met 'n ouer vrou omdat hy na 'n moederfiguur soek en dan neem hy die plek van 'n kind in die gesin in. In fase twee van die ondersoek het slegs 20% molesteerders na ouer vroue geneig, terwyl daar 67% verkragters was wat ouer vroue verkies het. In die lig van laasgenoemde kom

dit voor of die verkragter 'n groter geneigdheid tot verhoudings met ouer vroue het as die molesteerders. Hierdie neiging na ouer vroue verwys weer na die subjekte se onsekerheid oor verhoudings en hoe om as man op te tree.

6.2.3.3 Ondervind maatskaplike probleme in sy huweliks- en gesinslewe

Adler en Schutz (1995:815) en Bentovim et al. (1987:1455) maak in die literatuur melding daarvan dat die kindermolesteerder uit 'n ouerhuis kom waarin verskeie maatskaplike probleme aanwesig was (disfunksionaliteit). Navorser het die voorkoms van maatskaplike probleme tydens fase een van die ondersoek stelselmatig waargeneem en dit in fase twee verder nagevors. In fase twee is bevestig dat al die probleme wat in die kindermolesteerder se ouerhuis voorgekom het, nou ook in sy eie gesin voorkom. Hy het byvoorbeeld in sy ouerhuis geleer dat as 'n huweliksverhouding nie uitwerk nie verlaat jy die huis of hy het by sy ouers geleer om finansies te hanteer sonder 'n begroting, wat uitloop op finansiële krisisse. Die maatskaplike probleme word dus van een generasie na 'n volgende oorgedra, omdat die kindermolesteerder nooit in sy gesin van herkoms die vaardighede ontwikkel het om die probleme sinvol te hanteer nie.

6.2.3.4 Het 'n swak selfbeeld

Parker en Parker (1989:533), Valliant en Antonowics (1992:221) en Zuskin (1992:205) lê klem op die swak selfbeeld van die kindermolesteerder. In fase een van die ondersoek het al die molesteerders te kenne gegee dat hulle 'n swak selfbeeld het. Subjekte C en G (fase een) skryf albei hulle swak selfbeeld toe aan hulle ouerhuise waar hulle nooit erkenning gekry het nie. Hierdie swak selfbeeld manifesteer op verskeie maniere in die praktyk, soos wat dit ook deur middel van verskeie vrae in fase twee bevestig is. In fase twee van die ondersoek noem 30% van die molesteerders dat hulle verwerp voel en laasgenoemde word bevestig deur 47% verkragters. Weens die vele maatskaplike probleme in die ouerhuis van die kindermolesteerder en die groot gesinne waaruit hulle gekom het was die molesteerder maar net nóg een in die gesin en het nie 'n spesifieke plek ingeneem met 'n eie identiteit nie. In die lig van laasgenoemde sê 45% molesteerders dat ten spyte daarvan dat hulle gewoond is aan groot gesinne hulle nog "eensaam" voel tussen mense en hulle word ondersteun deur 53% verkragters. In fase twee van die ondersoek bevestig 55% molesteerders dat hulle een oomblik

positief en die volgende oomblik negatief oor hulle self voel, 53% verkragters het dieseflde mening uitgespreek. Hierdie gevoel van verwerping en eensaamheid het meegebring dat die molesteerders nie as kinders 'n eie waarde ontwikkel het nie en gevolglik nie 'n goeie beeld van hulleself het nie. Die gevolg van hierdie omstandighede is dat 40% molesteerders verskillende dinge doen om aanvaarding te kry, 25% neem 'n drankie om beter oor hulleself te voel en 30% neem hulle toevlug tot die seksuele waaruit hulle ook 'n mate van bevrediging kan kry vir onvervulde behoeftes, maar wat op molestering kan uitloop. Hierdie toevlug tot die seksuele het hy reeds in sy kinderdae aangeleer, wat nou deel word van sy volwasse lewe. In die lig van sy swak selfbeeld kies hy 'n kind as slagoffer, aangesien 'n kind weerloos is en die minste weerstand bied. Soos reeds genoem stel hy nie werklik belang in die kind nie, maar gaan dit vir hom net oor die bevrediging van sy seksuele behoeftes.

In fase twee van die ondersoek sê 85% molesteerders en 87% verkragters dat hulle goed met mense klaar kom en 55% molesteerders en 27% verkragters is van mening dat almal altyd van hulle hou. Tydens navorser se ondersoek wat in twee fases plaasgevind het, is die subjekte geensins negatief as mense beleef nie. Die molesteerders was meestal vriendelik en saggeaard en het goeie samewerking gegee. Dit is belangrik vir die kindermolesteerder dat mense van hom moet hou en dat hy goed met mense oor die weg moet kom, want hy moet 'n kind kan omkoop en die kontak in stand hou met geld en geskenke om sodoende die molestering oor 'n periode te kan pleeg. Hy moet ook ouers beïndruk sodat hulle 'n kind aan hom sal toevertrou. Subjek G (fase een) is 'n goeie voorbeeld van laasgenoemde deurdat sy hele sokkerspan se ouers hom vertrou het en hy die geleentheid benut het om die kinders te molesteer. Verder moet die molesteerder selfvertroue hê om daartoe oor te gaan om die kind te molesteer, soos wat 55% molesteerders in fase twee van die ondersoek bevestig het. Genoemde aspekte is voorbeelde van die slinkshede wat die molesteerder aangeleer het om by kinders uit te kom en sy behoeftes te bevredig. Opvallend is dat mense minder van die verkragters as die molesteerders hou, wat toegeskryf kan word aan die verkragters se arrogansie en meer doelbewuste aggressie wat mense afstoot.

Hierdie bevinding in die ondersoek ondersteun nog een van die aanvanklike aannames van die ondersoek, naamlik dat die kindermolesteerder 'n swak selfbeeld het.

6.2.3.5 Spandeer vryetyd aan pornografie

Soos wat die kindermolesteerder as kind betrokke was by verskeie buitemuurse aktiwiteite gaan hy daarmee voort in sy volwasse lewe, omdat hy dit as kind geleer het. In fase twee van die ondersoek het die molesteerders die volgende terreine van ontspanning aangedui:

- lees;
- stokperdjies;
- kuier by vriende;
- kerklike aktiwiteite;
- fliek;
- partytjies;
- visvang/piekniek.

Wanneer na die kindermolesteerder se vryetydsbesteding gekyk word, kom dit geensins verdag voor nie, maar wanneer daar dieper aandag gegee word aan hierdie aspek, word gevind dat hy baie van sy tydverdryf aangewend het vir die pleging van sy misdryf en sodoende 'n disfunksionele gedragspatroon aangeleer het. Navorser het in fase twee van die ondersoek gevind dat die kindermolesteerder se groot behoefte aan lees (80%) verband hou met die lees van harde en sagte pornografie. Laasgenoemde word ook ondersteun deur 73% verkragters. Hierdie literatuur is vir die subjek 'n prominente prikkel in die opwekking van sy seksuele drange veral as gekyk word na die groot verskeidenheid van pornografie wat by subjek I (fase een) gevind is (kyk bylaag E). In fase een van die ondersoek is ook gevind dat al die molesteerders by pornografie betrokke was. In die literatuur word weinig gesê oor die rol van pornografie met betrekking tot kindermolestering en kan hierdie bevindinge gesien word as 'n belangrike bydrae tot die wetenskap.

Die beoefening van 'n stokperdjie soos visvang/piekniek bevredig in 'n groot mate die kindermolesteerder se behoefte om alleen te wees soos gemeld deur 40% molesteerders in fase twee van die ondersoek. Die omstandighede bied ook vir die molesteerder die geleentheid om te masturbeer (20%) en te fantaseer oor seks (30%) soos gevind in fase twee van die ondersoek.

Die betrokkenheid by vriende en partytjies beteken nie noodwendig 'n kwaliteit verhouding nie, want dit is juis een van die kindermolesteerder se onvermoëns. Wanneer die kindermolesteerder by vriende kuier of na 'n partytjie gaan bied dit ook vir hom toegang tot kinders wat hy as slagoffers beskou vir die bevrediging van sy behoeftes. Die navorsing wys juis daarop dat die molesteerder se slagoffers buite die gesin meestal bekend is aan hom. In fase een van die ondersoek is gevind dat subjek H se betrokkenheid by sy kerk se aktiwiteite hom toegang tot kinders gegee het wat hy kon molesteer. Subjek G (fase een) was betrokke by sokkerafrigting en hy het die geleentheid benut om die kinders betrokke by hierdie sportsoort, te molesteer, wat daartoe gelei het dat hy later sy hele sokkerspan gemolesteer het. Hierdie aspekte wys die oneerlikheid van die kindermolesteerder uit deurdat hy allerlei goed bedoelde aktiwiteite gebruik om kinders te kan molesteer.

In fase twee van die ondersoek toon 40% molesteerders en 53% verkragters aan dat hulle graag in hulle vryetyd fliek. Hoewel 45% molesteerders en 47% verkragters te kenne gee dat hulle voorkeur gee aan aksiefilms het 15% molesteerders en 20% verkragters erken dat hulle in hulle vryetyd na bloufilms kyk. Vir subjek F (fase een) was toegang tot pornografie geen probleem nie. Hy noem byvoorbeeld dat hy sy eie masjiene gehad het en sy eie bloufilms vervaardig het.

Dwarsdeur die molesteerder se lewensverloop is die effek van sy disfunksionele gesin van herkoms sigbaar in sy gedrag en dit is belangrik dat hierdie aspekte in die behandelingstruktuur aan die oortreder uitgewys moet word. In hierdie afdeling het die volgende eienskappe van die kindermolesteerder na vore gekom:

- onstabiliteit in verhoudings;
- swak selfbeeld;
- vriendelik, saggeaard en kom oppervlakkig goed met mense oor die weg;
- oneerlik en doen hom voor vir wat hy nie is nie;
- betrokke by pornografie;
- fantaseer oor seks;
- probeer op skynbaar goedbedoelde wyse by kinders uitkom;

- swak kommunikeerder.

Die kindermolesteerder het met verloop van jare genoemde eienskappe in sy gesin van herkoms aangeleer, wat risikofaktore is ten opsigte van sy latere gedragspatrone en kan lei tot kindermolestering en botsing met die gereg. Laasgenoemde geniet aandag in die volgende afdeling.

### 6.2.4 Die kindermolesteerder as oortreder

In hierdie afdeling word die bevindinge van fase een en twee van die ondersoek oor die kindermolesteerder as oortreder bespreek en in figuur 6.4 saamgevat.

**Figuur 6.4**
Die kindermolesteerder as oortreder

**Die volgende is bevind ten opsigte van die kindermolesteerder as oortreder:**

- het nie 'n kriminele rekord nie;
- weet nie wat kindermolestering behels nie;
- molesteer kinders binne die gesin of wat meestal bekend is aan hom;
- slagoffers meestal 11-17 jaar;
- oortreders 20-35 jaar;
- voel aanvanklik sleg, verbitterd en kwaad oor aanmelding;
- voel later verlig oor aanmelding en beskou dit as sy verdiende loon;
- benodig hulp om insig in sy probleem te verkry.

#### 6.2.4.1 <u>Die kindermolesteerder het nie 'n kriminele rekord nie</u>

Tydens fase twee van die ondersoek is bevind dat die meerderheid van die kindermolesteerders by weinig ander kriminele oortredings betrokke was. Dit wil dus voorkom dat die kindermolesteerder nie 'n kriminele geneigdheid het nie en hom slegs besig hou met seksuele aktiwiteite met kinders, wat hyself nie as 'n misdaad sien nie, want dit is gedrag wat hy in sy gesin van herkoms aangeleer het en wat sy onvervulde behoeftes bevredig. By die meerderheid van dié wat wel aan 'n misdryf skuldig bevind was, was die oortreding ook seksueel van aard, wat verder die aangeleerde seksueel afwykende gedrag bevestig. Die

rede waarom die meerderheid van die molesteerders weinig vorige veroordelings het kan daaraan toegeskryf word dat molesterings oor 'n lang periode plaasvind en hy gevolglik al lank met die misdryf besig is voordat hy inhegtenis geneem word. Verder word molesterings baie onderaangemeld soos bespreek in afdeling 6.2.1.3 van hierdie hoofstuk, en dit bring mee dat van sy oortredings nog nooit aan die lig gekom het nie. Ten opsigte van die verkragters is bevind dat hulle in die meeste gevalle 'n kriminele rekord het met 'n verskeidenheid van misdrywe waarvan die mees algemene huisbraak, diefstal en motordiefstal is. Laasgenoemde bevestig 'n verdere verskil tussen die molesteerders en verkragters. Hierdie kriminele geneigdheid by die verkragters dui op die aggressiewe persoonlikheid van die verkragter wat dikwels geweldsmisdade tot gevolg het.

6.2.4.2 Die molesteerder weet nie wat kindermolestering behels nie

Die molesterings in fase twee van die ondersoek het gewissel van betasting tot poging tot verkragting deur die oortreder en selfs 'n poging van 'n oortreder om sy slagoffer dood te maak, wat ook 'n aanduiding is van sy verskuilde aggressie en dominerende houding. Hoewel die molesteerders al hierdie dade met kinders gepleeg het weet sommige van hulle nie wat die hof met kindermolestering bedoel nie. Navorser is van mening dat die molesteerder doelbewus probeer wegskram van die idee dat molestering 'n misdryf is, want dit sou meebring dat hy sy afwykende drag moet staak. Dit sal baie van hom verg omdat hy dit reeds in sy kinderjare aangeleer het en dit al deel van sy lewenspatroon geword het. Verder is die subjek self as kind gemolesteer en het hy geleer dat hierdie 'n geheim is waaroor nie gepraat word nie, soos in die geval van subjek C in fase een van die ondersoek. Hierdie seksuele bedrywighede van die subjek met 'n kind het vir hom 'n wyse geword om sy behoefte aan intieme verhoudings te bevredig en om van sy onbewuste aggressie ontslae te raak en hy beskou dit nie as 'n misdryf nie. Hy sien homself gevolglik nie as 'n kindermolesteerder nie, wat ook 'n aanvanklike aanname van die ondersoek steun. Hierdie onduidelikheid oor wat kindermolestering behels kan verder ook daaraan toegeskryf word dat kindermolestering nie as misdaad op die wetboek aangeteken staan nie, soos bespreek in afdeling 1.3.1.6 van hoofstuk een. Die wetboek verwys na bloedskande, onsedelike aanranding en verkragting, wat verwarring meebring. Die verkragters is egter meer op hoogte van wat verkragting behels wat kan toegeskryf word daaraan dat verkragting 'n ou bekende misdryf is teenoor kindermolestering wat eers vroeg

in die tagtiger jare meer bekend geraak het.

6.2.4.3 Die oortreders en slagoffers

Die meeste kindermolesteerders (55%) in fase twee van die ondersoek was tussen 20 jaar en 35 jaar. Dat die kindermolesteerder op so 'n vroeë ouderdom kinders molesteer, is 'n aanduiding dat dit deel van sy aangeleerde gedrag is en dat kindermolestering nie ewe skielik op 'n sekere ouderdom begin plaasvind nie. Party kindermolesteerders is veel ouer, wat toegeskryf kan word daaraan dat molesterings soms oor jare plaasvind voordat dit aangemeld word, of wat nooit aangemeld word soos gevind in fase een (10%) en fase twee (0%) van hierdie ondersoek. Die verkragter se slagoffer is volwassenes en die misdryf vind eenmalig plaas en word meer geredelik aangemeld. Laasgenoemde wys ook 'n duidelike verskil tussen die molesteerder en verkragter uit.

Albei die fases van die ondersoek het bevind dat molestering die meeste binne gesins- en familieverband plaasvind en hierdie bevinding word ook deur Bagley et al. (1994:683) ondersteun. Molestering binne die gesin of familie maak die toegang tot die slagoffer soveel makliker. Subjek F (fase een) is 'n voorbeeld van laasgenoemde, aangesien hy sê dat dit vir hom gerieflikor was om sy eie dogtertjie te molesteer as om na ander vroue te gaan. Die meerderheid van die oortreders wat kinders buite die familie gemolesteer het, het die slagoffers geken. Die toegang tot laasgenoemde slagoffers word vergemaklik deur die feit dat die molesteerder 'n persoon is wat ooglopend goed met mense klaar kom, wat meebring dat hulle hom vertrou en nie sal verdink van kindermolestering nie. Verder benut hy alledaagse bedrywighede soos vriendskappe, kerklike bedrywighede en so meer om sy toegang tot kinders te vergemaklik, soos wat in die ondersoek uitgewys is en waarvan subjekte G en H in fase een van die ondersoek voorbeelde is. Die verkragter se slagoffers daarenteen is meestal onbekend, weens die feit dat mense veel minder van die verkragter as persoon hou en hom vermy as gevolg van sy overte aggressie. Hy slaan daarom in sy misdryf toe op slagoffers wat hom nie ken nie.

Hoewel die slagoffers se ouderdomme in fase twee gewissel het van 3 jaar tot 17 jaar was die meerderheid slagoffers tussen 11 jaar en 17 jaar. Slegs enkele van die oortreders in fase twee

van hierdie ondersoek het meer as een slagoffer gehad en by dié wat meer as een slagoffer gehad het, was die slagoffers naastenby in dieselfde ouderdomsgroep. Die feit dat slegs enkele oortreders in fase twee van die ondersoek meer as een slagoffer gehad het, kan daaraan toegeskryf word dat kindermolestering soms oor jare plaasvind voordat dit aangemeld word of dat van sy slagoffers, weens geheimhouding nog nie aan die lig gekom het nie. Aangesien die meerderheid van slagoffers uit die ouer ouderdomsgroep kom, is ook 'n aanduiding dat die molestering oor jare plaasgevind het. Andersyds bevestig hierdie ouderdomme van die oortreders en die slagoffers Bartol (1995:304) se opmerking dat die jonger kindermolesteerder ouer slagoffers verkies.

6.2.4.4 Die molesteerder se gevoel oor die aanmelding

In fase een van die ondersoek het die meerderheid van die kindermolesteerders erken dat hulle die slagoffer benadeel het. Die meerderheid noem ook dat hulle nooit gedink het aan die gevolge van hulle dade nie, wat weer 'n aanduiding is van die molesteerder se selfsug ten opsigte van die bevrediging van sy eie behoeftes. In fase twee van die ondersoek gee die meeste molesteerders (65%) te kenne dat hulle sleg voel oor die oortreding, terwyl hulle ondersteun word deur 60% verkragters. Hieruit is dit vir navorser duidelik dat molestering vir die subjek 'n lewenspatroon geword het waardeur hy sy inherente behoefte aan 'n intieme verhouding bevredig om van sy onbewuste aggressie ontslae raak, en dat hy eintlik nie besef dat hy met 'n misdaad besig is nie. Hy verval dus in 'n patroon van selfsug en dink net aan die bevrediging van sy eie behoeftes, aangesien laasgenoemde 'n probleem is waarmee hy al vanaf sy kinderjare worstel. Omdat molestering dikwels oor 'n lang periode plaasvind, word dit 'n vasgelegde patroon in die molesteerder se lewe, terwyl hy die slagoffer ernstige skade berokken.

Die meerderheid van die molesteerders in fase twee van die ondersoek is verbitterd en kwaad dat die molestering aangemeld is, wat weer eens dui op sy ekstreme selfsug en verskuilde aggressie. Hierdie gevoel word deur die data van die verkragters ondersteun. Die aanmelding bring mee dat die molesteerder hierdie lewenspatroon, wat 'n basiese behoefte van hom bevredig het, moet verbreek en 'n ander lewenstyl moet onwikkel. Laasgenoemde is vir hom, as onseker mens, nie 'n maklike taak nie, aangesien hy met verloop van tyd getoon het dat hy

nie self die disfunksionele proses in sy lewe kan verbreek nie.

Ten spyte van die feit dat die kindermolesteerders kwaad en verbitterd is oor die aanmelding, het die meerderheid in fase twee van die ondersoek tog te kenne gegee dat hulle verlig is oor die aanmelding en voel dat dit hulle verdiende loon is. Die verkragters ondersteun hierdie gevoel van verligting ten opsigte van die aanmelding. Deur die aanmelding is 'n stuk oneerlikheid van die molesteerder hok geslaan. Navorser is van mening dat die molesteerder in sy onderbewussyn weet dat dit wat hy doen, verkeerd is, want dit is nie die normale wyse vir die bevrediging van sy behoefte ten opsigte van 'n intieme verhouding nie. Scheela en Stern (1994:95) bevestig navorser se mening deur te sê dat die kindermolesteerder, reeds lank voordat hy in hegtenis geneem word, weet dat hy 'n probleem het, maar dat hy nie weet waar om hulp te kry nie en bang is vir die bekendmaking van die molestering. Laasgenoemde is volgens navorser 'n goeie verskoning om met sy disfunksionele gedragspatroon voort te gaan. Hy gee gevolglik toe aan sy eie selfsugtige behoeftes en onderliggende aggressie deur aan te hou met die molestering.

6.2.4.5 Die oortreder het hulp nodig om insig in sy probleem te ontwikkel

In albei die fases het die meeste kindermolesteerders te kenne gegee dat hulle hulp nodig het. In fase twee van die ondersoek het hulle pertinent die mening uitgespreek dat hulle by terapeutiese dienste moet uitkom sodat hulle insig in hulle probleem kan kry. Hierdie selfde behoefte aan hulp en terapeutiese dienste word by die verkragters aangetref. Navorser is van mening dat die molesteerder enersyds die behoefte uitspreek vir hulp in 'n poging om straf vry te spring, maar andersyds is dit ook waar dat hy geen insig in sy probleem het nie. Navorser is van mening dat wanneer die oortreder skuldig bevind word aan die misdryf hy gehelp moet word om insig te kry in sy disfunksionele lewenspatroon, daarna moet hy leer om nuwe gedragspatrone te ontwikkel om sodoende verdere kindermolestering te voorkom. Laasgenoemde is moontlik binne 'n behandelingstruktuur wat later in afdeling 6.5.4 van hierdie hoofstuk meer breedvoerig bespreek word. Die feit dat die meerderheid molesteerders voel dat hulle hulp nodig het weerlê die aanvanklike aanname dat hulle geen hulp nodig het nie.

In hierdie afdeling het die volgende eienskappe van die kindermolesteerder na vore gekom:

- pleeg selde ander misdrywe;
- sien homself nie as 'n misdadiger nie;
- onderliggend aggressief;
- is dominerend;
- is selfsugtig;
- het hulp nodig;
- wil insig in sy probleem kry.

Die voorafgaande data in verband met die kindermolesteerder se botsing met die gereg, lewer verdere bewyse dat die oortreder se seksueel afwykende gedrag voortspruit uit sy disfunksionele gesin van herkoms, wat later in hierdie hoofstuk teoreties verklaar sal word. Soos reeds genoem is die ontwikkeling van insig by die kindermolesteerder ten opsigte van sy aangeleerde afwykende gedrag, belangrik, veral tydens die eerste fase van die behandelingstruktuur wat in afdeling 6.5.4.1 van hierdie hoofstuk aandag geniet.

Nadat daar in totaliteit na die kindermolesteerder as persoon gekyk is, is die data wat bekom is ten opsigte van die vyftien verkragters aan wie dieselfde onderhoudskedule voorgelê is, insiggewend. In die volgende afdeling word die ooreenkomste en verskille tussen die molesteerders en verkragters uiteengesit waarna 'n profiel van die kindermolesteerder saamgestel word soos dit na vore gekom het uit die onderskeie afdelings tydens die interpretasie van die bevindinge van die empiriese ondersoek.

## 6.3 'N PROFIEL VAN DIE MANLIKE KINDERMOLESTEERDER

Uit die data wat in fase twee ten opsigte van die kindermolesteerders en verkragters ingesamel is het die volgende *ooreenkomste* tussen die twee tipes oortreders aan die lig gekom naamlik dat die meerderheid

- uit groot gesinne afkomstig is;
- disfunksionaliteit in hulle gesinne van herkoms en in hulle eie gesinne ervaar;

- self as kinders gemolesteer is en dat die oortreding onderaangemeld is;
- 'n onvermoë het om verhoudings te bou;
- as kinders gemasturbeer het;
- nie hulle skoolloopbaan voltooi het nie;
- geen naskoolse opleiding ontvang het nie;
- halfgeskoolde beroepe beklee;
- wissel van werk;
- 'n swak selfbeeld het;
- hulle vryetyd aan pornografie spandeer;
- sleg voel oor die misdryf, maar tog verlig is oor die aanmelding;
- behoefte aan terapeutiese hulp het.

Te midde van 'n seksuele misdryf as gemene deler en ooreenkomste tussen die twee tipes oortreders *verskil* die verkragter van die kindermolesteerder in sekere opsigte, wat toegeskryf kan word aan die oortreder se persoonlikheid, sy verwysingsraamwerk en die uniekheid van elke individu. Die verkragter *verskil* soos volg van die kindermolesteerder:


- in die verkragter se gesin van herkoms het meer gesinsgeweld en drankmisbruik voorgekom as by die molesteerder;
- afgesien van molesterings in die verkragter se ouerhuis, sit die verkragter dit nie voort in sy volwasse lewe nie, maar verkrag eerder volwasse vroue (overte aggressie), terwyl die molesteerder as volwassene voort gaan om kinders te molesteer (onbewuste aggressie);
- die verkragter het 'n opvallende vrees vir sy vader, teenoor die molesteerder wat slegs 'n negatiewe beeld van die vaderfiguur het;
- die verkragter verkies in 'n mindere mate om 'n alleenloper te wees, in teenstelling met die molesteerder wat daarvan hou om alleen te wees;
- die verkragter verkies eerder om saam te woon as om in 'n huwelik te tree, terwyl die molesteerder in die huwelik tree, hoewel dit nie uitwerk nie;
- die verkragter het 'n groter geneigdheid tot ouer vroue teenoor die molesteerder wat by enige ouderdomsgroep betrokke raak;

- die verkragter beleef dat mense in 'n mindere mate van hom hou, in teenstelling met die molesteerder van wie die mense meestal hou;
- die verkragter voel meer verwerp as die molesteerder;
- die verkragter is meer geneig om 'n drankie te neem om beter oor homself te voel, terwyl die molesteerder in 'n mindere mate van drank gebruik maak om beter oor homself te voel;
- die verkragter het 'n kriminele rekord, teenoor die molesteerder met geen kriminele rekord nie, en indien wel, slegs seksuele misdrywe;
- die verkragter voel meer verbitterd oor die aanmelding van die misdryf as die molesteerder;
- die verkragter se slagoffers is volwassenes en meestal onbekend aan hom, teenoor die molesteerder wie se slagoffers kinders is en meestal bekend is aan hom;
- die verkragter het 'n duidelik begrip van wat verkragting behels, terwyl die molesteerder nie weet wat die hof met kindermolestering bedoel nie.

Hierdie kennis ten opsigte van die ooreenkomste en verskille tussen die kindermolesteerder en verkragter lewer 'n belangrike bydrae tot die wetenskap, aangesien weinig inligting in dié verband bekend is. Die geïnterpreteerde data stel die navorser in staat om 'n profiel van die kindermolesteerder saam te stel wat aansluiting vind by die aanvanklike doel van die ondersoek, soos uiteengesit in afdeling 1.2.2 van hoofstuk een. Die samestelling van só 'n profiel van die manlike kindermolesteerder lewer 'n verdere bydrae tot die wetenskaplike kennis ten opsigte van hierdie oortreder, aangesien weinig navorsing nog in dié verband gedoen is. In figuur 6.5 word 'n skematiese voorstelling gegee van die profiel van die manlike kindermolesteerder soos wat dit voortgespruit het uit die verskillende afdelings van afdeling 6.2 van hierdie hoofstuk.

**Figuur 6.5**

Skematiese voorstelling van die profiel van die manlike kindermolesteerder



Wanneer een of meer van hierdie eienskappe by 'n individu aangetref word, moet die individu nie summier geëtiketteer word as kindermolesteerder nie. Die samehang van hierdie eienskappe is egter hoogs beduidend ten opsigte van die kindermolesteerder en moet gesien word as risikofaktore wat kan lei tot kindermolestering.

Die interpretasie van die ingesamelde data en die profiel van die kindermolesteerder wat daaruit voortgespruit het gee vir navorser 'n duidelike beeld van die kindermolesteerder as persoon en hoe hy as seksuele oortreder ontwikkel het. Laasgenoemde data stel die navorser in staat om die kindermolesteerder se gedrag met 'n misdaadverklaringsteorie in verband te bring aan die hand waarvan sy gedrag in die volgende afdeling verklaar kan word.

## 6.4 'n TEORETIESE VERKLARING VAN DIE MANLIKE KINDERMOLESTEERDER SE GEDRAG

Navorser het tydens die ondersoek ten opsigte van die manlike kindermolesteerder tot die slotsom gekom dat die oortreder 'n produk is van die disfunksionele omstandighede waaraan hy in sy gesin van herkoms blootgestel was. Met laasgenoemde word nie bedoel dat alle individue wat uit disfunksionele gesinne kom, kindermolesteerders word nie, maar eerder dat molesteerders uit disfunksionele gesinne kom. Die kernprobleem van hierdie disfunksionele gesinne waaruit kindermolesteerders kom, is geleë in groot gesinne waarin verskeie maatskaplike probleme en kindermolestering voorgekom het (kyk figuur 6.5). Met hierdie disfunksionele gesin as basis het die kindermolesteerder verskeie gedragspatrone aangeleer en eienskappe ontwikkel soos aangedui in die verskillende afdelings in afdeling 6.2 van hierdie hoofstuk. Genoemde gedragspatrone en eienskappe is risikofaktore wat kindermolestering in die hand kan werk. Hierdie eienskappe word met verloop van tyd deur verskeie faktore aangestig en versterk, wat meebring dat die molesteerder met die gereg bots. Hierdie disfunksionaliteit in die kindermolesteerder se gesin van herkoms, plaas die gesin as sisteem onder die soeklig, soos reeds genoem in afdeling 3.5 van hoofstuk drie.

Om aansluiting te vind by die gesin as sisteem wil navorser graag uitwys dat hierdie disfunksionaliteit van die kindermolesteerder se gesin van herkoms sterk verband hou met die sisteemteorie, wat klem lê op die prosesse wat tussen mense plaasvind binne 'n sisteem.

Laasgenoemde prosesse het ook in fase een van die ondersoek duidelik na vore gekom tydens die teken van die subjekte se genogramme.

Volgens Steyn (1993:42-45) is die gesin die mees basiese sisteem in die samelewing. Die gesinsisteem is 'n eenheid wat uit twee of meer persone saamgestel is en wat deurentyd met mekaar en die omgewing in interaksie verkeer so ook die kindermolesteerder en sy gesin van herkoms. Binne só 'n gesinsisteem is daar subsisteme met 'n bepaalde hiërargie wat meebring dat die kindersubsisteem byvoorbeeld ondergeskik is aan die ouersubsisteem. Die kinders is van hulle ouers afhanklik vir kos, beskerming, sosialisering, emosionele ondersteuning, die aanleer van vaardighede soos die bou van verhoudings en die hantering van probleme. Verder dien die ouers ook vir die kinders as 'n voorbeeld van hoe om in verskillende situasies op te tree. Indien voorgenoemde prosesse nie in die gesinsisteem realiseer nie, of die kinders word aan disfunksionele prosesse blootgestel waar hulle afwykende gedrag aanleer, kan dit 'n botsing met die gereg in die hand werk soos in die geval van die kindermolesteerder. In die lig van laasgenoemde is dit belangrik om 'n teoretiese verklaring te vind om hierdie disfunksionele scenario van die kindermolesteerder se gesin van herkoms te ondervang. Aangesien leer só 'n belangrike rol speel binne die gesinsisteem, vind dit sterk aansluiting by die sosiale leerteorie as moontlike verklaring vir die gedrag van die kindermolesteerder, omdat hierdie teorie ook klem lê op die aanleer van gedrag.

Bogenoemde sosiale leerteorie het uit die behavioristiese-georiënteerde leerteorie ontwikkel. Die sosiale leerteorie verklaar gedrag as die resultaat van 'n interaksie tussen persoonlikheids- en omgewingsfaktore, en gee veral aandag aan die aanleer van gedrag en persoonlikheidseienskappe op grond van die interaksie tussen eksterne versterking en kognitiewe faktore, waarvan die kindermolesteerder en sy ouerhuis 'n voorbeeld is (Plug et al. 1993:339).

Bandura is die bekendste sosiale leerteoretikus. Hoewel Bandura se teorie (1973a; 1973b) eintlik die aanleer van aggressiewe gedrag verklaar, toon dit sterk raakpunte met die gedrag van die kindermolesteerder wat hom skuldig maak aan 'n meer passiewe misdryf waar aggressie nie 'n eksplisiete rol speel nie, maar meer verskuil en onbewustelik is. Die kindermolesteerder leer byvoorbeeld in sy disfunksionele gesin van herkoms bepaalde

eienskappe en gedragspatrone aan wat risikofaktore is en wat afwykende seksuele gedrag soos kindermolestering in die hand kan werk. In die lig van hierdie aanleer van gedrag word Bandura se sosiale leerteorie gebruik om die gedrag van die kindermolesteerder te verklaar.

In die volgende afdeling word 'n uiteensetting gegee van die sosiale leerteorie van Bandura waarna dit van toepassing gemaak word op kindermolestering.

### 6.4.1. 'n Uiteensetting van die sosiale leerteorie van Bandura

Soos reeds genoem is Bandura een van die bekendste sosiale leerteoretici. Hy het die sosiale leerteorie van aggressie ontwikkel. Hierdie teorie bemoei hom met bestudering van die natuurlik waarneembare gedrag van die individu binne die konteks waarin hy funksioneer (Hjelle & Ziegler 1992:337). In die geval van die kindermolesteerder neem hy as kind sy ouers se gedrag in sy gesin van herkoms waar en leer so bepaalde gedragspatrone en eienskappe aan wat risikofaktore is en kan lei tot disfunksionele gedrag soos kindermolestering. Hy dra hierdie gedragspatone en eienskappe oor na sy volwasse lewe, want dit is sy verwysingsraamwerk soos hy dit in sy gesin van herkoms aangeleer het en so word die disfunksionele prosesse voortgesit.

Volgens Siegel en Senna (1991:103) asook Bandura (1973a :212) gaan die leerteorie van die standpunt uit dat 'n kind leer wat hy in sy ouerhuis waarneem of direk ervaar het en nie wat sy ouers sê nie. Indien die molesteerder in sy ouerhuis waarneem dat sy ouers hulle huweliksprobleme hanteer deur mekaar aan te rand, is dit die kind se verwysingsraamwerk van hoe sulke probleme hanteer word en leer hy in dié proses gesinsgeweld aan. Andersyds word die kind in sy gesin van herkoms gemolesteer en vanuit hierdie ervaringswêreld molesteer hy ook later sy eie kinders.

Wanneer bepaalde gedrag positief beloon word versterk dit die gedragspatroon en die tipe gedrag sal voortgesit word. Wanneer die slagoffer van kindermolestering telkens lekkers, geld of duur geskenke kry na 'n molestering, laat hy toekomstige molestering toe, want dit hou vir hom 'n bepaalde voordeel in en die gevolg is dat hy later self kinders molesteer, want hy het die gedrag aangeleer en positiewe beloning daarvoor ontvang. Indien die gedrag

negatiewe gevolge het soos straf of pyn, word die tipe gedragspatroon nie versterk nie en gevolglik uitgewis (Bandura 1973b : 218).

Die sosiale leerteorie van Bandura bestaan uit drie hoofkomponente (Bandura 1973a :214):

- ontwikkeling van aggressiewe gedrag;
- aanstigters van aggressie; en
- versterking van aggressie.

Hierdie hoofkomponente van die sosiale leerteorie word deur verskillende prosesse aangeleer en versterk en word in die volgende afdeling bespreek.

### 6.4.2. 'n Verklaring van die kindermolesteerder se gedrag volgens die sosiale leerteorie van Bandura

Die kindermolesteerder se gedrag word volgens die volgende komponente van Bandura se sosiale leerteorie verklaar:

6.4.2.1. Ontwikkeling

Ten opsigte van hierdie komponent leer 'n kind gedrag aan na aanleiding van die invloed wat sy gesin op hom het, simbole waaraan hy blootgestel word en ander se reaksie op sy gedrag. Genoemde aspekte word in die onderstaande afdelings bespreek.

(a) Gesinsinvloede

Ten opsigte van gesinsinvloede is die gesinsisteem 'n belangrike leerskool vir die aanleer van gedrag (Bandura 1973a :214). Navorser wou ten opsigte van hierdie komponent van Bandura se teorie probeer vasstel watter invloed subjek C (kyk afdeling 4.2.2.3 van hoofstuk vier) in fase een van die ondersoek, se gesinsisteem gehad het op die aanleer van sy seksueel afwykende gedrag. Uit die ingesamelde data kom dit na vore dat subjek C uit 'n gesin kom waar sy ouers geskei is, hy baie geslaan is en hy altyd uit die gesin geskuif is. Hy is ook deur sy stiefvader seksueel gemolesteer en het geleer om nie daaroor te praat nie.

As gevolg van hierdie omstandighede het subjek C nooit geleer om verhoudings te bou nie. Hy het 'n alleenloper geword en met die seksuele begin eksperimenteer deur te masturbeer. Verder het subjek C nie oor sy gevoelens gepraat nie, het 'n swak selfbeeld ontwikkel asook 'n onderliggende gevoel van aggressie omdat hy altyd die swartskaap was. Laasgenoemde eienskappe is tydens hierdie ondersoek geïdentifiseer as risikofaktore wat kan lei tot kindermolestering.

In die geval van subjek C moes hy 'n gedragspatroon aanleer om sy onvervulde behoeftes, wat uit omstandighede in sy ouerhuis spruit, te bevredig. Uit masturbasie wat hy as kind aangeleer het, het hy seksuele bevrediging gekry wat vergoed het vir sy behoefte aan intieme verhoudings. Hierdie masturbasie ontwikkel met verloop van tyd in 'n abnormale gepreokkupeerdheid met seks. Hy het verder as voorbeeld sy stiefvader wat hom seksueel gemolesteer het. In sy alleenheid en as gevolg van sy swak selfbeeld neem hy sy toevlug tot kinders en molesteer hulle, want dit bevredig sy seksuele behoefte en verlig ook sy onderliggende gevoel van aggressie. Aangesien hy nie in sy ouerhuis geleer het om oor sy gevoelens te praat nie, oefen hy ook druk uit op sy slagoffer om die molestering geheim te hou, wat meebring dat die disfunksionele proses in stand gehou word.

Dit is belangrik dat hierdie seksueel afwykende gedrag wat die molesteerder in sy gesin van herkoms aangeleer het aan hom verduidelik word, met die hulp van 'n genogram in die behandelingstruktuur, ten einde hom insig te gee in sy probleem.

Die voorafgaande bevestig en verklaar die rol wat gesinsinvloede speel in die ontwikkeling van die kindermolesteerder as seksuele oortreder.

(b) Simboliese modellering

Simboliese modellering vind plaas deur prente en woorde wat deur die massa media voorsien word en op hierdie wyse bepaalde gedrag tot gevolg het soos byvoorbeeld die rol van pornografie in die geval van die kindermolesteerder.

Kindermolestering kan dus ook aangeleer word deur die molesteerder se blootstelling aan

pornografiese materiaal. Ten opsigte van laasgenoemde maak navorser simboliese modellering van toepassing op die data ten opsigte van subjek F (kyk afdeling 4.2.2.6 in hoofstuk vier) in fase een van die ondersoek. Subjek F kom uit 'n gesin van tien kinders en beskryf sy gesin as liefdeloos, wat meebring dat hy 'n alleenloper word en masturbeer. Volgens subjek F was hy reeds van kleinsaf 'n seksueel warm persoon. Hy het as kind begin om prente te versamel van vrouens en kinders in onder-, swem- en slaapklere (erotika). Later het hy begin kyk na sagte en harde pornografie (soos omskryf in 1.3.1.9 van hoofstuk een), wat die begin was van sy seksueel afwykende gedrag, aangesien hy deur hierdie prente visueel kon leer hoe om drange te kan bevredig. Hy het ook later begin om sy eie bloufilms te vervaardig. Hierdie seksueel afwykende gedrag van subjek F het later daartoe gelei dat hy sy eie dogtertjie oor 'n tydperk seksueel gemolesteer het en met die gereg gebots het.

Die toename in subjek F se betrokkenheid by pornografie word gesteun deur die Bevrydingsfeministe se siening dat pornografie 'n progressiewe kulturele mag is, wat 'n groot invloed het op mense se lewens en 'n belangrike rol speel in die toename van kindermolestering (Lötter 1997:428). Laasgenoemde bevestig die rol van simboliese modellering in die gedrag van die kindermolesteerder.

In die behandelingstruktuur vir die oortreder moet die rol en toename van pornografie in sy lewe aan hom uitgewys word en in verband gebring word met sy botsing met die gereg.

(c) <u>Direkte ervaring</u>

Bandura (1973a :218) is van mening dat gedragspatrone verder gevorm word deur middel van beloning en straf wat volg op probeer-en-trefaktiwiteite.

Weens die kindermolesteerder se onbevredigde emosionele behoeftes, wat spruit uit sy disfunksionele gesin van herkoms, maak hy hom skuldig aan allerlei probeer-en trefaktiwiteite om hierdie behoeftes te bevredig en leer in die proses 'n seksueel afwykende gedragspatroon aan wat uitloop op kindermolestering en sy botsing met die gereg.

Die ontwikkeling van die kindermolesteerder se seksueel afwykende gedrag deur beloning of

straf op probeer-en-trefaktiwiteite, word van toepassing gemaak op die ingesamelde data ten opsigte van subjek D (kyk afdeling 4.2.2.4 van hoofstuk vier) in fase een van die ondersoek.

Subjek D kom uit 'n gesin van agt kinders. Hulle is uit hule ouers se sorg verwyder as gevolg van die ouers se onbevoegde ouerskap en hulle word in 'n kinderhuis groot. Subjek D het 'n konflikverhouding met sy broers en susters gehad en sy ouers se belangstelling was so gebrekkig dat hy vakansies na ander mense moes gaan. Hierdie omstandighede bring mee dat subjek D geen verwysingsraamwerk van die bou van verhoudings het nie en daar by hom 'n behoefte aan aanvaarding ontstaan het. Hy het probeer-en-tref in sy verhoudingslewe en aangesien hy nie weet waarna hy in 'n verhouding soek nie, misluk dit telkens. Na twee saamleefverhoudings tree hy in die huwelik wat ook gekenmerk word deur onstabiliteit. 'n Seuntjie word uit hierdie huwelik gebore, maar word uit hulle sorg verwyder as gevolg van hulle onbevoegdheid. Omdat die subjek nie enige beloning in hierdie volwasse verhoudings kry nie gaan hy voort met sy magtelose soeke na aanvaarding en hierdie keer soek hy dit by sy seuntjie. Weens sy gebrekkige verwysingsraamwerk van verhoudings maak hy hom skuldig aan die molestering van sy seuntjie, terwyl laasgenoemde by hulle kuier. Dit bevredig sy seksuele behoefte en vergoed vir sy behoefte aan intieme verhoudings, terwyl dit dien as beloning op sy probeer-en-trefaktiwiteite. Bandura se teorie slaag dus daarin om subjek D se seksueel afwykende gedrag te verklaar aan die hand van beloning op probeer-en-trefaktiwiteite.

Hierdie probeer-en-trefaktiwiteite van die molesteerder ten opsigte van verhoudings en sy ontwikkeling van seksueel afwykende gedrag, moet in 'n behandelingstruktuur visueel vir hom uitgebeeld word met behulp van 'n genogram sodat hy insig kan kry in sy gedrag.

### 6.4.2.2. Aanstigters

Afgesien van die aanleer van seksueel afwykende gedrag in die kindermolesteerder se gesin van herkoms, is daar ook volgens Bandura (1973b: 115-182) bepaalde faktore wat die seksueel afwykende gedrag aanstig. Laasgenoemde word in die volgende afdelings bespreek.

(a) Modelleringsinvloede

Wanneer 'n gemodelleerde handeling met 'n vorige handeling verbind word, word gedrag in die waarnemer bevorder. Goedkeuring van gedrag of iemand anders se voorbeeld, lei daartoe dat 'n handeling herhaal word (Bandura 1973a :221).

Subjek B (kyk afdeling 4.2.2.2 in hoofstuk vier) in fase een van die ondersoek se ingesamelde data, word in verband gebring met Bandura se modelleringsinvloede as aanstigter tot seksueel afwykende gedrag. Subjek B was 'n enigste kind. Hy het dit negatief beleef dat albei sy ouers voldag gewerk het en hy nie die nodige aandag gekry het nie. Verder het subjek B 'n swak selfbeeld gehad. Hy tree op 21 jaar in die huwelik met 'n vrou wat agt jaar ouer is as hy en 'n redelike invloed op sy lewe het. Volgens hom het hy in die huwelik na iemand gesoek wat hom verstaan. Die kinders uit sy vrou se vorige huwelik het 'n negatiewe invloed op hom en sy vrou se verhouding gehad deurdat die dogter hulle geen privaatheid gegun het nie en uitlokkende gedrag geopenbaar het. Die omstandighede het by subjek B onbewuste aggressie gewek, want weer eens moet hy die verhouding met sy vrou met iemand anders deel. Genoemde aspekte kan gesien word as risikofaktore wat kan lei tot kindermolestering.

Ten opsigte van subjek B is die molestering van subjek se stiefdogter aangestig deur die bloufilm waarna hy saam met sy vrou en stiefdogter gekyk het. Hy het die gemodelleerde handelinge in die bloufilm in verband gebring met sy stiefdogter se uitlokkende gedrag en is verder aangestig om die stiefdogter te molesteer deur sy vrou wat 'n redelike invloed op sy lewe gehad het, en hom aangemoedig het om dit te doen. Subjek B se onbewuste aggressie, omdat hy sy vrou ook met haar kinders moes deel, het as 'n verdere aanstigter tot die molestering gedien. Subjek B se seksueel afwykende gedrag word gevolglik verklaar deur die modelleringsinvloede van Bandura se sosiale leerteorie.

Die rol van sulke modelleringsinvloede as aanstigters tot seksueel afwykende gedrag moet in die behandelingstruktuur aan die oortreder uitgewys word, sodat hy insig in sy gedrag kan kry vanuit verskillende hoeke.

(b) Aansporingsprikkels

Aansporingsprikkels verwys na die verwagting van positiewe gevolge op 'n handeling (Bandura 1973a :228).

In die lig van bogenoemde word subjek G (kyk afdeling 4.2.2.7 in hoofstuk vier) in fase een van die ondersoek se data in verband gebring met Bandura se aansporingsprikkels. Subjek G het nooit liefde in sy ouerhuis ervaar nie en die tekens van verwerping en alleenheid was baie duidelik by hom sigbaar. Vanuit sy verwysingsraamwerk het hy nie die vermoë aangeleer om verhoudings te bou nie en het ook nie geweet hoe om as man op te tree nie. Met sy beperkte probleemoplossende vaardighede begin subjek G sokker afrig en sy spanlede onthaal om spangees te bou. Laasgenoemde handelinge (aansporingsprikkels) verwys na subjek G se behoefte aan intieme verhoudings. Aangesien subjek G nie weet waarna hy in 'n verhouding soek nie, gaan hy so ver om al die seuns van die sokkerspan te molesteer ten einde sy behoefte aan verhoudings te bevredig en bots sodoende met die gereg.

Hierdie seksuele bevrediging (positiewe gevolge) wat uit sy sokkerafrigting gespruit het, het gelei tot subjek G se botsing met die gereg en verklaar die rol van aansporingsprikkels in subjek G se seksueel afwykende gedrag.

Afgesien daarvan dat die kindermolesteer insig moet hê in die ontwikkeling van sy gedrag vanuit sy disfunksionele gesin van herkoms, moet hy in die behandelingstruktuur ook bewus gemaak word van die rol van aansporingsprikkels in die oortreder se seksueel afwykende gedrag.

6.4.2.3. Versterkers

In die sosiale leerteorie word ook bepaalde faktore onderskei wat daartoe bydra dat gedrag gehandhaaf of versterk word. Die volgende faktore speel 'n rol in die handhawing of versterking van kindermolestering.

(a) Direkte eksterne versterking

Volgens Bandura (1973a :230) word gedrag sterk beïnvloed deur die direkte gevolge daarvan.

Subjek J (kyk afdeling 4.2.2.10 in hoofstuk vier) in fase een van die ondersoek se afwykende gedrag is versterk deur die direkte gevolge wat sy gedrag vir hom ingehou het, daarom word sy ingesamelde data in verband gebring met Bandura se sosiale leerteorie.

Subjek J het 'n swak selfbeeld en kom uit 'n gesin waar hy daagliks deur sy moeder geslaan is. Hy tree in die huwelik met 'n vrou wat by verre sy meerdere is, maar wat gereelde gemoedskommelinge ervaar, in só 'n mate dat sy hom aanrand.

In sy soeke na aanvaarding koop hy eers vir sy stiefdogter 'n pornografiese tydskrif en 'n kondoom. Die positiewe gesindheid van die dogter wat uit laasgenoemde spruit motiveer hom om vir haar en haar vriendin drank te koop vir hulle partytjie. Met die oog op verdere aanvaarding raak hy by die kinders se partytjie betrokke en begin saam met hulle 'n ontklee speletjie wat uitloop op kindermolestering.

Die direkte gevolge van subjek J se gedrag het sy behoefte aan aanvaarding bevredig, maar het seksueel afwykende gedrag in die hand gewerk, wat ook in die behandelinstruktuur aan die oortreder uitgewys moet word.

(b) <u>Selfversterking</u>

Selfversterking het te make met die individu se gedrag wat van só 'n aard moet wees dat dit aan hom selfbevrediging en eiewaarde bied. Die individu wil byvoorbeeld nie gekritiseer word oor sy gedrag nie en probeer dikwels regverdiging kry vir sy optrede (Bandara 1973a : 237).

In die geval van selfversterking word die data ten opsigte van subjek G (kyk afdeling 4.2.2.7 in hoofstuk vier) in fase een van die ondersoek in verband gebring met Bandura se sosiale leerteorie. Subjek G kom uit 'n gesin waar hy 'n weersin ontwikkel het in sy moeder en susters se seksuele aktiwiteite en hy skryf sy eie impotensie aan laasgenoemde toe. Verder het sujek G 'n swak selfbeeld, is onseker van hoe om as man op te tree en weet nie hoe om verhoudings op te bou nie. Die omstandighede wek 'n onbewuste aggressie by subjek asook 'n behoefte aan aanvaarding.

Subjek G pak gevolglik aktiwiteite aan waardeur hy sy eiewaarde kan verhoog, en die minste kritiek sou kry. Hy maak 'n studie van sokker en begin om seuns vir die sportsoort af te rig, wat sy eiewaarde verhoog en nie vir hom kritiek meebring nie. Om sy behoefte aan verhoudings te bevredig begin hy partytjies vir die seuns van sy sokkerspan te reël en hy kry bevrediging daaruit om te sien hoe die seuns dit geniet. Hy kom gevolglik op 'n skynbaar goedbedoelde manier by hierdie kinders uit en skep die indruk dat hy baie besorgd is oor hulle en begin die seuns betas terwyl hulle slaap. Hy bevredig sodoende sy seksuele behoefte. Hierdie seksuele aktiwiteite het hy by sy moeder en susters aangeleer. Subjek G probeer sy gedrag te regverdig deur te sê dat hy slegs wou vasstel of die seuns besny is. Hy probeer hierdie besorgdheid oor die seuns verder regverdig deur vir hulle ouers briewe onder 'n dokter se naam te skryf en die voordele en nadele van besnyding uit te wys. Subjek G leer op hierdie wyse 'n seksueel afwykende gedragspatroon aan wat waarskynlik ook versterk word deur sy eie impotensie, aangesien hy hom deur die molestering self wou handhaaf op seksuele gebied. Laasgenoemde word nog verder versterk deur sy onbewuste aggressie en hy bots sodoende met die gereg. Subjek G se gedrag kan sodoende verklaar word aan die hand van selfversterking van Bandura se teorie.

In die behandelingstruktuur moet die rol van selfversterking, as versterker in seksueel afwykende gedrag, aan die kindermolesteerder uit gewys word, sodat hy nuwe vaardighede kan aanleer om soortgelyke gedrag te voorkom.

In tabel 6.1 word die hoofkomponente van Bandura se sosiale leerteorie met hulle onderskeie onderafdelings saamgevat in 'n skematiese voorstelling en van toepassing gemaak op kindermolestering.

**Tabel 6.1**
'n Toepassing van Bandura se sosiale leerteorie op kindermolestering

| **Hoofkomponente van Bandura se sosiale leerteorie** | **Ontwikkeling van die kindermolesteerder as oortreder** |
|---|---|
| **ONTWIKKELING** | |
| * Gesinsinvloede | * Onstabiele ouerhuise |
| * Simboliese modellering | * Pornografie |
| * Direkte ervaring | * Bevrediging van behoefte |
| **AANSTIGTERS** | |
| * Modeleringsinvloede | * Bloufilm, aanbod en aanmoediging |
| * Aansporingsprikkels | * Bevrediging uit molestering |
| **VERSTERKERS** | |
| * Direkte eksterne versterking | * Kry seksuele bevrediging of aanvaarding uit molestering |
| * Selfversterking | * Regverdig molestering |

### 6.4.3 Evaluasie van Bandura se sosiale leerteorie

Hoewel die sosiale leerteorie van Bandura die aanleer van aggressiewe gedrag verklaar, het dit ook sterk raakpunte met kindermolestering, omdat laasgenoemde in 'n groot mate saamhang met wat die molesteerder in sy ouerhuis waargeneem en aangeleer (ontwikkeling) het en dat kindermolestering ook, soos aggressiewe gedrag, aangestig en versterk kan word deur verskillende faktore. In die lig hiervan is Bandura se sosiale leerteorie gebruik om ook die gedrag van die kindermolesteerder te verklaar.

Ten einde te evalueer in watter mate Bandura se teorie daarin geslaag het om die kindermolesteerder se gedrag te verklaar, is dit nodig om stapsgewys na die verskillende komponente van sy teorie te kyk.

Volgens Bandura ontwikkel aggressiewe gedrag deur gesinsinvloede, subkulturele invloede, simboliese modellering en direkte ervaring. In die geval van kindermolestering het die

oortreder se seksueel afwykende gedrag ontwikkel as gevolg van disfunksionele gesinsinvloede in die kindermolesteerder se gesin van herkoms. Subjek C in fase een van die ondersoek het byvoorbeeld uit 'n gesin gekom waar sy ouers geskei was, hy gedurig geslaan is en uit die gesin geskuif is en ook deur sy stiefvader gemolesteer is, waaroor hy nie mag gepraat het nie. Hierdie gesinsinvloede het by subjek C bepaalde eienskappe ontwikkel soos 'n onvermoë om verhoudings te bou, 'n swak selfbeeld, onderliggende aggressie en so meer, wat in die profiel van die kindermolesteerder (kyk figuur 6.5 p.199) voorkom en risikofaktore is wat kan lei tot kindermolestering. In die geval van subjek C het sy gesinsinvloede en die eienskappe wat daaruit voortgespruit het gelei tot sy botsing met die gereg. In hierdie opsig verklaar Bandura se teorie die rol wat gesinsinvloede speel in kindermolesteerder se gedrag.

Aangesien kindermolestering 'n misdryf is wat met groot geheimhouding gepaard gaan, slaag die teorie nie daarin om dit aan die hand van subkulturele invloede te verklaar nie, aangesien genoemde invloede nie 'n rol speel in kindermolestering nie.

Pornografie dien as belangrike simboliese modellering in die seksueel afwykende gedrag van die kindermolesteerder, aangesien hy daardeur seksueel geprikkel word en visueel leer hoe om seksuele drange te bevredig. Hierdie rol van pornografie as simboliese modellering word ook bevestig deur die ingesamelde data uit hierdie ondersoek en word betrokkenheid by pornografie as eienskap by die molesteerder beskou. Die toename in betrokkenheid van subjek F in fase een van die ondersoek, by pornografie, wat strek van onskuldige prente (erotika) tot harde pornografie en sy uiteindelike molestering van sy eie dogtertjie, verklaar die rol van simboliese modellering in die kindermolesteerder se gedrag.

Weens die kindermolesteerder se verskeie onbevredigde behoeftes wat spruit uit sy disfunksionele gesin van herkoms en sy gebrekkige probleemoplossende vaardighede, bring mee dat hy verskeie probeer-en-trefaktiwiteite aanwend om sy behoeftes te bevredig. Laasgenoemde lei daartoe dat hy afwykende gedragspatrone aanleer soos kindermolestering as gevolg van die beloning wat hy op sy probeer-en-trefaktiwiteite kry, waarvan subjek D in fase een van die ondersoek 'n voorbeeld is. Laasgenoemde wou sy behoefte aan intieme verhoudings bevredig en het in een onsuksesvolle verhouding na 'n ander betrokke geraak en

hom uiteindelik in sy verhouding met sy seuntjie skuldig gemaak aan molestering. Bandura se teorie slaag gevolglik daarin om kindermolestering te verklaar aan die hand van die oortreder se direkte ervaring uit sy aktiwiteite.

Afgesien van die ontwikkeling van aggressiewe gedrag, kan die gedrag ook aangestig word deur bepaalde faktore wat ook in verband gebring kan word met kindermolestering. Bandura sien modelleringsinvloede, aansporingsprikkels, aversiewe behandeling, instruksionele beheer van aggressie en bisarre simboliese beheer as aanstigters tot aggressie. Aangesien die laaste drie aanstigters nie in verband gebring kon word met kindermolestering nie, is hulle buite rekening gelaat in die teoretiese verklaring van die kindermolesteerder se gedrag.

Afgesien van bepaalde eienskappe wat subjek B in sy gesin van herkoms aangeleer het, was sy stiefdogter se uitlokkende gedrag, die bloufilm waarna hulle gekyk het en sy vrou se aanmoediging tot molestering, vir hom belangrike modelleringsinvloede vir sy seksueel afwykende gedrag. Bandura se teorie slaag ook daarin om kindermolestering te verklaar aan die hand van die rol wat modelleringsinvloede in die gedrag van die oortreder gespeel het.

Aggressiewe gedrag kan ook aangestig word deur prikkels wat positiewe gevolge inhou. In die geval van kindermolestering het subjek G in fase een van die ondersoek se sokkerafrigting en die onthaal van sy spanlede as aanstigting gedien vir die bevrediging van sy behoefte aan aanvaarding. Aangesien laasgenoemde behoefte bevredig is het hy sy betrokkenheid by sy sokkerspan voortgesit, maar sy gedrag het later seksueel afwykend geraak as gevolg van verskeie risikofaktore in sy persoonlikheid wat daartoe gelei het dat hy sy hele sokkerspan gemolesteer het. Die sosiale leerteorie van Bandura verklaar dus ook die gedrag van die kindermolesteerder na aanleiding van positiewe gevolge op aansporingsprikkels.

Soos wat daar by aggressiewe gedrag bepaalde faktore is wat daartoe bydra dat die gedrag gehandhaaf of versterk word, kan dit van toepassing gemaak word op die gedrag van die kindermolesteerder. Bandura onderskei direkte eksterne versterking, selfversterking en plaasvervangende versterking as sulke faktore. Weens die kindermolesteerder se gebrekkige insig in sy probleem kan plaasvervangende versterking nie aangewend word in die verklaring

van sy gedrag nie.

In die geval van subjek J in fase een van die ondersoek is sy optrede teenoor sy stiefdogter direk versterk deur die aanvaarding wat hy van haar gekry het met die aankoop van 'n pornografiese tydskrif en 'n kondoom. Hy het sy gedrag voortgesit en die herhaalde direkte versterking het op kindermolestering uitgeloop, wat meebring dat Bandura se teorie daarin slaag om die gedrag van die kindermolesteerder te verklaar.

Aangesien kindermolestering die oortreder se behoefte aan intieme verhoudings bevredig, soos wat dit in die ondersoek na vore gekom het, verhoog dit sy eiewaarde wat sy seksueel afwykende gedrag versterk. Die oortreder begin na verskeie redes soek om sy gedrag te regverdig en die gedragspatroon voort te sit. Subjek G in fase een van die ondersoek het sy besorgdheid oor die kinders in sy sokkerspan en die voor- en nadele van besnydenis gebruik om sy intieme betrokkenheid by hulle te regverdig en sy afwykende gedragspatroon voort te sit. Selfversterking verklaar dus ook die gedrag van die kindermolesteerder.

Navorser is van mening dat Bandura se sosiale leerteorie wat die aanleer van aggressiewe gedrag verklaar ook in 'n groot mate daarin slaag om die kindermolesteerder se seksueel afwykende gedrag te verklaar.

Tot dusver het navorser deur middel van die interpretasie van die ingesamelde data duidelikheid gekry oor die ooreenkomste en verskille tussen die kindermolesteerder en die verkragter. Uit die ingesamelde data kon navorser 'n profiel van die kindermolesteerder saamstel. Aangesien die ondersoek aan die lig gebring het dat die kindermolesteerder se afwykende gedrag gesetel is in sy disfunksionele gesin van herkoms en wat hy daar aangeleer en waargeneem het, kon sy gedrag verklaar word deur die sosiale leerteorie van Bandura. Hierdie aangeleerde gedrag en persoonlikheidseienskappe van die kindermolesteerder wat uit sy disfunksionele gesin van herkoms ontstaan het asook die faktore wat sy gedrag aangestig en versterk het, is belangrike aspekte wat in ag geneem moet word by die samestelling van 'n behandelingstruktuur. Genoemde behandelingstruktuur gaan in die volgende afdeling aandag geniet.

## 6.5 'N BEHANDELINGSTRUKTUUR VIR DIE KINDERMOLESTEERDER

### 6.5.1 Inleiding

By die samestelling van 'n behandelingstruktuur vir die kindermolesteerder, waarna daar in die vorige afdeling verwys is, het navorser gekyk na ander behandelingsmodelle soos dié van Kear-Colwell (1996:259-262) van Australië en van Frenken (1994:357-365) van Nederland. Navorser wou met laasgenoemde vasstel wat ander terapeute se uitgangspunte en benaderings ten opsigte van die behandeling van die seksuele oortreder is.

In die volgende afdelings gaan aandag gegee word aan die Australiese en Nederlandse behandelingsmodelle vir agtergronddoeleindes, aangesien die literatuur pertinent na hierdie lande se behandelingsprogramme verwys. Navorser gaan daarna 'n Suid-Afrikaanse behandelingstruktuur vir die kindermolesteerder saamstel. Die doel met laasgenoemde is om die probleem van kindermolestering aan te spreek en te poog om 'n afwaartse neiging in die misdryf te bewerkstellig soos uiteengesit in die navorsingsdoelstelling in afdeling 1.2.2 van hoofstuk een van hierdie proefskrif.

Hoewel Kear-Colwell en Frenken albei praat van behandelingsmodelle verkies navorser die begrip behandelingstruktuur en sal dit deurgaans ten opsigte van die Suid-Afrikaanse situasie gebruik word.

### 6.5.2 Australiese behandelingsmodel

Volgens Kear-Cowell (1996:259-262) moet daar in die behandelingsmodel van die seksuele oortreder aandag gegee word aan die regte van die oortreder en aan die beskerming van die gemeenskap. Hy noem dat die Australiese owerheid baie ambivalent is ten opsigte van die behandeling van die seksuele oortreder, aangesien hulle van die standpunt uitgaan dat dit 'n vermorsing is van die belastingbetalers se geld. Volgens Kear-Colwell is daar nie vir hom 'n verskil tussen die probleme van die seksuele oortreder en ander oortreders nie. Hy sê wel dat nie alle seksuele oortreders behandelbaar is nie, maar dat 'n betekenisvolle persentasie behandel kan word en hulle kriminele lewenstyl kan verander. Hy is dus van mening dat die seksuele oortreder behandel moet word ten einde die oortreder self en die gemeenskap te beskerm.

Kear-Colwell wat vir die afgelope dertig jaar 'n forensiese sielkundige in Australië is, noem dat daar twee behandelingstyle vir die seksuele oortreder is, naamlik 'n konfrontasiestyl en 'n motiveringstyl. Die samelewing glo dat daar hard met die oortreder gewerk moet word, daarom verkies hulle die konfrontasiestyl. Aan die anderkant sê Kear-Colwell dat die seksuele oortreder 'n erg beskadigde individu is wat uit disfunksionele gesinsomstandighede kom en wat gehelp moet word om insig in sy probleem te kry. In die lig van laasgenoemde verkies hy die motiveringstyl, want dit help die seksuele oortreder om sy disfunksionele lewenstyl te verbreek en in beheer van sy gedrag te kom.

### 6.5.3 Nederlandse behandelingsmodel

Frenken (1994:357-365) stel in sy artikel 'n vyf-fase behandelingsmodel voor vir die bloedskande oortreder, wat sedert 1982 deur die Bureau of Confidential Doctors in Den Haag in samewerking met die plaaslike hof ontwikkel is. Hierdie model het drie teikengroepe, naamlik:

- slagoffer;
- moeder van die slagoffer; en
- die oortreder.

Hierdie teikengroepe word op 'n buite-pasiënte basis hanteer, elk met sy eie terapeut. Die doel met laasgenoemde is die volgende:

- hulp aan die slagoffer;
- ondersteuning aan die moeder in haar moeilike posisie; en
- voorkoming van residivisme by die oortreder.

Ten opsigte van inskakeling by die behandelingsmodel moet die oortreder kies tussen gevangenisstraf en die behandeling. Verder het die hof ook sekere neergelegde kriteria vir inskakeling by die behandelingsmodel, naamlik dat dit oortreders moet wees

- wie se eerste oortreding dit is en wat erken dat hulle die misdryf gepleeg het;

- wat nie fisiese geweld in hulle misdryf gebruik het nie;
- wat 'n kort periode van gevangenisstraf sou kry;
- wat tekens van berou toon ten opsigte van hulle misdryf.

Oortreders met 'n IK van laer as 80, alkohol- en dwelmverslaafdes en oortreders met psigopatiese eienskappe word deur die hof uitgesluit van hierdie behandelingsmodel. Frenken beveel ook aan dat die oortreders deur die hof verwys word vir inskakeling by die behandelingsmodel, aangesien hy gevind het dat die oortreders wat vrywillig ingeskakel het na die eerste vyf sessies die behandeling gestaak het.

Frenken onderskei die volgende vyf fases in sy behandelingsmodel:

6.5.3.1 Fase een - Krisisintervensie en voorbereiding op terapie

In hierdie fase word die oortreder se polisie- en hofverslae saam met hom deurgewerk om die terapeut op hoogte te bring van die oortreder se omstandighede. Die oortreder word aangemoedig om nie uit die gemeenskap te onttrek nie en om sy verantwoordelikhede ten opsigte van sy gesin na te kom.

6.5.3.2 Fase twee - Deurwerk van die molesteringsituasie

Die oortreder word aangemoedig om die hele proses van molestering in die fynste besonderheid weer te gee, waartydens die ontwikkeling van die misdaadpatroon aan hom uitgewys word.

6.5.3.3 Fase drie - Aanvaar verantwoordelikheid vir die misdaad

Die oortreder word gehelp om hom in die posisie van die slagoffer te plaas en die gevolge wat die molestering vir die slagoffer inhou word aan hom uitgewys, hy moet ook verantwoordelikheid aanvaar vir sy misdryf.

6.5.3.4 Fase vier - Rehabilitasie van die oortreder

In hierdie fase word aandag gegee aan die ontwikkeling van die verhouding tussen die oortreder en die slagoffer en hoe die verhouding op molestering uitgeloop het. Die rol van die

oortreder se eie agtergrond word in verband gebring met die oortreding.

6.5.3.5 Fase vyf - Implementering van die behandelingsmodel

Die oortreder moet in hierdie fase risiko-situasies ten opsigte van molestering identifiseer en dit probeer voorkom of hanteer.

Verder word beraad met die oortreder en sy vrou of hele gesin aanbeveel, afhangende van die behoeftes van die gesinslede.

Volgens Frenken het nie een van die oortreders wat deur die hof verwys is vir inskakeling by hierdie behandelingsmodel weer teruggeval in dié misdaad nie.

### 6.5.4 Suid-Afrikaase behandelingstruktuur

Ten opsigte van die situasie in Suid-Afrika voel die gemeenskap ook nie positief ten opsigte van die kindermolesteerder nie, net soos in die geval van Australië. Hierdie negatiewe houding van die Suid-Afrikaanse gemeenskap ten opsigte van die kindermolesteerder blyk duidelik uit die feit dat hulle slegs konsentreer op hulp aan die slagoffer en die oortreder heeltemal buite rekening laat, soos dit reeds aan die begin van hierdie studie uitgewys is. Hierdie negatiewe houding ten opsigte van die kindermolesteerder skryf navorser toe aan onkunde ten opsigte van die probleem van die oortreder ook dat hulle heeltyd net vaskyk teen hierdie gruweldaad teen kinders en dat die probleem van die individu agter die misdryf nie werklik raakgesien word en aandag geniet nie.

Kear-Colwell (1996:262) se mening dat die seksuele oortreder 'n beskadigde individu is wat uit disfunksionele gesinsomstandighede kom, word deur die bevindinge van hierdie navorsingsondersoek ondersteun. In die lig van laasgenoemde beveel navorser ook soos Kear-Colwell 'n motiveringstyl aan in die behandelingstruktuur van die molesteerder. Laasgenoemde help die oortreder om insig te kry in homself en om sy seksueel afwykende gedrag wat hy in sy disfunksionele gesin van herkoms aangeleer het te verbreek. Navorser is van mening dat die kindermolesteerder in só 'n behandelingstruktuur nuwe vaardighede moet aanleer om sy gedrag te beheer om sodoende 'n afname in kindermolestering te bewerkstellig.

Navorser is soos Frenken (1994:357) van mening dat nie alle seksuele oortreders geskik is vir inskakeling by só 'n behandelingstruktuur nie en ondersteun navorser dus die gedagte dat daar definitiewe kriteria vir inskakeling ten opsigte van hierdie oortreders gestel moet word. Navorser stel voor dat 'n terapeut voor vonnisoplegging elke oortreder evalueer en aan die hof 'n aanbeveling maak ten opsigte van sy prognose vir inskakeling by 'n behandelingstruktuur. Die oortreder se erkenning dat hy die misdryf gepleeg het, is vir navorser 'n voorvereiste, anders word die kwessie van skuld en onskuld in die behandelingstruktuur voortgesit en bereik die behandeling nie sy doel nie. Verder is dit belangrik dat hy 'n eerste oortreder moet wees en nog nooit terapie in dié verband ontvang het nie, ten einde ontvanklik te wees vir terapie. Navorser ondersteun ook Frenken (1994:357) se idee dat die oortreder, indien hy kwalifiseer vir behandeling, die keuse tussen behandeling en gevangenistraf moet uitoefen. Verder wil navorser ook aanbeveel dat die oortreder die finansiële uitgawes van so 'n behandeling self sal dra, aangesien hy daardeur verantwoordelikheid vir sy misdaad aanvaar. Indien die samewerking en vordering van die oortreder volgens die terapeut nie na wense is nie, moet die oortreder terugverwys word.

Navorser is van mening dat die vertrekpunt van die behandelingstruktuur die kindermolesteerder as individu moet wees, aangesien dit dié aspek is wat tot dusver die meeste verwaarloos is. Aangesien die kindermolesteerders se probleme nie identies is nie, word individuele behandeling aanbeveel. Indien die molesteerder ander gesinslede het kan hulle by die bestaande behandelingsprogramme vir slagoffers inskakel en later, veral tydens die vaardigheidsontwikkeling en die moniterings- en ondersteuningsfases, betrek word.

Vanuit die Australiese en Nederlandse behandelingsmodelle, die navorsingsbevindinge en navorser se eie ervaring in die gedragswetenskappe wil sy 'n drie-fase behandelingstruktuur vir die Suid-Afrikaanse kindermolesteerder voorstel wat hierna volgens die onderskeie fases bespreek word.

#### 6.5.4.1 Fase een - Insigontwikkeling by die kindermolesteerder

Aangesien die kindermolesteerder tot voor sy inskakeling by die behandelingstruktuur oor 'n periode gekonfronteer was met sy misdryf en die volle inhoud daarvan, wil navorser in hierdie

eerste fase die klem verskuif na die oortreder as individu. Deur die oortreder nog verder te konfronteer met die inhoud van sy misdryf kan verdere aftakeling in die hand werk, veral gesien in die lig van die verwerping wat hy in sy disfunksionele gesin van herkoms ervaar het en sy swak selfbeeld. Met laasgenoemde uitgangspunt verskil navorser heeltemal van Frenken se model. Navorser is wel van mening dat die terapeut die beskikbare polisie- en hofverslae van die molesteerder op haar eie moet deurwerk vir agtergronddoeleindes en met die oog op die verdere hantering van die oortreder.

Navorser se vertrekpunt tydens hierdie eerste fase is om saam met die oortreder 'n genogram te teken soos omskryf in afdeling 1.3.1.3 van hoofstuk een ten einde saam met hom 'n visuele beeld van sy gesin van herkoms te verkry. Tydens hierdie fase van die behandelingstruktuur maak die terapeut gebruik van indiepte onderhoudvoering en kan die onderhoudsgids (kyk bylaag C ) wat in fase een van hierdie navorsingsondersoek gebruik is, sinvol aangewend word. Aspekte wat in die navorsingsbevindinge in afdeling 6.2 van hoofstuk ses vervat is word in sodanige onderhoud aangeraak soos byvoorbeeld:

- gesinsgrootte;
- voorkoms van maatskaplike probleme in gesin van herkoms;
- molestering in ouerhuis;
- vermoë om verhoudings te bou;
- skoolvordering;
- vryetydsbesteding;
- beroepslewe;
- selfbeeld; en
- botsing met die gereg.

Die deurwerk van genoemde aspekte gee 'n aanduiding van watter gedragspatrone en prosesse in die oortreder se gesin van herkoms voorgekom het en watter persoonlikheidseienskappe daaruit voortgespruit het, wat volgens Howard en Caslin (1999:3) risikofaktore is en kan lei tot kindermolestering. Navorser het ook hierdie werkswyse gevolg tydens die data-insamelingsproses van hierdie navorsingsondersoek en gevind dat dit sinvol

aangewend kan word in 'n behandelingstruktuur vir kindermolesteerders.

In hierdie fase van die behandeling vergelyk die terapeut, saam met elke oortreder, sy persoonlikheidseienskappe met die profiel van die kindermolesteerder soos vervat in figuur 6.5 van hierdie hoofstuk en hoe die persoonlikheidseienskappe 'n rol gespeel het in sy molestering van kinders. Die terapeut moet ook vir die oortreder uitwys watter gedragspatrone hy ontwikkel het in sy gesin van herkoms as gevolg van gesinsinvloede, simboliese modellering en direkte ervaring. Verder moet die terapeut ook vir die oortreder uitwys hoe sy seksueel afwykende gedrag aangestig en versterk is deur bepaalde faktore wat uiteindelik uitgeloop het op sy botsing met die gereg. Veral die rol van pornografie in sy seksueel afwykende gedrag moet uitgewys word. Hierdie werkswyse het sy oorsprong in die teoretiese verklaring van die kindermolesteerder se gedrag deur die sosiale leerteorie van Bandura soos vervat in afdeling 6.4.2 van hierdie hoofstuk.

Op hierdie stadium het die oortreder 'n redelike mate van insig in sy gedrag en sy misdryf ontwikkel en is hy gereed vir die volgende fase van die behandelingstruktuur. Op hierdie tydstip is dit sinvol en is die oortreder gereed dat die terapeut die gevolge wat die molestering vir die slagoffer inhou saam met hom deur werk soos vervat in afdeling 3.3 van hoofstuk drie en wat ook deur Howard en Caslin (1999:3) gesteun word.

Hierdie eerste fase van die behandelingstruktuur dien as basis vir die verdere behandeling van die oortreder deur telkens na die genogram en risikofaktore wat daaruit voortgespruit het terug te verwys en die oortreder se gedrag daarmee in verband te bring.

#### 6.5.4.2 Fase twee - Ontwikkeling van vaardighede by die kindermolesteerder

Na aanleiding van die gedragspatrone en -prosesse wat in elke kindermolesteerder se genogram na vore gekom het in die vorige fase van die behandelingstruktuur, identifiseer die terapeut saam met die oortreder leemtes ten opsigte waarvan hy vaardighede moet aanleer ten einde sy gedrag te beheer en toekomstige molesterings te voorkom. Laasgenoemde word ook deur Howard en Caslin (1999:3) onderskryf. Aangesien die vaardighede van oortreder tot oortreder sal verskil weens hulle uniekheid, is die volgende slegs voorbeelde van sulke

vaardighede:

- hoe om verhoudings te bou;
- kommunikasievaardighede;
- bou van selfbeeld; en
- ontwikkeling van probleemoplossende vaardighede.

Tydens hierdie fase is dit sinvol om ook ander gesinslede van die molesteerder te betrek, soos sy vrou en kinders. Voordat laasgenoemde kan realiseer moet die gesinslede in kort gehelp word om insig te ontwikkel in die persoonlikheid en gedrag van die kindermolesteerder, sodat hulle kan verstaan waar sy onvermoëns lê en watter risikofaktore daar bestaan wat kan lei tot sy seksueel afwykende gedrag. Die gesinslede kan 'n belangrike ondersteuningsrol speel in die aanleer van die oortreder se vaardighede en hulle kan dikwels self ook nuwe vaardighede aanleer.

Navorser beveel aan dat een of meer onderhoude aan elke vaardigheid bestee word en dat probleme wat ondervind word met die praktiese implementering daarvan in elke daaropvolgende onderhoud opgevolg word voordat 'n volgende vaardigheid aandag geniet. Dit is belangrik dat die implementeringsprobleme van vaardighede telkens in verband gebring word met die oorsprong daarvan in die gesin van herkoms of die oortreder se latere ontwikkeling, soos wat dit in sy genogram na vore gekom het. Laasgenoemde help die oortreder om homself teen sy agtergrond te sien. Nadat al die onderskeie vaardighede aangespreek is, word fase drie van die behandelingstruktuur bereik.

6.5.4.3 Fase drie - Moniterings- en ondersteuningsfase in die behandelingstruktuur

Tydens hierdie fase begin die terapeut geleidelik onttrek uit die behandelingstruktuur en word die oortreder se implementering van sy vaardighede slegs gemonitor en word hy gehelp waar probleme opduik en ondersteun om met sy nuut aangeleerde en meer funksionele gedragspatroon voort te gaan. Laasgenoemde moet by die oortreder 'n lewenswyse word, waarna die terapeut heeltemal onttrek uit die behandelingstruktuur en dit dan afgesluit word.

Navorser het in die praktyk gevind dat die terapeut nie te vinnig tydens die derde fase moet onttrek nie, aangesien dit tot die oortreder se terugval in die misdaad kan lei.

Aangesien geen twee oortreders se probleme dieselfde is nie, verskil die duur en die aantal onderhoude van die behandelingstruktuur van een oortreder na 'n ander en moet dit aan die diskresie van die terapeut oorgelaat word.

### 6.5.5 Evaluasie van die behandelingstruktuur

Hierdie behandelingstruktuur se toepassingswaarde strek veel wyer as die kindermolesteerder, aangesien enige maatskaplike probleem altyd teen sy agtergrond en oorsprong gesien moet word. Gevolglik sal die struktuur ook aangewend kan word ten opsigte van die verkragters wat in hierdie ondersoek betrek is en ook uit disfunksionele gesinne kom.

Sedert die ontwikkeling van hierdie struktuur wat geskoei is op die bevindinge van hierdie studie, het navorser die struktuur op ander probleemareas soos huweliks- en gesinsgeweld asook ander gesinsprobleme met sukses aangewend. Die aard van die probleemarea bring noodwendig 'n klemverskuiwing ten opsigte van die behandelingstruktuur mee.

## 6.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die ingesamelde data uit die empiriese ondersoek geïnterpreteer, waaruit navorser die verskille en ooreenkomste tussen die molesteerders en verkragters kon aandui. Uit die data kon navorser ook 'n profiel van die kindermolesteerder saamstel en sy gedrag teoreties verklaar aan die hand van Bandura se sosiale leerteorie. Voorbeelde van ander behandelingsmodelle, die navorsingsbevindinge en navorser se eie ervaring in die gedragswetenskappe het haar in staat gestel om 'n behandelingstruktuur vir die kindermolesteerder saam te stel ten einde die probleem van kindermolestering aan te spreek.

In die volgende hoofstuk word die navorsingsondersoek ten opsigte van die kindermolesteerder saamgevat, krities geëvalueer en aanbevelings gemaak ten opsigte van die toekomstige hantering van die kindermolesteerder en verdere navorsing in dié verband.

# HOOFSTUK 7

# SAMEVATTING, EVALUASIE EN AANBEVELINGS

## 7.1 SAMEVATTING VAN DIE NAVORSINGSONDERSOEK

### 7.1.1 Doel van die ondersoek

Die doel van hierdie ondersoek aangaande die manlike kindermolesteerder was om maksimale kennis en insig ten opsigte van dié oortreder te bekom. Navorser wou met behulp van die ingesamelde data verbande, samehange en patrone in die gedrag van die kindermolesteerder vaslê, waaruit 'n profiel van die oortreder saamgestel kan word. Verder wou navorser die gedrag van die kindermolesteerder teoreties verklaar en 'n behandelingstruktuur saamstel in 'n poging om 'n afname in kindermolestering te bewerkstellig. Vanuit die ingesamelde data wou navorser aanbevelings maak ten opsigte van die toekomstige hantering van die kindermolesteerder en verdere navorsing in dié verband.

Om laasgenoemde doel te bereik moes navorser wetenskaplik te werk gaan, wat vereis dat die ingesamelde data so geldig en werklikheidsgetrou as moontlik moet wees. Om aan hierdie epistemologiese dimensie van navorsing te voldoen, het afgehang van die wyse waarop navorser die hele ondersoek gaan beplan, struktureer en uitvoer. Hierdie wetenskaplike pad het soos volg daaruit gesien:

### 7.1.2 Aannames wat die ondersoek gerig het

Navorser het deur 'n deeglike literatuurstudie oor kindermolestering en uit haar eie praktykervaring die volgende aannames geformuleer ten einde die ondersoek te rig, naamlik dat die kindermolesteerder

- 'n negatiewe verwysingsraamwerk van intieme verhoudings het;
- 'n swak selfbeeld het;
- homself nie as 'n molesteerder beskou nie;
- van mening is dat hy nie hulp nodig het nie;
- hom met pornografiese materiaal besig hou.

Met hierdie aannames in gedagte moes navorser die terrein van data-insameling betree.

### 7.1.3 **Die data-insamelingsproses**

Hierdie navorsingsondersoek ten opsigte van die manlike kindermolesteerder is pluralisties (kwalitatief en kwantitatief) benader. Navorser wou die data wat sy deur middel van 'n indiepte studie van die oortreder verkry het verder navors ten opsigte van 'n meer omvangryke groep kindermolesteerders en verkragters. Met die aanwending van hierdie pluralistiese navorsingsmetodologie wou navorser die bruikbaarheid van pluralisme uitwys en sodoende 'n meer omvattende beeld van die kindermolesteerder verkry.

Hierdie pluralistiese navorsingsondersoek ten opsigte van die manlike kindermolesteerder se data-insameling het in twee opeenvolgende fases plaasgevind, elk met sy eie benadering en navorsingstegnologie. Die fases van die ondersoek is soos volg hanteer:

#### 7.1.3.1 Fase een

In hierdie fase het navorser gekonsentreer op die gevoelens, belewenisse en interpersoonlike verhoudings (kwalitatief) van die kindermolesteerder en is gebruik gemaak van semi-gestruktureerde onderhoudvoering aan die hand van 'n onderhoudsgids soos genoem in afdeling 1.3.3.7 van hoofstuk een. Hierdie onderhoudsgids is saamgestel vanuit 'n deeglike literatuurstudie oor kindermolestering en vanuit navorser se praktykervaring as maatskaplike werker en vorige navorsing in dié verband. Navorser het ook saam met elke subjek 'n genogram (kyk afdeling 1.3.1.3 van hoofstuk een) geteken ten einde die gedragspatrone en prosesse in sy gesin van herkoms visueel uit te beeld. In hierdie fase is met tien kindermolesteerders indiepte onderhoude gevoer. Die data wat uit hierdie onderhoudvoering voortgespruit het is verwerk volgens die vyf stappe van Sarantakos (1998:321) se model van ontleding, wat in afdeling 1.3.3.7 van hoofstuk een bespreek is. Uit hierdie data het 'n ryk en indiepte beskrywing van die onderskeie oortreders gevolg. Gemeenskaplikhede en ooreenkomste in die molesteerders se gedrag is geïdentifiseer, wat in hoofstuk vier van die proefskrif saamgevat is. Hierdie ingesamelde data kon in die volgende fase verder nagevors word.

7.1.3.2 Fase twee

Fase twee was 'n verdere stap in die navorsingsondersoek en is kwantitatief benader. Die data wat in fase een ingesamel is, is gebruik om ander tegnologie te ontwikkel in die vorm van 'n onderhoudskedule, waarna daar in afdeling 1.3.3.8 van hoofstuk een verwys word. Laasgenoemde is gebruik om vas te stel hoe 'n meer omvangryke groep (20) kindermolesteerders (kwantitatief) op hierdie data reageer. Om die bruikbaarheid van hierdie onderhoudskedule te bepaal is dit ook voorgelê aan vyftien verkragters van volwassenes, wat met die molesteerder 'n seksuele misdryf in gemeen het. Navorser wou ook deur laasgenoemde bepaal watter ooreenkomste en verskille tussen die twee tipes oortreders is en in watter mate die data ten opsigte van die verkragters die kenmerkende eienskappe van die molesteerders ondersteun. Die kenmerkende eienskappe van die kindermolesteerder is in hoofstuk vyf syfermatig deur middel van figure uitgebeeld en bespreek. Met hierdie data tot navorser se beskikking is fase drie van die ondersoek bereik.


7.1.3.3 Fase drie

In hierdie fase is die data wat tydens fase twee ingesamel is rekenaarmatig (kwantitatief) verwerk om kenmerkende eienskappe in die gedrag van die kindermolesteerder te identifiseer. Die routellings uit die onderhoudskedules is omskep in persentasies om die betekenisvolle veranderlikes te identifiseer, waarna die kenmerkende eienskappe skematies uitgebeeld is soos vervat in hoofstuk vyf van hierdie proefskrif.

In hoofstuk ses is die resultate van die empiriese ondersoek (kwalitatief) hanteer deur die data te interpreteer, 'n profiel van die manlike kindermolesteerder saam te stel en sy gedrag teoreties te verklaar. Met hierdie kennis ten opsigte van die manlike kindermolesteerder tot navorser se beskikking, is 'n behandelingstruktuur vir die molesteerder saamgestel in 'n poging om 'n afname in kindermolestering te bewerkstellig deur ook die oortreder op hierdie gebied te betrek. Genoemde aspekte lewer 'n belangrike bydrae tot die wetenskaplike kennis rakende die kindermolesteerder.

Die navorsingsondersoek ten opsigte van die manlike kindermolesteerder word stapsgewys van onder af in figuur 7.1 skematies uitgebeeld en saamgevat:

**Figuur 7.1**
Skematiese uitbeelding en samevatting van die navorsingsondersoek ten opsigte van die manlike kindermolesteerder



Afgesien van die wyse waarop die data ingesamel is, is dit ook belangrik om aandag te gee aan die bevindinge wat uit die ondersoek voortgespruit het. Laasgenoemde geniet aandag in die volgende afdeling.

## 7.2 BEVINDINGE VAN DIE NAVORSINGSONDERSOEK

In hierdie afdeling word die bevindinge uit die empiriese ondersoek oor die kindermolesteerder saamgevat en bespreek volgens die kenmerkende eienskappe van die kindermolesteerder, en word die ooreenkomste en verskille tussen die molesteerders en verkragters ook uitgewys. Navorser wys ook uit hoe die profiel van die kindermolesteerder na vore gekom het tydens die bespreking van genoemde eienskappe. Terselfdertyd bring navorser die bevindinge uit die empiriese ondersoek in verband met die aanvanklike aannames wat die ondersoek gerig het.

Die volgende is tydens die empiriese ondersoek oor die manlike kindermolesteerder bevind:

### 7.2.1 Hy ondervind probleme in sy gesin van herkoms

Die kindermolesteerder sowel as die verkragter kom uit 'n groot gesin, waar hy moes plek maak vir die ander kinders in die gesin en sy intieme verhouding met sy moeder moes prys gee. Sy verhouding met sy vader was swak wat meebring dat hy geen manlike rolmodel gehad het om mee te identifiseer nie en gevolglik geen verwysingsraamwerk van goeie verhoudings het nie. Laasgenoemde aspekte word deur data van die verkragters ondersteun, behalwe dat daar by die verkragters 'n groter vrees vir hulle vaders bestaan as by die molesteerders. Hierdie omstandighede het die volgende bydrae tot die kindermolesteer se profiel gemaak:

- Hy het 'n onvermoë om verhoudings te bou en voel eensaam tussen mense.
- Hy weet nie hoe om as man op te tree nie.

In die kindermolesteerder sowel as die verkragter se ouerhuis kom allerlei maatskaplike probleme (disfunksionaliteit) voor en hulle ouers is so verwikkeld in hierdie probleme dat hulle nie eers by hom as kind uitkom nie. Die kind voel afgeskeep en alleen gelaat. Ten

opsigte hiervan was daar 'n groter gevoel van verwerping by die verkragter as die molesteerder, terwyl die verkragter in 'n mindere mate verkies om 'n alleenloper te wees as die kindermolesteerder. Molesterings kom in die ouerhuis van die molesteerder en die verkragter voor en hulle leer om dit geheim te hou en dat mens nie daaroor praat nie. Die kindermolesteerder en verkragter begin as kinders in hulle alleenheid masturbeer om te vergoed vir hulle onvervulde behoeftes. Die volgende eienskappe ten opsigte van die molesteerder tree hieruit navore:

- Hy word 'n alleenloper.
- Hy leer om masturbasie te gebruik om sy onvervulde behoeftes te bevredig.
- Hy leer om nie oor sy probleme te praat nie. (swak kommunikeerder)

7.2.2 Die molesteerder ondervind probleme met die opbou van interpersoonlike verhoudings

Aangesien die kindermolesteerder en verkragter nie in hulle ouerhuise geleer het om intieme verhoudings met hulle vaders en moeders te bou nie werk dit ook deur na hulle verhoudings met vriende, wat lei tot oppervlakkige en verkeerde vriendskappe. Vanweë die molesteerder se meer positiewe verhouding met die moederfiguur verkies hy heteroseksuele verhoudings, maar wissel van huweliksmaats of bly ongetroud omdat hy nie weet waarna hy in 'n verhouding soek nie. Die data oor verkragters ondersteun hierdie bevindinge, maar hulle verkies eerder om saam te woon as om in die huwelik te tree. Die verkragters verkies ook meer ouer vroue in teenstelling met die molesteerders wat by enige ouderdomsgroep betrokke raak. Die omstandighede bring die volgende eienskappe by die molesteerder na vore:

- Hy is vriendelik en saggeaard en kom oppervlakkig goed met mense oor die weg.

*Hierdie swak verwysingsraamwerk van intieme verhoudings bevestig ook een van die aanvanklike aannames van die ondersoek.*

7.2.3 Kindermolesteerders dra probleme oor van een generasie na 'n volgende

Die maatskaplike probleme soos gesinsgeweld, huwelikskonflik, verlatings, finansiële krisisse, egskeidings, drankmisbruik en kindermolestering wat in die molesteerder se ouerhuis voorgekom het, het weer in die molesteerder se eie huweliks- en gesinslewe voorgekom. Laasgenoemde word deur die data ten opsigte van verkragters ondersteun, hoewel gesinsgeweld en drankmisbruik meer in hulle ouerhuise voorgekom het as by dié van die molesteerder. Die molesteerder en verkragter se ouers het maar van dag tot dag met die omstandighede saamgeleef en nie vaardighede ontwikkel om die probleme sinvol te hanteer nie, wat die twee tipes oortreders met 'n soorgelyke verwysingsraamwerk in hulle volwasse lewe laat. Hierdie omstandighede het die volgende invloed op die profiel van die molesteerder:

- Die kindermolesteerder beskik oor min probleemoplossende vaardighede.

7.2.4 Die molesteerder word gekenmerk deur onstabiliteit

Weens die kindermolesteerder se disfunksionele gesinsomstandighede het hy nie die ondersteuning van sy ouers gehad ten opsigte van sy skoolwerk nie. In sommige gevalle het hy die gevolge van sy eie molestering intens beleef wat daartoe bygedra het dat hy gesukkel het op skool. Van die molesteerders was ook gedruk om die skool te verlaat as gevolg van groot gesinne en finansiële probleme. Die gevolg is dat hy vroeg skool moes verlaat en onopgelei was en gevolglik op halfgeskoolde beroepe aangewese was. Aangesien hy waarskynlik die eerste beskikbare werk moes neem waarby hy nie werklik belang het nie, kon hy dit maklik prysgegee het vir iets anders. Hierdie bevindinge word ook deur die data ten opsigte van verkragters ondersteun.

Soos reeds genoem bring die molesteerder se onvermoë om verhoudings te bou ook vir hom onstabiliteit mee omdat hy nie weet waarna hy in 'n verhouding soek nie en van een verhouding na 'n ander beweeg. Onstabiliteit het soos volg bygedra tot die vorming van die molesteerder se profiel:

- Hy het lae skoolkwalifikasies en is onopgelei.
- Hy is onstabiel in sy werk en in sy verhoudings.

7.2.5 Probleemareas ontwikkel in die molesteerder se vryetydsbesteding

Op die oog af bring die kindermolesteerder sy vryetyd op verskeie maniere deur, soos lees, stokperdjies, kuier by vriende, kerklike inskakeling, fliek, partytjies en visvang/piekniek. Wanneer meer intensief aandag gegee word aan sy vryetyd, word bevind dat hy van hierdie aktiwiteite gebruik, juis om sy misdaad te pleeg. Aktiwiteite soos partytjies, besoeke aan vriende of selfs kerklike aktiwiteite bied aan die molesteerder die geleentheid om by kinders uit te kom en hulle te molesteer soos bevind in hierdie ondersoek. Die literatuur bevestig juis dat hy sy slagoffers in die meeste gevalle ken, terwyl die verkragters se slagoffers volwasse is en meestal onbekend is aan hom. Die kindermolesteerder lees en fliek en hou so die deur oop om by pornografie uit te kom om sy seksuele drange op te wek en te bevredig, wat deur die data ten opsigte van die verkragters ondersteun word. Die omstandighede het die volgende eienskappe by die molesteerder na vore gebring:

- Hy probeer op skynbaar goedbedoelde maniere by kinders uitkom.
- Hy is oneerlik en doen hom voor vir wat hy nie is nie.

7.2.6 Die molesteerder is gepreokkupeerd met seks

In die navorsing is bevind dat die seksuele al reeds by die molesteerder sowel as die verkragter as kind begin figureer het in die vorm van masturbasie wat op daardie stadium 'n normale verskynsel was. Weens albei oortreders se onvermoë om intieme verhoudings op te bou het hulle bly konsentreer op die seksuele en het as volwassenes voortgegaan om te masturbeer en te fantaseer oor seks. Laasgenoemde het gelei tot 'n abnormale gepreokkupeerdheid met seks in die vorm van voorhuwelikse seks met meer as een vrou en hulle intense belangstelling in pornografie, wat ook aan die bevrediging van hulle selfsugtige seksuele behoeftes voldoen. Hoewel die kindermolesteerder in sy volwasse lewe voortgegaan het om kinders te molesteer het die verkragter hom eerder skuldig gemaak aan die verkragting van volwassse vroue.

Genoemde aspekte ten opsigte van die molesteerder het die volgende invloed op sy profiel gehad:

- Hy fantaseer oor seks.
- Hy hou hom besig met pornografiese materiaal.
- Hy is selfsugtig.

*Die kindermolesteerder se betrokkenheid by pornografiese materiaal bevestig een van die aanvanklike aannames wat die ondersoek gerig het.*

7.2.7 Die kindermolesteerder is onseker van homself

In die kindermolesteerder sowel as die verkragter se verhoudingslewe kom verskeie onsekerhede en teenstrydighede voor. In die ondersoek is bevind dat die kindermolesteerder goed met mense oor die weg kom en dat mense altyd van hom hou, terwyl die verkragters beleef het dat mense in 'n mindere mate van hulle hou. Verder sê die kindermolesteerder hy het 'n behoefte aan intieme verhoudings, maar dit realiseer nooit nie. Genoemde verhoudings is dus oppervlakkig as gevolg van sy onvermoë om verhoudings te bou, wat ook deur die data van die verkragters ondersteun word. Die kindermolesteerder bevestig dat hy eensaam voel tussen mense en hy voel almal verwerp hom. Hy doen sekere dinge om aanvaar te word of neem 'n drankie om beter oor homself te voel of neem sy toevlug tot die seksuele waar sy behoefte aan 'n intieme verhouding bevredig word. Die verkragters is meer geneig om drankies oor genoemde redes te neem as die molesteerders. Weens die molesteerder se onsekerheid gebruik hy kinders as slagoffers omdat hulle weerloos is en die minste weerstand bied, terwyl die verkragters volwassenes as slagoffers gebruik, wat toegeskryf kan word aan die aard van sy persoonlikheid. Struikelblokke in die bevrediging van die molesteerder se behoeftes word soms met verskuilde aggressie hanteer as gevolg van sy onsekerheid, terwyl die verkragter hom skuldig maak aan meer overte aggressie wat uitloop op 'n geweldsmisdaad soos verkragting. Hierdie omstandighede bevestig weer die volgende ten opsigte van die molesteerder se profiel:

- Hy het 'n swak selfbeeld.
- Hy het 'n onvermoë om intieme verhoudings te bou.
- Hy is dominerend.
- Hy is onderliggend aggressief

*Genoemde data bevestig die aannames van 'n swak selfbeeld en 'n onvermoë tot intieme verhoudings by die kindermolesteerder.*

7.2.8 Die molesteerder spits hom toe op kindermolestering

Die ondersoek het bevind dat die molesteerder onseker is en nie weet wat met kindermolestering bedoel word nie, terwyl die verkragter 'n duidelike begrip van sy misdryf het. Die molesteerder se dade met die kind gaan vir hom oor die bevrediging van sy behoefte aan 'n intieme verhouding, wat hy nie op 'n normale manier kan bevredig nie as gevolg van sy onvermoë om verhoudings te bou. Hy sien hom gevolglik nie as 'n misdadiger nie en in die ondersoek is ook bevind dat hy selde ander misdrywe pleeg in teenstelling met die verkragter wat 'n kriminele rekord het. Indien die molesteerder 'n misdryf pleeg is dit seksueel van aard. Die wet dra ook by tot die verwarring ten opsigte van kindermolestering, omdat die hof die molesteerder skuldig bevind aan onsedelike aanranding, bloedskande of verkragting en die begrip kindermolestering dan nie meer ter sprake is nie. Die volgende uit hierdie afdeling kan bygevoeg word tot die molesteerder se profiel:

- Hy sien homself nie as 'n misdadiger nie.
- Hy pleeg selde ander misdrywe.

*Uit die voorgenoemde bespreking word een van die aannames wat die ondersoek gerig het bevestig, naamlik dat die molesteerder homself nie as 'n oortreder sien nie.*

7.2.9 Die kindermolesteerder het behoefte aan hulp

Hoewel die kindermolesteerder aanvanklik sleg voel oor die molestering en verbitterd en kwaad voel oor die aanmelding is hy uiteindelik verlig dat dit aangemeld is, want nou hoef hy hom nie langer voor te doen vir wat hy nie is nie. Die verkragter ondersteun laasgenoemde

bevindinge, hoewel dit na vore gekom het dat die verkragters meer verbitterd was oor die aanmelding as die molesteerders. Uit die ondersoek het dit sterk na vore gekom dat die molesteerder hulp nodig het, wat deur die data ten opsigte van verkragters ondersteun word. Die molesteerder en verkragter het albei behoefte om insig in hulle probleem te kry. Laasgenoemde word deur Scheela en Stern (1994:95) bevestig. Uit hierdie bespreking kom die volgende na vore ten opsigte van die profiel van die kindermolesteerder:

- Hy het hulp nodig.
- Hy wil insig in sy probleem kry.

*Hierdie behoefte van die kindermolesteerder aan hulp weerlê die aanvanklike aanname dat die molesteerder van mening is dat hy geen hulp nodig het nie.*

Hierdie navorsingsondersoek ten opsigte van die manlike kindermolesteerder word in die volgende afdeling krities geëvalueer.

## 7.3 EVALUASIE VAN DIE NAVORSINGSONDERSOEK

Die ondersoek word geëvalueer aan die hand van die wetenskaplike plan wat in die empiriese ondersoek aangewend is om 'n omvattende beeld van die manlike kindermolesteerder te verkry.

Fase een van die ondersoek wat kwalitatief benader is en waar gebruik gemaak is van indiepte onderhoudvoering met die subjekte het opleiding en ervaring van die navorser geverg, wat nie 'n probleem was nie aangesien die navorser as maatskaplike werker opgelei is in onderhoudvoering en etlike jare praktykervaring in dié verband het. Navorser is bekend aan verskeie welsynsorganisasies en vakkundiges in die gemeenskap, wat toegang tot die subjekte en die uitvoerbaarheid van die ondersoek vergemaklik het. Die data wat eerstehands van die oortreders verkry is, is aangevul uit die navorser se stelselmatige waarneming, dokumentêre bronne van ander vakkundiges en die literatuur en het die betroubaarheid van die ondersoek verhoog. Hierdie ingesamelde data was 'n weergawe van die gevoelens en belewenisse van 'n beperkte aantal kindermolesteerders. Fase een van die ondersoek het in sy doel geslaag

deurdat daar uit die ingesamelde data samehange en patrone in die gedrag van die kindermolesteerder vasgelê kon word, waaruit gemeenskaplikhede en ooreenkomste van die molesteerders saamgestel kon word. Die ondersoek kon nie hier afgesluit word nie, aangesien die data bekom is van 'n beperkte aantal molesteerders en navorser nie geweet het hoe verteenwoordigend dit van die totale universum is nie. 'n Tweede fase was dus noodsaaklik om die ingesamelde data verder na te vors.

Ten einde die betroubaarheid van die data verder te verhoog is in hierdie tweede fase 'n ander benadering en tegnologie aangewend ten opsigte van die data-insameling. Die ingesamelde data uit fase een is gebruik om 'n onderhoudskedule saam te stel wat weer eens baie van navorser se kennis in die gedragswetenskappe geverg het. Die onderhoudskedule het navorser in staat gestel om data in te win van 'n meer omvangryke groep kindermolesteerders. Om die bruikbaarheid van die skedule te bepaal en die betroubaarheid van die ondersoek verder te verhoog, is die onderhoudskedule ook aan 'n groep verkragters van volwassenes voorgelê wat 'n seksuele misdryf met die molesteerders in gemeen het. Die hantering van die twee tipes seksuele oortreders met hulle onderskeie persoonlikhede het ook bepaalde kundigheid van die navorser geverg, wat sy met sukses kon hanteer. Hierdie fase het daarin geslaag om leemtes in die onderhoudskedule uit te wys, wat tydens die ondersoek aangevul kon word en die geldigheid van die meetinstrument kon verhoog. Die data uit die eerste fase is bevestig deur 'n meer omvangryke groep kindermolesteerders in fase twee en is ook ondersteun deur die data ten opsigte van 'n groep verkragters. Dit sou sinneloos wees om die ondersoek aan die einde van fase twee af te sluit. Fase drie was nodig om sin en betekenis aan die ingesamelde data te gee.

In fase drie is die ingesamelde data uit fase twee geïnterpreteer wat daartoe bygedra het dat ooreenkomste en verskille tussen die twee tipes oortreders uitgewys kon word en kenmerkende eienskappe van die kindermolesteerders vasgelê kon word. Uit laasgenoemde is 'n profiel van die oortreder saamgestel. Hierdie data het weer die navorser in staat gestel om 'n misdaadverklaringsteorie te vind om die molesteerder se gedrag te verklaar. Bandura se sosiale leerteorie is van toepassing gemaak op die ingesamelde data uit die ondersoek en die kindermolesteerder se gedrag kon teoreties verklaar word. Die teoretiese verklaring het

uitgewys dat die molesteerder in sy disfunksionele gesin van herkoms bepaalde gedragspatrone en eienskappe aangeleer het wat risikofaktore is en tot kindermolestering kon lei. Die teoretiese verklaring het ook die moontlikheid van die aanstigting en versterking van die oortreder se seksueel afwykende gedrag aangedui. Die geïnterpreteerde data, die profiel van die kindermolesteerder en die teoretiese verklaring van sy gedrag het as 'n fondament gedien vir die samestelling van 'n behandelingstruktuur vir die oortreder. Die behandelingstruktuur kon die oortreder in die misdryf aanspreek, wat nog altyd verwaarloos is. Die samestelling van hierdie behandelingstruktuur het kennis en ervaring van meer as een terrein van die gedragswetenskappe geverg, wat van navorser 'n geskikte kandidaat gemaak het. Die verskillende fases in die ondersoek het soos boustene op mekaar gevolg wat gelei het tot die bereiking van die aanvanklike doel van die ondersoek. Die leemte is dat slegs sekere molesteerders kwalifiseer vir inskakeling by die behandelingstruktuur. Hierdie leemte kan aangevul word deur verdere navorsing in dié verband.

Hierdie pluralisties benaderde ondersoek het buitengewone hoë eise aan die navorser gestel ten opsigte van die hantering van twee verskillende benaderings (kwalitatief en kwantitatief) in een ondersoek, elk met sy eiesoortige navorsingstegnologie en die unieke verwerking en aanbieding van elke benadering se data. Die feit dat die ondersoek in opeenvolgende fases aangepak is en die benaderings tydelik só van mekaar geskei kon word, het die ondersoek gestruktureer. Navorser kon deur middel van hierdie massa ingesamelde data uit verskillende benaderings by een doel uitkom, naamlik om 'n omvattende beeld van die manlike kindermolesteerder te verkry. Die aanwending van hierdie twee benaderings in een ondersoek het die bruikbaarheid van pluralisme uitgewys.

In albei die fases van die data-insameling is die rol van pornografie as prominente prikkel in die oortreder se seksueel afwykende gedrag bevestig. In die lig van laasgenoemde het navorser aandag gegee aan die bewysstukke wat tydens arrestasies by kindermolesteerders gevind is. Die bewysstukke het gewemel van verskillende soorte pornografie waarvan subjek I se bewysstukke (kyk bylaag E) 'n goeie voorbeeld is. By hierdie bewysstukke was daar byvoorbeeld naak foto's van 'n oortreder en sy slagoffer wat die rol van simboliese modellering van pornografie bevestig. Navorser het ook bewus geraak daarvan dat daar

pornografie beskikbaar is vir verskillende soorte seksuele afwykings soos masochisme en sadisme en dat pornografie eintlik 'n ingewikkelde netwerk is wat 'n navorsingsondersoek op sy eie verg. Hoewel daar in Suid-Arika sekere beperkings op pornografie geplaas word, waar eksplisiete gewelddadige gedrag vertoon word, verseker die nuwe konstitusie die individu se reg tot inligting. Laasgenoemde is dus 'n hupstoot vir 'n seksuele misdryf soos kindermolestering, terwyl lede in die gemeenskap deur protesoptogte hulle weersin betoon ten opsigte van kindermolestering.

Hoewel die meerderheid kindermolesteerders in hierdie navorsingsondersoek uit halfgeskoolde beroepe kom is die professionele en hoër sosio-ekonomiese groepe nie uitgesluit by hierdie misdryf nie. In hierdie ondersoek is gevind dat die oortreders uit laasgenoemde groepe minder geneë was om aan die ondersoek deel te neem. Die aard van hulle beroepe en sosio-ekonomiese vlakke bring mee dat hulle oor meer kontakte en geld beskik om hulle misdryf uit die hof en die media te hou. Afgesien van professionele en hoër sosio-ekonomiese groepe kom disfunksionaliteit ook in daardie groepe se gesinne voor en word seksueel afwykende gedrag ook in sulke gesinne aangeleer.

Hierdie ondersoek het in sy doel geslaag naamlik om 'n omvattende beeld van die manlike kindermolesteerder te verkry en met behulp van 'n voorgestelde behandelingstruktuur te poog om 'n afname in kindermolestering te bewerkstellig. Hierdie ondersoek het ook bepaalde bydraes tot die wetenskaplike kennnis gemaak deur

- die bruikbaarheid van pluralisme in die ondersoek uit te wys;
- die ooreenkomste en verskille tussen kindermolesteerders en verkragters te bepaal;
- die betrokkenheid van die kindermolesteerder en verkragter by pornografie uit te wys;
- 'n profiel van die kindermolesteerder saam te stel;
- die kindermolesteerder se gedrag teoreties te verklaar;
- 'n behandelingstruktuur vir die kindermolesteerder saam te stel.

## 7.4 AANBEVELINGS

In die lig van die bevindinge wat in hierdie navorsingsondersoek ten opsigte van die

kindermolesteerder gemaak is, wil navorser graag die volgende aanbevelings maak ten opsigte van die toekomstige hantering van die kindermolesteerder en verdere navorsing in dié verband:

### 7.4.1 Voorligting aan die gemeenskap

Navorser is van mening dat die gemeenskap bewus gemaak moet word van die feit dat kindermolestering in die disfunksionele gesin gesetel is en dat sulke gesinne geleenthede skep vir die aanleer van bepaalde gedragspatrone en persoonlikheidseienskappe wat risikofaktore is en kindermolestering in dié hand kan werk. Indien gesinne nie elkeen indringend na sy eie funksionering gaan kyk en aandag gee aan die disfunksionele prosesse binne die gesin nie, gaan daar nooit 'n afname in kindermolestering bewerkstellig word nie. Die gemeenskap moet deur tydskrifartikels, pamflette, seminare, werkswinkels en besprekingsgroepe gehelp word om insig te kry in die ontplooiing van kindermolestering vanuit die molesteerder se ouerhuis. Kerke, gesondheidsklinieke, skole en ander opvoedkundige inrigtings soos universiteite en kolleges kan 'n belangrike bydrae lewer in hierdie voorkomingsprogram. Selfs die lewende teater kan in hulle opvoerings hierdie boodskap uitdra (hierdie medium is reeds aangewend in die vigsveldtog).

Aangesien kindermolestering nie 'n misdryf is wat uitsluitlik deur mans gepleeg word nie, is navorsing ten opsigte van die vroulike molesteerder 'n verdere belangrike faktor in die aanspreek van die misdryf. Verder sal dit ook insiggewend wees om die ooreenkomste en verskille tussen manlike en vroulike kindermolesteerders vas te lê.

### 7.4.2 Wetgewing in verband met pornografie

In hierdie ondersoek is bevind dat die kindermolesteerder op die seksuele konsentreer om sy onvervulde behoeftes te bevredig en daar is ook bevind dat pornografie as 'n prominente prikkel dien om sy seksuele drange aan te stig en sy behoeftes op 'n negatiewe wyse te bevredig deur hom skuldig te maak aan kindermolestering. Weens die groot weersin wat die gemeenskap uitspreek ten opsigte van seksuele misdrywe teen kinders moet daar indringend gekyk word na strenger wetgewing in verband met pornografie, aangesien laasgenoemde 'n belangrike rol in hierdie misdryf speel. Ondersoek moet ook gedoen word na die

doeltreffendheid van die bestaande beperkings op pornografie en die nuwe konstitusie wat vryheid tot inligting onderskryf. Verdere navorsing in verband met pornografie is nodig om die definitiewe rol van pornografie in seksuele misdrywe uit te wys en vas te stel watter tipe pornografie daar vir die verskillende seksuele misdrywe bestaan en hoe dit geklassifiseer word. Ondersoek moet ook gedoen word na die motiewe van die uitgewers van pornografie asook die individue wat hulle beskikbaar stel tot deelname in die vervaardiging van pornografiese materiaal. 'n Holistiese beeld is nodig ten opsigte van pornografie, voordat dit doeltreffend beheer kan word.

### 7.4.3 **Behandeling van die kindermolesteerder**

Tot dusver is aanbevelings van 'n pro-aktiewe aard gemaak. Aangesien Suid-Afrika reeds met 'n diepgewortelde probleem van kindermolestering te make het, moet ook aandag gegee word aan 'n reaktiewe behandelingstruktuur.

In hierdie navorsingsondersoek het die kindermolesteerder reeds 'n sterk behoefte uitgespreek aan hulp en om insig te kry in sy probleem. Navorser wil laasgenoemde behoeftes van die kindermolesteerder in verband bring met die drie-fase behandelingstruktuur wat breedvoerig in afdeling 6.5.4 van hoofstuk ses bespreek is en dit sterk aanbeveel wanneer oorweging van strafoplegging ten opsigte van die kindermolesteerder ter sprake kom. Aangesien die oortreders aan sekere vereistes moet voldoen vir inskakeling by hierdie behandelingstruktuur sluit dit sommige van die oortreders uit. Verdere navorsing is dus nodig ten opsigte van hulp aan die molesteerders wat nie kwalifiseer vir inskakeling by hierdie behandelingstruktuur nie. Na die praktiese benutting van hierdie voorgestelde drie-fase behandelingstruktuur kan verdere navorsing ook van waarde wees om leemtes in die struktuur uit te wys en dit verder te ontwikkel.

Die strafregstelsel, sielkundiges en maatskaplike werkers moet deur middel van die media, koerantberigte en vaktydskrifte ingelig word oor die bevindinge van hierdie navorsingsondersoek in verband met die kindermolesteerder en die voorgestelde behandelingstruktuur sodat dit by vonnisoplegging in oorweging geneem kan word.

Terapeute in privaatpraktyk moet ook opgelei word in die hantering van hierdie behandelingstruktuur sodat dit in terapeutiese sessies met kindermolesteerders deurgewerk kan word sodat hulle insig in hulle probleem kan kry en nuwe vaardighede kan aanleer om hulle gedrag te beheer.

Oorweging kan ook geskenk word aan die skepping van 'n buite-kliniek vir kindermolesteerders, waar hulle kan inskakel by hierdie behandelingstruktuur in hulle eie tyd en op hulle eie koste.

Uit die ondersoek het dit ook na vore gekom dat die oortreder reeds lank voordat hy gearresteer is, weet hy het 'n probleem, maar dat hy nie weet waar om aan te klop vir hulp nie. Hierdie behandelingstruktuur met adresse en telefoonnommers van terapeute of buite-klinieke waar hierdie struktuur beskikbaar is, kan in gesinstydskrifte soos *Die Huisgenoot,* wat baie gewild is onder kindermolesteerders, geadverteer word sodat die oortreder vroegtydig kan hulp ontvang en insig in sy probleem kan kry. Laasgenoemde kan ook 'n afname in kindermolestering in die hand werk en die misdryf help voorkom.

## 7.5 TEN SLOTTE

Navorser is van mening dat dit nodig was dat hierdie studie ten opsigte van die oortreder as persoon juis binne die sfeer van die Kriminologie aangepak moes word aangesien

- die uitgangspunt van die Kriminologie is om die misdaad in sy volle omvang te bestudeer en dat daar nie net eensydig aan die slagoffer van die misdryf aandag gegee word nie. Hierdie uitgangspunt het meegebring dat die oortreder ten opsigte van molestering as verwaarloosde komponent summier geïdentifiseer is en aandag kon geniet ten einde die probleem van kindermolestering in totaliteit aan te spreek;

- die Kriminologie daarop ingestel is om die konteks van die misdaadverskynsel aan te spreek. In die geval van hierdie studie is die rol van die disfunksionele gesin uitgewys asook die aanleer van gedragspatrone en bepaalde eienskappe wat risikofaktore kan wees in die molestering van kinders. By die bestudering van die konteks waarbinne

kindermolestering plaasvind is die oortreding in hierdie ondersoek uitgelig as 'n nie-geweldadige, maar selfsugtige daad waar die (seksuele) behoeftes van die oortreder, sonder inagneming van die impak op die slagoffer, bevredig is;

- die Kriminologie die kompleksiteit van menslike gedrag in ag neem en geldige en betroubare navorsing hoog aanskryf om die nodige data in te samel en te verwerk. Derhalwe is in hierdie ondersoek van meervoudige metodes gebruik gemaak om optimale inligting in te samel. Sodoende is 'n profiel van die kindermolesteerder saamgestel wat oor 'n wye spektrum van sy 'lewe strek, vanaf sy disfunksionele gesin van herkoms tot sy botsing met die gereg. Die ingesamelde data het die navorser in staat gestel om die kindermolesteerder se gedrag te verklaar, waaruit 'n behandelingstruktuur saamgestel kon word om die misdryf aan te spreek;

- die vakgebied pro-aktiewe (langtermyn) en reaktiewe maatreëls (huidige leemtes in die strafregstelsel) beklemtoon wat deur hierdie ondersoek uitgewys kon word om misdaad te voorkom en te beheer.

## 8. BIBLIOGRAFIE


Adler, P.A. & Adler, P. 1994. Observational Techniques. In: Denzin, Norman K. & Lincoln, Yvonna. (eds) *Handbook of Qualitative Research.* London: Sage.

Adler, N.A. & Schutz, J. 1995. Sibling Incest Offenders. *Child-Abuse-and-Neglect* 19(7): 811-819.

Babbie, E. 1983. *The Practice of Social Research.* 4th edition. California: Wadsworth.

Babbie, E. 1986. *The Practice of Social Research.* 5th edition. California: Wadsworth.

Bagley, C., Wood, M. & Young, L. 1994. Victim to Abuser: Mental Health and Behavioral Sequels of Child Sexual Abuse in a Community Survey of Young Adult Males. *Child-Abuse-and Neglect* 18(8): 683-697.

Ballard, D.T., Blair, G.D., Devereaux, S., Valentine, L.K., Horton, A.L. & Johnson, B.L. 1990. A Comparative Profile of the Incest Perpetrator: Background Characteristics, Abuse History, and Use of Social Skills. *The Incest Perpetrator. A Family Member No One Wants To Treat.* London: Sage.

Bandura, A. 1973a. Social Learning Theory of Aggression, In: Knutson, J.F. (ed.) *The Control of Aggression.* Chicago: Adline.

Bandura, A. 1973b. *Aggression: A Social Learning Analysis.* Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.

Bartol, C.R. 1995. *Criminal Behavior. A Psychosocial Approach.* 4th edition. New Jersey: Prentice Hall.

Bateman, P. 1994. Child Molesting. South Africa's Secret Shame. *Readers Digest* 145: 37-42.

Bennett, A. 1984. The Guilt of the Fathers. *New Statesman* 108: 8-9.

Bentovim, A., Boston, P. & Van Elburg, A. 1987. Child Sexual Abuse - Children and Families Referred to a Treatment Project and the Effects of Intervention. *British Medical Journal* 295(5): 1453-1457.

Berg, B.L. 1995. *Qualitative Research Methods for Social Sciences.* 2nd edition. Boston: Allyn & Bacon.

Caffaro, J.V. 1991. A Room Full of Fathers. *Journal of Family Psychotherapy* 2(4): 27-40.

Cantwell, H.B. 1988. Child Sexual Abuse: Very Young Perpetrators. *Child Abuse and Neglect* 12(4): 579-582.

Carl, A.R. *1987. Is my kind veilig?* Kaapstad: Lux Verbi.

Christiansen, J.R. & Blake R.H. 1990. The Grooming Process in Father-Daughter Incest. *The Incest Perpetrator. A Family Member No One Wants To Treat.* London: Sage.

Dadds, M., Smith, M. & Webber, Y. 1991. An Exploration of Family and Individual Profiles following Father-Daughter Incest. *Child Abuse and Neglect* 15(4): 575-586.

Esterhuizen, J. 1990. Kindermolestering. *Prisma* 5(5): 40.

Fako, T.T. 1997. Child Abuse in South Africa. *Society in Transition - Journal of the South African Sociological Association* 28:(1-4).

Faller, K.C. 1988. Decision-making in Cases of Intrafamilial Child Sexual Abuse. *American Journal of Orthopsychiatry* 58(1): 121-128.

Faller, K.C. 1990. Sexual Abuse by Paternal Caretakers: A Comparison of Abusers Who Are Biological Fathers in Intact Families, Stepfathers, and Noncustodial Fathers. *The Incest Perpetrator. A Family Member No One Wants To Treat.* London: Sage.

Farrell, L.T. 1988. Factors That Affect a Victim's Self-Disclosure in Father-Daughter Incest. *Child Welfare* 67(5): 462-468.

Frenken, J. 1994. Treatment of Incest Perpetrators: A Five-phase Model. *Child Abuse and Neglect* 18(4): 357-365.

Garbarino, J. 1993. Is Good Science Bad Sexual Politics? Commentary on "Mothers" Role in Incest: Dysfunctional Women or Dysfunctional Theories? *Journal of Child Sexual Abuse* 2(3): 137-140.

Gilgun J.F. & Conner, T.M. 1989. How Perpetrators View Child Sexual Abuse. *Social Work* 34: 249-251.

Gilgun, J.F. & Conner, T.M. 1990. Isolation and the Male Perpetrator of Child Sexual Abuse: Clinical Concerns. *The Incest Perpetrator. A Family Member No One Wants To Treat.* London: Sage.

Greenspun, W.S. 1994. Internal and Interpersonal: The Family Transmission of Father-Daughter Incest. *Journal of Child Sexual Abuse* 3(2): 1-14.

Guyer,C.G. & Van Patten, I. 1995. The Treatment of Incest Offenders - A Hypnotic Approach: A Brief Communication. *International Journal of Clinical and Experimental Hypnosis* 43(3): 266-273.

Haralambos, M. & Holborn, M. 1991. *Sociology Themes and Perspectives.* 3rd edition. London: Collins Educational.

Hayashino, D.S., Wurtele, S.K. & Klebe, K.J. 1995. Child Molesters. An Examination of Cognitive Factors. *Journal of Interpersonal Violence* 10(1): 106-116.

Hjelle, L.A. & Ziegler, D.J. 1992. *Personality Theories: Basic Assumptions, Research, and Applications.* 3rd edition. Auckland: McGraw-Hill.

Hopley, I.D. 1994. Grim Picture Painted of Sexual Abuse. *Sunraysia Daily* 74(78): 1-4.

Horton, P.B. & Hunt, C.L. 1982. *Sociology.* 5th edition. Johannesburg: McGraw-Hill.

Howard, N. & Caslin, R. 1999. Not a Laughing Matter. Cognitive Training, Not Excuses. Is Needed For Sex Offenders. *Corrections Today* February 2-5.

Huysamen, G.K. 1994. *Metodologie vir die sosiale en die gedragswetenskappe.* Halfweghuis: Southern Boekuitgewers.

Jick, T.D. 1983. Mixing Qualitative and Quantitative Methods: Triangulation in Action. In: Van Maanen, J. (ed.) *Qualitative Methodology.* London: Sage.

Kear-Colwell, J.J. 1996. Guest Editorial: A Personal Position on the Treatment of Individuals Who Commit Sexual Offenses. *Internationnal Journal of Offender Therapy and Comparative Criminology* 40(4): 259-262.

Keen, H. & Keen, A.W. 1995. The Role of Mothers in Father-Daughter Incest: A Review of the Literature. *Social Work* 31(1): 52-56.

Kotzé, J.M.A. 1990. Vader-dogterinses - die verkragting van die pedagogiese verhoudingstrukture. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir opvoedkunde* 10(1): 31-38.

Levang, C.A. 1988. Interactional Communication Patterns in Father/Daughter Incest Families. *Journal of Psychology and Human Sexuality* 1(2): 53-68.

Levett, A. 1991. Contraditions and Confusions in Child Sexual Abuse. *South African Journal of Criminal Justice* 4(1): 9-20.

Lötter, S. 1997. Criminal Law, Feminism and Pornography. *SA Publiekreg* 12(2): 423-436.

Madonna, J.M. & Berkovitz, T. 1990. Prescribing the System: An Example of Paradox in Incest Treatment. *Journal of Family Psychotherapy* 1(2): 39-50.

Mark, R. 1996. *Research Made Simple. A Handbook for Social Workers*. London: Sage.

Marlin, E. 1989. *Genograms. The New Tool for Exploring the Personality, Career and Love Patterns you Inherit.* Chicago & New York: Contemporary Books.

Mauer, K.F. 1996. Die kuns van 'n wetenskaplike skryfstyl. In: Garbers, J.G. (red.) *Doeltreffende geesteswetenskaplike navorsing*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Mouton, J. & Marais, H.C. 1989. *Metodologie van die geesteswetenskappe: Basiese begrippe.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Neuman, W.L. 1997. *Social Research Methods: Qualitative and Quantitative Approaches*. 3rd edition. London: Allyn & Bacon.

Norusis, M.J. 1993. *SPSS for Windows: Base System Users Guide*. 6th release, Chicago: SPSS Inc.

Parker, H. & Parker, S. 1989. Father-Daughter Sexual Abuse: An Emerging Perspective. *American Journal of Orthopsychiatry* 56(4): 531-549.

Phelan, P. 1995. Incest and its Meaning: The Perspectives of Fathers and Daughters. *Child Abuse and Neglect* 19(1): 7-24.

Pienaar A. 1995. Telefoniese onderhoud gevoer met Luitenant-Kolonel Pienaar van die Kinderbeskermingseenheid, 16 Oktober, Pretoria.

Plug, C., Meyer, W.F., Louw, D.A. & Gouws, L.A. 1993. *Psigologiewoordeboek.* Johannesburg: Lexicon.

Rech, L. & Jahn, J.E. 1989. Die behandeling van die seksueel gemolesteerde kind. *Welsynsfokus.* Augustus. Pretoria: Departement van Gesondheid en Welsyn.

Renzetti, C.M. & Lee, R.M. 1993. *Researching Sensitive Topics.* London: Sage.

Robinson, F. 1998. Televisieprogram "Fokus", 6 Mei.

Sarantakos, S. 1998. *Social Research.* 2nd edition. London: McMillan.

Scheela, R.A. & Stern, P.N. 1994. Falling Apart: A Process to the Remodeling of Male Incest Offenders. *Archives of Psychiatric Nursing* 8(2): 91-100.

Schuman, H.C. 1990. Seksuele mishandeling van kinders: 'n toenemende euwel? *Geneeskunde* 32(6): 2-6.

Schurink, E. 1996a. South Africa's Child Protection System Disintegrating. *Focus Forum on Child Abuse* 4(3): 6-14.

Schurink, E. 1996b. Sexual Exploitation of Children - An HSRC Position Paper. *Focus Forum on Child Abuse* 4(3): 24-39.

Siegel, L.J. & Senna, J.J. 1991. *Juvenile Delinquency: Theory, Practice and Law.* 4th edition. St Paul: West.

Smit, G.J. 1985. *Navorsingsmetodes in die gedragswetenskappe.* Pretoria: Opvoedkundige Uitgewers.

Steyn, A.M.E. 1993. *Die stiefvader as seksuele molesteerder.* Ongepubliseerde Magisterverhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Steyn, A.M.E., Grobbelaar, M.M. & Snyman, H.F. 1995. Die stiefvader as seksuele molesteerder. *Acta Criminologica* 8(1): 62-69.

Swarts, M. 1996. Die statistieke van onbeskawing. *Focus Forum on Child Abuse* 4(3): 12-13.

Thorman, G. 1980. *Family Violence.* Springfield, Ill: Thomas.

Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, 1995. *Nuwe woordeboek vir maatskaplike werk.* Hersiene en Uitgebreide Uitgawe. Cape Town: CTP Book Printers.

Valliant, P.M. & Antonowics, D.H. 1992. Rapist, Incest Offenders, and Child Molesters in Treatment: Cognitive and Social Skills Training. *International Journal of Offender Therapy and Comparative Criminology* 36(3): 221-230.

Van der Merwe, J. 1996. Die navorsingsproses: Probleemstelling en Navorsingsontwerp. In: Garbers, J.G. (red.) *Doeltreffende geesteswetenskaplike navorsing.* Pretoria: J.L. van Schaik.

Van Rooyen, J. 1997. Persoonlike onderhoud gevoer met Kaptein van Rooyen van die Kinderbeskermingseenheid, 15 September, Middelburg.

Van Schalkwyk, M. 1990. *Kindermolestering. Leer jou kind om homself te beskerm - 'n handleiding vir ouers*. Pretoria: J.P.van der Walt.

Wash, G. & Knudson-Martin, C. 1994. Gender Identity and Family Relationships: Perspectives from Incestuous Fathers. *Contemporary Family Therapy - An International Journal* 16(5): 393- 410.

Zuskin, R.E. 1992. Developing Insight in Incestuous Fathers. *Journal of Offender Rehabilitation* 18(3-4): 205-216.

**BYLAAG A**

# MEMORANDUM

DEPARTMENT OF HEALTH AND WELFARE
Private Bag/Privaatsak X 7213
WITBANK
1035

OUR REF :

ENQUIRIES : DR M VAN STADEN

**AAN** : ME A.M.E. STEYN
Posbus 8032, WITBANK, 1042

**VAN** : DR M VAN STADEN

**ONDERWERP** : NAVORSING - DOKTORALE STUDIE

Hiermee word ontvangs erken van u skrywe gedateer 21 Februarie 1996. Toestemming word verleen dat u die seksuele molesteerders wat op die voorvonniskomitee voorgelê word, as respondente vir u navorsing mag gebruik mits hulle skriftelik daartoe instem.

Daar is ook geen beswaar teen verdere versoeke soos uiteengesit in u skrywe.

Dit sal hoog op prys gestel word as u 'n afskrif van 'n proefskrif aan die Departement se biblioteek sal skenk wanneer u die navorsing suksesvol voltooi het.

Baie sterkte en voorspoed word u toegewens met die studies.

M v Staden

DIREKTEUR

1996-02-22
MVS0222.96 /mas

**BYLAAG B**

**TOESTEMMING TOT DEELNAME AAN DIE NAVORSINGSONDERSOEK VAN DIE UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA MET DIE OOG OP 'N DOKTORALE STUDIE**

Hiermee verklaar ek____________________________________________ (volle name en van van subjek) my bereid om vrywillig as subjek aan bogenoemde navorsingsondersoek in verband met kindermolestering deel te neem. Ek is bewus daarvan dat alle inligting wat ek deurgee anoniem en vertroulik hanteer sal word en slegs in belang van die navorsingsondersoek aangewend sal word.

Geteken te________________________op _________dag van__________________

Subjek______________________________

Navorser____________________________

**BYLAAG C**

# GIDS VIR SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE MET KINDERMOLESTEERDERS

## Onderhoud 1

BEKENDSTELLING VAN NAVORSER

Navorser gee die volgende inligting aan die subjek deur voordat die navorsingsondersoek begin:

1. Navorser stel haarself aan die subjek bekend.
2. Die aard en doel van die ondersoek word aan subjek verduidelik.
3. Navorser verseker subjek van die vertroulikheid en anonimiteit waarmee die data in die ondersoek hanteer sal word.
4. Daar word aan subjek verduidelik watter bydrae sy deelname aan die ondersoek kan maak ten opsigte van toekomstige hulp aan kindermolesteerders.
5. Navorser verwag van subjek om eerlik te wees en sy persoonlike mening/belewenis mee te deel.
6. Daar word aan subjek die ruimte gelaat om te vra indien hy 'n vraag nie verstaan nie.
7. Navorser verduidelik aan subjek wat die ondersoek van hom gaan verg en kry sy skriftelike toestemming dat hy bereid is om vrywillig aan die ondersoek deel te neem.

BIOGRAFIESE INLIGTING TEN OPSIGTE VAN DIE SUBJEK

1. Wat is u ouderdom?
2. Wat is u huwelikstaat? (getroud, ongetroud, geskei, vervreem, saamleefverhouding)
3. Aantal vorige huwelike of saamleefverhoudings.
4. Rede vir beëindiging van vorige huwelike of saamleefverhoudings.
5. Duur van vorige huwelike of saamleefverhoudings.
6. Wat is u hoogste opvoedkundige kwalifikasie?
7. Wat is u beroep?
8. Aan watter kerk behoort u?

KINDERJARE VAN DIE SUBJEK

1. Uit hoe 'n groot gesin kom u ? (aantal seuns en dogters)
2. Hoe het julle kinders met mekaar oor die weg gekom?
3. Hoedanig was u verhouding met u ouers?
4. Aan watter ouer was u die naaste en hoekom?
5. Beskryf u verhouding met die ander ouer.
6. Op watter wyse het u ouers u gedissiplineer?
7. Hoe het u hulle dissipline beleef?
8. Was u of enige van u broers/susters seksueel gemolesteer en is die molestering ooit bekend gemaak?
9. Watter invloed het die molestering op u gehad?
10. Het u gesin ooit enige hulp ten opsigte van die molestering ontvang en wat was die aard daarvan?
11. Vertel my van die belangrikste positiewe en negatiewe dinge uit u kinderdae?

**Onderhoud 2**

HUWELIKS- EN GESINSVERHOUDINGS VAN DIE SUBJEK

1. Hoekom het u met u huidige vrou getrou?
2. Watter eienskappe in haar het u die meeste aangetrek en hoekom?
3. Hoe sou u die huweliksverhouding beskryf?
4. Wie meen u neem leiding in die huweliksverhouding en hoekom?
5. Dink u daar is openheid in die huweliksverhouding en kan u wedersyds gevoelens met mekaar deel?
6. Hoe beleef u u seksuele verhouding met u vrou?
7. Hoe is u verhouding met u kinders?
8. Aan watter kind is u die naaste en hoekom?
9. Het u vrou geweet u molesteer kinders en hoe het sy daarop gereageer?

PERSOONLIKHEID VAN DIE SUBJEK

1. Wat dink u van uself?
2. Noem u sterk en swak eienskappe.

3. Hoe beïnvloed u verlede u dunk van uself en hoekom?
4. Watter rol speel u dunk van uself in die molestering van kinders?
5. Wat aan uself as persoon moet verander wat kan help dat u nie weer kinders molesteer nie?
6. Wat stel u voor hoe kan dit verander?
7. Wat kan u doen om te help met die verandering?

**Onderhoud 3**

AARD VAN KINDERMOLESTERING

1. In wie se geselskap voel u die meeste op u gemak, dié van kinders of dié van volwassenes en hoekom?
2. Wat verstaan u onder kindermolestering?
3. Wat het u gedoen dat u skuldig bevind is aan kindermolestering?
4. Wat is u verwantskap tot die kind wat u gemolesteer het?
5. Hoeveel keer vantevore het u al kinders molesteer?
6. Hoe lank het die molestering aangehou?
7. Het die aard van die molestering mettertyd verander en hoe?
8. Hoe het u te werk gegaan om die molestering geheim te hou?
9. Dink u die kind het u in die steek gelaat deur vir ander te vertel van die molestering?
10. Dink u u het die kind skade berokken deur haar seksueel te molesteer en hoe?
11. Wat het daartoe aanleiding gegee dat u begin het om kinders te molesteer?
12. Hoe het u die molestering beleef en het dit vir u iets beteken?
13. Het u skuldgevoelens oor die molestering en hoe gaan u dit verwerk?
14. Wat was die kind se reaksie op die molestering?
15. Hoe sien u u toekomstige verhouding met die kind wat u gemolesteer het?
16. Het u gedink u sal dit weer wil doen en hoekom?
17. Het u ooit gedink aan die gevolge van u dade?
18. Hoe voel u ten opsigte van ander kindermolesteerders?

SUBJEK SE BOTSING MET DIE GEREG

1. Hoe voel u dat u skuldig bevind is aan kindermolestering?
2. Dink u u moet gestraf word en wat moet die aard van die straf wees?

3. Dink u persoonlik u het hulp nodig en in watter opsig?
4. Wat is u gesin se reaksie ten opsigte van u oortreding?
5. Hoe beleef u die betrokke instansies (polisie, maatskaplike werkers, sielkundiges en polisie) se optrede teenoor u as kindermolesteerder?
6. Hoe verwag u moet die verskillende instansies teenoor u as kindermolesteerder optree?
7. Wat is die gemeenskap se houding teenoor u na hierdie oortreding en hoe voel u daaroor?
8. Is u van mening dat u die probleem van kindermolestering kan oorkom en hoe?

**BYLAAG D**

## ONDERHOUDSKEDULE

**"'n Kriminologiese analise van die manlike kindermolesteerder"**

Deur middel van hierdie onderhoudskedule word soveel relevante data as moontlik van jou as persoon bekom om 'n totale indruk van jou te vorm. Die doel is om te bepaal hoe hierdie verloop van jou ontwikkeling jou as persoon kon beïnvloed het tot jou huidige botsing met die gereg.

Met hierdie data kan 'n profiel van jou as persoon saamgestel en met ander persone vergelyk word wat kan help met toekomstige vonnisoplegging en behandelingsprogramme. Jy kry terselfdertyd ook die geleentheid om insette rakende jou behoeftes en ervaring te maak.

Jy hoef jou nêrens te identifiseer nie en die data wat jy verskaf word slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik. Jou absolute anonimiteit word gewaarborg. Dit is dus belangrik dat jy die vrae eerlik sal beantwoord.

[*Die onderhoudskedule word deur navorser self voltooi wat 'n mate van vryheid toelaat, onduidelikhede opklaar, en so meer.*]

## VERKLARING

**Hiermee verklaar ek die ondergetekende myself vrywillig bereid dat die navorser 'n onderhoudskedule voltooi volgens die antwoorde wat ek aan haar verstrek. Verder kom ek en die navorser ooreen dat die data wat ek weergee vertroulik en anoniem hanteer sal word en slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik sal word.**

| ____________________ | ____________________ | ____________ |
|---|---|---|
| **Handtekening subjek** | **Handtekening navorser** | **Datum** |

| | | |
|---|---|---|
| Skedulenommer | | 1-2 |
| | Kaartnommer 1 | 3 |

**AFDELING 1**

**Jou gesin van herkoms**

Navorser sal in hierdie afdeling 'n kring om die syfer voor die antwoord van jou keuse maak. By sommige vrae kan meer as een syfer omkring word om die omstandighede so goed as moontlik te omskryf. In sommige vrae in hierdie afdeling word geen antwoorde verskaf nie, wat jou die vryheid gee om in 'n paar woorde jou persoonlike mening te gee of 'n antwoord te gee wat op jou spesifieke situasie van toepassing is. Navorser sal laasgenoemde data op die skedule aanteken.

**Vraag 1**

**Hoeveel kinders was in jou gesin van herkoms?**

1. Een
2. Twee
3. Drie
4. Vier
5. Vyf
6. Ses
7. Meer as ses 4

**Vraag 2**

**Waar pas jy in, in jou gesin van herkoms? (byvoorbeeld tweede oudste, derde jongste en so meer)**

1. Een (oudste)
2. Twee
3. Drie
4. Vier
5. Vyf
6. Ses
7. Sewe (jongste) ☐ 5

**Vraag 3**

**Watter van die volgende omstandighede het in jou ouerhuis voorgekom toe jy 'n kind was?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Gesinsgeweld | 1 | 6 |
| 2. Huwelikskonflik | 1 | 7 |
| 3. Buite-egtelike verhoudings | 1 | 8 |
| 4. Verlatings | 1 | 9 |
| 5. Finansiële krisisse | 1 | 10 |
| 6. Egskeiding | 1 | 11 |
| 7. Drankmisbruik | 1 | 12 |
| 8. Dwelmmisbruik | 1 | 13 |
| 9. Kindermolestering | 1 | 14 |
| 10. Ander (Spesifiseer______________________) | 1 | 15 |
| 11. Geen van genoemde probleme nie | 1 | 16 |

*[ Navorser as ervare en professionele maatskaplike werker sal met betrekking tot hierdie vraag self met elke subjek uitsluitsel kry oor die betekenis van die onderskeie begrippe. Dit bring mee dat die subjekte dieselfde betekenis aan die verskillende begrippe heg waarna die subjekte self 'n oordeel kan maak.]*

**Vraag 4**

**Aan watter ouer van jou het jy as kind die "naaste" gevoel?**

1. Vader
2. Moeder
3. Stiefvader
4. Stiefmoeder
5. Oupa
6. Ouma
7. Nie een nie

☐ 17

[*In hierdie vraag sal navorser met elke subjek die begrip "naaste" uitklaar sodat al die subjekte dieselfde betekenis aan die begrip heg.*]

**Vraag 5**

**Van watter ouer het jy as kind die "verste" gevoel?**

1. Vader
2. Moeder
3. Stiefvader
4. Stiefmoeder
5. Oupa
6. Ouma
7. Ewe ver van almal

☐ 18

[ *In hierdie vraag sal navorser met elke subjek die betekenis van die begrip "verste" uitklaar sodat al die subjekte dieselfde betekenis aan die begrip heg.]*

**Vraag 6**

**Watter van die volgende sal jy gebruik om jou verhouding as kind met jou vader te beskryf?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ek het nie my vader eintlik geken nie | 1 | 19 |
| 2. Ek en my vader was groot maats | 1 | 20 |
| 3. Ek en my vader het geen kommunikasie gehad nie | 1 | 21 |
| 4. Ek kon net oor sekere goed met my vader kommunikeer | 1 | 22 |
| 5. Ek het my vader maar gesien as die ou wat die geld huistoe bring | 1 | 23 |
| 6. My vader was enige tyd vir my beskikbaar | 1 | 24 |
| 7. My vader was altyd afwesig | 1 | 25 |
| 8. My vader het my ondersteun in alles wat ek gedoen het | 1 | 26 |
| 9. Ek het my vader gevrees | 1 | 27 |
| 10. My vader het belanggestel in my doen en late | 1 | 28 |
| 11. My vader het gedrink en het nie in my belanggestel nie | 1 | 29 |
| 12. My vader het tyd gemaak om aan my aandag te gee | 1 | 30 |
| 13. My vader het altyd gewerk en ek het hom feitlik nooit gesien nie | 1 | 31 |
| 14. My vader het my voorgetrek | 1 | 32 |
| 15. Ek het my vader gehaat | 1 | 33 |
| 16. My verhouding met my vader was anders (Spesifiseer_____________) | 1 | 34 |

**Vraag 7**

**Watter van die volgende sal jy gebruik om jou verhouding met jou moeder te beskryf?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ek het my moeder eintlik nie geken nie | 1 | 35 |
| 2. Ek en my moeder was groot maats | 1 | 36 |
| 3. Ek en my moeder het geen kommunikasie gehad nie | 1 | 37 |
| 4. Ek kon net oor sekere goed met my moeder kommunikeer | 1 | 38 |
| 5. Ek kan nie onthou dat my moeder my ooit gesoen of 'n drukkie gegee het nie | 1 | 39 |
| 6. My moeder was enige tyd vir my beskikbaar | 1 | 40 |

Vraag 7 (vervolg)

| | | |
|---|---|---|
| 7. My moeder was altyd afwesig | 1 | 41 |
| 8. My moeder het my ondersteun in alles wat ek gedoen het | 1 | 42 |
| 9. Ek het my moeder gevrees | 1 | 43 |
| 10. My moeder het belanggestel in my doen en late | 1 | 44 |
| 11. My moeder het nooit geluister na wat ek sê nie | 1 | 45 |
| 12. My moeder het tyd gemaak om aan my aandag te gee | 1 | 46 |
| 13. My moeder was gedurig uit en in verhoudings met ander mans betrokke | 1 | 47 |
| 14. My moeder het my voorgetrek | 1 | 48 |
| 15. Ek het my moeder gehaat | 1 | 49 |
| 16. My moeder het my altyd reggehelp waar ek verkeerd gedoen het | 1 | 50 |
| 17. My moeder het nooit met my gespeel nie | 1 | 51 |
| 18. My verhouding met my moeder was anders (Spesifiseer__________) | 1 | 52 |

**Vraag 8**

**Hoe was jou verhouding as kind met jou broers gewees?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ek was as kind geheg aan my broers gewees | 1 | 53 |
| 2. Ons het as broers maar elkeen ons eie gang gegaan | 1 | 54 |
| 3. Ons het as broers soos kat en hond baklei | 1 | 55 |
| 4. Ons het as broers graag dinge saam gedoen | 1 | 56 |
| 5. Ons het as broers mekaar soms te lyf gegaan | 1 | 57 |
| 6. Ek is 'n enigste kind en het nie ervaring van verhoudings met broers nie | 1 | 58 |
| 7. Ek was as kind geheg aan een spesifieke broer | 1 | 59 |
| 8. Van my broers het my as kind seksueel gemolesteer | 1 | 60 |
| 9. Een van my broers was vir my soos 'n pa gewees | 1 | 61 |
| 10. Ek het van my broers seksueel gemolesteer | 1 | 62 |
| 11. My verhouding met my broers was anders (Spesifiseer__________) | 1 | 63 |

**Vraag 9**

**Wat was jou verhouding as kind met jou susters gewees?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ek was as kind geheg aan my susters gewees | 1 | 64 |
| 2. Ek het as kind geen verhouding met my susters gehad nie | 1 | 65 |
| 3. Ek was as kind geheg aan een spesifieke suster | 1 | 66 |
| 4. Ek is deur van my susters seksueel gemolesteer | 1 | 67 |
| 5. Een van my susters was vir my soos 'n ma gewees | 1 | 68 |
| 6. Ek het van my susters seksueel gemolesteer | 1 | 69 |
| 7. Ek en my susters het soos kat en hond baklei | 1 | 70 |
| 8. Ek en my susters het graag saam gespeel | 1 | 71 |
| 9. Ek en my susters het mekaar soms te lyf gegaan | 1 | 72 |
| 10. Ek het geen susters nie en het nie ervaring van 'n verhouding met susters nie | 1 | 73 |
| 11. My verhouding met my susters was anders (Spesifiseer ___________) | 1 | 74 |

**Vraag 10**

**Waarmee het jy as kind jouself besig gehou?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ek het aan sport deelgeneem(Spesifiseer_______________________) | 1 | 75 |
| 2. Ek was altyd alleen en op my eie (alleenloper) | 1 | 76 |
| 3. Ek het 'n stokperdjie beoefen (Spesifiseer_______________________) | 1 | 77 |
| 4. Ek het reeds al as kind met myself begin speel en gemasturbeer | 1 | 78 |
| 5. Ek het graag met maats gekuier en gespeel | 1 | 79 |
| 6. Ek het as kind begin om nagklubs by te woon | 1 | 80 |
| 7. Ek het by my kerk se jeugaksies ingeskakel | 1 | 81 |
| 8. Ek was saam met ander kinders by seksspeletjies betrokke (Spesifiseer_______________________________________) | 1 | 82 |
| 9. Ek het aan my skool se buitemuurse aktiwiteite deelgeneem soos redenaarskompetisies | 1 | 83 |

Vraag 10 (vervolg)

| | | |
|---|---|---|
| 10. Ek het prente versamel van mans en/of vrouens in onder/of swemklere | 1 | 84 |
| 11. Ek het gehou van fliek | 1 | 85 |
| 12. Ek het daarvan gehou om die motor te was | 1 | 86 |
| 13. Ek het saam met my vader aan motors gewerk vir ekstra geld | 1 | 87 |
| 14. Ek het graag in die natuur gestap | 1 | 88 |
| 15. My moeder het my nooit toegelaat om êrens heen te gaan nie | 1 | 89 |
| 16. Ek het graag gelees | 1 | 90 |

[ *Navorser gaan ten opsigte van hierdie vraag probeer vakkundige verslae raadpleeg om vroeë afwykings en preokkupasies verder te bevestig.* ]

| | | |
|---|---|---|
| Skedulenommer | [ ][ ] | 1-2 |
| Kaartnommer | 2 | 3 |

**Vraag 11**

**Was enige van jou broers of susters as kind seksueel gemolesteer?**

1. Ja
2. Nee
3. Ek weet nie [ ] 4

**Vraag 12**

**Indien een of meer van julle as kinders seksueel gemolesteer was, wie was die slagoffer?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ekself | 1 | 5 |
| 2. Van my susters | 1 | 6 |
| 3. Van my broers | 1 | 7 |
| 4. Niemand was seksueel gemolesteer nie | 1 | 8 |

**Vraag 13**

**Indien van julle kinders seksueel gemolesteer was, wie was die oortreder?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. My vader | 1 | 9 |
| 2. My stiefvader | 1 | 10 |
| 3. My moeder | 1 | 11 |
| 4. My stiefmoeder | 1 | 12 |
| 5. Van my broers | 1 | 13 |
| 6. Van my susters | 1 | 14 |
| 7. Ekself | 1 | 15 |
| 8. Iemand anders (Spesifiseer________________________) | 1 | 16 |

Vraag 13 (vervolg)

| | | |
|---|---|---|
| 9. Niemand was gemolesteer nie | 1 | 17 |

**Vraag 14**

**Was die seksuele molestering in jou gesin van herkoms ooit by die polisie of 'n maatskaplike werker aangemeld?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ja | | |
| 2. Nee | | |
| 3. Ek weet nie | | |
| 4. Geen seksuele molestering het voorgekom nie | | 18 |

**Vraag 15**

**Indien jy in vraag 14 "ja" geantwoord het, wie was die aanmelder?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ekself | 1 | 19 |
| 2. My ma | 1 | 20 |
| 3. My stiefma | 1 | 21 |
| 4. My pa | 1 | 22 |
| 5. My stiefpa | 1 | 23 |
| 6. 'n Ander familielid (Spesifiseer_____________________________) | 1 | 24 |
| 7. Die dokter | 1 | 25 |
| 8. Die predikant | 1 | 26 |
| 9. Die onderwyser | 1 | 27 |
| 10. Iemand anders (Spesifiseer_____________________________) | 1 | 28 |
| 11. Die seksuele molestering was nooit aangemeld nie | 1 | 29 |
| 12. Niemand was seksueel gemolesteer nie | 1 | 30 |

**Vraag 16**

**Hoekom was die seksuele molestering in jou gesin van herkoms nooit aangemeld nie?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ek het dit as 'n "speletjie" beskou | 1 | 31 |
| 2. Ek was bang omdat ek deur die molesteerder gedreig is | 1 | 32 |
| 3. Ek was bloot te bang (weet nie presies waarom nie) | 1 | 33 |
| 4. Ek was te skaam om daaroor te praat | 1 | 34 |
| 5. Ek het nie gedink dat dit verkeerd was nie | 1 | 35 |
| 6. Die molesteerder het my verbied om daaroor te praat (geheim/gehoorsaam) | 1 | 36 |
| 7. Ek weet nie | 1 | 37 |
| 8. Ek het vertel, maar daar het niks van gekom nie | 1 | 38 |
| 9. Nie van toepassing nie | 1 | 39 |

**Vraag 17**

**Dink jy seksuele molestering in 'n gesin moet aangemeld word?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ja | | |
| 2. Nee | | 40 |

**Vraag 18**

**Wat dink jy is die redes vir jou antwoord in vraag 17?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Dit moet aangemeld word anders word die probleem te groot | 1 | 41 |
| 2. Dit sal nie stop alvorens dit nie aangemeld word nie | 1 | 42 |
| 3. Dit moet slegs aangemeld word indien daar geweld betrokke is | 1 | 43 |
| 4. Die aanmelding is te veel moeite | 1 | 44 |
| 5. Beide partye moet "hulp" kry | 1 | 45 |
| 6. Dit is 'n misdaad en kan nie geduld word nie | 1 | 46 |
| 7. Die oortreder mag later "gevaarlik" word | 1 | 47 |
| 8. Dit hou nadelige gevolge vir die kind in en die kind moet "gehelp" word | 1 | 48 |

Vraag 18 (vervolg)

| | | |
|---|---|---|
| 9. Om te voorkom dat dit weer plaasvind | 1 | 49 |
| 10. Om te voorkom dat slagoffers later dieselfde aan ander kinders doen | 1 | 50 |
| 11. Dit kan die kind se seksuele oriëntasie (identifikasie) verwar | 1 | 51 |
| 12. Dit kan tot verdere seksuele oortredings aanleiding gee | 1 | 52 |
| 13. Ek weet nie | 1 | 53 |

[*Noudat ons meer van jou gesin van herkoms weet is dit nodig om te sien hoe jy deur die jare as persoon ontwikkel het sodat ons jou beter kan verstaan.*]

## AFDELING 2

### Jou persoonlike ontwikkeling

Navorser sal in hierdie afdeling 'n kring om die syfer voor die antwoord van jou keuse maak. By sommige vrae kan meer as een syfer omkring word om die omstandighede so goed as moontlik te omskryf. In sommige van die vrae in hierdie afdeling word geen antwoorde voorsien nie, wat jou die vryheid gee om in 'n paar woorde jou persoonlike mening te gee of 'n antwoord te gee wat op jou spesifieke situasie van toepassing is. Navorser sal laasgenoemde data op die skedule aanteken.

**Vraag 19**

**Watter standerd het jy op skool geslaag?**

1. Standerd vyf of minder
2. Standerd ses
3. Standerd sewe
4. Standerd agt
5. Standerd nege
6. Standerd tien

| | |
|---|---|
| | 54 |

**Vraag 20**

**Watter van die volgende sal jy gebruik om jou skoolloopbaan te beskryf?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ons as gesin het gedurig rondgetrek en van skool verwissel | 1 | 55 |
| 2. Ek het nooit verwissel van skool nie | 1 | 56 |
| 3. Ek was op skool gedurig in die moeilikheid | 1 | 57 |
| 4. Ek het baie goed gevorder op skool | 1 | 58 |
| 5. Ek het nooit geleer op skool nie en het tog deurgekom | 1 | 59 |
| 6. Ek het nie in skool belanggestel nie | 1 | 60 |
| 7. Ek was baie gewild onder my maats | 1 | 61 |
| 8. Ek het nie werklik maats op skool gehad nie en was maar altyd alleen | 1 | 62 |
| 9. Ek het baie stokkiesgedraai op skool | 1 | 63 |
| 10. Ek het gereeld skool bygewoon | 1 | 64 |
| 11. Ek kon nooit konsentreer in die klas nie | 1 | 65 |
| 12. My verblyf in die koshuis was die wonderlikste tyd in my lewe | 1 | 66 |
| 13. Ek was ongelukkig dat die skool my geskors het | 1 | 67 |
| 14. Ek het probeer naam maak deur te baklei | 1 | 68 |

**Vraag 21**

**Met wie het jy die beste verhouding op skool gehad?**

1. Met meisies
2. Met seuns
3. Met albei geslagte
4. Nie met seuns of meisies nie

| | |
|---|---|
| | 69 |

**Vraag 22**

**Met watter onderwysers op skool het jy die beste verhouding gehad?**

1. Mansonderwysers
2. Damesonderwysers
3. Met mans- en damesonderwysers
4. Nie met mans- of damesonderwysers nie

[ ] 70

**Vraag 23**

**Wat se naskoolse opleiding het jy ontvang?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Geen | 1 | 71 |
| 2. Ek was op universiteit | 1 | 72 |
| 3. Ek was op onderwyskollege | 1 | 73 |
| 4. Ek was op Technikon | 1 | 74 |
| 5. Ek was op Tegniese Kollege | 1 | 75 |
| 6. Ek het 'n ambag geloop | 1 | 76 |
| 7. Ander (Spesifiseer__________________________) | 1 | 77 |

**Vraag 24**

**Het jy jou naskoolse opleiding suksesvol voltooi?**

1. Ja
2. Nee
3. Het geen naskoolse opleiding gehad nie

[ ] 78

**Vraag 25**

**Indien jy "ja" geantwoord het in vraag 24, gee jou kwalifikasies (byvoorbeeld BA graad, ketelmaker, en so meer).**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Nie van toepassing/Geen | 1 | 79 |
| 2. Petrol- of dieselwerktuigkundige | 1 | 80 |
| 3. Haarkapper | 1 | 81 |
| 4. Kok | 1 | 82 |
| 5. Messelaar | 1 | 83 |
| 6. Passer | 1 | 84 |
| 7. Sweiser | 1 | 85 |
| 8. Vormgieter | 1 | 86 |
| 9. Glas- en aluminiumwerker | 1 | 87 |
| 10. Bankklerk | 1 | 88 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Skedulenommer | | | 1-2 |
| Kaartnommer | | 3 | 3 |

**Vraag 26**

**Wat is jou huidige beroep?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Werkloos | 1 | 4 |
| 2. In die gevangenis | 1 | 5 |
| 3. Student/skolier | 1 | 6 |
| 4. Bestuurder by nagklub | 1 | 7 |
| 5. Diesel- of petrolwertuigkundige | 1 | 8 |
| 6. Mynwerker | 1 | 9 |
| 7. Haarkapper | 1 | 10 |
| 8. Kroegman | 1 | 11 |
| 9. Uitsmyter | 1 | 12 |
| 10. Boukontrakteur | 1 | 13 |
| 11. Sekuriteitswag | 1 | 14 |
| 12. Operateur | 1 | 15 |
| 13. Passer | 1 | 16 |
| 14. Besigheidsman | 1 | 17 |
| 15. Ander | 1 | 18 |

**Vraag 27**

**Hoeveel keer het jy al van werk verwissel sedert jy skool verlaat het?**

1. Nog nooit nie
2. Een keer
3. Twee keer
4. Drie keer

Vraag 27 (vervolg)

| | | |
|---|---|---|
| 5. Vier keer | | |
| 6. Vyf keer en meer | | |
| 7. Het nog nooit 'n vaste werk gehad nie | | 19 |

**Vraag 28**

**Watter van die volgende sal jy gebruik om jouself te beskryf?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ek voel almal verwerp my | 1 | 20 |
| 2. Almal hou altyd van my | 1 | 21 |
| 3. Ek voel "eensaam" tussen mense | 1 | 22 |
| 4. Ek het baie selfvertroue | 1 | 23 |
| 5. Ek is onseker van myself | 1 | 24 |
| 6. Ek voel een oomblik positief en die volgende oomblik negatief oor myself | 1 | 25 |
| 7. Ek het behoefte aan intieme verhoudings maar dit realiseer nooit nie | 1 | 26 |
| 8. Ek stel die seksuele altyd as maatstaf/vereiste in al my verhoudings | 1 | 27 |
| 9. Ek kom goed met mense oor die weg | 1 | 28 |
| 10. Ek het geen deursettingsvermoë nie | 1 | 29 |
| 11. Ek neem maklik my toevlug tot die seksuele | 1 | 30 |
| 12. Ek doen maklik iets om deur ander aanvaar te word | 1 | 31 |
| 13. Ek neem graag 'n drankie om beter oor myself te voel | 1 | 32 |
| 14. Ek slaap baie sleg en moet medikasie gebruik om die probleem te oorkom | 1 | 33 |
| 15. Ek hou daarvan om mense te domineer | 1 | 34 |
| 16. Ek hou myself besig en steur my nie aan ander mense nie | 1 | 35 |
| 17. Ek hou nie van vreemde mense nie | 1 | 36 |
| 18. Ek help mense graag | 1 | 37 |

[*Navorser gaan hierdie vraag waar moontlik ondersteun met vakkundige verslae soos dié van sielkundiges.*]

**Vraag 29**

**Watter van die volgende sal jy gebruik om jou vryetyd as volwassene mee te beskryf?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ek neem graag deel aan sport | 1 | 38 |
| 2. Ek hou van lees | 1 | 39 |
| 3. Ek fliek graag | 1 | 40 |
| 4. Ek verkies om by vriende te kuier | 1 | 41 |
| 5. Ek hou van buitelug-aktiwiteite soos byvoorbeeld visvang/piekniek hou | 1 | 42 |
| 6. Ek beoefen 'n stokperdjie in my vryetyd | 1 | 43 |
| 7. Ek skakel in by my kerk se aktiwiteite | 1 | 44 |
| 8. Ek is meestel alleen en in sulke tye masturbeer ek | 1 | 45 |
| 9. Ek fantaseer in my vryetyd oor seks | 1 | 46 |
| 10. Ek het geen vryetyd weens my werksomstandighede | 1 | 47 |
| 11. Ek hou daarvan om my vryetyd in 'n nagklub deur te bring | 1 | 48 |
| 12. Ek hou van partytjies | 1 | 49 |
| 13. Ek speel in 'n orkes | 1 | 50 |
| 14. Motorfietsresies (spoed) | 1 | 51 |
| 15. Drink alkohol | 1 | 52 |
| 16. Verkeer seksueel/seksuele losbandigheid | 1 | 53 |

**Vraag 30**

**Na watter tipe tydskrifte, boeke en/of films kyk jy die graagste?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ek kyk nie na tydskrifte, flieks of videos nie | 1 | 54 |
| 2. Populêre gesinstydskrifte ("Huisgenoot", "Car Magazine",en so meer) | 1 | 55 |
| 3. Koerante | 1 | 56 |

Vraag 30 (vervolg)

| | | |
|---|---|---|
| 4. Religieuse tydskrifte | 1 | 57 |
| 5. Politieke literatuur | 1 | 58 |
| 6. Fotoverhale | 1 | 59 |
| 7. Prikkeltydskrifte (meerendeels suggestief)* | 1 | 60 |
| 8. Eksplisiete naaktydskrifte * | 1 | 61 |
| 9. Pornografie * | 1 | 62 |
| 10. Aksiefilms ("Western", karate, oorlog) | 1 | 63 |
| 11. Films met deurlopende geweld as enigste tema | 1 | 64 |
| 12. Liefdesverhale | 1 | 65 |
| 13. Komedies | 1 | 66 |
| 14. Natuurreekse/Avontuurverhale | 1 | 67 |
| 15. Rillers (bonatuurlike) | 1 | 68 |
| 16. Dramas/biografieë | 1 | 69 |
| 17. "Bloufilms" | 1 | 70 |
| 18. Christelike films | 1 | 71 |
| 19. Politieke dramas | 1 | 72 |

[**Volgens navorser se eie beoordeling met inbegrip van die Kinderbeskermingseenheid se riglyne.*]

**Vraag 31**

**Wat dink jy is die redes vir jou antwoord(e) in vraag 30?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ek hou van aksie | 1 | 73 |
| 2. Ek het opgegroei te midde van konflik en aksie | 1 | 74 |
| 3. Dit is algemene literatuur met leersame artikels | 1 | 75 |
| 4. Ligte leesstof/ontspanningsliteratuur | 1 | 76 |
| 5. Ek kyk na die alternatiewe liggaamsposisies in seksfilms en pornografie | 1 | 77 |

Vraag 31 (vervolg)

| | | |
|---|---|---|
| 6. Dit kalmeer my/laat my ontspan | 1 | 78 |
| 7. Dit lei my aandag af/tydverdryf | 1 | 79 |
| 8. Blote nuuskierigheid | 1 | 80 |
| 9. Put genot daaruit | 1 | 81 |
| 10. Praktiese waarde | 1 | 82 |
| 11. Ek hou van geweld | 1 | 83 |
| 12. Ek kyk saam met vriende daarna | 1 | 84 |
| 13. Dit fasineer my | 1 | 85 |
| 14. Dit interesseer my | 1 | 86 |
| 15. Dit laat my lag | 1 | 87 |
| 16. Ek geniet dit om te huil | 1 | 88 |
| 17. Ek weet nie | 1 | 89 |

**Vraag 32**

**Na watter van die volgende prente/foto's kyk jy graag?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Die advertensies van kinders in onderklere en swemklere (erotika) | 1 | 90 |
| 2. Naak foto's van vrouens | 1 | 91 |
| 3. Modelle wat poseer | 1 | 92 |
| 4. Modelle wat hulle liggame in sekere posisies strek | 1 | 93 |
| 5. Vrouens wat vasgebind en gepynig word | 1 | 94 |
| 6. Foto's waar 'n vrou 'n man fisies pynig | 1 | 95 |
| 7. Foto's van vrouens wat hulle geslagsdele duidelik vertoon | 1 | 96 |
| 8. Foto's waar vrouens by 'n geslagsdaad betrokke is | 1 | 97 |
| 9. Ek kyk glad nie na sulke foto's nie | 1 | 98 |
| 10. Ek hou nie van naak foto's nie | 1 | 99 |

[*Jy het met verloop van tyd ontwikkel en 'n volwassene geword. Jy het gaandeweg in verhoudings betrokke geraak en in die huwelik getree en/of begin saamwoon. In die volgende afdeling wil ons saam met jou kyk hoe jou huweliks- en gesinsverhoudings ontwikkel het.*]

| | | | |
|---|---|---|---|
| Skedulenommer | | | 1-2 |
| Kaartnommer | | 4 | 3 |

## AFDELING 3

**Jou huweliks- en gesinslewe**

Navorser sal in hierdie afdeling 'n kring om die syfer voor die antwoord van jou keuse maak. By sommige vrae kan meer as een syfer omkring word om die omstandighede so goed as moontlik te omskryf. In sommige vrae in hierdie afdeling word geen antwoorde verskaf nie, wat jou die vryheid gee om in 'n paar woorde jou persoonlike mening te gee of 'n antwoord te gee wat op jou spesifieke situasie van toepassing is. Navorser sal laasgenoemde data op die skedule aanteken.

**Vraag 33**

**Wat is jou huidige huwelikstaat?**

1.Getroud

2. Geskei

3. Nog nooit getroud

4. Woon saam

5. Vervreemd

6. Wewenaar [ ] 4

**Vraag 34**

**Met betrekking tot vraag 33, wat is die geslag van die party met wie jy 'n verhouding het/gehad het?**

1. Manlik

2. Vroulik

3. Is/was nie in 'n verhouding betrokke nie [ ] 5

**Vraag 35**

**Watter tipe persoonlike verhouding verkies jy?**

1. Homoseksuele verhouding
2. Heteroseksuele verhouding
3. Homoseksuele sowel as heteroseksuele verhouding
4. Geen verhouding

[ ] 6

**Vraag 36**

**Hoeveel vorige huwelike of saamleefverhoudings het jy gehad?**

1. Geen
2. Een
3. Twee
4. Drie
5. Vier en meer

[ ] 7

**Vraag 37**

**Hoe oud was jy toe jy die eerste keer getroud is of begin saamwoon het?**

[ ][ ] 8-9

**Vraag 38**

**Hoe oud is jy nou?**

[ ][ ] 10-11

**Vraag 39**

**Gee die huidige ouderdomme van jou vorige huweliks- en/of saamleefmaats.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | | | 12-13 |
| 2. | | | 14-15 |
| 3. | | | 16-17 |
| 4. | | | 18-19 |
| 5. | | | 20-21 |
| 6. Het nog nooit 'n huweliks- of saamleefverhouding gehad nie | | | 22 |

**Vraag 40**

**Watter van die volgende het in jou huwelik(e) en/of saamleefverhoudings voorgekom?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Gesinsgeweld | 1 | 23 |
| 2. Huwelikskonflik | 1 | 24 |
| 3. Verlatings | 1 | 25 |
| 4. Finansiële krisisse | 1 | 26 |
| 5. Egskeidings | 1 | 27 |
| 6. Drankmisbruik | 1 | 28 |
| 7. Dwelmmisbruik | 1 | 29 |
| 8. Kindermolestering | 1 | 30 |
| 9. Buite-egtelike verhoudings | 1 | 31 |
| 10. Het nog nooit 'n huwelik/saamleefverhouding gehad nie | 1 | 32 |

[*Navorser as ervare en professionele maatskaplike werker sal ten opsigte van hierdie vraag self met elke subjek uitsluitsel kry oor die betekenis van die onderskeie begrippe. Dit bring mee dat die subjekte dieselfde betekenis aan die verskillende begrippe heg waarna die subjekte self 'n oordeel kan maak.*]

**Vraag 41**

**Watter eienskappe van hierdie huweliks- en/of saamleefmaats, in die geval van vrouens, het jou aangetrek?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Sy was mooi | 1 | 33 |
| 2. Sy was vriendelik | 1 | 34 |
| 3. Sy was nie iemand wat rondgeloop het nie | 1 | 35 |
| 4. Ek het by haar moederliefde gekry | 1 | 36 |
| 5. Sy was soos my ma | 1 | 37 |
| 6. Sy was onderdanig | 1 | 38 |
| 7. Sy het my verstaan (vriendskap en vertroue) | 1 | 39 |
| 8. Ons het maar net bymekaar uitgekom | 1 | 40 |
| 9. Sy het my seksueel aangetrek/seksueel bevredig | 1 | 41 |
| 10. Ek was nooit betrokke in huweliks- en saamleefverhoudings met vrouens nie | 1 | 42 |
| 11. Sy is altyd beskikbaar as ek 'n probleem het | 1 | 43 |
| 12. Sy het my eensaamheid verlig | 1 | 44 |
| 13. Geen kommentaar | 1 | 45 |

**Vraag 42**

**Watter eienskappe van hierdie huweliks- en/of saamleefmaats, in die geval van mans, het jou aangetrek?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Hy was mooi | 1 | 46 |
| 2. Hy was vriendelik | 1 | 47 |

Vraag 42 (vervolg)

| | | |
|---|---|---|
| 3. Hy was getrou aan my | 1 | 48 |
| 4. Ek het by hom liefde gekry | 1 | 49 |
| 5. Ek kon my gevoelens met hom deel | 1 | 50 |
| 6. Hy was iemand na wie ek kon opsien | 1 | 51 |
| 7. Hy het my verstaan | 1 | 52 |
| 8. Ons het maar net bymekaar uitgekom | 1 | 53 |
| 9. Hy het my seksueel aangetrek | 1 | 54 |
| 10. Ek was nooit betrokke in 'n huweliks- en/of saamleefverhouding met mans nie | 1 | 55 |
| 11. Hy het my altyd onderskraag | 1 | 56 |
| 12. Het in die gevangenis met homoseksuele gedrag kennis gemaak | 1 | 57 |

**Vraag 43**

**By hoeveel van jou vorige huwelik(e) het jy vooraf 'n seksuele verhouding gehad met die ander party?**

1. Een
2. Twee
3. Drie
4. Vier en meer
5. Geen seksuele verhouding voor die huwelik gehad

[ ] 58

**Vraag 44**

**Hoeveel kinders het jy van jou eie?**

1. Geen
2. Een
3. Twee

Vraag 44 (vervolg)

4. Drie
5. Vier
6. Vyf en meer

| | |
|---|---|
| [ ] | 59 |

**Vraag 45**

**In wie se teenwoordigheid sal jy verkieslik jou vryetyd deurbring?**

1. Kinders
2. Volwassenes
3. Ek hou daarvan om alleen te wees

| | |
|---|---|
| [ ] | 60 |

**Vraag 46**

**Wat dink jy is die redes vir jou antwoord in vraag 45?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ek verkies volwassenes want as jy saam met kinders is word jy verdink | 1 | 61 |
| 2. Ek kommunikeer beter met volwassenes as met kinders | 1 | 62 |
| 3. Ek geniet dit om met kinders te speel | 1 | 63 |
| 4. Ek verkies om alleen te wees omdat ander mense my nie verstaan nie | 1 | 64 |
| 5. Ek het van kleinsaf nooit geleer om verhoudings op te bou nie | 1 | 65 |
| 6. Ek raak te vinnig geheg aan kinders | 1 | 66 |
| 7. Ek hou van stilte om oor myself te dink | 1 | 67 |
| 8. Dit help my uit die moeilikheid bly | 1 | 68 |
| 9. Ek word nie getart of gedomineer nie | 1 | 69 |
| 10. Ek is self volwasse | 1 | 70 |
| 11. Kinders laat my ontspan | 1 | 71 |
| 12. Ek hunker na my eie kinderdae | 1 | 72 |
| 13. Ek voel gemakliker in volwassenes se geselskap | 1 | 73 |
| 14. Ek kan dinge met volwassenes bespreek wat ek nie met kinders kan nie | 1 | 74 |

Vraag 46 (vervolg)

| | | |
|---|---|---|
| 15. Ek voel ontuis tussen mense (omgekrap) | 1 | 75 |
| 16. Ek is van my kinderdae af 'n alleenloper | 1 | 76 |
| 17. Ek kommunikeer beter met kinders as volwassenes | 1 | 77 |
| 18. Ek het as kind nooit geleer om met volwassenes te kommunikeer nie | 1 | 78 |
| 19. Kinders verleen humor aan die gesprek | 1 | 79 |
| 20. Volwassenes deel belangstellings | 1 | 80 |
| 21. Kinders gee my "liefde en trots" | 1 | 81 |
| 22. Kinders laat my beter voel | 1 | 82 |
| 23. Mense misbruik my net | 1 | 83 |
| 24. Ek het nie vertroue in mense nie | 1 | 84 |
| 25. Mense verveel my | 1 | 85 |
| 26. Albei (kinders en volwassenes) | 1 | 86 |
| 27. Albei (kinders en volwassenes) want ek moet met almal kan sosialiseer | 1 | 87 |
| 28. Albei (kinders en volwassenes) want die gesprek is dan soveel "wyser" | 1 | 88 |

**AFDELING 4** (Molesteerders)

**Jou botsing met die gereg**

Navorser sal in hierdie afdeling 'n kring om die syfer voor die antwoord van jou keuse maak. By sommige vrae kan meer as een syfer omkring word om die omstandighede so goed as moontlik te omskryf. In sommige vrae in hierdie afdeling word geen antwoorde verskaf nie, wat jou die vryheid gee om in 'n paar woorde jou persoonlike mening te gee of 'n antwoord te gee wat op jou spesifieke situasie van toepassing is. Navorser sal laasgenoemde data op die skedule aanteken.

**Vraag 47**

**Wie het jy met betrekking tot die huidige saak seksueel gemolesteer?**

1. My seun
2. My dogter
3. My stiefseun
4. My stiefdogter
5. 'n Ander familielid se kind
6. 'n Kind buite die familie ☐ 89

**Vraag 48**

**Wat was die ouderdom(me) van jou slagoffer(s) met betrekking tot vraag 47?**

1.________________ (byvoorbeeld 06 of 13) ☐☐ 90-91

2. ☐☐ 92-93

3. ☐☐ 94-95

**Vraag 49**

**Indien jy met betrekking tot vraag 47 'n kind buite die familie seksueel gemolesteer het, was die kind bekend aan jou?**

1. Ja
2. Nee
3. Ek het nie kinders buite die familie seksueel gemolesteer nie ☐ 96

| | | | |
|---|---|---|---|
| Skedulenommer | | | 1-2 |
| Kaartnommer | | 5 | 3 |

**Vraag 50**

**Watter ander kinders het jy voorheen seksueel gemolesteer?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. My seun | 1 | 4 |
| 2. My dogter | 1 | 5 |
| 3. My stiefseun | 1 | 6 |
| 4. My stiefdogter | 1 | 7 |
| 5. 'n Ander familielid se kind | 1 | 8 |
| 6. 'n Kind buite die familie | 1 | 9 |
| 7. Ek het nog nooit voorheen kinders seksueel gemolesteer nie | 1 | 10 |
| 8. Ek het nog net gepoog of ernstig oorweeg om 'n kind seksueel te molesteer | 1 | 11 |

**Vraag 51**

**Wat was die ouderdom(me) van jou slagoffer(s) met betrekking tot vraag 50?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.________________( byvoorbeeld 09 of 12) | | | 12-13 |
| 2. | | | 14-15 |
| 3. | | | 16-17 |
| 4. Onbekend/nie van toepassing | | | 18 |

**Vraag 52**

**Indien die kinders met betrekking tot vraag 50 buite die familie was, was hulle bekend aan jou?**

1. Ja
2. Nee
3. Ek het nog nooit voorheen kinders buite die familie seksueel gemolesteer nie [ ] 19

**Vraag 53**

**Watter dade met 'n kind word deur die hof gesien as kindermolestering?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ek weet nie | 1 | 20 |
| 2. Betasting | 1 | 21 |
| 3. Seksuele gemeenskap | 1 | 22 |
| 4. Seksuele prikkeling | 1 | 23 |
| 5. Pornografie aan kinders wys | 1 | 24 |
| 6. Onsedelike aanranding (geweldselement) | 1 | 25 |
| 7. Verkragting (geweld) | 1 | 26 |
| 8. Ontbloting | 1 | 27 |
| 9. Seks met geweld (rowwe seks) | 1 | 28 |

[*Navorser wil deur middel van hierdie vraag bepaal of die kindermolesteerder op hoogte is van wat die hof sien as kindermolestering.*]

**Vraag 54**

**Wat het jy gedoen dat jy aangekla is van kindermolestering?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ek het niks verkeerd gedoen nie - vals klagte | 1 | 29 |
| 2. Ontbloting en/of betasting | 1 | 30 |
| 3. Statutêre verkragting | 1 | 31 |
| 4. Masturbasie en seksuele spel | 1 | 32 |

Vraag 54 (vervolg)

| | | |
|---|---|---|
| 5. Gepoog om gemeenskap te hê | 1 | 33 |
| 6. Verkragting (geweld) | 1 | 34 |
| 7. Sodomie (geweld) | 1 | 35 |
| 8. Moord en poging tot verkragting | 1 | 36 |

**Vraag 55**

**Hoe voel jy daaroor dat jy 'n kindermolesteerder genoem word?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Dit traak my nie | 1 | 37 |
| 2. Dit maak my seer | 1 | 38 |
| 3. Ek voel skuldig | 1 | 39 |
| 4. Ek aanvaar dit | 1 | 40 |
| 5. Dit maak my bang | 1 | 41 |
| 6. Dit het my net aan die begin gepla | 1 | 42 |
| 7. Ek voel sleg | 1 | 43 |
| 8. Ek verag myself | 1 | 44 |

**Vraag 56**

**Watter woord dink jy moet gebruik word in die plek van "kindermolesteerder"?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Onsedelike aanranding | 1 | 45 |
| 2. Kindermolesteerder is die regte woord | 1 | 46 |
| 3. Ek weet nie | 1 | 47 |
| 4. Kindermolesteerder klink beter as verkragter | 1 | 48 |

**Vraag 57**

**Wat ervaar jy as jy besig is om 'n kind te molesteer?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ek weet nie | 1 | 49 |
| 2. Ek dink net aan die bevrediging van my eie seksuele behoeftes | 1 | 50 |
| 3. Ek wil iemand terug kry vir wat aan my gedoen is | 1 | 51 |
| 4. Ek wil die kind voorberei op die volwasse lewe | 1 | 52 |
| 5. Ek was deur die kind uitgelok en kon myself nie beheer nie | 1 | 53 |
| 6. Ek wil beheer uitoefen oor die kind | 1 | 54 |
| 7. Ek wou vir die kind wys ek is lief vir hom/haar | 1 | 55 |
| 8. Ek sien die kind net as 'n voorwerp | 1 | 56 |
| 9. Ek weet nie wat oor my gekom het nie | 1 | 57 |
| 10. Dit is vir my belangrik dat die kind ook seksuele bevrediging moet kry | 1 | 58 |
| 11. Ek was bedwelmd | 1 | 59 |
| 12. My dogter het my vrou se plek ingeneem | 1 | 60 |
| 13. Ek en my "slagoffers" het op dieselfde wyse groot geword | 1 | 61 |

**Vraag 58**

**Hoe voel jy daaroor dat jy aangekla is van kindermolestering?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ek is onskuldig (vals klagte) | 1 | 62 |
| 2. Ek voel verbitterd | 1 | 63 |
| 3. Ek is kwaad vir myself | 1 | 64 |
| 4. Ek voel dit is die kind se skuld | 1 | 65 |
| 5. Ek is verlig dat dit aangemeld is | 1 | 66 |
| 6. Ek dink dit is my verdiende loon | 1 | 67 |
| 7. Ek voel skuldig/sleg oor wat ek (aan die kind) gedoen het | 1 | 68 |
| 8. Die kind is net soveel as ek te blameer | 1 | 69 |

**Vraag 59**

**Wat dink jy is die rede vir vir jou antwoord in vraag 58?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ek het die slagoffer (meisie) gewaarsku maar sy het nie geluister nie | 1 | 70 |
| 2. Omdat almal my voortdurend van kindermolestering beskuldig | 1 | 71 |
| 3. Ek weet nie wat gebeur het nie | 1 | 72 |
| 4. Ek was die ouer peroon en moes 'n besluit tussen reg en verkeerd neem | 1 | 73 |
| 5. Ek het nie gedink iets kan gebeur nie | 1 | 74 |
| 6. Ek en die slagoffer kan nou hulp kry | 1 | 75 |
| 7. Nou kan ek wegkom van die slagoffer af | 1 | 76 |
| 8. Ek was kwaad/rebels | 1 | 77 |
| 9. Dit is nou agter die rug en ek hoef nie meer bang te wees vir moontlike aanmelding nie | 1 | 78 |
| 10. Ek het 'n fout gemaak en moet nou daarvoor "betaal" | 1 | 79 |
| 11.'n Mens is nie veronderstel om sulke dinge te doen nie | 1 | 80 |
| 12. Ek voel hulle moes my eers probeer help het voordat hulle my by die polisie aangegee het | 1 | 81 |
| 13. Ek kry nou hulp en dit help my om te verander | 1 | 82 |

**Vraag 60**

**Vir watter ander misdrywe was jy al voorheen aangekla behalwe kindermolestering?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Geen | 1 | 83 |
| 2. Onsedelike aanranding | 1 | 84 |
| 3. Poging tot verkragting | 1 | 85 |
| 4. Seksuele gemeenskap met meisie onder die ouderdom van sestien jaar | 1 | 86 |
| 5. Bestuur onder die invloed van sterk drank | 1 | 87 |
| 6. Aanranding | 1 | 88 |
| 7. Diefstal(le) | 1 | 89 |

Vraag 60 (vervolg)

| | | |
|---|---|---|
| 8. Sodomie | 1 | 90 |
| 9. Verkragting | 1 | 91 |

[*Navorser sal hierdie vraag aanvul met 'n SAP 69.*]

**Vraag 61**

**Wat dink jy moet die hof met 'n kindermolesteerder doen?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Summier gevangenisstraf oplê | 1 | 92 |
| 2. 'n Boete gee | 1 | 93 |
| 3. 'n Opgeskorte vonnis gee | 1 | 94 |
| 4. Korrektiewe toesig gee | 1 | 95 |
| 5. 'n Opgeskorte vonnis gee met die voorwaarde dat hy moet inskakel vir intensiewe terapie | 1 | 96 |
| 6. Doodstraf | 1 | 97 |
| 7. Elke saak moet op eie meriete hanteer word | 1 | 98 |

| | | |
|---|---|---|
| Skedulenommer | | 1-2 |
| Kaartnommer | 6 | 3 |

**Vraag 62**

**Wat dink jy is die redes vir jou antwoord in vraag 61?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. My help om dit wat gebeur het te verwerk | 1 | 4 |
| 2. Voorkom dat herhalings van gebeure voorkom | 1 | 5 |
| 3. 'n Opgeskorte vonnis sal verseker dat 'n persoon dit in daardie tyd nie weer doen nie | 1 | 6 |
| 4. Sodat ek/'n persoon gehelp kan word | 1 | 7 |
| 5. Dat die oortreder gestraf kan word | 1 | 8 |
| 6. Voorkom dat 'n oortreder se familie nie teveel benadeel word nie | 1 | 9 |
| 7. Die straf is buite erger as binne | 1 | 10 |
| 8. Elke saak het sy eie omstandighede | 1 | 11 |
| 9. Die oortreder gaan dit weer doen | 1 | 12 |
| 10. In die gevangenis is daar nie sprake van terapie nie | 1 | 13 |
| 11. In die gevangenis word 'n persoon misbruik en gesodomiseer | 1 | 14 |
| 12. Enige persoon wat 'n kind of 'n oumens seer maak verdien die dood | 1 | 15 |
| 13. In die gevangenis kry die oortreder tyd om oor sy misdaad te besin | 1 | 16 |
| 14. Dat die gemeenskap teen die oortreder beskerm kan word | 1 | 17 |

**Vraag 63**

**Watter hulp het jy as kindermolesteerder nodig?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ek het geen hulp nodig nie | 1 | 18 |
| 2. Ek dink ek moet gevangenisstraf kry of gekry het | 1 | 19 |
| 3. Ek dink ek moet by terapeutiese dienste uitkom sodat ek myself kan leer ken en kan vasstel waar my probleem lê | 1 | 20 |

Vraag 63 (vervolg)

| | | |
|---|---|---|
| 4. Ek weet nie | 1 | 21 |

**Vraag 64**

**Wat dink jy is die redes vir jou antwoord in vraag 63?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Sodat ek insig in my probleem kan kry | 1 | 22 |
| 2. Dat 'n herhaling van my gedrag (voorval) verhoed kan word | 1 | 23 |
| 3. "Buite" breek almal jou af en verloor jy (buitendien) alles | 1 | 24 |
| 4. Terapeutiese dienste help jou om nie moed te verloor en 'n minderwaardigheidsgevoel te ontwikkel nie | 1 | 25 |
| 5. Sodat ek van my probleme ontslae kan raak | 1 | 26 |
| 6. Ek wil myself verbeter | 1 | 27 |
| 7. Ek het niks (verkeerd) gedoen nie | 1 | 28 |

**Ons het nou aan die einde van die onderhouskedule gekom. Dankie vir jou sameweking.**

**AFDELING 4** (Verkragters)

**Jou botsing met die gereg**

Navorser sal in hierdie afdeling 'n kring om die syfer voor die antwoord van jou keuse maak. By sommige vrae kan meer as een syfer omkring word om die omstandighede so goed as moontlik te omskryf. In sommige vrae in hierdie afdeling word geen antwoorde verskaf nie, wat jou die vryheid gee om in 'n paar woorde jou persoonlike mening te gee of 'n antwoord te gee wat op jou spesifieke situasie van toepassing is. Navorser sal laasgenoemde data op die skedule aanteken.

**Vraag 47**

**Wie het jy in jou huidige saak verkrag?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Blanke vrou | 1 | 29 |
| 2. Kleurling vrou | 1 | 30 |
| 3. Griekse vrou | 1 | 31 |
| 4. Engelse vrou | 1 | 32 |
| 5. Hollandse vrou | 1 | 33 |
| 6. Indiër vrou | 1 | 34 |
| 7. Volwasse man | 1 | 35 |
| 8. Ander | 1 | 36 |

**Vraag 48**

**Wat was die ouderdom(me) van jou slagoffer(s) met betrekking tot vraag 47?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.______________(byvoorbeeld 21 of 48) | | | 37-38 |
| 2. | | | 39-40 |
| 3. | | | 41-42 |

**Vraag 49**

**Was die slagoffer met betrekking tot vraag 47, bekend aan jou?**

1. Ja
2. Nee [ ] 43

**Vraag 50**

**Wie anders het jy voorheen verkrag?**

1. Ek het niemand voorheen verkrag nie [ ] 44
2. 'n Blanke vrou [ ] 45

**Vraag 51**

**Wat was die ouderdom(me) van jou slagoffer(s) met betrekking tot vraag 50?**

1. ________________(byvoorbeeld 24 of 40) [ ][ ] 46-47
2. Onbekend [ ] 48
3. Ek het niemand voorheen verkrag nie [ ] 49

**Vraag 52**

**Was die slagoffers met betrekking tot vraag 50 bekend aan jou?**

1. Ja
2. Nee
3. Ek het nog nooit iemand voorheen verkrag nie [ ] 50

**Vraag 53**

**Wat beskou die hof as verkragting?**

1. Ek weet nie [1] 51
2. Seks met 'n vrou teen haar wil (sonder haar toestemming) [1] 52
3. Geweldsmisdaad (skeur vrou se klere of dreig haar met 'n wapen) [1] 53

Vraag 53 (vervolg)

| | | |
|---|---|---|
| 4. Die geestelike aantasting van die vrou | 1 | 54 |

*[Navorser wil deur middel van hierdie vraag bepaal of die verkragter op hoogte is van wat die hof sien as verkragting.]*

**Vraag 54**

**Wat het jy gedoen dat jy aangekla is van verkragting?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Het vrou betaal vir seks toe kla sy my aan van verkragting | 1 | 55 |
| 2. Het geweld gebruik en 'n vrou verkrag | 1 | 56 |
| 3. Het by vrou geslaap en seks met haar gehad toe kla sy my aan van verkragting | 1 | 57 |
| 4. Wil nie op vraag antwoord nie | 1 | 58 |
| 5. 'n Ander man het my gesodomiseer | 1 | 59 |
| 6. Seksuele gemeenskap gehad met 'n vrou sonder haar toestemming | 1 | 60 |
| 7. Het 'n vrou onsedelik aangerand en haar vermoor | 1 | 61 |
| 8. Was betrokke by 'n groep verkragters | 1 | 62 |

**Vraag 55**

**Hoe voel jy daaroor dat jy 'n verkragter genoem word?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ek voel sleg/verbitterd | 1 | 63 |
| 2. Ek is vals beskuldig | 1 | 64 |
| 3. Dit is natuurlik want dit gebeur elke dag (affekteer my nie) | 1 | 65 |
| 4. Aanvanklik het dit my nie gepla nie, nou voel ek ongelukkig | 1 | 66 |
| 5. Niemand noem my 'n verkragter nie | 1 | 67 |

**Vraag 56**

**Watter ander woord moet gebruik word in die plek van "verkragter"?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ek weet nie | 1 | 68 |
| 2. Verkragting moet gekategoriseer word | 1 | 69 |
| 3. Dit is die regte woord | 1 | 70 |
| 4. Verkragter beskryf nie werklik die daad nie | 1 | 71 |

**Vraag 57**

**Wat ervaar jy as jy besig is om 'n vrou te verkrag?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ek weet nie | 1 | 72 |
| 2. Ek dink net aan die bevrediging van my eie seksuele behoeftes | 1 | 73 |
| 3. Ek wil iemand terug kry vir wat aan my gedoen is | 1 | 74 |
| 4. Ek wil deur seks van my aggressie ontslae raak | 1 | 75 |
| 5. Ek was deur die vrou uitgelok en kon myself nie beheer nie | 1 | 76 |
| 6. Ek wil voel ek verneder 'n vrou | 1 | 77 |
| 7. Ek wil 'n vrou daardeur domineer | 1 | 78 |
| 8. Ek het 'n sterk mens gevoel | 1 | 79 |
| 9. Ek was onder die invloed van drank gewees en weet nie wat ek gedoen het nie | 1 | 80 |
| 10. Ek het niemand verkrag nie (vals beskuldig) | 1 | 81 |

**Vraag 58**

**Hoe voel jy daaroor dat jy aangekla is van verkragting?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ek is onskuldig | 1 | 82 |
| 2. Ek haat vrouens nou nog meer | 1 | 83 |
| 3. Ek is kwaad vir myself (verbitterd) | 1 | 84 |
| 4. Ek voel dit is die vrou se skuld | 1 | 85 |

Vraag 58 (vervolg)

| | | |
|---|---|---|
| 5. Ek is verlig dat dit aangemeld is | 1 | 86 |
| 6. Ek dink dit is my verdiende loon | 1 | 87 |
| 7. Ek voel ongelukkig | 1 | 88 |
| 8. Ek voel my straf is onvoldoende | 1 | 89 |

**Vraag 59**

**Wat dink jy is die redes vir jou antwoord in vraag 58?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ek dink dit is apartheid se skuld | 1 | 90 |
| 2. Vrouens is nie eerlik nie (onbetroubaar) | 1 | 91 |
| 3. Ek moes nie seks gehad het met 'n ander man se vrou nie | 1 | 92 |
| 4. Ek het 'n vrou geskend en sy kon haar gesin verloor het | 1 | 93 |
| 5. Ek is onskuldig | 1 | 94 |
| 6. Ek voel ek moes die doodstraf gekry het | 1 | 95 |
| 7. Ek voel die vrou moes vir my nee gesê het | 1 | 96 |

| | | |
|---|---|---|
| Skedulenommer | | 1-2 |
| Kaartnommer | 7 | 3 |

**Vraag 60**

**Vir watter ander misdrywe was jy al voorheen gevang behalwe verkragting?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Geen | 1 | 4 |
| 2. Huisbraak (poging daartoe) | 1 | 5 |
| 3. Diefstal(le) | 1 | 6 |
| 4. Roof | 1 | 7 |
| 5. Onsedelike aanranding | 1 | 8 |
| 6. Ontvlugting | 1 | 9 |
| 7. Aanranding | 1 | 10 |
| 8. Motordiefstal | 1 | 11 |
| 9. Moord | 1 | 12 |
| 10. Oproerige gedrag | 1 | 13 |
| 11. Menseroof | 1 | 14 |
| 12. Gebruik van voertuig sonder toestemming | 1 | 15 |
| 13. Roof met verswarende omstandighede | 1 | 16 |

[*Navorser sal hierdie vraag aanvul met 'n SAP 69.*]

**Vraag 61**

**Wat dink jy moet die hof met 'n verkragter doen?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Summier gevangenisstraf oplê | 1 | 17 |
| 2. 'n Boete gee | 1 | 18 |
| 3. 'n Opgeskorte vonnis gee | 1 | 19 |
| 4. Korrektiewe toesig gee | 1 | 20 |

Vraag 61 (vervolg)

| | | |
|---|---|---|
| 5. 'n Opgeskorte vonnis gee met die voorwaarde dat hy moet inskakel vir intensiewe terapie | 1 | 21 |
| 6. Elke saak moet op meriete hanteer word | 1 | 22 |
| 7. Doodstraf | 1 | 23 |

**Vraag 62**

**Wat dink jy is jou redes vir jou antwoord in vraag 61?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Elke saak het sy eie meriete | 1 | 24 |
| 2. Die verkragter moet gestraf word vir sy oortreding | 1 | 25 |
| 3. Strawwe moet regverdig wees | 1 | 26 |
| 4. Verkragting is gevaarlik en jy kan iemand doodmaak | 1 | 27 |
| 5. Daar moet in totaliteit na elke saak gekyk word | 1 | 28 |
| 6. As hy nie gevangenisstraf kry nie gaan hy dit weer doen | 1 | 29 |
| 7. Die verkragter is siek en moet hulp kry | 1 | 30 |

**Vraag 63**

**Watter hulp het jy as verkragter nodig?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ek het geen hulp nodig nie | 1 | 31 |
| 2. Ek dink ek moet gevangenisstraf kry of gekry het | 1 | 32 |
| 3. Ek dink ek moet by terapeutiese dienste uitkom sodat ek myself kan leer ken en kan vasstel waar my probleem lê | 1 | 33 |
| 4. Ek weet nie | 1 | 34 |
| 5. Ek moet leer om myself te help | 1 | 35 |
| 6. Ek is onskuldig | 1 | 36 |

**Vraag 64**

**Wat dink jy is jou redes vir jou antwoord in vraag 63?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ek is onskuldig | 1 | 37 |
| 2. Sodat ek kan hulp kry en nie weer iemand verkrag nie | 1 | 38 |
| 3. Ek het eers in die tronk myself leer ken | 1 | 39 |

**Ons het nou aan die einde van die onderhoudskedule gekom. Dankie vir jou geduld en samewerking.**

**Figuur E.1** Bewysstukke van subjek I wat in 'n geel kluis gevind is



**Figuur E.2** Bewysstukke van subjek I wat in kamerkas gevind is



**Figuur E.3** Bewysstukke van subjek I wat in hoekkas gevind is.



**Figuur E.4** Bewysstukke van subjek I wat onder sy bed gevind is.



**Figuur F.1** -
Genogram van subjek G van fase een.

